# VERANTWOORDELIKE VERNUWING IN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

**ANDRIES JOHANNES DANIËL BESTER**

VOORGELÊ TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

***PHILOSOPHIAE DOCTOR***

IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
(DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE)

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

PROMOTOR: PROF. JOHAN JANSE VAN RENSBURG

BLOEMFONTEIN

2011

## VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die kwalifikasie *Philosophiae Doctor* aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan ’n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.  Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

Andries Johannes Daniël BESTER

Datum

**DANKBETUIGING**

Christus het sy gemeente so liefgehad dat Hy Homself daarvoor oorgegee het. As ek dink dat Hy my geroep het as dienskneg in sy Kerk, dan weerklink die dankbetuiging van die apostel Paulus in II Korintiërs 2:14 in my hart: “MAAR God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei.”

Die Here gee aan ons gawes wat ons in staat stel om Hom te kan dien en deel van daardie gawes is mense wat ons lewens verryk. My opregte dank aan die volgende persone wat elkeen ’n aandeel gehad het in die voltooiing van hierdie proefskrif:

- Prof. Johan Janse van Rensburg, my promotor, vir sy bekwame leiding en persoonlike belangstelling die afgelope tien jaar sedert ek ingeskryf het vir die honneursgraad.
- My innige dank en waardering aan my eggenote Annatjie en my kinders Anneli en Ruan vir hulle aanmoediging en ondersteuning gedurende my studies.
- Die Universiteit van die Vrystaat vir die merietebeurs na voltooiing van die magistergraad.
- Dr. Pieter Rousseau vir sy leeueaandeel en raad met betrekking tot die versorging van die proefskrif en veral vir sy hulp met die kwalitatiewe navorsing.
- My broer Lieb vir die voorlopige proeflees.
- Marietjie Wentzel vir die redigering en taalversorging.
- Adv. JF (Fred) Barnard vir die finale proeflees en taalversorging.
- Die Kerkraad en gemeente van Wonderboom en my kollega Johan Botha vir die ondersteuning terwyl ek die voorreg gehad het om daar te dien.
- Die beheerraad van die Seminarie vir finansiële ondersteuning die afgelope twee jaar.
- My kollegas en die studente by die Seminarie vir hulle voorbidding en aanmoediging.

SOLI DEO GLORIA

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| • AEB | Afrika Evangeliese Bond |
| • EE III | Evangelisasie Ekspansie. (Dissipelskap opleidingsprogram vir persoonlike evangelisasie) |
| • EGK | Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika |
| • GKSA | Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika |
| • NGK | Nederduitse Gereformeerde Kerk |
| • NHK | Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika |
| • NPK | Nuwe Protestantse Kerk in Afrika |
| • RKK | Rooms-Katolieke Kerk |

**Petru-Nell Skryfbesigheid**
*Posbus 82585, DOORNPOORT 0017*
***Telefoon**: (012) 547 0811 of 082 570 6677* ***Faks**: 086 673 0878*
***Webadres**: www.pnskryf.co.za* ***E-pos**: marietjie@pnskryf.co.za*

30 April 2011

Hiermee verklaar ek,

5306080056084 Maria Johanna Wentzel

dat ek die redigering behartig het van die proefskrif

***"Verantwoordelike vernuwing in die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika"***

deur ds. A.J.D. Bester.

| | |
|---|---|
| Kwalifikasies: | BA Tale, (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), 1974<br>Senior Bevel- en Stafprogram (Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag: Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdiens), 2004 |
| Ondervinding: | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984-1989: Proeflees en kontrolering van taal by die Instituut vir Geskiedenisnavorsing.<br>Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdiens), 1989 tot 2006: Offisier & Senior Stafoffisier, doen as Skakeloffisier ekstensiewe skryfwerk en kontroleer senior- en juniorlede se stafwerk.<br>Petru-Nell Skryfbesigheid, Vennoot sedert Januarie 2010: Skryf toesprake, heildronke en doen redigering. |

M.J. WENTZEL
LUITENANT-KOLONEL (Aft.)

# Verklaring

Ek, Johan Frederick Barnard, taalpraktisyn van Bloemfontein, verklaar hiermee dat die Ph.D.-proefskrif getiteld ***Verantwoordelike vernuwing in die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika***, en voorgelê aan die Universiteit van die Vrystaat deur **ds. Andries Johannes Daniël Bester**, deur my taalversorg is. Ek verklaar voorts dat die opdrag van taalversorging alleen betrekking gehad het op die *inhoud* van bogenoemde proefskrif, naamlik Hoofstukke 1 tot 7 daarvan, en dat die inhoudsopgawe, bibliografie en bylaes tot bedoelde proefskrif derhalwe nie aan my voorgelê is met die oog op die taalversorging en/of nagaan daarvan nie.


Johan Frederick Barnard
BIur LLB (UV) BA (Tale en Letterkunde)(Unisa)
Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika
Lid van Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (2003-)


Bloemfontein
23 Mei 2011

---


**JF Barnard**
**Language Practice**

Posbus 32950
Fichardtpark
Bloemfontein
9317

051 522 0238
071 034 0293

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### POSISIONERING EN HIPOTESESTELLING


1.1 INLEIDING ........................................................................ 1

1.2 NAVORSINGSPROBLEEM ........................................................ 4

1.2.1 Navorsingsituasie ........................................................... 4

1.2.2 Navorsingsprobleemstelling ............................................... 8

1.2.3 Navorsingsvrae wat uit die probleemstelling na vore kom .......... 8

1.3 HIPOTESEVORMING ................................................................ 15

1.4 HOOFHIPOTESE AS SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT ............ 17

1.4.1 Sub-hipoteses ................................................................. 18

1.5 EPISTEMOLOGIESE POSISIONERING ......................................... 18

1.5.1 Praktiese Teologie ........................................................... 18

1.5.1.1 ’n Kontekstuele epistemologie ........................................ 20

1.5.1.2 ’n Diakoniologiese epistemologie ..................................... 20

1.5.1.3 ’n Handelingswetenskaplike epistemologie ......................... 22

1.6 DIE PARADIGMASKUIF VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME 24

1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE .................................................. 30

1.7.1 Basisteoretiese ondersoek ................................................. 32

1.7.2 Meta-teoretiese ondersoek ................................................. 33

1.7.3 Praktykteorie .................................................................. 36

1.8 NAVORSINGSDOEL ................................................................ 37

1.8.1 Doelstellings ................................................................... 37

1.8.2 Doelwitte ....................................................................... 38

1.9 PROSEDURE EN SKEDULERING .............................................. 38

1.9.1 Prosedure ...................................................................... 38

1.9.2 Skedulering .................................................................... 40

## HOOFSTUK 2

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA


2.1 INLEIDING ........................................................................... 42

2.2 DIE GEREFORMEERDE WORTELS VAN DIE EGK ............................... 45

2.3 DIE EVANGELIESE WORTELS VAN DIE EGK ...................................... 47

2.3.1 Die Puriteine in Engeland ............................................... 47

2.3.2 Die Piëtisme in Duitsland ................................................ 50

2.3.3 Die Nadere Reformasie in Nederland ........................................ 51

2.3.4 Die Wesleyaanse herlewing in Engeland .................................... 52

2.3.5 Die Groot Ontwakings ......................................................... 55

2.3.6 Die Heiligheidsbeweging ..................................................... 58

2.4 DIE ROL WAT DR. ANDREW MURRAY (JR.) SOU SPEEL IN SUID-AFRIKA ......................................................................................... 59

2.4.1 Sy opvoeding ............................................................... 61

2.4.2 Sy gebedslewe .............................................................. 62

2.4.3 Sy beskouing oor heiligmaking ............................................ 63

2.4.4 Sy beskouing oor evangelisasie .............................................. 64

2.5 AANLOOP TOT EN STIGTING VAN DIE NUWE PROTESTANTSE KERK IN AFRIKA ............................................................................. 65

2.5.1 Die geestelike klimaat in die NGK .............................................. 67

2.5.2 Dr. Dirk de Vos – die katalisator ........................................... 70

2.6 DIE VORMING VAN ’N EVANGELIES-GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT IN DIE EGK ............................................................ 74

2.7 DIE KERK SE NAAM VERANDER ..................................................... 78

2.8 STATISTIESE TENDENSE IN DIE EGK DIE AFGELOPE TWINTIG JAAR .................................................................................. 79

2.8.1 Totale ledetal van die kategeseskool ......................................... 79

2.8.2 Katkisante wat lidmate van die EGK word .................................. 80

2.8.3 Totale lidmaattal van die EGK .................................................... 81

2.8.4 Lidmate van buite die kerk bygevoeg .......................................... 83

2.8.5 Lidmate bedank uit die EGK ....................................................... 83

2.8.6 Vergelykende statistiek ........ 85
2.9 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING ........ 86

## HOOFSTUK 3

### ’N PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE

3.1 INLEIDING ........ 88
3.2 DIE TEOLOGIESE IDENTITEIT VAN DIE KERK ........ 91
3.2.1 Die Kerk as liggaam van Christus (Funksie) ........ 94
3.2.2 Die Kerk as Bruid van Christus (Heiligheid) ........ 95
3.2.3 Die Wynstok – lote metafoor (Vrug) ........ 99
3.2.4 Die Herder – kudde metafoor (Versorging) ........ 101
3.3 TEOLOGIESE FUNKSIES VAN DIE KERK ........ 103
3.3.1 Die liturgiese funksie ........ 105
3.3.1.1 Die Sinai gebeure ........ 107
3.3.1.2 Die Tempeldiens ........ 107
3.3.1.3 Die Sinagoge ........ 108
3.3.1.3.1 Geloofsbevestiging ........ 108
3.3.1.3.2 Gebede ........ 108
3.3.1.3.3 Die Torah ........ 109
3.3.1.4 Aanbiddingstyle ........ 110
3.3.1.4.1 Die liturgiese styl ........ 110
3.3.1.4.2 Die tradisionele of gereformeerde styl ........ 111
3.3.1.4.3 Die opwekking- of “revivalist” styl ........ 111
3.3.1.4.4 Die lof- en aanbiddingstyl ........ 112
3.3.2 Die kerugmatiese funksie ........ 112
3.3.3 Die pastorale funksie (Parakalein) ........ 114
3.3.4 Die onderrigtende funksie (Didaché) ........ 115
3.3.5 Die koinoniale funksie (Koinonia) ........ 117
3.3.6 Die kubernetiese funksie ........ 120
3.3.6.1 Die gevaar van institusionalisme ........ 122
3.3.6.2 ’n Skriftuurlike evaluering van gesagstrukture ........ 123
3.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING ........ 128

3.4.1 Prakties-teologiese ekklesiologiese basisteorie .......................... 132
3.4.1.1 Basisteorie vir die *leitourgia* ......................................... 132
3.4.1.2 Basisteorie vir die *kerugma* .......................................... 133
3.4.1.3 Basisteorie vir die *koinonia* .......................................... 133
3.4.1.4 Basisteorie vir die kubernetiek ...................................... 134

## HOOFSTUK 4

## VERANTWOORDELIKE VERNUWING AS IMPERATIEF VANUIT DIE VERBONDSINDIKATIEF

4.1 INLEIDING .................................................................................... 136
4.2 VERNUWING AS TEOLOGIE .................................................................. 138
4.3 SKRIFTUURLIKE BEGRONDING VIR VERNUWING ............................... 141
4.3.1 Vernuwing in die Ou Testament .................................................. 142
4.3.2 Vernuwing in die Nuwe Testament ............................................... 146
4.4 VERNUWING IN DIE GEMEENTE .......................................................... 149
4.4.1 Vernuwing in die Prediking .......................................................... 149
4.4.1.1 Die rol van prediking in die Reformasie en daarna .......... 150
4.4.1.2 Faktore wat hedendaags negatief inwerk op prediking ... 151
4.4.1.3 Twee besondere aspekte van prediking ......................... 154
4.4.1.4 Die taal van die prediking ............................................... 156
4.4.1.5 Verklarende prediking .................................................... 157
4.4.2 Liturgiese vernuwing ..................................................................... 158
4.4.2.1 Die bondsvolk as afgrensing van die liturgiese vergadering .................................................................. 160
4.4.2.2 Liturgie as verbondshandelinge in die erediens ............. 162
4.4.3 Vernuwing in gemeentesang ....................................................... 166
4.4.3.1 Musiek en die Skrif ........................................................ 166
4.4.3.2 Musiek en Teologie ........................................................ 169
4.4.3.3 Die styl van musiek en God se natuur ............................ 170
4.4.3.4 Die popkultuur en kerkmusiek ....................................... 172
4.4.4 Vernuwing in die jeugbediening .................................................... 175
4.4.5 Herlewing en Reformasie as die vernuwende werk van God ......... 178

4.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING .................................................. 185

# HOOFSTUK 5

## KONTEMPORÊRE VERNUWINGSTENDENSE IN DIE CHRISTELIKE KERK

5.1 INLEIDING .................................................. 188
5.2 DIE KERKGROEIBEWEGING .................................................. 189
5.3 DIE SOEKERSENSITIEWE KERKMODEL .................................................. 193
5.4 DIE ONTLUIKENDE PARADIGMA .................................................. 197
5.4.1 Nuut dink oor die Teologie .................................................. 201
5.4.2 Nuut dink oor Christus .................................................. 205
5.4.2.1 Die vleeswording van Christus .................................................. 207
5.4.2.2 Christus, die enigste Verlosser? .................................................. 207
5.4.2.3 Ander kernbegrippe aangaande Christus .................................................. 209
5.4.3 Nuut dink oor die Bybel .................................................. 212
5.4.4 Nuut dink oor die Koninkryk van God .................................................. 215
5.4.5 Nuut dink oor die Kerk .................................................. 217
5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING .................................................. 219

# HOOFSTUK 6

## KWALITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK

6.1 META-TEORIE .................................................. 221
6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK .................................................. 221
6.2.1 Doelstelling .................................................. 221
6.2.2 Navorsingsontwerp .................................................. 222
6.2.2.1 Kwalitatiewe- versus kwantitatiewe navorsing .................................................. 225
6.2.3 Deelnemers .................................................. 227
6.2.3.1 Kriteria .................................................. 227
6.2.3.2 Deelnemer besonderhede .................................................. 228
6.2.4 Data-insameling .................................................. 234
6.2.5 Analise en interpretasie van die data .................................................. 236

6.2.6 Etiese aspekte .......... 237
6.2.7 Evaluering van bevindinge .......... 237
6.3 RESULTATE EN BESPREKING .......... 239
6.3.1 Vernuwing in die algemeen .......... 239
6.3.2 Vernuwing in die liturgie .......... 243
6.3.3 Vernuwing in gemeentesang .......... 245
6.3.4 Vernuwing in die jeugbediening .......... 247
6.3.5 Vernuwing in die Woordverkondiging .......... 253
6.3.6 Post-modernisme .......... 255
6.3.6.1 Afwyk van die vernaamste leerstellings .......... 255
6.3.6.2 ’n Gebrek aan erns oor kerkorde .......... 258
6.4 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING .......... 259
6.4.1 Gevolgtrekking .......... 259
6.4.2 Aanbeveling .......... 262

## HOOFSTUK 7

## EVALUERING VAN DIE NAVORSING

7.1 INLEIDING .......... 263
7.2 SAMEVATTING .......... 265
7.3 BEVINDINGE EN PRAKTYKTEORETIESE AANBEVELINGS VIR VERANTWOORDELIKE VERNUWING .......... 266
7.3.1 Liturgiese vernuwing .......... 267
7.3.1.1 Praktykteoretiese aanbeveling .......... 268
7.3.2 Vernuwing in gemeentesang .......... 269
7.3.2.1 Praktykteoretiese aanbeveling .......... 270
7.3.3 Aandag aan die Jeug en kinderkerk .......... 271
7.3.31 Praktykteoretiese aanbeveling .......... 272
7.3.4 Woordverkondiging .......... 274
7.3.4.1 Wat is vir vernieude Woordverkondiging noodsaaklik? .......... 276
7.3.4.2 Praktykteoretiese aanbeveling .......... 277
7.3.5 Leerstellige eenheid .......... 277

7.3.5.1 Wat is vir die vernieude leerstellige eenheid noodsaaklik: praktykteoretiese aanbeveling .......... 280
7.3.6 Onordelikheid in die kerk-instelling .......... 282
7.3.6.1 Vernuwing in gehoorsaamheid aan kerklike verordeninge: Praktykteoretiese aanbeveling .......... 284
7.4 TOETS VAN HIPOTESES .......... 285
7.5 SLOT .......... 287
7.5.1 Bydrae tot die vakgebied en die probleemstelling .......... 289


## BYLAE


BYLAAG 1: SYFERS T.O.V. GRAFIEKE IN HOOFSTUK 2 .......... 291
BYLAAG 2: DIE DOELSTELLINGS VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA .......... 292
BYLAAG 3: VOORLOPIGE VRAELYS VIR KWALITATIEWE NAVORSING .......... 294
BYLAAG 4: ONDERHOUDSKEDULE VIR FINALE ONDERHOUD .......... 296

BIBLIOGRAFIE .......... 304
OPSOMMING .......... 333
SUMMARY .......... 336
SLEUTELWOORDE/KEYWORDS .......... 339


## LYS VAN TABELLE, GRAFIEKE EN FIGURE


Tabel 1: Prakties-teologiese model vir empiriese navorsing (Osmer 2008) .......... 34
Tabel 2: Evangeliese spiritualiteit teenoor gereformeerde spiritualiteit (König 1998) .......... 75
Tabel 3: Eienskappe van die evangelie gestel teenoor eienskappe van die popkultuur (Johansson 1998) .......... 173
Tabel 4: Die vroeëre en die ontluikende paradigma vergelyk (Borg 2003) .......... 204
Grafiek 1: Totale ledetal van die kategeseskool in die EGK (1991-2010) (Sinodale Bundels) .......... 80
Grafiek 2: Getal katkisante wat lidmate van die EGK word (1991-2010)

| | | |
|---|---|---|
| | (Sinodale Bundels) ........................................................................ | 81 |
| Grafiek 3: | Totale lidmaattal van die EGK (1991-2010) (Sinodale Bundels) ........................................................................ | 82 |
| Grafiek 4: | Lidmate van buite die kerk bygevoeg (1991-2010) (Sinodale Bundels) ........................................................................ | 83 |
| Grafiek 5: | Getal lidmate bedank uit die EGK (1991-2010) (Sinodale Bundels) ........................................................................ | 84 |
| Grafiek 6: | Vergelykende statistiek tussen Afrikaanse susterskerke en die EGK (1999-2008) (Sinodale Bundels, Dreyer 2009) ........................................................ | 85 |
| Figuur 1: | Die wisselwerking tussen Woord en Gees (Van der Walt 1999:57) ..... | 181 |

# HOOFSTUK 1

# POSISIONERING EN HIPOTESESTELLING

## 1.1 INLEIDING

Die kerk van Christus bevind hom hedendaags in ’n tyd van omvattende verandering en selfs omwenteling wat gepaardgaan met die snelle verandering van die samelewing (Niemandt 2007:12-13). Rossouw (1993:128) wys tereg daarop dat kerklike instellings nie gevrywaar is van veranderinge in die samelewing nie. Dit word beklemtoon deur die veelheid van veranderende denke waarmee die kerk in die postmoderne kultuurfase gekonfronteer word (Bell 2005; Borg 2003; McLaren 2007; Nel 2003). Uit krag van hierdie veranderinge merk König (2009:13) op spreekwoordelike wyse op dat die kerk oor die algemeen vasgevang is in ’n hewige teologiese storm. Hierdie storm word volgens hom tot ’n groot mate veroorsaak deur leiersfigure in die kerklike en openbare lewe. König onderskei voorts tussen sake wat binne en ook buite die kerk betwis word en noem die volgende:

**Sake wat deur kerkleiers binne die kerk betwis word:**

- die gesag van die Bybel;
- die Drie-eenheidsleer;
- die maagdelike geboorte van Christus;
- die leer oor Christus se twee nature, naamlik die menslike en die goddelike;
- die wonderwerke van Christus;
- die bestaan van bose magte;

- die liggaamlike opstanding van Christus en die leë graf; asook
- die wêreldwye verkondiging van die evangelie.

**Sake wat buite die kerk betwis word sluit onder andere in:**

- die unieke betekenis van Jesus;
- die kruisdood van Jesus as offer vir ons sondes;
- die historiese betroubaarheid van die Evangelies en die res van die Bybel;
- die wederkoms van Christus en die ewige lewe;
- die bestaan van 'n geesteswêreld; en
- die bestaan van 'n persoonlike God.

König (2009:13) kom by 'n krities-belangrike gevolgtrekking uit dat sou al die aspekte hierbo gelys verwerp word, daar so te sê niks van die Christelike geloof sal oorbly nie. Dus het die kerk van Christus die besonder gewigtige en moelike taak om sin te maak uit al die nuwe verskynsels en onsekerhede. 'n Verdere knelpunt vir die kerk is om die invloed van die postmoderne kultuurfase, wat al hoe meer beslag in mense se lewens kry, skriftuurlik verantwoordbaar te verwerk. Hierdie omstandighede bring die kerk van Christus, en daarby die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EGK), voor die uitdaging te staan om die mens van hierdie besondere tyd in getrouheid aan God te bedien met die evangelie van Jesus Christus. Ten einde juis dit te kan doen, gaan daar die afgelope dekades reeds 'n veelheid van stemme uit verskillende oorde op wat roep na vernuwing in die kerk. Wanneer literatuur oor kerklike vernuwing onder die loep geneem word, kom mens gou agter dat daar groot verskille en selfs wedywering onder verskillende kerklike groeperinge hieroor bestaan. Dit wil voorkom asof vernuwing grootliks met uitbreiding, oftewel met kerkgroei in die gedagte vooropgestel, gemotiveer word. Die dryfveer tot vernuwing is om soveel

mense moontlik kerk toe te kan trek (Wagner, in George 1991:10; Warren 2005:19). Met die stimulering van kerkgroei in gedagte is daar dan verskillende modelle met verskillende uitgangspunte ontwikkel (Bugbee, Cousins & Hybels 1994; Kennedy 1983; Mittelburg, Stobel & Hybels 2005; Schwarz & Schalk 1998). Hierdie kerkgroeimodelle word aanstons meer breedvoerig bespreek.

Kerke wat erns maak met die Bybel as Woord van God – in ag genome die omstandighede in die samelewing en in die kerk – word gelaat met die volgende vraag: *Wat is nodig om die mens van die postmoderne kultuurfase effektief in getrouheid aan God en sy Woord geestelik te kan bedien?* Mordegai se vraag aan Ester of sy nie juis "met die oog op ’n tyd soos hierdie" tot die koningshuis toegelaat is ten einde die volk van God te verlos nie (Est. 4:14), sou sekerlik relevant kon wees in die huidige konteks. Rose (1995:65) voer twee redes aan waarom kreatiwiteit en vernuwing in die kerk vandag belangriker as ooit in die geskiedenis is:

- Die vinnig-veranderende kultuur waarin die mens hom hedendaags bevind en wat nog nooit in die geskiedenis van die mensdom sodanige afmetings aangeneem het nie.
- Die feit dat die geestelike nood van die mens daagliks toeneem. Hierdie is ’n generasie wat soveel kennis op die gebied van die tegnologie en ander wetenskappe het, maar wat nie die Bybel ken nie. Daarom beskou Rose (1995:65) dit as vanselfsprekend dat die kerk des te meer kreatief en vernuwend moet dink en optree om hierdie generasie vir Christus te wen.

Dit is een ding om gedagtes te wissel oor die onderwerp van vernuwing, maar dit is ’n gans ander saak om vernuwing in die kerk van Christus ten uitvoer te bring. Dit bring mee dat vernuwing glad nie so ’n eenvoudige onderwerp is nie.

Vernuwing in die kerk plaas ’n groot verantwoordelikheid op die leierskap van die kerk en elke geroepene van die Here. Elke kerkgenootskap wat vandag erns maak met God en sy Woord is tog ook geroep om kerk van Jesus Christus in die postmoderne wêreld te wees.

## 1.2 NAVORSINGSPROBLEEM

### 1.2.1 Navorsingsituasie

Soos reeds aangetoon is, is vernuwing die afgelope jare aan die orde in die kerk en dit kan waargeneem word in so te sê alle kerke oor die wêreld heen. Daar is selfs kerke waarna verwys word as vernuwingskerke (De Wit 1999:177-212). Vernuwing in die kerk neem ook ’n veelheid van vorme aan: van die inkleding van die erediens om meer kontemporêr te wees, tot dogmatiese “vernuwing” wat die boodskap van die Bybel algeheel verander, soos geïllustreer deur die nuwe denke van die ontluikende paradigma (Borg 2003:43-60).

Die vernuwingsgolf laat gereformeerde kerke nie onaangeraak nie. Ook die EGK word onwillekeurig voor die uitdaging gestel om in sekere opsigte te vernuwe, hetsy deur die geestelike behoeftes van lidmate of deur predikante wat besef dat iets gedoen moet word om die uitdagings van die postmoderne era op ’n verantwoordelike wyse te ontmoet. Daar is ’n aantal vrae wat oor die onderwerp van verantwoordelike vernuwing geopper behoort te word:

- Wat is verantwoordelike vernuwing?
- In watter opsigte behoort die kerk te vernuwe?
- Waarvoor moet die kerk versigtig wees wanneer daar vernuwingspogings aangewend word?

- Watter soort vernuwing sal vir die kerk onaanvaarbaar wees?

Vrae en uitdagings rakende vernuwing het aanleiding gegee tot die besluit om navorsing oor hierdie onderwerp te onderneem.

In 'n inligtingstuk met die titel: "Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika: Wie is ons, wat glo ons?" (2007), word die doelstellings (Bylaag 2) van die kerk onder meer uiteengesit. Een van die doelstellings van die EGK is juis dat die kerk hom voortdurend toespits op vernuwing, asook varsheid van getuienis, ondervinding en boodskap. Hiermee verklaar die kerk gevolglik dat 'n verval in formalisme en 'n koue ortodoksie (leer sonder die lewe) nie in die skoot van die kerk welkom is nie. Met inagneming hiervan verklaar die doelstellings verder dat die EGK daarna streef om kontemporêr-dinamies te wees en met inagneming van die tyd waarin ons leef, te voorsien in die geestelike behoeftes en nood van mense. Die EGK het hom dus in sy doelstellings reeds daartoe verbind om die mens in die postmoderne era effektief met die Evangelie van Jesus Christus te bedien. Anders gestel het die EGK hom daartoe verbind om dinamies en relevant te wees midde hierdie en elke ander besondere kultuurfase. Die vraag is net hoe die kerk hierdie doelstelling kan verwesenlik sonder om sy goddelike roeping en verantwoordelikheid in die gedrang te bring.

Nie alleen het die EGK hom tot vernuwing verbind nie, maar saam met hierdie vernuwende karakter wat in die doelstellings uitgestippel word, openbaar die EGK ook met die jare 'n sterk Bybelbehoudende karakter. Dit word bely dat die EGK op die Woord van God gefundeer is (Kerkorde, Artikel 3) wat ook dien as grondslag van die kerk. Sinodale besluite (45:1992; 12:1998; 33:2000; 43:2004) is herhaaldelik geneem dat gewaak moet word om die evangelies-gereformeerde

karakter van die kerk te bewaar. Hierdie besluite dui ongetwyfeld sterk op die behoudende inslag van die kerk. Vanuit die spanning tussen 'n verbintenis tot vernuwing aan die een kant en die behoudende karakter van die kerk aan die ander kant, ontstaan 'n belangrike vraag: Hoe kan die EGK enersyds kerk in die wêreld wees sonder dat die wêreld andersyds die kerk verswelg? Die behoudende karakter van die EGK bring die wesenlike gevaar te weeg dat die kerk maklik kan verval in 'n gevaarlike soort wettisisme. Dit kan die verbintenis tot vernuwing stuit waarin kerkleiers 'n gerieflike wegkruipplek, 'n spreekwoordelike gemaksone kan vind om nie daadwerklik kerk vir die mens van vandag te wees nie. Aan die ander kant bied dit 'n groot mate van beskerming teen eietydse vernuwingstendense waarin wanopvattings oor en selfs `n ontkenning van God, sy Woord, die soenverdienste van Christus, sy maagdelike geboorte en sy liggaamlike opstanding die kerk soos 'n kanker kan oorval. Nuwe denke soos hierdie sal uiteindelik die wese van die kerk, soos uitgedruk in die Skrif en belydenisskrifte, radikaal vervals.

Dit bring die EGK voor 'n groot uitdaging te staan om in die postmoderne era en die heersende tendense daarvan enersyds nie eng op te tree of as verstok beskou te word nie en, andersyds, om nie toe te gee aan vervalsing, vervlakking of verwêreldliking van die kerk nie aangesien dit sy skriftuurlike roeping sal verloën. Strauss (2001:41-42) gee 'n raak beskrywing van waarom Afrikaanse gereformeerde kerke toenemend irrelevant blyk te raak in hierdie besondere tyd. Hy voer eerstens as rede aan (en sonder om te probeer veralgemeen) dat 'n breë Afrikaanse styl vir baie jongmense en middeljarige Afrikaners 'n verleentheid is. Vir hierdie geslag waarna hy verwys is dit baie belangriker om populêr te wees (dit wil sê om "in" te wees by die alternatiewes) as om aan God getrou te wees.

As die kerk hierdie geslag wil bereik, moet dit deur middel van vermaak wees. Hulle soek nie diepte of dieper waardes waarby hulle hulself moet gee of verloën nie. Hulle verstaan nie die begrip lojaliteit nie en verbind hulself eerder aan ervarings of aan mense as aan die Woord van God. Hulle is oop vir enige wind van dwaalleer, mits daar net ’n goeie stuk “gesagvolle” emosie mee saamgaan. Dit is ook nie moeilik nie om in te sien waarom hierdie geslag so maklik vervreemd raak van eredienste met diepsinnige Woordverkondiging en die voordra – met gewyde liggaamshouding – van duursame en melodieuse Afrikaanse aanbiddingsliedere. Vir baie van hulle is dit vreemd, leweloos en selfs ’n bedreiging.

In die lig hiervan voer Strauss (2001:42-43) aan dat dit nie verbasend is dat hierdie geslag breek met die meer tradisionele styl van die Afrikaanse gereformeerde kerke nie. Dit is volgens Strauss (2001:43) een van die vernaamste redes waarom vernuwing en die daarmee gepaardgaande klemverskuiwings in die kerk dikwels ’n beweging weg van die Woord en van die Here van die Woord af is. Die vernaamste rede vir die toenemende kerklosheid onder Afrikaanse gereformeerdes is na sy mening niks anders nie as die sekularisasie onder Afrikanergeledere.

’n Voorbeeld hiervan spreek uit ’n artikel in die Christelike tydskrif *Leef* van Maart 2007. Onder die subopskrif “Jonk en jeukerig op eie bodem” berig Smith (2007:82-85) oor die geestelike aptyt van jongmense in Suid-Afrika. Daar word onder andere vertel van 35 000 jongmense wat ’n optrede van die Australiese Christelike rockgroep *Hillsong* bygewoon het. Toegangskaartjies was maande voor die tyd reeds uitverkoop vir hierdie geleentheid. Die berig maak ook melding van ander Christelike rockgroepe wat die land besoek het en die duisende Suid-

Afrikaanse jongmense wat daar voor die Here gedans en gespring het. Geyser (2005:1) waarsku in hierdie verband teen die gevaar van kunsmatige inkulturalisasie waar die evangelie volgens hom steeds populêr kan wees, maar sy krag verloor. As voorbeelde uit die verlede verwys hy na die massa-evangelisasie deur televisie-evangeliste soos Jimmy Swaggart en Jim Baker.

Terwyl die EGK die gevaar van wêreldse tendense wat op subtiele wyse die kerk wil binnedring terdeë in ag neem, wek die onbetrokkenheid van lidmate en veral die onbetrokkenheid van jongmense in die kerk tóg groot kommer. Uit statistieke van die EGK is die radikale afname in die getal jongmense in die kerk die afgelope dekade te bespeur en dit is uiters onrusbarend en selfs onaanvaarbaar. Hierdie tendens word verder geaksentueer deur die styging van die gemiddelde ouderdom van lidmate in die kerk. In ’n gesprek waarby die navorser betrokke was, is byvoorbeeld verneem van ’n gemeente in Oos-Gauteng waar die gemiddelde ouderdom van lidmate vier jaar gelede al 59 jaar was. Kommer bestaan menslik gesproke dat die kerk ’n krisis kan beleef as die relatief groot getal bejaarde lidmate nie meer daar is nie.

### 1.2.2 Navorsingsprobleemstelling

Hoe kan die EGK sy doelstelling van voortdurende vernuwing kombineer met sy behoudende karakter om aan God en die Skrif getrou te bly?

### 1.2.3 Navorsingsvrae wat uit die probleemstelling na vore kom

- Watter riglyne bied die Skrif vir verantwoordelike vernuwing?

- Watter areas in die bestaande struktuur van die EGK kan in die lig van die Skrif positief aangepas word ten einde die noodsaaklike vernuwing te bewerkstellig?
- Wat kan uit ’n empiriese ondersoek en waarin menings oor noodsaaklike vernuwing getoets word, oor die metodiek daarvan te wete gekom word?

Die navorsingsprobleem is, in hierdie tyd waarin daar volgens sommige (Verkuyl 1978:57; MacArthur 2003; Roberts 2005; König 2009) op onrusbarende wyse omgegaan word met dít wat naby aan die hart van die evangelie lê, uiters relevant. As ’n behoudende kerk bring dit die EGK voor die uitdaging te staan om meer as ooit ’n dinamiese kerk te wees wat ’n tuiste vir ernstige Christengelowiges bied. In die lig hiervan behoort die kerk meer as ooit erns met die Skrif te maak, sy leraars op te lei om op die hoogste vlak van bevoegdheid met die eksegese van die Skrif te werk en bowenal om in reine geregtigheid voor God te wandel.

Richards (1972:31) se besonder gewigtige en tydlose stelling dat die Christen in enige kultuur met sy leefwêreld rekening moet hou, is saam met Geyser (2005:1) se waarskuwing oor kunsmatige inkulturalisasie van kardinale belang. Daarom moet daar met die grootste omsigtigheid te werk gegaan word wanneer pogings tot vernuwing in die kerk van stapel gestuur word. Wanneer Rose (1995:65) oor vernuwing skryf, tref hy byvoorbeeld ’n onderskeid tussen funksie en vorm in die Bybel. Funksie verwys volgens hom na elemente soos evangelisasie en dissipelskap wat onveranderlik is. Die kerk is deur die Here Jesus die taak opgelê om te evangeliseer en dissipels te maak totdat Hy weer kom. Die manier waarop die kerk egter sy onveranderlike funksies uitoefen, moet volgens Rose (1995:65) verander om aan te pas by die kultuur waarin die kerk funksioneer. Hy betoog dat

die kerk volksvreemd sal raak en in ’n dooie ortodoksie sal verval as die vorm waarna hierbo verwys word, onveranderlik bly.

Getz (1974:32) tref ook `n onderskeid tussen funksie en vorm deur die stelling te maak dat waar daar ook al mense is, daar noodwendig funksie sal wees en waar daar funksie is, daar vorm of struktuur moet wees – vorm en struktuur is onvermydelik. Anders gestel kan daar nie sprake wees van ’n organisme sonder organisasie nie en die plaaslike gemeente is geen uitsondering nie. Getz (1974:33) gaan verder deur aan te toon hoe funksie beskryf kan word sonder ’n voorskrif vir die vorm. Volgens hom het die skrywers van die Bybel dit deurentyd gedoen. In die uitvoering van die funksies wat in die Nuwe Testament beskryf word, was daar altyd ’n soort kulturele vorm by betrokke. Die uitdaging wat kerkleiers in die oë staar is volgens Getz (1974:33) in watter soort vorm die kerk kan dien.

Terwyl Rose se oproep tot vernuwing nog in die gemoed weergalm, bring die waarskuwing van leiers soos MacArthur (2003) teen pragmatisme ’n mens tot besinning. MacArthur (2003) verwys na die geskiedenis en vermeld hoedat die groot prediker van die Baptistekerk in Engeland, Charles Haddon Spurgeon, in die 19de eeu die kerk passievol gewaarsku het teen die ingebruikname van sommige gesofistikeerde tendense wat sou heers in die destydse kultuur. Spurgeon het amper profeties gewaarsku dat hierdie soort kompromie graag die aanvaarding van die wêreld wou hê, maar dat dit uiteindelik die kerk ten gronde sou rig. Die Baptiste-unie van Engeland het hom geïgnoreer, later verag en uiteindelik geskors na aanleiding van sy aanhoudende waarskuwings in hierdie verband. Die slotsom was dat die dinge waarteen Spurgeon die kerk gewaarsku het, 90% van Engeland se hoofstroomkerke in ’n enkele generasie uitgewis het (MacArthur

2003). Wie sou kon dink dat ’n kerk-unie van alle dinge so onchristelik en vernietigend met so ’n uitstaande kneg van God kon werk? As die Joodse godsdiensleiers dit egter met die Messias kon doen, is dit seker te wagte dat dit ook kan gebeur met dié wat Hom in erns dien.

Uit die voorgaande kan die afleiding gemaak word dat die kerk enersyds met groot omsigtigheid die kultuuromstandighede van die mens wat hy bedien in ag behoort te neem – `n oogmerk wat die EGK in sy doelstellings opgeneem het. Andersyds moet die besliste gevaar in ag geneem word dat verkeerde wêreldse aanpassings by veranderende kultuuromstandighede nie net Bybelse beginsels nie, maar uiteindelik die roeping van die kerk as sodanig, in gedrang kan bring. Dit kan die uiterste tot gevolg hê, naamlik dat die ondergang van die kerk daardeur bewerkstellig word en dat Christus die kandelaar van sy plek kan verwyder (Op. 2:5). Dit is noodsaaklik om die realiteit van Jesus Christus en die boodskap van die Evangelie suiwer volgens die Woord van God aan mense in enige bepaalde leefwêreld te bedien. Dit moet egter so gedoen word dat daar nie op enige manier afbreuk gedoen word aan die wese van God en die Bybelse roeping van die kerk nie.

Grenz en Franke (2001:3) verwys na groot aanpassings wat in die verlede gemaak moes word met die verandering in en oorgang tussen kultuurfases. Hulle noem as voorbeelde die verandering van die Judaïese na die Hellenistiese kultuur, van die Grieks-Romeinse na die Franko-Germaanse kultuur, van die Middeleeuse Feodale bestel na die Renaissance, van die Renaissance na die Aufklärung, van `n ontwikkelde wêreld na `n derde wêreld en tans die oorgang van ’n moderne na ’n postmoderne kultuur. Deur al hierdie veranderinge is die

uitdaging aan die kerk gestel om die mens van sy tyd met die tydlose evangelie van Christus te bedien.

In ’n artikel wat op die internet gepubliseer is, onderskei Vos (2000) die volgende prosesse wat in die samelewing werksaam is en waarmee die kerk van Christus rekening moet hou:

- **Globalisering**, welke hy beskryf as die mees dominante proses in die samelewing en waarin daar ’n al groter beweging van kapitaal, tegnologie, inligting en vaardighede wêreldwyd plaasvind.
- **Differensiasie**, welke hy as een van die belangrikste eienskappe van die kontemporêre samelewing beskou. Met differensiasie word bedoel die eenheid van lewe wat plek maak vir segmentasie en fragmentasie. Hierdie proses het ’n besliste uitwerking op singewing en die lewensbeskouing van mense.
- Die volgende proses wat onderskei word, is die proses van **sekularisasie.** Vos (2000) argumenteer dat dít veral ’n negatiewe klank gekry het en wat verbind word met die agteruitgang en ondergang van die kerk. Hy haal vir Dekker (1992:195-197; 1995:52-53) aan wat aantoon dat sekularisasie op drieërlei ontwikkeling dui, naamlik:
    - die vermindering van godsdienstigheid;
    - die beperking van die reikwydte van die godsdiens; en
    - die aanpassing van die godsdiens by die ontwikkeling van die samelewing.

Vos (2000) wys egter ook op die positiewe kant van sekularisasie waarin die mens, ten spyte van sy verfloude godsdienstigheid, soek na die egtheid van geloof.

- **Individualisering** is ’n verdere proses in die samelewing wat deur Vos (2000) uitgewys word. Dit is ’n proses waarin onttrekking en eiebelang aangemoedig word en wat kan uitloop op eensaamheid. Dit kan een van die redes wees waarom die kerk so sukkel om die *koinonia* te bevorder en waarom tradisionele protestantse kerke toenemend leegloop.
- **Pluraliteit** is die laaste proses wat deur Vos (2000) onder die loep geneem word. Hiermee word die skerperwordende verskeidenheid van kulturele gewoontes en opvattinge binne en buite landsgrense en in die samelewing bedoel.

In aansluiting by en uitbreiding van bogenoemde prosesse wat in die samelewing aan die werk is, verwys Niemandt (2007:10) na ’n telefoniese onderhoud wat hy met Leonard Sweet gevoer het. In hierdie onderhoud het Sweet ’n saak uit te maak dat die kerk hom op die oomblik in die “perfekte storm”, oftewel ’n kombinasie van drie hewige storms, bevind. Die eerste storm wat meewerk om hierdie perfekte storm te konstrueer is volgens Sweet die storm van die **postmodernisme** wat hy verklaar as die nuwe tydvak waarin die hele wêreld nou leef. Die tweede is die storm van **post-Christelikheid** en waarmee bedoel word dat ’n era betree is waarin die Konstantynse Christendom verby is en waar die Christelike godsdiens sy invloed verloor het. Met die derde storm vind Sweet (in Niemandt 2007:10) aansluiting by Vos (2000) en noem dit die storm van **globalisering** waardeur die wêreld besig is om een gemeenskap te word.

Dat hierdie prosesse (soos Vos [2000] dit noem) of storms (soos Sweet [in Niemandt 2007:10] daarna verwys) ook ’n werklikheid in die samelewing van Suid-Afrika is en dat dit ’n duidelike uitwerking op kerke en gemeentes het, kan nie deur enigiemand betwyfel word nie. Dit bring die EGK saam met elke ander

denominasie wat ernstig is oor hulle goddelike roeping voor enorme uitdagings te staan om steeds dinamies en relevant die Evangelie aan hierdie geslag te bedien.

In die lig van die voorafgaande moet gesoek word na ’n weg van verantwoordelike vernuwing wat in ooreenstemming met die Woord van God sal wees; vernuwing wat in die gees van die Reformasie ingestel sal wees op die Eer van God alleen (*Soli Deo Gloria*) en nie bloot ter wille van menslike grille en giere nie (Gal. 1:10). Die voortbestaan van die suiwer kerk soos Christus dit bedoel het, is afhanklik van die seën van die Here wat daarop rus. Die seën van die Here (wat onder andere na vore kom in die welvaart asook die groei en lewenskrag van die kerk) kan slegs bestaan waar God in sy liefde en geregtigheid geëer word. Dit is daarom van kritieke belang dat die aansprake van die Skrif met erns bejeën word in enige dialoog oor die onderwerp van verantwoordelike vernuwing. As die EGK ernstig is oor sy roeping om verlore siele met die evangelie van Christus te bereik en gelowiges daarmee saam pastoraal te versorg, sal die wil van God vir die kerk die swaarste moet weeg (I Tim. 3:15).

Burger (1999:121) beklemtoon dat dit inderdaad belangrik is waar hy pleit vir respek ten opsigte van Bybelse tradisie en gebruike in ’n denominasie en gemeente wanneer vernuwingsprosesse in werking gestel word. Hy argumenteer dat ’n kerk tog nie 60% van sy lidmate wil verstoot of wegjaag in die proses van vernuwing om uiteindelik 40% te behou nie. Dit som in ’n neutedop die uitdaging op wat deur die EGK hanteer moet word ten einde nie van die kerklike toneel in Suid-Afrika te verdwyn nie.

Die navorser is reeds in hierdie vroeë stadium van die navorsing onder die diepe indruk dat die onderwerp van verantwoordelike vernuwing aan die een kant baie

opwindend kan wees om na te vors met die oog op die ten uitvoer bring daarvan. Aan die ander kant blyk dit ’n netelige en selfs gevaarlike terrein te wees as vernuwing onverantwoordelik aangepak word. Dit kan opwindend wees as dit (in die woorde van Nel [1994:16]) God is wat besig is om vernuwend, helend, herstellend en veranderend met sy skepping en ook met sy kerk op weg te wees. MacArthur (2003:2) toon egter aan hoe gevaarlik vernuwing kan wees deur te verwys na vele kerkleiers wat pragmaties gereageer het op die onverskilligheid van die wêreld. In stede van oortuigende Bybelse prediking wat sonde en bekering beklemtoon, het kerkleiers begin steun op bemarking, metodologie en resultate. Die nuwe model vir die bediening is daarop gerig om sondaars op hulle gemak te stel binne in die kerk en dan die voordele van Christenskap aan hulle te “verkoop”. Vermaaklikheid het kansels geskaak en baie gemeentes is niks meer as sosiale klubs nie. MacArthur (2003:3) pleit gevolglik by kerkleiers om te bid dat God die outoriteit van sy Woord in die midde van die kerk sal verhoog sodat die heerlikheid van sy Seun sal seëvier en dat die reinheid van sy mense sigbaar sal wees. Hy spreek die volgende begeerte vir die kerk uit: “May the Lord revive us and keep us far from the slippery slope of pragmatism” (MacArthur 2003:3).

## 1.3 HIPOTESEVORMING

Alvorens hipoteses in pas met verantwoordelike vernuwing in die EGK geformuleer kan word, is dit belangrik om kortliks die eie identiteit en besondere etos van die EGK te beskryf. Die identiteit van die EGK is duidelik in sy naam opgesluit. Fourie (1997:182-183) vermeld hoe Metodisme en Calvinisme in wese teenpole van mekaar en eintlik onversoenbaar is as byvoorbeeld gedink word aan die onenigheid tussen Wesley en Whitfield oor die uitverkiesingsleer. Van

Niekerk (1983:73-74) dui aan hoe daar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) tussen 1930 en 1944 twee strominge ontstaan het, naamlik ’n suiwer Calvinistiese stroom en ’n evangelies-gereformeerde stroom. Laasgenoemde stroom het vas geglo dat die antwoord vir die kerk gelê het in Bybelse vernuwing en herlewing soos in die tyd van dr. Andrew Murray (jr.) in 1860. Mienie (2004:27) toon aan hoe persone soos G.D. du Toit, A.C. Murray en J.C.G. Kotzé met die laaste groep geassosieer is. Hy verwys voorts na artikels, boeke en preke wat uit hulle penne verskyn het oor onderwerpe soos hartgrondige bekering en wedergeboorte as die werk van die Heilige Gees, heiligmaking wat ’n heilige lewenswandel in die praktyk ingesluit het, herlewing en algemene geestelike verdieping. Mienie (2004:28) meld dat persone wat die evangeliese rigting gekies het, nie algeheel onverskillig gestaan het teenoor die Gereformeerde leer in die algemeen nie, maar dat hulle tog die lewenswandel hoër geag het as die leer. So is hierdie evangeliese rigting wat in 1944 tot kerkstigting gelei het, as vreemdsoortig van Calvinisme en as ’n Metodistiese tendens beskou wat aanleiding gegee het tot die Evangelies-Gereformeerdheid. Mienie (2004:29) is van mening dat die naam Evangelies-Gereformeerd ’n mate van versoening tussen die twee uiteenlopende tendense gebring het. Wat vandag uitstaan van die EGK, is die viervoudige kruisboodskap, naamlik wedergeboorte, heiligmaking, goddelike genesing en die chiliastiese beskouing van die wederkoms waarop die kerk veral klem lê. Hierby kan gereken word die gegewe dat die kerk die Bybel as die onfeilbare Woord van God erken en verkondig en die hartstogtelike uitwering van wêreldse tendense in die kerk. Daar bestaan egter vrae oor hoe dit waarin die kerk glo, vandag nog in lidmate se lewens tot verwerkliking kom.

Vanweë die evangelies-gereformeerde karakter van die EGK waarin wêreldse tendense (soos voorheen bespreek) nie welkom is nie en hopelik nooit welkom sal wees nie, moet die kerk in sy strewe na vernuwing baie sensitief wees om God se roeping en wil vir die kerk bo alles te stel. Tog sal die EGK die uitdaging om sy doelstelling tot vernuwing gestand te doen, noodsaaklikerwys moet aanvaar. Die kerk sal alles in die stryd moet werp om ’n kerk te wees wat nie net die hele gesin nie, maar in besonder die gesin van die nuwe millennium te bedien met die Evangelie van Jesus Christus en sonder om die beginsels van die Skrif prys te gee.

Ten einde kerk van Christus te wees en aangesien die Evangelie van Christus en daarom ook die kerk nooit irrelevant mag raak nie, word die volgende hipoteses gestel:

## 1.4 HOOFHIPOTESE AS SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Met inagneming van die doelstelling van die kerk om vernuwend te wees – asook die daarmee gepaardgaande behoudende karakter van die kerk waarin ’n afkeer aan ’n vreemde spiritualiteit in die kerk bepleit word – word die volgende hoofhipotese gestel:

Vernuwing in die EGK is moontlik sonder dat die kerk sy Bybelse oortuigings en beginsels hoef prys te gee.

### 1.4.1 Sub-hipoteses

Die volgende sub-hipoteses vloei voort uit die voorafgaande:

- As die EGK getrou wil bly aan sy evangeliese roeping om siele vir die koninkryk van God met die evangelie van Christus te bereik, is verantwoordelike vernuwing in die kerk dringend noodsaaklik. Daar sal onder die leiding en met die onderskraging van die Heilige Gees voortdurend weë gevind moet word om die mens van die postmoderne era relevant, suiwer en effektief met die Evangelie te bedien.
- Baie van die elemente wat tans in die Christendom onder die vaandel van vernuwing aangebied word, is nóg nuut, nóg van die Heilige Gees afkomstig.
- Vernuwing wat nie onder leiding van en in verantwoordelikheid aan die Heilige Gees en die Woord van God plaasvind nie, is net menslike verandering waarvan betwyfel kan word of dit positief vir die kerk as geloofsgemeenskap is.
- Dit is moontlik om verantwoordelik te vernuwe, sonder om die kerk se unieke evangelies-gereformeerde spiritualiteit prys te gee in ruil vir 'n ander of vreemde spiritualiteit.
- Dit is moontlik vir die kerk om tegelyk verantwoordelik vernuwend en behoudend te wees.

## 1.5 EPISTEMOLOGIESE POSISIONERING

### 1.5.1 Praktiese teologie

In die praktiese teologie as vakgebied bestaan daar wêreldwyd 'n verskeidenheid van strominge. In 'n postmoderne konteks wat gekenmerk word deur hoë vlakke van pluralisme, fragmentasie en skeptisisme, moet praktiese teologie ook

rekening hou met die uitdagings wat die samelewing aan die vakgebied stel (Osmer 2008:154). In hierdie verband verwys Müller (2005:86) na praktiese teologie as “Post-foundational”. Daarmee word bedoel dat praktiese teologie ’n teologiese dissipline is wat ’n balans moet vind en dialoog moet aanmoedig tussen teologiese tradisie en die konteks waarin mense leef.

Cilliers (2009:626-627) raak ’n aantal spanningsvelde as voorbeelde aan waarbinne praktiese teologie funksioneer en wat na sy mening nooit opgelos mag word nie:

- die wisselwerking tussen empiriese navorsing en teologiese konseptualisering;
- belydenis en die samelewing;
- kern-identiteit en interdissiplinariteit;
- induksie en deduksie;
- kontekstualisering en tradisie;
- die Skrif en kommunikasie;
- roeping (*vocatio*) en denominasie; en
- spiritualiteit en akademiese verantwoording.

Verder voer Willows en Swinton (2000:42) aan dat praktiese teologie nooit binne ’n algemene konteks kan fungeer nie, maar dat dit altyd gefokus moet wees op ’n plaaslike, konkrete en spesifieke konteks. In die konteks van hierdie navorsing is dit bepaald verantwoordelike vernuwing in die EGK.

Pieterse (1993:116) verwys na drie epistemologieë wat in Suid-Afrika in die vakgebied praktiese teologie aangetref word. Dit is naamlik die kontekstuele, die diakoniologiese en die handelingswetenskaplike epistemologieë. Volgens Appelt

(1999:5) het die epistemologiese vertrekpunt en die aard en beperkings van die navorser se kennis, ’n bepaalde invloed op die navorser se metodiek en uiteindelike resultaat. Ten einde ’n verantwoorde epistemologiese keuse te kan uitoefen ten opsigte van hierdie navorsing, is dit nodig om kortliks besonderhede van elk van die epistemologieë te bespreek.

#### 1.5.1.1 ’n Kontekstuele epistemologie

Die kontekstuele epistemologie in Suid-Afrika het volgens Pieterse (1993:116-117) baie te doen met gemeenskappe wat onder apartheid gely het asook die daarstel van ’n nuwe visie vir die samelewing in Suid-Afrika. Gevolglik is dit hoegenaamd nie van toepassing op die uitoefen van ’n epistemologiese keuse vir hierdie navorsing nie en dit word gevolglik nie verder hierin ondersoek nie.

#### 1.5.1.2 ’n Diakoniologiese epistemologie

Burger (1991:59) noem die diakoniologiese benadering ’n konfessionele of belydenisgebaseerde benadering wat aan die Skrif wil vashou as die enigste kenbron vir die praktiese teologie. Pieterse (1993:104) toon aan dat ’n diakoniologiese epistemologie weliswaar die Skrif as vertrekpunt gebruik, maar dat die sosiale wetenskappe as hulpwetenskappe gebruik kan word. Burger (1991:59-60) stippel die vernaamste kenmerke van ’n diakoniologiese epistemologie soos volg uit:

- Die klem val in ’n diakoniologiese epistemologie op die Skrif as die enigste kenbron en die norm van die totale teologie, daarom ook die praktiese teologie.

- Vanuit die keuse vir ’n diakoniologiese epistemologie word praktiese teologie op ’n deduktiewe wyse bedryf as teoretiese teologisering met die oog op die praktyk. Daarom word empiriese metodes volgens hom selde gebruik in ’n diakoniologiese epistemologie. Hier verskil Janse van Rensburg (2000:77), ’n agtenswaardige diakonioloog, van Burger deur aan te voer dat daar in ’n diakoniologiese epistemologie goed gebruik gemaak kan word van die sosiale wetenskappe. Janse van Rensburg waarsku egter dat hierdie wetenskappe nie moet oorneem en die teologiese karakter van die praktiese teologie moet verander nie.
- ’n Derde eienskap van ’n diakoniologiese epistemologie is volgens Burger (1991:60) dat dit ’n gerigtheid van die praktiese teologie op die kerk en sy dienste, oftewel die ampte, het. Janse van Rensburg (2000:78) wys die teendeel uit deur te meld hoe die diakoniologie vroeër beskuldig is van ’n oormatige beklemtoning van die herdermetafoor. Praktiese teoloë het die fout gemaak om die onaktiwiteit en onproduktiwiteit van lidmate voor die deur van die diakoniologie te lê. Janse van Rensburg maak dit egter duidelik dat die diakoniologie op geen stadium net die herdermetafoor in die Bybel beklemtoon het nie, maar dat die liggaam-van-Christusmetafoor altyd deel uitgemaak het van hierdie epistemologie. Die louheid van lidmate was dus op geen stadium ’n epistemologiese fout aan die kant van die diakoniologie nie, maar eerder ’n praktiese situasie wat in gemeentes ontstaan het (Janse van Rensburg 2000:78).
- Daar word ook volgens Burger (1991:60) vanuit die diakoniologiese epistemologie sterk klem gelê deur universiteite en seminariums om predikante op te lei ten einde hulle ampswerk te kan verrig. Dit is terloops iets wat in die EGK as ononderhandelbaar beskou word (Kotzé 1993:198).

In teenstelling met die postmodernisme wat alle groot verhale ("Grand narratives") en vaste parameters teëstaan, erken 'n diakoniologiese epistemologie die objektiewe waarheid van die Skrif (Janse van Rensburg 2000:77).

Kennis moet geneem word van Osmer (2008:154) se opmerking oor 'n postmoderne konteks soos bespreek in par. 1.5.1 hierbo. Wat egter kommer wek is sy opmerking dat daar nie meer binne hierdie konteks van onsekerheid eenstemmigheid bereik kan word oor die waardes in die samelewing nie. Nog meer verontrustend is sy mening dat die teologie nie meer tradisionele bronne en norme van die kerk as vanselfsprekend aanvaarbaar kan beskou nie. Hy voer aan dat die praktiese teologie nuwe, innoverende maniere moet vind waarop waarheidseise en waardes op oortuigende manier aan 'n skeptiese wêreld gekommunikeer kan word. Wat kommer wek oor hierdie uitspraak is die feit dat die krag van die Woord en die Heilige Gees wat die Woord rugsteun skynbaar nie in berekening gebring word nie. Dit kom voor of daar 'n nuwe beweging in die praktiese teologie na vore kom wat na suiwer menslike antwoorde soek vir die probleme van die wêreld.

### 1.5.1.3 'n Handelingswetenskaplike epistemologie

Waar die diakoniologiese epistemologie volgens Burger (1991:59) die algemeenste benadering in die susterkerke asook in die NGK-familie was, meld Pieterse (1993:107) dat die handelingswetenskaplike benadering 'n nuwe paradigma (vertrekpunt) in vergelyking met die diakoniologiese benadering bied op die gebied van praktiese teologie. Pieterse (1993:107) is van mening dat die handelingswetenskaplike epistemologie 'n verbreding van die objek vir die vak

teweeggebring het, dat dit die perspektief van die kerk verruim het en dat dit die wetenskaplike karakter van die vak gevestig het.

Die uitgangspunt van hierdie epistemologie berus volgens Pieterse (1993:107) op ’n koninkrykspersepktief. Daar vind dus ’n verskuiwing van fokus weg van die kerklike diakonia na die samelewing in sy breedste sin plaas. Die klem verskuif ook van die Skrif as kennisbron na empiries-wetenskaplike ondersoeke om ’n wetenskaplike greep op die konkrete handelinge van die kerk te kry (Pieterse 1993:109).

Heyns en Pieterse (1990:41-42) tref die volgende vergelykings en wys verskille uit ooreenkomstig ’n handelingswetenskaplike (prakties-teologiese) epistemologie, teenoor ’n Bybels-hermeneutiese (diakoniologiese) epistemologie:

- Die groot verskil van mening oor hierdie twee epistemologieë gaan oor die plek wat die handelinge en handelingsvelde in navorsing inneem.
- Vir die diakonioloog is die praxis die toepassingsveld van teologiese insigte wat uit die Skrif verkry is.
- Vir die praktiese teoloog lewer die praktyk inspraak in die formulering van teorieë.
- Vir laasgenoemde is daar ’n bipolêre spanning en ’n wisselwerking tussen teorie en praktyk op ’n gelyke vlak.
- Die diakonioloog lei beginsels uit die Skrif af wat vervolgens in die praktyk toegepas word.

Die grondslag van die EGK word in Artikel 3 van die kerkorde soos volg beskryf: “Hierdie kerk is gefundeer op die Heilige Skrif, die onfeilbare en foutlose Woord van God.” Die navorser steun die grondslag van die kerk heelhartig en maak in

die lig daarvan die keuse vir 'n diakoniologiese epistemologie waarin beginsels uit die Skrif geput word met die oog op die praktyk. In ooreenstemming met die aard van 'n diakoniologiese epistemologie word Skrifbeginsels met die kennis van menswetenskappe aangevul.

## 1.6 DIE PARADIGMASKUIF VAN MODERNISME NA POSTMODERNISME

Daar is oor die afgelope dekade of twee veel gedebatteer oor die sogenaamde paradigmaskuif van modernisme na postmodernisme (Janse van Rensburg 2000:4). In 'n internetartikel merk King (2008) op dat lede van die Westerse beskawing wat onbewus is van hierdie paradigmaskuif óf op 'n Sabbatsrus van vyf tot tien jaar was óf dat hulle in ontkenning leef. Of mens nou besig is om op die internet soektogte te loods en of mens nou Christelike boekwinkels besoek, selfs die mees konserwatiewes word hierdie realiteit geïllustreer: "The post-modern shift is happening and everyone is talking about it" (King 2008).

Aangesien daar in die afsienbare verlede reeds veel hieroor gedebatteer en geskryf is, ag die navorser dit nie nodig om 'n uitgebreide diskoers oor die paradigmaskuif van modernisme na postmodernisme weer te gee nie. Om egter posisie te kan inneem ten opsigte van 'n paradigma (vertrekpunt) en epistemologie (kennisleer) vir hierdie navorsing, sal die onderwerp kortliks en in breë trekke bespreek word.

Hoewel 'n presiese datum onmoontlik vasgestel kan word, argumenteer Vosloo en Koopman (2002:22) dat modernisme as globale kultuurfase rondom die 17de eeu beslag gekry en hoofsaaklik op twee pilare gerus het. Hierdie pilare is

volgens hulle mening die moderne filosofie met René Descartes as sleutelfiguur en die moderne wetenskap met Galileo Galilei en Isaac Newton as sleutelfigure.

Postmodernisme as kultuurfase behoort verstaan te word as ’n reaksie teen die wreedhede en gruwels van modernisme wat beleef is gedurende gebeure soos Auschwitz, Hirosjima, die globale omgewingsbesoedeling en die eskalerende wapenwedloop (Geyser 2005:2; Middleton & Walsh 1995:23; McLaren 2007:35-36).

Modernisme het skynbaar aan die mens saligheid belowe deur die parallelle ontwikkeling van kennis en vryheid, tegniek en humaniteit, arbeid en geregtigheid asook die wetenskap en geluk, maar het gruwelik misluk (Geyser 2005:2; McLaren 2007:36). Janse van Rensburg (2000:14) verwys in verband met hierdie mislukking na Nietzsche se uitspraak in 1888 dat nihilisme (die algehele niksheid van die mens) op hande was. Die grootste rede hiervoor is die beskouing van Nietzsche dat God dood is en die mens daarom van niks meer absoluut seker kan wees nie.

Niemandt (2007:24) beklemtoon dat postmodernisme nie gesien moet word as ’n soort anti-modernisme nie. Vir hom is dit eerder ’n tradisie wat krities ondersoek en vernuwe word. Tog word die skuif van modernisme na postmodernisme gekenmerk deur ’n totale verandering van die denk- en leefwêreld van die mens (Froneman, Vorster & Fourie 2000:192). Vir Van Niekerk (1998:367) is een van die vernaamste veranderings die feit dat ’n objektiewe lewensbeskouing waarin ruimte vir absolute waarheid en vaste parameters ’n bestendige element vir gelowiges is, vervang is met ’n subjektiewe waarin daar nie ruimte vir absolute waarheid is nie. Elkeen konstrueer sy eie waarheid vanuit sy bepaalde konteks

en daar is ruimte vir baie weergawes van waarheid. Hirsch (2006:16) bestempel die paradigmaskuif van modernisme na postmodernisme as ’n oorgang van die soliede na die vloeibare.

Dit is verstaanbaar dat die paradigmaskuif onder bespreking ’n enorme invloed op die kerk en die teologie sou hê. Hierop argumenteer Joubert (2008:2) dat die anti-gesags, anti-kerklike, anti-historiese en anti-“commitment” houding wat kenmerkend is van postmodernisme, ’n gepaste tydsgees gevind het waarin elkeen ’n eie weg, eie waarheid en eie lewe wil konstrueer. Kritzinger (2003:113) wys daarop dat die hedendaagse, gesekulariseerde denk- en leefwyse van die verwesterse mens dikwels ’n leefwyse tot gevolg het waarin dit lyk asof God en die religieuse nie bestaan nie. Dit veroorsaak heel dikwels ’n onttrekking van godsdienstige organisasie, ’n negatiewe, defensiewe kerklike lewe, met min entoesiasme gekenmerk deur spekulatiewe denke. Johnston (2001:26) gee die volgende kenmerke van ’n tipies postmoderne vloeibare mens en beskryf hom as iemand wat:

- Skepties is en agterdogtig staan teenoor enige vorm van gesag en wat deur Niemandt (2007:21) gestaaf word as hy aanvoer dat die kerk van die postmoderne era groter gemak met chaos het, minder beheer uitoefen en meer verdra ter wille van beter samewerking.
- ’n Reaksie toon teen alle vorme van rasionele en objektiewe waarheid. Weer staaf Niemandt (2007:22) dit deur daarop te wys dat die postmodernisme ook post-objektief is. Daarmee word bedoel dat waarheid kollektief en kontekstueel is en dat ’n saak vanuit verskillende oogpunte bekyk kan word.
- ’n Verlies aan identiteit saam met ’n soeke na die sin van die lewe het. Rietkerk (1996:12) beskryf die postmoderne jeugkultuur as eksistensieel hedonisties en toon aan dat die postmoderne jongmens dit moeilik vind om te

glo in ’n alomvattende Waarheid. Daar is ’n sterk behoefte aan snelle afwisseling en sterk prikkels wat die verlies aan identiteit in die soeke na sin in die lewe treffend illustreer.

- Op soek is na die transendente God. Borg (2003:61) maak die stelling dat daar in Amerika op twee baie uiteenlopende maniere oor God gedink word. Hierdie twee beskouinge van God stem volgens hom grootliks ooreen met wat hy noem die vroeëre paradigma en die ontluikende paradigma. Maar wat presies bedoel Borg hiermee? Volgens Borg (2003:65) staan die godsbeskouing van die vroeëre paradigma bekend as bonatuurlike teïsme waarin God as ’n persoonlike wese gesien word. Die ontluikende beskouing daarenteen staan volgens Borg (2003:65) bekend as panenteïsme waarin God en die God-wêreld-verhouding anders gesien word. God is volgens hierdie beskouing nie ’n persoon nie, maar ’n mistiese gees wat in alles is en alles is in Hom. Die grootste gevaar van so ’n beskouing is dat dit ’n mens op die punt bring waar hy nie meer glo God Drie-enig is die enige, waaragtige God nie en dat daar geen ander gode naas Hom is nie. In die lig hiervan is dit nie vreemd dat Bell (2005:21) nie na God verwys as ’n Persoon soos die Skrif Hom openbaar nie, maar as “ultimate reality”.
- Deelneem aan die inwin van kennis, maar wat dit self wil interpreteer. In hierdie verband wys Niemandt (2007:22) daarop dat die postmoderne godsdiens soek na die waarde van insigte relatief tot ander insigte.
- Graag gemeenskap wil hê met mense wat saam met hom kan deel en beleef. Hier vermeld Niemandt (2007:22) dat die postmoderne kerk ’n liggaam is en dat verhoudings in die liggaam van kardinale belang is. Daar word gewerk met klein groepe en netwerke en daar is nie veel erg aan organisasie nie. Die kerk stuur doelbewus weg van gesagstrukture.

In hierdie verband meld Küng (1991:20) dat daar ’n post-konfessionele en inter-godsdienstige wêreld aan die ontvou is. Dit word geïllustreer deur die sogenaamde “Emerging Church” en die “Nuwe Hervorming Netwerk” se omgaan met die Woord van God en waarin selfs die maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding van Christus ontken word (Van Aarde 2001:5-6).

In ’n internetartikel spreek Bloesch (2001) die kommer uit dat die Evangelies-Protestantse Kerk in die moeilikheid is. Die rede hiervoor is volgens hom nie soos baie dink dat die kerk te konserwatief gebly het nie, maar juis die feit dat daar te veel toegegee word aan postmoderne tendense. Daar is volgens hom opnuut ’n soeke na kerke waar mense gewydheid in die prediking en liturgie kan vind. Hy wys hoe aanbidding vandag in die kerk verander het en ’n vertoon geraak het eerder as ware lofprysing uit die diepte van die hart in reaksie op alles wat God is en doen; hoe liefde vir die Here eerder ’n “sentimentele liefde vir Jesus” geraak het as ’n liefde wat die mens bereid maak om sy kruis op te neem en Hom te volg. Die fokus het volgens hom verskuif, weg van ’n heilige ontsag vir die Here, na die bevrediging van menslike behoeftes. Hieruit blyk dit dat die Kerk van Christus ’n baie groot fout begaan wanneer die fokus verskuif word, weg van God, weg van die Skrif na die klakkelose ondeurdagte bevrediging van menslike behoeftes. Daardeur wil nie gesê word dat die kerk hoegenaamd nié aan mense se behoeftes aandag moet of behoort te gee nie; die Here Jesus het juis gekom om die mens se grootste nood, naamlik die verlossing van sondes, aan te spreek.

Van der Walt (1999:54) betoog dat die kerk nie self postmodernisties mag word nie, maar dat die kerk die postmodernistiese mens moet bedien. Hy noem enkele aanknopingspunte by die postmoderne lewensgevoel waarby die kerk van vandag moontlik kan aansluit:

- Daar is by die hedendaagse mens ’n behoefte om terug te keer na die grondliggende, basies geestelike uitgangspunte wat die doen en late van die kerk bepaal. Daar is ook ’n ernstige soeke na die geestelike, na spiritualiteit, by vandag se mens.
- Waar die klem in modernisme begin val het op koue logika en rasionalistiese Godsbewyse, is daar by vandag se mens ’n verskuiwing van klem na ware belewenis, ervaring, emosie en intuïsie. Die rasionalistiese Godsbewyse word vervang met outentieke Godservaring.
- Daar is ook ’n algehele verwerping van hiërargiese, dominerende gesag by die postmoderne mens. Dit gaan by vandag se mens nie oor die gesagsdraer as sodanig nie, maar oor die inhoud van sy gesag. Die vraag is of gesag die gemeente dien, of dit tot voordeel van die gemeente is en of dit afbrekend is.
- Daar bestaan in die samelewing ’n al groter wordende afkeur ten opsigte van die institusionele of formele. Die mens van vandag ag kerklike strukture nie meer as ’n belangrike faktor om die Here te dien nie. Hoe kan die kerk hierdie probleem Bybels aanspreek?
- Die samelewing word ook gekenmerk aan ’n aksentuering van verskeidenheid en variasie, eerder as ’n dodelike eenvormigheid. Daarmee saam die neiging om te relativeer, eerder as te verabsoluteer.
- Daar is ’n beklemtoning van die persoonlike en die intieme en in dieselfde asem is daar ’n reaksie op die oordadige en geweldige individualisme van die Weste en ’n ernstige soeke na gemeenskap en geborgenheid.
- Die mens wil terugkeer na die basiese, na ’n byna primitiewe eenvoud wat nie met eenvoudigheid of oppervlakkigheid verwar moet word nie.
- In stede van ’n blote aanvaarding is daar eerder ’n soeke na die waarheid.
- Die mens van vandag het ook ’n meer holistiese benadering tot die lewe waarvolgens alles met alles saamhang en onderling van mekaar afhanklik is.

Dit is in reaksie op aspekte soos hierdie dat die “Emerging Church” die golf begin ry het en aan die postmoderne mens ’n nuwe paradigma, ’n ontluikende manier ten opsigte van die interpretasie van die hart van Christenskap kom bied het (Borg 2003:3). Die verskynsel van die “Emerging Church” sal in Hoofstuk 5 ondersoek en krities geëvalueer word.

Al is daar in die postmoderne teologie min ruimte vir ’n evangelie met ’n objektiewe klem op heil en roeping van Bo (Jordaan 2005:13), kan die kerk steeds op die werking van die Heilige Gees staatmaak om sondaars te oortuig van hul sonde, van geregtigheid en van oordeel (Joh. 16:8) en dat Jesus Christus steeds die enigste weg, die waarheid en die lewe is om met God versoen te word (Joh. 14:6). In die lig van dit alles word daar in diepe afhanklikheid van die Heilige Gees gekies vir ’n diakoniologiese epistemologie, soos vergestalt in ’n evangelies-gereformeerde paradigma, as vertrekpunt vir hierdie navorsing.

## 1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Cilliers (2009:627) vermeld dat daar op die metodologiese gebied van praktiese teologie oor die afgelope aantal jare ingrypende paradigmaskuiwe plaasgevind het. Hy wys daarop dat die fokus sedert Schleiermacher verskuif het van die objek van die geloof (openbaring) na die ervaring (eksistensie) daarvan. Dit het volgens Cilliers opnuut die vraag laat ontstaan of praktiese teologie ’n normatiewe of fenomenologies-empiriese wetenskap is. Met die ontwikkeling van die menswetenskaplike metodologieë wat uit die fenomenologiese gebied van waarneming, eksperimentering en ervaring spruit, het die empiriese komponent van navorsing in die praktiese teologie volgens Cilliers ’n dominante faktor in die vorming van teorie begin word.

Immink (2005:238-266) beklemtoon die ontologiese status van die aktiewe, sprekende, belowende God in empiriese navorsing. Ontologie gaan volgens Immink epistemologie vooraf, waarmee bedoel word dat bestaan voorrang het bo kennis. As die barmhartigheid van gelowiges empiries bestudeer word, moet daar volgens Immink eers rekening gehou word met die feit dat God barmhartig is. Die belewenis-imperatief van die gelowige kan dus nie anders as uit die indikatief van wat God is, gebore word nie. Dit maak sin in die lig van Skrifgedeeltes soos I Petrus 1:16 wat aanvoer dat gelowiges heilig moet wees omdat God heilig is.

Die navorsingsmetode wat gevolg word berus breedweg op die Bybels-hermeneutiese (diakoniologiese) model soos beskryf deur Heyns en Pieterse (1990:42). In teenstelling met die model van Zerfass (1974) wat 'n model daarstel waarin daar 'n bipolêre spanning tussen teorie en praxis bestaan, gaan hierdie model van die veronderstelling uit dat beginsels vir die praxis uit die Skrif afgelei word. Janse van Rensburg (2000:78) maak drie belangrike stellings in verband met hierdie model:

- Dit is gebaseer op Bybelse beginsels.
- Dit sluit 'n gebalanseerde gebruik van empiriese en fenomenologiese navorsing in.
- Dit plaas Jesus Christus as Hoof van die kerk en in sy ampte as Koning, Priester en Profeet in die middelpunt van alle kerklike aktiwiteite. Dit aanvaar ook in die lig hiervan dat Christus die ampte in die kerk daargestel het, sodat die diens van die Woord in sy vele vorme sy teenwoordigheid en outoriteit kan weerspieël.

Janse van Rensburg (2000:77) verklaar dat die Bybel nie 'n handboek vir die teologie is nie, maar dat beginsels vir die teologie uit die Bybel afgelei behoort te

word om ’n basisteorie daar te stel. Met hierdie Bybelse beginsels in gedagte, kan die metateorie dan verantwoordelik gebruik word om nuwe praktykteorieë te vorm. As voorbeeld van ’n verantwoordelike gebruik van die Skrif om beginsels daar te stel, gebruik Janse van Rensburg (2000:77) die feit dat God heilig is en ’n God van orde is. In die lig daarvan kan dit nie anders nie as dat Hy met die nodige vrees en eerbied in die erediens benader word. Die bedoeling is nie dat ’n bloudruk vir die erediens in die Skrif gevind moet word nie, maar dat beginsels in die Skrif eerbiedig sal word.

### 1.7.1 Basisteoretiese ondersoek

Die basisteorie wat in hierdie navorsing ontwikkel is met die oog op verantwoordelike vernuwing in die EGK is, soos reeds bespreek, op die Skrif as die enigste kenbron gebaseer. Aangesien die navorsing aan die hand van ’n diakoniologiese epistemologie gedoen is, is dit derhalwe vanselfsprekend dat die Bybel spesifiek sal dien om ’n basisteorie vir die navorsingsprobleem te ontwikkel. ’n Deeglike prakties-teologiese ekklesiologie met die oog op verantwoordelike vernuwing word dus daargestel ten einde vas te stel hoe vernuwing in die Bybel figureer. Daar is bykomend gebruik gemaak van beskikbare teologiese bronne soos kommentare, teologiese boeke, internetbronne, Woordstudies en leksikons.

Die grammaties-historiese eksegese waarin die Skrifkonteks gehandhaaf word, en waarvolgens daarop gelet word om Skrif met Skrif te verklaar (Mienie 2004:36), word as enigste hermeneutiese paradigma geneem. Die EGK het tewens in 2002 ’n sinodale besluit geneem “dat die enigste Skrifverklaringsmetode wat in die EGK gebruik sal word die Grammaties-historiese (letterlike) uitlegmetode sal wees” (Besluit 24:2002).

Die doel van die basisteoretiese ondersoek is nie net om ’n Skrifgefundeerde basis vir die navorsing daar te stel nie, maar om te verseker dat die praxis-teorie waarvoor uiteindelik gepleit word, op die regte fondament gebou is. Daar is gepoog om ’n basisteorie vir die navorsingsprobleem te ontwikkel, sodat die saak van verantwoordelike vernuwing in die EGK sinvol en Bybels-verantwoordbaar aangespreek kan word.

### 1.7.2 Metateoretiese ondersoek

’n Metateorie is ’n teorie wat die menswetenskaplike vertrekpunte en databasisse ter aanvulling van die basisteorie in ag neem. Die metateorie is egter ondergeskik aan die basisteorie en moet daarvoor altyd in ooreenstemming gebring word met die basisteorie (Janse van Rensburg 2000:77). Ten einde ’n metateoretiese beoordeling te kan doen, is daar ook nagevors vanuit beskikbare vakliteratuur en ander toepaslike bronne. Relevante vakgerigte artikels en beskikbare vakwetenskaplike bronne is vir hierdie doel gebruik, terwyl internetsoektogte in wetenskaplike databasisse onderneem is.

Die metateorie sluit ’n kwalitatiewe empiriese ondersoek in en in die onderhawige studie is hierdie belangrike onderdeel van die navorsing uitgevoer met die samewerking van dertien deelnemers. Daar is eerstens van ’n voorlopige vraelys gebruik gemaak om basiese inligting in te win ten einde die weg te baan vir ’n onderhoud met elke deelnemer. ’n Deelnemer se respons is op sy beurt as paradigma gebruik deur middel van ’n semi-gestruktureerde vraelys wat vir die spesifieke deelnemer uit sy respons opgestel is ten einde meer inligting op bepaalde fasette wat in die respons vermeld is, te bekom (Neuman 2000:260).

Osmer (2008:3) stel ’n prakties-teologiese model vir empiriese navorsing voor wat ten doel het om gemeenteleiers toe te rus ten einde aktief betrokke te raak in die prakties-teologiese interpretasie van gebeure, situasies en kontekste waarmee hulle alledaags in die bediening gekonfronteer word.

Hierdie model van Osmer kan skematies voorgestel word ooreenkomstig take waarmee dit te doen het, vrae wat dit vra en funksies wat dit moet uitoefen in die praktiese teologie:

| **TAAK** | **BESKRYWEND** | **VERKLAREND** | **NORMATIEF** | **STRATEGIES** |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | Wat gebeur tans? | Hoekom gebeur dit? | Wat behoort te gebeur? | Hoe behoort dit te realiseer? |
| **FUNKSIE** | Priesterlike luister. | Legendariese wysheid. | Profetiese onderskeiding. | Diensknegtelike leierskap. |

Tabel 1: Prakties-teologiese model vir empiriese navorsing (Osmer 2008).

Die model van Osmer word hier onder meer breedvoerig bespreek. Aangesien ’n diakoniologiese model nie die moontlikheid uitsluit vir die gebruik van ander insigte nie (Janse van Rensburg 2000:77), is dit ’n bruikbare model met die oog op kwalitatiewe navorsing.

- Die beskrywende of empiriese taak het te doen met die heersende toestand. By hierdie taak word die versameling van inligting geïmpliseer wat die praktiese teoloog kan help om patrone en dinamika in bepaalde gebeure of kontekste in die hede te ontdek. Osmer (2008:33-34) begrond dan ook die beskrywende taak ingevolge ’n spiritualiteit van die hede. Dit is ’n kwessie van die vasstelling van die status quo in die lewens van individue, gesinne en gemeentes. Hierdie vasstelling van die heersende toestand noem hy

priesterlike luister, wat impliseer dat ’n mens deeglik kennis neem van behoeftes en node sodat dit aan God gekommunikeer kan word.

- Die interpretatiewe taak wil op sy beurt weet hoekom dit gebeur. Die interpretatiewe taak soek na redes vir fenomene wat in die beskrywende taak geïdentifiseer is. Volgens Osmer (2008:84) verg hierdie taak legendariese wysheid wat gebeure, situasies en kontekste op drie interafhanklike maniere interpreteer:
  - Herkenning van spesifieke besonderhede van gebeure en omstandighede.
  - ’n Onderskeiding van die morele kwessies wat op die spel is.
  - Vasstelling van die mees effektiewe wyse waarop doelwitte bereik kan word met moontlikhede en beperkinge in ag genome.
- Die normatiewe taak vra vrae oor wat behoort te gebeur. In die normatiewe taak gebruik Osmer teologiese konsepte om besondere gebeure, situasies en kontekste te interpreteer. Daaruit word etiese norme gekonstrueer wat leiding kan bied in ons reaksies. Die normatiewe taak is ’n poging om God se wil te soek vir die huidige realiteit. Die term profetiese onderskeiding wat Osmer in hierdie verband gebruik vervat ’n verwysing na die Ou Testamentiese profete wat nie net namens God gespreek het nie, maar wat ook verantwoordelik was om tradisies uit die verlede en huidige openbarings te interpreteer (Osmer 2008:133). Hierdie profetiese onderskeiding inkorporeer volgens Osmer (2008:139-153) drie metodes om God se Woord vir die hede te onderskei:
  - Teologiese interpretasies – interpretasie van die status quo in die lig van teologiese konsepte.
  - Etiese besinning – Osmer stel voor dat erkende etiese beginsels gebruik word om reëls, riglyne en aksies in die rigting van morele doelwitte te stuur.

    - Gesonde praktyk – kan put uit bestaande modelle van gesonde praktyk. Analise van die bestaande gesonde praktyk kan ’n nuwe verstaan van God, die Christelike lewe en sosiale waardes tot gevolg hê.
- Die strategiese of pragmatiese taak wil weet hoe daar nuut opgetree behoort te word (Osmer 2008:4). Hierdie taak bemoei hom met die bepaling van strategieë en aksieplanne wat die status quo op maniere sal beïnvloed wat begeerlik is (Osmer 2008:4) Dit wil riglyne neerlê waarvolgens leiers gemeentes op ’n verantwoordelike manier deur die proses van nodige verandering kan neem (Osmer 2008:164).

### 1.7.3 Praktykteorie

’n Praktykteorie is gevorm deur die konvergensie van die navorsingsresultate soos verkry uit die basis en die onderskeie fasette van die metateorie (metateoretiese bronnenavorsing en empiriese ondersoek). Die doel van die praktykteorie is om die bestaande bedieningspraxis in die EGK krities onder die loep te neem in die lig van die verkreë data in al drie fasette van die navorsing (basis- en metateorie asook die kwalitatiewe/empiriese ondersoek) ten einde die bedieningspraxis aan te pas in ’n poging om dit te verbeter. Data wat uit die basisteorie verkry is, is in verband gebring met data uit die metateorie en die kwalitatiewe studie. Op grond van hierdie gegewens is ’n nuwe praktykteorie ooreenkomstig verantwoordelike vernuwing vir die praktyk geformuleer.

## 1.8 NAVORSINGSDOEL

### 1.8.1 Doelstelling

Aan die een kant verklaar die EGK in sy doelstellings dat daar gestreef word na vernuwing ten einde die mens van sy tyd met die evangelie te bereik en te bedien. Aan die ander kant is die kerk baie sterk behoudend en dié karakter is sedert sy ontstaan in 1944 stewig gevestig. Nie een van dié twee eienskappe behoort as nadelig beskou te word nie. Inteendeel, die navorser is na aanleiding van Heitink (1998:78) se bipolariteitsbeginsel daarteenoor van mening dat albei hierdie elemente in die kerk baie goed kan wees, mits dit reg bestuur en aangewend word. Hierdie beginsel, wat tradisie en ervaring by mekaar betrek en wedersyds vir kritiek oopstel, kan moontlik meehelp om die navorsingsprobleem die hoof te bied. In stede daarvan dat hierdie twee eienskappe teenpole raak wat selfs vyandig (en met ’n potensiaal vir vernietiging van die kerk self) teenoor mekaar staan, kan gesoek word na wyses waarin dit as vennote vir ’n oplossing ingespan kan word.

Hierdie navorsing het ten doel om na oplossings te soek ten einde verantwoordelike vernuwing in die EGK ten uitvoer te bring en relevant in stand te hou. Dit moet ideaal daartoe lei dat die EGK getrou aan sy goddelike roeping bly ten einde die evangelie van Jesus Christus dinamies aan die hedendaagse mens te verkondig.

Die doelstelling kan dus só gestel word: om na te gaan hoe om sinvolle en reële vernuwing in die EGK te bewerkstellig sonder dat die kerk sy Bybelse oortuigings en beginsels hoef prys te gee.

### 1.8.2 Doelwitte

Ter bereiking van die doelstelling word die volgende doelwitte gestel:

- Om die ontstaan en ontwikkeling van die EGK en die vorming van die kerk se unieke karakter kortliks te verantwoord.
- Om aan te toon hoe die bestaande praxis in die EGK daar uitsien en watter invloed dit op die kerk se groei en dinamika tot op hede gehad het.
- Om 'n prakties-teologiese ekklesiologie te ondersoek met die oog op die daarstelling van 'n basisteorie vir 'n nuwe, werkbare praxis van vernuwing in die EGK.
- Om kwalitatiewe empiriese navorsing deur middel van onderhoude met verskillende rolspelers te onderneem. Ideale deelnemers hiervoor is persone in die EGK wat by gemeentelike vernuwing of vernuwingsprosesse betrokke is en van wie prakties-uitvoerbare inligting bekom kan word.
- Om 'n prakties uitvoerbare praktykteorie gebaseer op die gedane navorsing aan die hand te doen.

## 1.9 PROSEDURE EN SKEDULERING

### 1.9.1 Prosedure

Die breedvoerige bestudering van die navorsingsonderwerp in die lig van die Skrif is die gegewe ten einde 'n basisteorie vir vernuwing daar te stel. Die hoofafdelings wat in die navorsing hanteer word, sien soos volg daaruit:

- Die ontstaan en ontwikkeling van die EGK is in breë trekke ondersoek en aangedui. Daar word vermoed dat die EGK juis sy ontstaan gehad het vanweë 'n begeerte aan vernuwing wat by lidmate van die NGK gedurende

die 1930's en 1940's posgevat het. Vir hierdie studie is hoofsaaklik van gedateerde bronne gebruik gemaak aangesien dit oor die geskiedenis van die kerk handel.

- Vir die basisteorie is navorsing gedoen oor ’n prakties-teologiese ekklesiologie ten einde vas te stel wat die Skriftuurlike roeping en rol van die kerk behoort te wees. Daar is ’n ondersoek gedoen na die uitvloeisels van die Reformasie en Groot Herlewings in die geskiedenis van die kerk van Christus en dit is as tye van vernuwing bespreek.
- Dit is ook belangrik binne die konteks van hierdie studie om inligting oor sekere hedendaagse bewegings in die kerk van Christus te verstrek. Hieronder is byvoorbeeld die Kerkgroeibeweging van Wagner, die Soekersensitiewe kerk-model van Rick Warren en die ontluikende paradigma waaraan rolspelers soos Brian McLaren en Rob Bell ’n leeueaandeel het. Die verstrek van hierdie inligting kan nie agterweë gelaat word nie, aangesien lidmate van die EGK op allerlei maniere met hierdie vernuwingsbewegings in aanraking kom en baie vrae oor hierdie bewegings in hulle gemoedere ontstaan en bestaan.
- ’n Kritiese ondersoek na vernuwingstendense in onder andere die erediens, liturgiek, musiek en spiritualiteit in die algemeen en in kerke oor die algemeen is noodsaaklikerwys bykomend onderneem.
- Benewens ’n studie van beskikbare en relevante vakliteratuur beoog die navorser ook ’n kwalitatiewe empiriese ondersoek deur middel van ongestruktureerde in-diepte onderhoude (vgl. De Vos *et al*. 2002:298) met verskillende rolspelers in hierdie verband. Daar sal veral onderhoude gevoer word met leiersfigure in die EGK.

### 1.9.2 Skedulering

**Hoofstuk 1** bevat die probleemstelling, doel van die studie en die daarstelling van hipoteses. Die navorsingsmetodiek, skedulering en afbakening van die studieveld is breedvoerig hanteer. Postmodernisme as filosofiese en kultuurfase van ons tyd met sy invloed(e) op gelowiges is kortliks bespreek, aangesien 'n mens nie die invloed hiervan op lidmate kan wegdink nie. Die doel van hierdie navorsing is nie om postmoderne antwoorde aan postmoderne mense te bied soos die tendens tans al hoe meer as die aanvaarbare beskou word nie. Daar moet eerder gekonsentreer word op maniere waarop die bekende evangelieboodskap met hernieude ywer en op nuwe maniere bedien kan word, sodat die Heilige Gees mense se lewens kan verander deur die verlossing wat Christus reeds bewerk het.

**Hoofstuk 2** gee kortliks die ontstaan en ontwikkeling van die EGK relevant binne en vir die konteks van die studie. Dit behels 'n literatuurstudie waarin veral van gedateerde bronne gebruik gemaak is om vas te stel hoe die spiritualiteit van die genootskap soos dit vandag daar uitsien, sy beslag gekry het. In hierdie hoofstuk is ook aandag gegee aan statistiese gegewens waaruit tendense in die kerk afgelei kan word. Hoofstuk 2 bevat inhoudelik merendeels agtergrondgegewens.

**Hoofstuk 3** is gerig op die definieer van 'n prakties-teologiese ekklesiologie. Dit is gedoen deur middel van 'n uitgebreide literatuurstudie waarin hoofsaaklik gebruik gemaak is van resente bronne in die vakgebied.

**Hoofstuk 4** neem die saak van vernuwing onder die loep. Dit is uiteraard Skriftuurlik-cum-basisteoreties aangesien die ewige lewe in Christus konstant

vernuwing vir gelowiges antisipeer en ook vir die kerk as geheel vergestalt. Die kerk as liggaam, waarvan Christus die Hoof is, sou in 'n betekenislose en oneffektiewe anachronisme verval as dit nie in pas bly met die verloop van tyd nie – die evangelie word immers nie oud nie. Relevante gegewens uit die kerkgeskiedenis, byvoorbeeld die Reformasie asook sommige van die groot herlewings wat kan bydra tot die daarstel van die basisteorie, is hierby betrek.

**Hoofstuk 5** rapporteer krities oor sommige van die tendense wat vandag in die Christelike kerk figureer. Die kerkgroeibeweging van Schuller en Wagner asook die soekersensitiewe model van Hybels en Warren word bespreek en die ontluikende paradigma met al sy vertakkinge word krities geëvalueer.

**Hoofstuk 6** bied op gestruktureerde wyse 'n bespreking van die geïnterpreteerde resultate van die kwalitatiewe empiriese ondersoek. Dinamika is aan die navorsing verleen deur die nood aan vernuwing in die EGK krities uit te wys. Onderhoude is gevoer met rolspelers en besluitnemers in die kerk self (teoloë en predikante sowel as lidmate in gemeentelike leiersposisies). Die empiriese metodologie vir empiriese werk asook moontlike etiese oorweginge is gepas ten aanvang van die empiriese ondersoek verantwoord.

**Hoofstuk 7** gee die samevatting en gevolgtrekking uit die gegewens in die voorafgaande hoofstukke. Die hipoteses word getoets en 'n bevinding is ordelik en sistematies geformuleer waaruit verantwoorde vernuwingsmoontlikhede as praxis-teorie vir die EGK aan die hand gedoen word.

# HOOFSTUK 2

# DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangetoon hoe die EGK ontstaan en ontwikkel het met spesifieke verwysing na teologiese motiewe in die kerk wat verband hou met vernuwing en herlewing, twee terme wat volgens Long (1993:2) sinoniem met mekaar is. Hierdie navorsing stel dit nie ten doel om ’n uitgebreide kerkhistoriese bespreking oor die ontstaan en ontwikkeling van die kerk, of die dogmatiese standpunte van die kerk, te ondersoek en weer te gee nie. Dit het reeds in vorige navorsing (vergelyk Marais 1971; Van Niekerk 1983; Kotzé 1993; Fourie 1997; Mienie 2004) aandag geniet. Daar sal eerder gekonsentreer word op die totstandkoming en ontwikkeling van ’n spiritualiteit wat as tipies “evangelies-gereformeerd” beskryf kan word. Met spiritualiteit word in lyn met Schreiner en Ware (1995:10) en Ruhbach (1987:115) verwys na houdinge en aktiwiteite wat deel vorm van ’n spesifieke karakter. Anders gestel kan spiritualiteit verwys na die vormgewing van die geloof in die alledaagse lewe ten einde met God ’n ontmoeting te hê, met ander woorde ’n bepaalde vroomheidstipe. Joubert (2008:78-86) tref die volgende onderskeid tussen ’n ortodoks-gereformeerde en evangelies-gereformeerde spiritualiteit:

- By wat hy ’n ortodoks-gereformeerde spiritualiteit noem, word die klem geplaas op God, sy Woord en sy beloftes, ’n lewe uit genade, ’n lewe van geloof en ’n duidelike onderskeid tussen wet en evangelie.
- By ’n evangelies-gereformeerde spiritualiteit gaan dit vir Joubert meer om klem op die emosionele, sterk individualisme, bekering as ’n bewustelike ondervinding, getuienis, kultuur van herlewing en sendingwerk.

Uit die herlewingsgeskiedenis is dit treffend hoe Calvinisme en herlewing soms saamgesmelt het in een tradisie wat as Evangelies-Gereformeerd beskryf sou kon word. Snyman (2001:167) verwys byvoorbeeld na Jonathan Edwards, die vername 18de-eeuse Calvinistiese teoloog en prediker van Northampton, Massachusetts. Dit was nie vreemd dat mense in sy herlewingsdienste onder sterk oortuiging van die Heilige Gees sou uitroep om genade vanuit hul banke en in groot getalle tot bekering sou kom nie. Snyman beskryf Edwards as die Puriteinse prediker van die Kongregasionalistiese Kerk wat gestaan het in die Calvinistiese tradisie van die Presbiteriane – ietwat van ’n teenstelling mag dit op die oog af lyk.

In hierdie opsig het die EGK beslis duidelik uitkenbare houdinge en aktiwiteite wat uit beide die ortodoks-gereformeerde asook die evangelies-gereformeerde spiritualiteitstipes, soos beskryf deur Joubert (2008:78-86), gehaal sou kon word. Dit is hierdie duidelik uitkenbare houdinge en aktiwiteite wat aan dié kerk ’n uniek evangelies-gereformeerde spiritualiteit verleen. Die EGK onderskryf byvoorbeeld alles wat Joubert (2008:78-86) oor ’n tipies ortodoks-gereformeerde kerk sê. Soos reeds aangetoon is in par. 1.2.1 hierbo, is die grondslag van die EGK, soos beskryf in Artikel 3 van die kerkorde, dat die kerk gefundeer is op die Heilige Skrif, die onfeilbare en foutlose Woord van God. Die kerk onderskryf ook dat ’n mens

slegs uit genade deur geloof gered kan word, hoegenaamd nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. In die inleiding van die Kerk se *ordo salutis* (http://www.egkerk.co.za/egkdir/inleiding/Evangeliese-Belydenis.html Evangeliese Belydenis, Hoofstuk 2) word hierdie waarheid soos volg uitgedruk: “Die reddende genade van God is geleë in die persoon en versoening van Jesus Christus. En die mens word hierdie genade deelagtig deur die werking van die Heilige Gees langs die geopenbaarde heilsweg van God waarvan Hy, tot sy eie verheerliking, die Outeur is. Die volbragte versoeningswerk van onse Here Jesus Christus word alleenlik in hierdie lewe effektief vir die mens wanneer dit toegepas word deur die Heilige Gees aan dié wat dit deur die Geloof ontvang. Die Heilige Gees se werk in ons is net so belangrik vir ons verlossing, as die voorsiening van Christus vir ons. So word die verlossing wat deur die bloed van Christus voorsien word, ’n lewende werklikheid in persoonlike ondervinding deur die werking van die Gees van God.”

In sy beskrywing van ’n evangelies-gereformeerde spiritualiteit voer Joubert (2008:78-86) ten eerste aan dat dit uitgeken word aan emosie. Hoewel die EGK ruimte laat vir emosie, byvoorbeeld iemand wat in trane, onder sonde-oortuiging tot bekering kom, word daar teen emosionele opsweping en oppervlakkige emosionalisme gewaak. Emosie soos wat dit byvoorbeeld in ’n Pinkster of Charismatiese spiritualiteit figureer, word nie in die EGK gevind nie. Waarvoor die kerk hom wel beywer en waar na vernuwing gesmag word, is ’n persoonlike, bewustelike geloofsbelewing of ervaring van aspekte soos bekering, wedergeboorte en heiligmaking met die nodige vrug in mense se lewens. Niks hiervan kan ’n mens deur eie prestasie verwerf nie, dit is alles die werk van die

Heilige Gees. Die ander aspekte of eienskappe wat Joubert beskryf ingevolge ’n evangelies-gereformeerde spiritualiteit is in die EGK teenwoordig.

Voordat daar aandag gegee word aan die stigting van die EGK, is dit belangrik om die wortels van die kerk ooreenkomstig sy besondere spiritualiteit in breë trekke te ondersoek.

## 2.2 DIE GEREFORMEERDE WORTELS VAN DIE EGK

Een van die hoofeienskappe van die kerk van Christus deur die eeue heen, word deur Jonker (1994:1) uitgelig as die feit dat die kerk voortdurend belydenis aflê van die heilswaarheid en die bevrydende betekenis daarvan. Hy verwys na tye van insinking in die kerk waar die drang om hierdie belydenis uit te leef verflou het, maar gaan voort deur te wys hoe die Gereformeerde belydenis die produk van die Heilige Gees is wat telkens die kerk in ’n uur van beslissing aanraak. Die besondere aanraking van die Heilige Gees is die vreugdevolle getuienis wat in die tyd van die Reformasie op die lippe van die gemeente gelê is (Jonker 1994:1).

Gereformeerd-wees is vir Graafland (1973:18) nie geleë in die behoud van die status quo nie, maar eerder ’n beweging om steeds meer te konformeer aan die beloftes en eise van Gods Woord. Graafland argumenteer dat Gereformeerd-wees dus slegs bestaan in Gereformeerd-word.

Niemandt (2007:20) herinner daaraan dat Protestantisme die geskrewe Woord as finale bron van gesag en waarheid daargestel het. Daarom is dit nie vreemd dat ’n gereformeerde ekklesiologie sy beginsels vir kerkwees uit die Skrif sal put en nie uit ander bronne soos dit hedendaags die geval is nie. Küng (1992:15) stel ’n

duidelik gereformeerde standpunt dat die kerk vir altyd afhanklik sal bly vir die gronde van sy bestaan. Dit is naamlik God se reddende genade in Jesus Christus wat vir alle tye (ook vir vandag dus) geldig is soos dit in die Woord van God uitgedruk word.

Met die stigting van die EGK in 1944, het die leierskap die doel van die nuwe kerk as volg vervat in artikel 2.1 van die kerkorde: "Die kerk is gestig op 21 April 1944 deur twee derdes van die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Smithstraat, Durban, onder die naam van Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika om die Protestantse beginsels met nuwe krag uit te lewe en te verkondig". Hierin kan die gereformeerde karakter van die EGK ten beste gesien word, hoewel soos Mienie (2004:6) dit stel, met sy eie unieke nuanses binne die Gereformeerde familie.

Midde die milieu van die Tweede Wêreldoorlog het daar ʼn sterk begeerte onder evangeliesgesinde leraars en lidmate binne die NGK ontstaan om terug te beweeg na die wortels van die Reformasie, naamlik die Woord van God. Hierdie begeerte het so sterk gebrand dat ʼn groepie manne en vroue die erg traumatiese stap sou neem om ʼn nuwe kerk te stig. Dit is ook in hierdie verband dat Kotzé (1986:252-253) aantoon hoe die EGK in Suid-Afrika in die verkondiging van die Woord van God deel en wel met besondere aksente in die Gereformeerde stroom. Een van die maniere waarop die EGK kan aanhou om gereformeerd, of liewer reformerend te wees, is dan juis om aanhoudend homself te toets of hy nader aan die waarhede van die Skrif beweeg, of verder weg daarvan.

Die implikasie is vir Wethmar (2002:251) dat daar nie slegs een vorm van Gereformeerd-wees bestaan nie, maar dat daar in verskillende omstandighede verskillende variante van Gereformeerd-wees na vore tree.

## 2.3 DIE EVANGELIESE WORTELS VAN DIE EGK

Van der Poll (1984:49) verwys na die verlies van krag in die eerste uur van die Reformasie. Ondanks die aandag wat gegee is om die leer so suiwer moontlik daar te stel, was daar ’n al sterker roepe na geestelike vernuwing en lewenskrag. In die middel van die 17de eeu het Lutherse sowel as Calvinistiese kerke ’n sterk verlange gekoester na waaragtige bekering, persoonlike geloofsbelewing en ’n ernstige “Christenwees” in hierdie wêreld. Hierdie verlange vind volgens Van der Poll (1984:49) in die 17de eeu verskillende gestaltes in verskillende lande. In Nederland gee dit aanleiding tot die Nadere Reformasie, in Duitsland tot Piëtisme, in Engeland tot die Puriteine en die Kwakers. In die 18de eeu vind dit in Engeland gestalte in Metodisme en die Heiligheidsbeweging en in die Verenigde State van Amerika (VSA) in die Groot Ontwakings. Baie van die invloede van hierdie bewegings het saam met gereformeerdheid beslag gevind in die EGK deur die ses dekades van die kerk se bestaan. Enkele van die bewegings wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die stroom wat as die Evangeliese leer bekend staan, sal nou kortliks bespreek word.

### 2.3.1 Die Puriteine in Engeland

In ’n baie insiggewende internetartikel definieer Cody (1988) Puritanisme in Engeland as ’n beweging met ’n breë geneigdheid tot ’n militante, Bybelgefundeerde, Calvinistiese Protestantisme. Die klem van hierdie beweging

het volgens hom veral geval op die reiniging van die kerk en samelewing van die oorblyfsels van die korrupte en onskriftuurlike papale rituele en dogma. Puritanisme het volgens Kuiper (1964:250-251) beslag gekry in die laat 16de-, vroeg 17de-eeuse Anglikaanse kerk. Die brandende begeerte van die Puriteine was dat daar in elke gemeente 'n ernstige, geestelik-ingestelde prediker sou wees in staat daartoe om die Woord van God dinamies te preek.

- Die mees uitstaande beginsel van die Puriteine was volgens Oh (2007:179) hul leuse, te wete "Die Bybel eerste". Hulle het 'n brandende liefde vir die Bybel gekoester en was algeheel daarop toegespits. Die louwarm gestalte van die Anglikaanse Kerk was vir hulle niks anders nie as afgodery en 'n verbreking van die Tweede Gebod.
- 'n Volgende beginsel was volgens Oh (2007:179) dat hulle alle aspekte van die lewe geïnterpreteer het vanuit die verbond met God. Die wese van hulle verbondsteologie was die wedersydse ooreenkoms tussen God wat inisiatief neem en die mens wat antwoord. Dit het bestaan in die beloftes van God en die verantwoordelikheid van die mens met wie die verbond gesluit is.
- 'n Derde beginsel van die Puriteine wat Oh (2007:179) bespreek is hul streng sabbatsonderhouding wat as 'n werktuig van piëteit gebruik is.

Ook kan die oorsprong van Millennialisme in Engeland, die wederkomsbeskouing wat die EGK huldig, teruggespeur word tot by Thomas Brightman (1562-1607). Brightman was die eerste Puritein wat die situasie in Engeland vanuit 'n eskatologiese sienswyse geïnterpreteer het (Oh 2007:54). Met die grootskaalse immigrasie van Puriteine na New England in die VSA het die Millennialistiese beskouing van die wederkoms saamgegaan en 'n prominente leerstuk van die Evangeliese leer geword (Oh 2007:180).

In hul strewe na die hervorming van die Anglikaanse Kerk in Engeland, was daar ’n aantal dinge waarvan die Puriteine met mag en mening die kerk wou suiwer (Kuiper 1964:250). Die eerste was die ampsdrag wat deur die Anglikaanse Kerk gebruik is. Hierin het hulle gesien dat ampsdraers vir hulself mag toe-eien wat kenmerkend was van die Rooms-Katolieke priesters en volgens hul oortuiging onskriftuurlik was. Die tweede was om te kniel by die Nagmaalstafel. Hier wou hulle wegdoen met die verkeerde gebruik van aanbidding van Christus se fisiese teenwoordigheid, soos uitgebeeld in die Roomse leer van transsubstansiasie. Dan was daar die ringseremonie by die bevestiging van huwelike wat hulle herinner het aan die feit dat die Roomse kerk die huwelik verkeerdelik as sakrament gesien het. Die laaste wat Kuiper (1964:250) noem is die teken van die kruis wat by doopgeleenthede gemaak is, wat op bygelowigheid gedui het. Die suiwerheid van die kerk volgens die beginsels in die Woord van die Here was vir hulle so ’n ernstige saak, dat hulle volgens Kuiper (1964:250) die begeerte nagestreef het om in elke gemeente van die *Church of England* ouderlinge te kies wat die kerklike tug daadwerklik kon behartig.

Kersliedere soos ons dit vandag ken was onder meer vir die Puriteine taboe en die Puriteinse Parlement van 1627 het dit geheel en al verban, aangesien hulle Kersfees as ’n heidense fees beskou het en geen deel daaraan wou hê nie (Osbeck 1990:374). Puriteinse predikers soos Thomas Hooker het die wet op so ’n manier in hul prediking aangewend dat dit mense se harte bykans vergruis het, maar dan het hulle baie vinnig die helende balsem van die evangelie aangewend om vir mense die oplossing te gee. Hulle was in hul harte oortuig dat Christus se beloftes aangaande verlossing in staat was om mense te bemoedig (Shelly 1995:218).

### 2.3.2 Die Piëtisme in Duitsland

In die 17de eeu het ’n koue ortodoksie ook die Lutherse kerk in Duitsland getref met die klem algeheel op suiwerheid van leer en bykans geen klem op lewe nie (Kuiper 1964:271). Hierdie ortodoksie is teëgewerk deur ’n belangrike vernuwingsbeweging in die Lutherse kerk wat bekend gestaan het as Piëtisme (Osbeck 1990:338). So het die pendule dan in Duitsland geswaai van ’n starre, lewelose rasionalisme met sy etiese teologie, tot by die Piëtisme met sy beklemtoning van persoonlike bekering en lewensheiliging (Vorster 1996:130).

Die leier van die Piëtisme, Philipp Jacob Spener, wou ’n warmer en meer geestelike Christenskap bewerkstellig. Vir hierdie doel het hy die sogenaamde “ecclesiolae in ekklesia” (klein kerkies in die kerk) van stapel gestuur. Dit was soos kleingroepbyeenkomste waar die Bybel bestudeer is en die mense in groepies oor mekaar gewaak het. Vir Spener het Christenskap meer oor die lewe gegaan as oor intellektuele kennis (Kuiper 1964:272).

Hoewel Piëtisme volgens Kuiper (1964:274) baie seën vir die Lutherse kerk ingehou het, was dit nie sonder gebreke nie:

- Piëtisme was ’n reaksie op die eensydige intellektualisme in die Lutherse kerk, maar dit het self baie vinnig eensydig geraak met die klem op askese en ’n radikale selfverloëning.
- Dit het verval in oordadige kritiek en liefdeloosheid en het almal veroordeel as ongodsdienstig wat nie tot die Piëtisme behoort het nie. Die gevaar van werksheiligheid word hierdeur geïllustreer.
- Verder het Piëtisme die belangrikheid van suiwer dogma geheel en al oorboord gegooi en net klem gelê op die lewe. Sodoende het hierdie

beweging eintlik die weg in Duitsland gebaan vir Liberalisme en die filosofie van modernisme.

### 2.3.3 Die Nadere Reformasie in Nederland

Van der Watt (1983:25) verhaal dat die geestelike lewe in Nederland gedurende die tydperk 1750-1850 gekenmerk is deur die negatiewe invloede van rasionalisme en liberalisme. In hierdie tydsgees is daar ’n vrysinnige klimaat geskep en is menige kansels bedien deur manne wat die evangeliese leer grootliks verwerp het. Die kenmerkende leerstukke van die kerk is nie langer aangehang nie en ’n rasionalistiese gees is in die prediking geadem. Dit het tot gevolg gehad dat die gemeentelike lewe getaan het en louheid onder lidmate die botoon begin voer het. Bekering was ’n uitgediende term wat nie meer van kansels af gebruik is nie. Geloof is afgewater tot die blote verstandelike instemming van ’n paar godsdienstige waarhede (Van der Watt 1983:25).

Die Nadere Reformasie word op die webtuiste http://www.ssnr.nl/site/pagina.php?pagina _id=4 beskryf as ’n beweging in die Nederlandse Gereformeerde kerk gedurende die 17de en 18de eeu. Hierdie beweging was ’n reaksie op die gebrek aan ’n lewende geloof wat persoonlike geloofsbelewing en godsvrug sentraal gestel het. In die Nadere Reformasie het mense hulle beywer vir die verdere hervorming van die kerk, samelewing en staat in woord en daad (Anon. 2009). Van der Watt (1983:26) noem dit ’n kragtige oplewing van die geestelike lewe en vermeld dat, soos die Puriteine en Piëtiste, dit klem gelê het op die innerlike geloofslewe of Praktiese Christendom soos dit alom in die tyd van die Nadere Reformasie bekend gestaan het.

In die lig hiervan is dit vir Hofmeyr (1989:22) nie vreemd nie dat die *praxis pietatis* of “praktijk der godsaligheid” sentraal gestaan het in haas elke faset van die Nadere Reformasie. Van der Watt (1983:26) omskryf voorts die invloed wat die Nadere Reformasie in 1845-1854 gehad het om die vlam van godsdienstige ywer brandend te hou in ’n tyd van floue ortodoksie en kille rasionalisme. Dit is gekenmerk deur intensiewe Bybelstudie en innige gebedslewe, die oprigting van Sondagskole, opvoedingsinrigtings vir jongmanne, tehuise vir dames, evangelisasie-arbeid en barmhartigheidsdiens.

In ’n beoordeling van die Nadere Reformasie kom Joubert (2008:58) tot die volgende gevolgtrekkings:

- Dat die Nadere Reformasie ’n gereformeerde beweging was, maar dat daar in samehang daarmee ook ’n sterk element van opwekkings- en ervaringsvroomheid die kerk binnegekom het.
- Dat die Nadere Reformasie vasgevang was in ’n verdeeldheid tussen ’n besliste Calvinisties-Gereformeerde kerklike instelling en ’n teleurgestelde opwekkings- of ervaringsvroomheid.
- Dat hierdie twee rigtings, naamlik ’n gereformeerde spiritualiteit en ’n ervaringspiritualiteit oftewel evangelies-gereformeerde spiritualiteit, ook ’n invloed sou hê op die godsdienstige ontwikkeling in Suid-Afrika.

## 2.3.4 Die Wesleyaanse herlewing in Engeland

Die Wesleyaanse herlewing verduidelik volgens Shelley (1995:332) nie alleen die bestaan van die Metodistekerk met ’n lidmaattal van meer as 20 miljoen wêreldwyd nie, maar dit werp ook lig op die beweging wat bekend staan as die Evangeliese Christendom. Berkhof en De Jong (1973:229) toon aan hoe

Engeland eers die Duitse geloofslewe bevrug het deur die invloed van die Puriteine in die totstandkoming van Piëtisme en hoe dit met die Wesleyaanse herlewing weer omgekeerd was.

Die eerste aantal dekades van die 18de eeu in Engeland is, volgens Berkhof en De Jong (1973:229), gekenmerk deur geestelike verval en onverskilligheid. In hierdie tyd kom die jong Anglikaanse prediker John Wesley (1703-1791) tydens ’n besoek aan die VSA in aanraking met die *Herrnhutters*, ’n groep wat uit die Duitse Piëtisme voortgekom het en wie se geestelikheid ’n diep indruk op sy gemoed laat. Deels as gevolg van hulle invloed op sy lewe, kom Wesley op 24 Mei 1738 tot bekering terwyl hy ’n gedeelte uit die Brief aan die Romeine voorlees. Dit verander sy lewe radikaal en hy word saam met sy broer Charles (1707-1788) ’n herlewingsprediker in Engeland.

In hierdie tyd het daar ’n bittere stryd tussen Engeland en Frankryk ontstaan oor watter een van dié twee nasies die oppermag in Europa sou hê. Dit was ook in hierdie tyd dat Engeland sy ryk verbreed het na Indië, Noord-Amerika en Suid-Afrika en natuurlik was dit die tyd van die Industriële Rewolusie (Kuiper 1964:287-288). Die godsdienstige klimaat in Engeland was volgens Kuiper (1964:288) betreurenswaardig. In die gevestigde Anglikaanse Kerk sowel as in die Non-konformistiese Baptiste en Kongregasionaliste, was die geesdrif van die Puriteine iets van die verlede (Shelley 1995:332).

Aan die een kant is Engeland gekenmerk deur groeiende mag en ekonomiese vooruitgang en aan die ander kant deur godsdienstige stagnasie en morele korruptheid. In hierdie milieu begin die jong John Wesley saam met sy broer Charles en hulle vriend George Whitefield hulle bediening in Engeland (Kuiper

1964:289). Die kansels van die gevestigde kerk was gesluit vir hierdie predikers, maar George Whitefield het in 1739 begin om in die oop veld vir die myners te preek. Hy het die broers Wesley genooi om by hom aan te sluit en aanvanklik was dit vir John 'n vreemde gedagte om in die oop veld vir mense te preek. Om op 'n ander plek te preek as in die kansel van die kerk was vir hom benede die waardigheid van die evangelie. Baie vinnig het hy egter die genade gevind om die behoefte van hierdie arm steenkoolmyners in te sien wat andersins nooit in 'n kerk gekom het nie en het hy die uitnodiging aangeneem. Op 2 April 1739 het John Wesley sy eerste opelugdiens waargeneem en dit was die begin van sy merkwaardige loopbaan as herlewingsprediker wat langer as vyftig jaar sou duur (Kuiper 1964:289).

Shelley (1988:155) wys op die ontsaglike impak wat die bediening van John Wesley op Engeland gehad het. Hy het meer as 250 000 myl te perd gereis, meer as 46 000 preke gelewer, 400 boeke geskryf en hy het letterlik honderde geloofsgemeenskappe in die lewe geroep. Wesley het aanvanklik nie bedoel om 'n eie kerkgenootskap te stig nie, maar in 1784 het daar 'n breuk met die Anglikaanse Kerk gekom. Van daardie tyd af bestaan die Metodiste kerk as 'n eie kerkgemeenskap (Du Pont 1970:147).

Briscoe, Larson en Osborne (1993:57) merk op dat die treffendste eienskap van John Wesley sy hoë agting vir die Skrif was en sy passie om verlore sondaars met die Evangelie van Christus te bereik. Die Wesleyaanse herlewing word deur Shelley (1995:365) bestempel as die grootste krag in Brittanje se godsdienstige lewe ooit. Wat uitgestaan het van hierdie beweging was die aandrang op persoonlike heiligheid wat gespruit het uit 'n hartgrondige bewustelike bekering tot God. Dit is verder gekenmerk deur 'n aggressiewe besorgdheid vir Christelike

diens in die wêreld. Beide persoonlike heiligheid en diens aan die wêreld kon alleen voortspruit uit toewyding aan die Bybel en is gedryf deur die sentrale temas van die Wesleyaanse herlewing, naamlik:

- God se liefde geopenbaar in Christus;
- die noodsaaklikheid van verlossing deur geloof; en
- die wedergeboorte wat deur die Heilige Gees bewerk is (Shelley 1995:365).

Hierdie evangeliese boodskap het ’n baie groot rol gespeel in die totstandkoming van ’n tipies evangelies-gereformeerde spiritualiteit soos dit vandag in die EGK figureer.

### 2.3.5 Die Groot Ontwakings

Patterson en Goetz (1999:163) se opvatting dat ’n ware Christengemeenskap van gelowiges altyd, sonder uitsondering, ’n gemeenskap van gebed is, word uitgebou deur die stelling wat hulle maak: “Our failure at corporate prayer is first a failure in Christian community to truly agree in the Lord.” Na aanleiding van hierdie belangrike gedagte en aan die hand van Matteus 18:19, wat praat van συμφωνέω (saamstem in gebed), het Jonathan Edwards die kerke van die 18de eeuse New England aangemoedig tot eendragtige, simfoniale gebed vir twee sake, naamlik dat die kerk van Christus geestelik sou herleef en dat die koninkryk van God in die wêreld sou uitbrei. Die Groot Ontwakings van die 18de en 19de eeu is gebore uit hierdie soort eendragtige gebed (Patterson & Goetz 1999:163).

Heyrman (2008) bring dit te berde dat hierdie herlewing in Amerika deel uitgemaak het van ’n baie breër evangeliese opwelling aan die ander kant van die Atlantiese Oseaan in Engeland, Skotland en Duitsland. Die vernaamste oorsaak

van hierdie protestantse herlewing in die middel van die 18de eeu was ’n teenreaksie op die strominge van die Aufklärung waarin menslike rede bo alles verhef is. Die reaksie van die herlewing hierop was:

- dat godsdiens ’n saak van die hart en nie van die verstand was nie;
- dat geestelike ervaring belangriker was as menslike denke; en
- dat Bybelse openbaring eerder vertrou moes word as menslike rede (Heyrman 2008).

Die vroegste verskynsels van hierdie herlewing is opgemerk onder die Presbiteriane in Pennsylvania en New Jersey. Die vernaamste rolspelers was “The Reverend” William Tennent, ’n Ierse immigrant en sy vier seuns wat almal predikante was. Daar is ook ’n Seminarie op die been gebring deur die Presbiteriane waar predikante opgelei sou word wie se brandende, innige prediking daarop gerig sou wees om verlore sondaars te bring tot die ondervinding van ’n evangeliese bekering. Oorspronklik was die naam van hierdie Seminarie “The Log College”, vandag beter bekend as *Princeton University* (Heyrman 2008). Gilley (2005:26) fokus die aandag op die klem van die Eerste Groot Ontwaking (1730-1760), naamlik die sistematiese prediking van die Woord deur George Whitefield en andere.

Gilley (2005:26) merk op hoe die Eerste Groot Ontwaking uitgedoof is aan die einde van die 18de eeu. Die kerk in Amerika het weereens ’n tyd van geestelike droogte binnegegaan. Kerkbywoning het getaan, die teologie het sy aantrekkingskrag verloor en die leerstukke van die verligting het al hoe meer veld begin wen. Met die aanvang van die 19de eeu was die kerk in die VSA in ’n treurige toestand, maar die Tweede Groot Ontwaking wat in 1801 in Cane Ridge,

Kentucky uitgebreek het, sou die vakuum vul en sou Christenskap in die VSA vir altyd verander (Gilley 2005:26).

Gilley (2005:26-27) wys hoe die Tweede Groot Ontwaking in die VSA gedurende die 19de eeu gekenmerk is deur iets heel anders as die Eerste. Waar die Eerste Groot Ontwaking gekenmerk is deur suiwer Skrifprediking, is die Tweede eerder gekenmerk deur 'n sterk appèl op die emosie van mense. Leerstellings is spoedig vervang met emosionele verhale van bekering en die predikers se vertoning of vermoë het belangriker geword as die inhoud van die preke. Musiek het 'n sentrale plek ingeneem soos wat gevoelsvertoon of emosionaliteit al hoe meer aan die orde van die dag gekom het. Bedienaars van die Woord het 'n filosofie van pragmatisme begin implementeer, met ander woorde die klem het verskuif na dit wat werk ten einde skares na die kerk te trek. Gilley (2005:27) verwys na Charles Finney wat al die nodige tegnieke vervolmaak het in sy boek "Revivals of Religion" waardeur die hart en die siel van die Amerikaanse Christendom in wese verander het. Die opwekkingsbeweging van Charles Finney (1792-1875) en Asa Mahan (1799-1889) het die daaropvolgende bemagtiging deur die Heilige Gees beklemtoon wat hulle geïdentifiseer het as die doping met die Heilige Gees (Snyman 2001:237).

Die Eerste Groot Ontwaking was dus stewig gebaseer op die Woord van God, terwyl die Tweede meer emosioneel gedrewe was en volgens Gilley (2005:27) die fondament gelê het vir die vermaaklikheidsgier wat die kerk in Amerika later jare sou tref. Midde die Tweede Groot Ontwaking in 1887 het Robert Schindler, 'n vriend van Charles Spurgeon, die wortels van die Evangeliese kerk nagespeur vanaf die Puriteinse era tot en met die tyd waarin Schindler gelewe het. In antwoord op hierdie navorsing het Schindler opgemerk dat elke herlewing van

ware Evangeliese geloof gevolg is deur ’n geslag of twee wat sou wegdryf van die gesonde leer (MacArthur 1993:197).

### 2.3.6 Die Heiligheidsbeweging

Die Heiligheidsbeweging was ’n poging wat deur die Metodisme in Amerika van stapel gestuur is om die geestelike dinamika van die eerste generasie Metodiste te herstel. Dit het uiteindelik sodanig versprei dat dit ’n effek op bykans elke denominasie in die VSA gehad het (Snyman 2001:238). Die Heiligheidsbeweging se wortels kan volgens Gilley (2004) teruggespeur word na John Wesley wat ’n tweeledige verlossing verkondig het. Die eerste was verlossing of regverdigmaking en die tweede algehele heiligmaking waarin die mens van sy gevalle natuur en sy neiging tot sonde gered is. ’n Groot bydraende faktor om hierdie heiligheidsleer te versprei, was die baie gewilde heiligheidskonferensies (holiness camp meetings) wat op talle plekke gehou is.

Tot en met die 1890’s was die Heiligheidsbeweging hoofsaaklik ’n Metodiste-verskynsel, maar soos wat Metodiste toegang verkry het tot hoofstroomkerke, het dit ook ’n verskynsel in nie-Metodistiese heiligheidskerke soos *The Church of God*, Anderson, Indiana (1880), *Church of the Nazarene* (1908) en *Pilgrim Holiness Church* (1897) geraak (Gilley 2004). Dit is insiggewend om te sien dat Gilley die ontstaan van Pentekostalisme terugvoer na die bakermat van die Heiligheidsbeweging. Anderson en Pillay (1997:227-228) vermeld ’n klemverskuiwing in die Heiligheidsbeweging met die wegbeweeg van nadruk op perfeksionisme na die doping met die Heilige Gees waarin nadruk op krag vir diens gelê is. Anderson en Pillay (1997:228) toon aan dat al hoe meer nie-Metodistiese kerke ’n belangstelling in die Heiligheidsbeweging begin toon het.

Herlewingspredikers soos Finney en Mahan, later D.L. Moody met sy opvolgers R.A. Torrey en Ira Sankey het veel gedoen om populariteit te verleen aan die leer van doping met die Heilige Gees. In Brittanje is die jaarlikse *Keswick Convention* wat die leer van doping met die Heilige Gees, met die nadruk op krag vir diens, uit die Heiligheidsbeweging gebore (Anderson & Pillay 1997:228).

Twee feite is veelseggend vir die Suid-Afrikaanse konteks en veral die totstandkoming van die EGK:

- Die eerste is dat dit dr. Andrew Murray (jr.) – 'n leiersfiguur in die Keswick Convention – was wat die boodskap van doping met die Heilige Gees met die oog op krag vir diens verkondig het.
- Die tweede is dat die Heiligheidsbeweging toenemend voorstanders geword het van goddelike genesing as 'n prominente leerstuk – iets wat Murray ook opgeneem het en wat vandag 'n leerstuk van die EGK is.

Dit is 'n kort, bondige opsomming van die bewegings wat 'n invloed gehad het op die totstandkoming van 'n tipies evangelies-gereformeerde spiritualiteit soos wat dit in die EGK beslag sou vind. Vervolgens sal daar kortliks gekyk word na invloede in Suid-Afrika wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die stigting van die EGK.

## 2.4 DIE ROL WAT DR. ANDREW MURRAY (JR.) SOU SPEEL IN SUID-AFRIKA

Joubert (2008:56) voer aan dat die Nadere Reformasie of anders gestel, Nederlandse Piëtisme – of Gereformeerde Piëtisme soos Hofmeyr (1989:22) dit noem – ook in Suid-Afrika tot diep in die 19de eeu 'n beduidende invloed gehad

het. Hy wys daarop dat hierdie invloed ook in Suid-Afrika ontstaan het in reaksie op die formalisme, rasionalisme en verwêreldliking wat by die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) ingetree het. Die invloed onder bespreking het die klem laat val op die gevoel, die innerlike geestestoestand van die gelowige en 'n mistieke belewing van die geloof.

In hierdie verband was daar 'n aantal leraars in die NGK wat 'n besondere invloed op die totstandkoming van 'n evangelies-gereformeerde spiritualiteit uitgeoefen het. Voorbeelde van sodanige leraars is: ds. Andrew Murray (sr.) (1794-1866), ds. G.W.A. van der Lingen (1804-1869), ds. G.W. Stegman (1814-1890), prof. N.J. Hofmeyr (1827-1909), dr. Andrew Murray (jr.) (1828-1917), ds. John Murray (1826-1917), dr. Serfaas Hofmeyr (1830-1888), eerw. Stephanus Hofmeyr (1839-1905), ds. J.R. Albertyn (1847-1920), dr. H.S. Bosman (1848-1933) en ds. G.D. du Toit (1886-1933). Wat uitgestaan het van hierdie predikante was hul begeerte na geestelike herlewing in die kerk en die kragtige verkondiging van die evangelie (Fourie 1997:19-42).

Die grootste invloed in die vestiging van 'n evangelies-gereformeerde spiritualiteit en daarmee saam 'n soeke na herlewing of geestelike vernuwing in die NGK, was ongetwyfeld te danke aan dr. Andrew Murray (jr.) (Fourie 1997:25). Die vernaamste kenmerke van sy lewe en bediening wat tot hierdie invloed gelei het, sal kortliks bespreek word.

Midde 'n groot konflik tussen die moderniste en die ortodokse faksies in die NGK, neem Andrew Murray (jr.) in 1864 'n beroep na Kaapstad aan waar hy tot 1871 'n baie moeisame bediening beleef het (Douglas 1926:100-110). Met die daaropvolgende beroep na Wellington het baie mense geredeneer dat hierdie

vername prediker nie so ’n stap agteruit sou neem om die beroep aan te neem nie. Van die groot stad met al sy geleenthede om vir hom naam te maak, na ’n klein plattelandse dorpie waar hy as’t ware in die niet sou verdwyn, was vir die mense ondenkbaar. Murray het almal verbaas en die beroep aangeneem, met die gevolg dat die stiller lewe en geleentheid vir bepeinsing in die platteland, ’n dieper kennis van God in hom bewerkstellig het waaruit talle werke deur sy pen die lig gesien het (Douglas 1926:110). Joubert (2008:68) som Andrew Murray se bydrae tot die vestiging van ’n evangelies-gereformeerde spiritualiteit in die NGK op in drie aspekte: gebed, heiligheid en evangelisasie.

### 2.4.1 Sy opvoeding

Van der Watt (1983:22) bring die opvoeding wat ds. Andrew Murray (sr.) aan sy kinders gegee te berde deur ’n aantal sake wat uitstaan:

- Die godvresende opvoeding wat Andrew Murray (sr.) sy kinders gegee het, het ’n besondere rol gespeel in die jong Andrew Murray se lewe.
- Die gesinslewe is gekenmerk deur ’n puriteinse lewenshouding.
- Veral oor die Sabbatsheiliging en sterk drank het ds. Murray (sr.) sterk standpunt ingeneem en gehandhaaf.
- Op Sondae is die hele gesin kerk toe en die kinders is nie toegelaat om te speel of tyd te verwyl met gewone leesstof nie.
- Die kinders is opgevoed met ’n heilige eerbied vir die Woord van God.
- Die Bybel is gereeld gelees en indringende gesprekke is met die kinders daaroor gevoer.
- Huisgodsdiens is gereeld in die aande, veral Sondagaande, maar ook aan die ontbyttafel gehou.

- Ds. Murray (sr.) het dikwels by sy kinders aangedring om persoonlike geloofsbeslissings te maak.
- Die ouers se ernstige en innige gebedslewe het ’n groot indruk op die kinders gemaak en hulle het dit later in hulle lewens voortgesit.

### 2.4.2 Sy gebedslewe

Uit krag van sy ywer vir gebed vermeld Conradie (1951:83) dat die onderwerp van gebed vir Andrew Murray al hoe meer beetgepak het. Nie alleen het hy die vernaamste verklaarder van hierdie onderwerp in sy tyd geword nie, maar hy is gereken as een van die grootste voorbidders van sy tyd. In sy toesprake en in sy geskrifte het die tema van gebed die middelpunt gevorm van sy ganse lewe (Conradie 1951:83). Choy (1978:109) haal aan uit briewe van Andrew Murray wat Murray tydens ’n reeks dienste aan sy gemeente in Wellington geskryf het en waarin hy hulle oproep tot ernstige voorbidding en algehele toewyding. Du Plessis (1920:447) getuig as volg van hom: “Hij zelf was bovenal de man des gebeds. Zijn gemeenskap met de Onzienlike was innig en onafgebroken.” Sy voortdurende gebed vir homself was dat hy nie ’n enkele oomblik van sy lewe buite die lig, liefde en vreugde van God se teenwoordigheid sou deurbring nie. Sy begeerte was verder dat sy lewe ononderbroke aan God oorgegee sou wees as ’n kruik wat God kon vul met sy Gees en met sy liefde (Choy 1978:110). Dit is duidelik dat Murray se invloed op die kerk nie die resultaat was van menslike planne en idees nie, maar dat hy ten volle op God vertrou het vir leiding en hulp.

### 2.4.3 Sy beskouing oor heiligmaking

Nie alleen was Andrew Murray een van die grootste skrywers oor hierdie onderwerp nie, maar hy het heiligmaking met sy hele hart nagejaag (Joubert 2008:69). Oor die voortdurende ontevredenheid met sy lewe en sy soeke na vervulling met die Heilige Gees merk Du Toit (1952:258) op dat Murray dikwels magteloos gevoel het en gekla het oor die stryd tussen die vlees en die gees wat soms vir hom te veel geraak het. Edman (1960:86) voer aan dat geen waarheid oor God groter geskryf kan word as die krisis van die dieper lewe nie. Soos met wedergeboorte is daar geen vaste patroon nie en die Heilige Gees beweeg, soos die wind, waar Hy wil. Dan voer Du Toit aan dat Murray die realiteit van die dieper lewe, die geesvervulde lewe, wat afkomstig is van God die Heilige Gees, uitstekend waarmerk deur sy lewe. Hy haal Murray aan wat skryf dat die eerste tien jaar na sy wedergeboorte gekenmerk is deur die stryd tussen die vlees en die gees en die ontevredenheid van sy hart oor hierdie toestand (Edman 1960:87-88). Sy regverdigmaking het vasgestaan, hy was innerlik oortuig dat hy volkome vergifnis van sonde ontvang het, maar hy het dikwels in sy hart gewonder wat fout was: "What is the matter? Here I am, knowing that God has justified me in the blood of Christ, but I have no power for service. My thoughts, my words, my actions, my unfaithfulness – everything troubled me" (Edman 1960:87).

Andrew Murray (jr.) het by geleentheid sy behoefte aan die dieper lewe aan 'n sendeling bekendgemaak wat geantwoord het dat God die begeertes sal volbring wat Hy in 'n mens se hart plant. Hierdie gedagte het vir baie jare in Murray se gemoed vasgesteek en hy het dit dikwels aan mense gekommunikeer (Edman 1960:87). Andrew Murray het die geheim van Johannes 15 ontdek en daagliks,

oomblik vir oomblik, in algehele oorgawe en totale gehoorsaamheid in die wynstok gebly. Sy lewe word ook beskryf as “The abiding life” wat sy krag en voeding uit die wynstok verkry (Edman 1960:85). Deur die verfrissende en herlewende vloei van die Heilige Gees in sy lewe was daar ’n onafgebroke lewe van gebed, kragtige prediking, aansteeklike liefde, borrelende vreugde en vrede wat alle verstand te bowe gaan (Edman 1960:90).

### 2.4.4 Sy beskouing oor evangelisasie

Tydens Andrew en sy broer John Murray se verblyf in Nederland in 1846, kom hulle onder die invloed van ’n studentebeweging “Secor Dabar”. Hierdie beweging het hulle ten doel gestel om die wetenskap te beoefen geheel in die gees van die Nadere Reformasie. Hulle het hul ook beywer om die skeiding wat daar tussen die kansel en die lidmate gekom het, uit die weg te ruim. Dit het die behoudende anker in Andrew Murray se lewe geword teen die magte van ongeloof en ligsinnigheid wat in sy tyd geheers het (Van der Watt 1983:26). Die broers Murray het hulle volgens Van der Watt (1983:26) volkome toegespits op die ontwikkeling van die geloofslewe in die trant van die Nadere Reformasie.

In al Murray se gesprekke en geskrifte het die verkondiging van die evangelie sentraal gestaan (Joubert 2008:69). Tydens die Anglo-Boereoorlog (ook genoem die Suid-Afrikaanse Oorlog) (1899-1902) is Andrew Murray in 1900 deur D.L. Moody na New York genooi om by ’n sendingkonferensie op te tree as spreker. In die lig van die omstandighede in Suid-Afrika wou hy eers nie die uitnodiging aanneem nie, maar Moody het by hom aangedring. Murray het geworstel met die vraag of hy ’n boodskap het wat dit die moeite werd sou maak om so ver te reis: “Had I a message for that meeting? Would I be able to give that message so

clearly as to make it worth while to go all that distance? Would it be possible, amid the great variety of subjects, to secure quiet time, and undivided attention for that which appeared to me the one thing needful?" Met hierdie soort vrae het hy geworstel totdat een enkele tema in sy gemoed uitgekristalliseer het: "How the Church could be roused to know and do our Lord's will for the salvation of men" (Murray 1901:1-2). Dit spreek van die passie wat hy gehad het vir die redding van kosbare siele.

Die invloed van Andrew Murray in die totstandkoming van 'n tipies evangelies-gereformeerde spiritualiteit in hierdie opsig en die uiteindelike stigting van die EGK van Suid-Afrika, was enorm.

## 2.5 AANLOOP TOT EN STIGTING VAN DIE NUWE PROTESTANTSE KERK IN AFRIKA

Die EGK is gestig op 21 April 1944 deur twee derdes van die kerkraad van die NG Kerk, Smithstraat, Durban, onder die naam van Die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika. Die doel van die nuwe kerk was om die Protestantse beginsels met nuwe krag uit te lewe en te verkondig (Artikel 2.1 Kerkorde). Die invloed van die Nadere Reformasie wat bespreek is, is reeds in hierdie doelstelling van die kerk te bespeur. Verder kan die eerste tekens waargeneem word dat die stigting van die EGK direk gekoppel kan word aan 'n behoefte na geestelike vernuwing wat in daardie tyd bestaan het.

Die ontstaan van die EGK speel hom af in die tyd van die Tweede Wêreldoorlog, 'n tyd waarin mense ontnugter was met die skynbare mislukking van die sogenaamde moderne projek (modernisme) om sy beloftes van 'n utopia vir almal

te vervul. Die moderne projek het volgens Powell (1998:16) nie net vooruitgang op die gebied van wetenskap en rede tot gevolg gehad nie, maar het ook gelei tot Auschwitz en Hirosjima wat die hele wêreld ontnugter gelaat het. Met die Anglo-Boereoorlog (of Suid-Afrikaanse Oorlog) nog redelik vars in die geheue, was daar in Suid-Afrika onderlinge spanning aanwesig met Engeland en Duitsland wat teen mekaar geveg het. Dit het ’n mate van tweespalt in Afrikanergeledere veroorsaak (Walker 1959:681). D’Assonville (1986:1) voer aan dat die mense in Suid-Afrika slegs die gevolge van hierdie wêreldbrand beleef het, maar dat dit ’n besliste invloed op die mense van Suid-Afrika gehad het. Die omstandighede in Suid-Afrika is getipeer deur:

- ’n Knellende droogte wat geheers het.
- ’n Onstabiele ekonomie wat gepaard gegaan het met grootskaalse verstedeliking onder veral Afrikanergeledere.
- Politieke woelinge rondom genl. Jan Smuts en dr. J.B.M. Hertzog wat verder bygedra het tot ’n onstabiele samelewing (Walker 1959:681).

Die kerk en by name die NGK kon nie al hierdie woelinge op politieke, ekonomiese en maatskaplike gebied ontsnap nie, en dit het ’n gewisse uitwerking op dié kerk en sy lidmate gehad (Van Niekerk 1983:8; Marais 1971:2).

Geyser (2005:40) kom tot die gevolgtrekking dat die ontnugtering van die mens daarin geleë was dat modernisme nie daarin kon slaag om deur georganiseerde tegnologiese, onderwerping van die natuur en drome van politieke vryheid, geregtigheid en geluk kon waarborg nie.

Daar was veral twee kwessies onder lidmate van die NGK wat as problematies beskou is. Enersyds was daar te midde van die moeilike omstandighede in die

land, net soos by die omstandighede in Nederland voor die Nadere Reformasie, ’n mate van geestelike vervlakking en stagnasie te bespeur onder talle lidmate. Andersyds is besef dat daar iets aan die saak gedoen moes word (Van Niekerk 1983:8-9).

### 2.5.1 Die geestelike klimaat in die NGK

Van Niekerk (1983:76-85) bied ’n evaluering aan van die geestelike klimaat in die NGK gedurende die tydperk 1933-1944 en kom tot die gevolgtrekking dat daar onder lidmate, kerkrade, ringe en selfs op sinodale vlak in die NGK ’n algemene bewussyn van sondige verskynsels te bespeur was. Verder het daar volgens Van Niekerk ’n algemene geestelike doodsheid ingetree en daarmee saam het ’n brandende begeerte na herlewing of vernuwing by vele lidmate ontstaan.

Van Niekerk (1983:73) noem dat daar in hierdie tyd hoofsaaklik twee strominge in die NGK onderskei kon word en wat hy beskryf as ’n evangeliese en ’n ortodokse stroom. Di. G.D. du Toit, A.C. Murray en J.C.G. Kotzé word onder andere deur Van Niekerk (1983:74) bestempel as verteenwoordigers van die evangeliese stroom. Hy toon aan hoe hierdie groep predikante geglo het in herlewing en vernuwing as die enigste oplossing vir die kerk. Uit hierdie stroom het daar heelwat artikels, boeke en preke gevloei wat oor onderwerpe soos wedergeboorte, heiligmaking, herlewing en algemene geestelike verdieping gehandel het. So berig Kotzé (1940:99) hoe daar ’n groeiende bewussyn oor die noodsaaklikheid van spesiale evangelieprediking posgevat het in die kerk. Hy beklemtoon hoe die herhaling en sistematiese voortsetting van evangeliese waarhede daartoe gelei het dat mense tot diepe nadenke, oortuiging en aksie gebring is en hoe daar ’n honger na die werking van die Heilige Gees onder

lidmate in die NGK ontstaan het. Hy argumenteer voorts dat hierdie spesiale evangelieprediking noodsaaklik was, aangesien buitengewone tye buitengewone maatreëls verg. Daarom is talle spesiale reekse dienste en konferensies deur hierdie sogenaamde evangeliese groep gereël waar daar met groot krag en vrug oor die evangeliese waarhede gepreek is.

Teenoor die evangeliese stroom verwys Van Niekerk (1983:75) na die meer ortodokse stroom wat gelei is deur predikante soos di. J.P. van der Walt, T.J. Kotzé, J.F. Mentz en J.D. Vorster. Vir hulle het die evangeliese stroom die gevaar ingehou dat die suiwer gereformeerde leer skade kon lei as gevolg van evangeliese, nie-gereformeerde invloede soos byvoorbeeld die Metodisme. Daar is dikwels in kerklike tydskrifte waarskuwings gerig aan lidmate teen die gevare van ondere andere Metodisme, perfeksionisme, gevoelsopwekking en die relativering van die leer van die genadeverbond. Die ortodokse stroom was ook gekant teen spesiale evangelieprediking in die NGK en hulle het die begeerte na herlewing as ’n sieklike soort vroomheid afgemaak (Van Niekerk 1983:75). Fourie (s.a.:49-50) verwys na die algemene kerkgeskiedenis en toon hoe daar telkens in die kerk ’n reaksie kom wanneer suiwer leer ten koste van lewensvroomheid oorbeklemtoon word. Hy verwys na voorbeelde in die geskiedenis soos die Piëtisme in reaksie op die starre Ortodoksie, die opwekkingsbeweging in Europa en Amerika, die Metodisme in Engeland, die Réveil in Nederland en talle ander herlewings- en oplewingsbewegings oor die wêreld heen wat reeds kortliks hierbo bespreek is. Die evangeliese stroom in die NGK gedurende hierdie tyd kan ook gesien word as ’n reaksie op die ortodoksie wat aan die orde van die dag was.

Terwyl hierdie twee strominge mekaar in die kerk moes aanvul, wys Van Niekerk (1983:76) hoe daar ’n al hoe sterker wantroue jeens mekaar ontwikkel het. Daar

is `n hewige polemiek in onder andere die Kerkbode tussen die twee groepe gevoer. Hierdie briefwisseling het tot gevolg gehad dat 'n al groter polarisasie tussen die twee groeperinge ontstaan het.

Om hierdie kwessie nog meer verwikkeld te maak, het buitekerklike groepe soos die Afrika Evangeliese Bond (AEB) en die Oxfordgroep – asook sogenaamde lospredikante soos di. W.C. Malan en C.F. Scheepers in samewerking met die evangeliese stroom – in die NGK begin werk. As gevolg van die evangeliese impak van hierdie groepe, het baie predikante 'n geestelike verdieping beleef, groot getalle lidmate het tot bekering gekom en oplewings is in gemeentes bespeur (Van Niekerk 1983:76-77). Van Niekerk (1983:81) kom tot die gevolgtrekking dat die evangeliese stroom in die NGK aan die begin in die AEB en in die twee lospredikers, bondgenote gesien het in hul soeke na herlewing en vernuwing in die kerk. Uit ortodokse kringe is dit egter nie goed in die kerk ontvang nie en predikante uit die ortodokse stroom het druk op rings- en sinodale vlak begin toepas om die werk van die buite-kerklikes te staak. Lidmate wie se lewens deur die prediking van hierdie buite-kerklikes aangeraak is en verandering getoon het, is onder tug geplaas. Dit het veroorsaak dat die betrokke lidmate opstandig geraak het en die kerk openlik gekritiseer het.

Fourie (s.a.:49-50) behandel sekere gronde vanuit die evangeliese stroom wat sou aanleiding gee tot die stigting van 'n nuwe kerk:

- Die lidmate se belewenis was dat daar nie ruimte in die kerk toegelaat is vir vernuwing en herlewing ten einde die toestand in die kerk te herstel nie.

- Verder was dit die belewenis van hierdie lidmate dat hulle buite die kerk redding vir hul onsterflike siele moes vind. Daar het nie in die reël bekerings plaasgevind onder die prediking in die kerk nie.
- Gelowiges is deur die kerk onder tug geplaas as gevolg van hulle getuienis van redding, heiligmaking en genesing.
- Die evangeliese lidmate het beleef dat die sakramente ontheilig word deurdat dit bedien is aan mense wat in growwe sondes geleef het, terwyl dit aan lidmate wat getuig het van redding en heiligmaking onthou is.
- Daar was groot ongelukkigheid onder lidmate omdat huisbesoek verwaarloos is en al hoe meer mense kerklos en kerkloos geraak het.
- Daar was nie ruimte in die kerk vir mense wat tot redding gekom het, om hulle geloof in Christus uit te leef nie.
- Daar het ’n stryd tussen hierdie gelowiges en die kerk ontstaan rakende leerstellings oor wedergeboorte, heiligmaking en goddelike genesing.

Uit die belewenis van hierdie groep gelowiges, hul brandende begeerte na vernuwing en herlewing, asook die reaksie van die kerk, is die atmosfeer in die NGK geskep vir ’n nuwe kerk om gebore te word. Vir die doel van hierdie navorsing gaan nie in diepte uitgebrei word oor die rol van dr. D.J. de Vos in die uiteindelike stigting van die EGK nie. Dit is egter belangrik om ’n oorsigtelike opsomming van sy invloed weer te gee ten einde te verstaan wat sy rol as katalisator in die stigting van die kerk sou wees.

### 2.5.2 Dr. Dirk de Vos – die katalisator

Wanneer die stigting van die EGK eensydig, negatief beoordeel word soos deur Marais (1971:58-59), word dit dikwels gedoen deur slegs te verwys na die

gebeure in die Durban-gemeente. Dit word dan gewoonlik meer spesifiek gesentreer rondom die persoon van dr. De Vos wat tot die daad van kerkstigting oorgegaan het. Daar is egter reeds aangedui dat die ontstaan van die kerk teen ’n breër agtergrond gesien en verstaan behoort te word. Die rol wat De Vos as katalisator in die uiteindelike stigting van die EGK gespeel het, word vervolgens kortliks bespreek.

Van Niekerk (1983:86-94) gee ’n opsomming van die persoon en bediening van De Vos en die gebeure rondom hom as persoon wat aanleiding gegee het tot die stigting van die EGK. De Vos was iemand wat hom beywer het vir vernuwing en suiwering in die NGK, aangesien die toestand in die kerk hom ook diep bekommer het. Hy was egter nie ’n gematigde persoon nie en het die swakhede en foute van sy teëstanders altyd in die oortreffende trap geskilder (Van Niekerk 1983:85). Hierdie stelling word gestaaf deur De Vos (1967:281) wat die toestand in die NGK vanuit sy belewenis beskryf as: “nie slegs sorgwekkend nie, maar as hulpeloos, hopeloos, onredbaar soos in die donker Middeleeue vóór die koms van die hervormers.” Die vraag ontstaan: *Wat kon aanleiding gegee het tot so ’n radikale stelling?* Van Niekerk (1983:1986) verwys na ’n brief wat De Vos aan sy moeder gerig het kort na sy aankoms in Stellenbosch en waarin hy die toedrag van sake aldaar geskilder het. Die trant van die brief weerspieël ’n diepe skok en ontnugtering aan die kant van De Vos oor die losbandige lewe wat veral admissiestudente gelei het. Hy verwys na die twee predikante onder wie se bediening hy grootgeword het en skryf aan sy moeder dat hulle "nie só was nie".

Aan die een kant skets hierdie brief die geestelike klimaat wat in die kerk geheers het en aan die ander kant is die radikaliteit van die brief kenmerkend van De Vos se persoonlikheid. Hy was baie eng, uitgesproke en dikwels radikaal. Hy het

deurgaans as gevolg hiervan ’n redelik eensame bestaan onder sy kollegas in die bediening gevoer (Van Niekerk 1983:90). Dit is ironies dat De Vos met hart en siel teen die werk van die AEB en die lospredikante gekant was, tog was die invloed van die AEB en die lospredikante in die nuwe kerk vanweë die instroming van evangeliesgesinde lidmate uit die NGK noemenswaardig (Van Niekerk 1983:88).

Na ’n aantal jare in die bediening word De Vos na die Durban-gemeente beroep waar dinge vir hom skeefloop as hy onder andere nie oor die weg kan kom met sy kollega en medeleraar, ds. Van Rooyen nie. Binne hierdie konteks redeneer De Vos (1967:283) dat die geestelike sowel as die finansiële stand van die gemeente met sy koms daar uiters haglik daaraan toe was. Te danke aan sy bediening daar het hierdie kwessie egter ‘n positiewe ommeswaai getoon. Weens die siekte van sy medeleraar het hy in 1940 Pinksterdienste gehou. De Vos getuig van herlewing wat toe daar uitgebreek het, waarin tonele soortgelyk aan dié in 1868 in Worcester beleef is: “Die stad was letterlik in beroering. Mense het op busse gesing en getuig. Oor die stad is mense in privaat huise (sic) gered. Bidure is oral gestig. Bekerings het daagliks plaasgevind. Die opkomste in die dienste is vertienvoudig, die onmoontlike groot skulde van die gemeente is afgelas en batige saldo’s is vir die eerste maal ondervind” (De Vos 1967:284). De Vos (1967:284) beskou jaloesie en afguns as die hoofoorsake waarom kerkleiers hulle misnoeë vierkantig teen hierdie gebeure in Durban verklaar het en stelselmatig gepoog het om dit te vernietig en te beëindig. Op 12 April 1944 is daar ’n Ringsitting te Melmoth gehou wat deurslaggewend was vir De Vos se toekoms. Eerstens bring hy as uittredende voorsitter ’n boodskap uit Jeremia 23 waarin hy uitvaar teen die kerkleiers van sy dag (Van Niekerk 1983:161). Dit is feitlik vanselfsprekend dat die ring dit as ’n striemende aanval teen hulle beskou het en dit loop na vele

debatte en intriges tydens die vergadering uit op sy tydelike skorsing (De Vos 1967:286). Ten spyte van sy skorsing bedien hy die daaropvolgende Sondag steeds die Woord in Durban en hierop skors die Ringskommissie dertig kerkraadslede wat hom ondersteun het (Van Niekerk 1983:164). Dié skorsing sou van krag wees tot die volgende Ringsvergadering wat vir 11 Mei 1944 belê was. Daar word egter ’n kerkraadsvergadering belê vir Vrydagaand 21 April en tydens hierdie vergadering verlaat De Vos die vergadering met twee derdes van die kerkraad en stig hulle ’n nuwe kerk, by name die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika (NPK) (Van Niekerk 1983:161-168).

Dit is duidelik dat die stigting van hierdie kerk vanuit die konteks van De Vos, suiwer gegaan het oor probleme wat gaandeweg tussen hom en die NGK ontwikkel en voortdurend vergroot het. Wat die rol van die evangeliese stroom en veral die invloed van die lospredikante en die AEB ná die stigting van die kerk was, moet nie onderskat word nie. Fourie (s.a.:28) toon die dilemma aan waarmee De Vos skielik te doen gehad het toe dit blyk dat die nuwe kerk ’n tuiste gebied het vir die talle evangeliesgesinde verjaagdes in die NGK. De Vos moes baie van sy eng gereformeerde standpunte kompromitteer om die evangeliesgesinde mense in die kerk te akkommodeer. In 1945 is gemeentes in nie minder nie as vyftien verskillende dorpe en stede gestig. Daar was ’n groot tekort aan leraars en daar is gebruik gemaak van AEB werkers asook van Betshan-evangeliste wat deur ds. C.F. Scheepers opgelei is. Kort na die stigting van die NPK is Scheepers oorlede en is Betshan as kweekskool aangebied waar predikante vir die kerk opgelei kon word. De Vos en die NPK het hierdie aanbod met dank aanvaar en die perseel is op 16 Desember 1944 in ontvangs geneem (Fourie s.a.:32).

Dit was nie lank nie of daar het in die NPK ook ’n pro-De Vos en anti-De Vos stroming ontstaan. De Vos het ’n tweede maal weggebreek om die Herstigte Nederduitse Gereformeerde Kerk, vandag die Christelik-Gereformeerde Kerk, te stig (Van Niekerk 1983:236-261; Fourie s.a.:37-47). In par. 2.7 hieronder word aangetoon waarom die NPK se naam verander is na die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

## 2.6 DIE VORMING VAN ’N EVANGELIES-GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT IN DIE EGK

Mienie (2004:28) toon aan hoe die Evangeliese rigting binne die NGK, wat gelei het tot die stigting van die EGK, vreemdsoortig deur Calvinisme bejeën is en meer metodisties geag is. Hy merk voorts op dat die twee strominge moeilik met mekaar versoenbaar is en dat dit gelei het tot ’n worsteling in die EGK om ’n eie identiteit gevestig te kry. Dit is veral die vierledige kruisboodskap wat die kerk verkondig, naamlik die redding van die verlore siel, heiligmaking, goddelike genesing en die imminente wederkoms van Christus, wat die EGK volgens Mienie binne die twee strome van Calvinisme en Metodisme identifiseer en ’n nuwe, evangelies-gereformeerde entiteit skep.

König (1998:39-40) wys op die ooreenkomste en onderskeide wat daar tussen Christene met ’n evangeliese en gereformeerde spiritualiteit bestaan. Die volgende ooreenkomste bestaan tussen hierdie twee spiritualiteitstipes:

- Eerstens is dit belangrik om te weet dat evangeliese Christene en gereformeerde Christene saam ’n nadruk lê op Christus en sy unieke betekenis vir hulle verlossing.
- Beide benadruk die feit dat ’n mens slegs uit genade en net deur geloof gered word.
- Albei groepe verwys na hulleself as “Bybelgelowiges” om die belang van die Bybel in hulle lewens te beklemtoon.

Hierdie twee groepe kan ook volgens König soos volg teenoor mekaar gekontrasteer word:

| **Evangeliese Spiritualiteit** | **Gereformeerde Spiritualiteit** |
|---|---|
| Sterk klem word gelê op persoonlike belewing: persoonlike bekering, geloofsekerheid, persoonlike omgang met die Here en liefde vir Hom, persoonlike oorwinning oor sonde, stiltetyd en persoonlike Bybelstudie. | In ’n gereformeerde spiritualiteit word die klem eerder geplaas op God en sy handelinge met die gemeente. Gereformeerde Christene laat dinge in ’n groter mate aan God oor en lewe rustig. |

Tabel 2: Evangeliese spiritualiteit teenoor gereformeerde spiritualiteit (König 1998).

König vra met reg die vraag of hierdie twee spiritualiteitstipes teen mekaar afgespeel moet word en of dit nie eerder twee houdings is wat mekaar in werklikheid vrugbaar krities kan begelei en onderling kan verryk nie.

Die bestaan van die EGK die afgelope sewe-en-sestig jaar is gekenmerk deur eienskappe wat kenmerkend van beide die gereformeerde en die evangeliese stroom is. Interessant is dat die klem op eienskappe uit die Heiligheidsbeweging nooit die kerk in ’n Pentekostalistiese rigting gestuur het nie, maar dat die kerk ’n sterk gereformeerde spiritualiteit behou het. Dit kan onder andere gesien word in

Coetzee (2009:1) se artikel oor die identiteit van die EGK waarin hy meld dat ’n kerk op drie wyses onderskei kan word, naamlik op grond van (i) die leerstellings van die kerk, (ii) die regeringstelsel en (iii) die liturgiese styl van die kerk. Leerstellig kan die EGK duidelik as evangelies-gereformeerd uitgeken word in dié sin dat dit ooreenstem met 91% van die gereformeerde leer, soos in die drie formuliere van enigheid saamgevat is. In leerstellings en prediking word die kerk dus volgens Coetzee (2009:1) grootliks geïdentifiseer as gereformeerd. Die evangeliese leer van die kerk word in ’n vierde belydenisskrif, te wete die Evangeliese Belydenis, uitgedruk. In hierdie sin is ’n duidelik evangelies-gereformeerde spiritualiteit by die kerk aanwesig.

Die kerkregeringstelsel waarop die EGK berus staan bekend as die presbiteriale of gereformeerde kerkregeringstelsel wat die kerk as algeheel gereformeerd identifiseer (Coetzee 2009:2).

Wat die liturgie betref, onderskei Coetzee (2009:3-6) tussen die statiese en dinamiese komponente van die liturgie. Die statiese aspek van die liturgie het volgens Coetzee (2009:4-6) te make met die kansel, liturgiese ruimte, doopvont en Nagmaalstafel en waaraan mens by die eerste blik wanneer die kerkgebou betree word, die gereformeerde identiteit van ’n kerk kan uitken. Die dinamiese aspek van die liturgie het te make met die orde by die eredienste en met die liturgiese formuliere van die kerk. Coetzee (2009:6) kom tot die slotsom dat die EGK in ag genome leer, regeringstelsel en liturgie duidelik uitgeken kan word as ’n Evangeliese kerk op Gereformeerde grondslag.

Prinsloo (1994:25) merk op dat die EGK deur die jare heen uitgeken is aan sy passie om die evangelie van Christus aan verlore sondaars te verkondig. In

hierdie verband word melding gemaak van evangelieprediking wat met die verloop van die jare ’n baie prominente plek in die kerk ingeneem het. Die kerk was vroeër veral gekenmerk deur sy aanddienste wat algeheel aan bekeringsprediking gewy is. Lidmate is aangemoedig om ongeredde vriende na dié dienste te nooi. Talle siele het tydens hierdie aanddienste tot bekering gekom, van wie baie nooit lidmate van die kerk geword het nie. In ooreenstemming hiermee berig Grundling (1994:28) dat die EGK deur die jare ’n hele aantal leraars opgelewer het wat uitmuntende evangelistiese predikers was. Hul bediening is gewoonlik daaraan gekenmerk dat hulle nie lank in een gemeente gebly het voordat hulle ’n nuwe arbeidsveld betree het nie. Hierdie persone was volgens Grundling nie goeie pastors nie, maar uitstaande evangeliste. Ook op persoonlike vlak is die kerk volgens Prinsloo (1994:25) gekenmerk deur ywerige lidmate wat die taak van evangelisasie ter harte geneem het. Prinsloo, wat op daardie tydstip gedien het op die bestuur van die EE III in Suid-Afrika (welke verwys na die Evangelisasie Ekspansie dissipelskap en opleidingsprogram vir persoonlike evangelisasie), wys daarop dat die EGK in 1994 persentasiegewys meer betrokke was by inisiatiewe rondom die EE III as enige ander kerkgenootskap in Suid-Afrika.

Wat konferensies betref het die EGK sterk aansluiting gevind by die “holiness camp meetings” van die Heiligheidsbeweging waarvan reeds melding gemaak is. Van Rensburg (1994:30-32) beskou die EGK as ’n konferensiekerk van sy stigting af en voer aan dat lidmate wat nié konferensies bywoon nie, hulself van besondere geestelike seën beroof. Van Niekerk (1983:223) maak melding van die konferensie-aptyt wat by die lidmate van die destyds nuwe kerk gevestig is. Die belangrikste rede waarom die EGK konferensies gehou het en steeds hou, is

vir die geestelike verryking en toerusting van kinders van die Here en waardeur die Here sy kinders deur die jare ryklik geseën het. By konferensies word daar veral gekonsentreer om die vierledige boodskap van die kerk met ywer op so ’n manier te verkondig dat die Heilige Gees ’n appèl op die konferensiegangers se lewens kan maak. Talle getuienisse van ’n diep geestelike werk wat die Here by konferensies in mense se lewens gedoen het, is deur die jare by monde van lidmate gehoor (Van Rensburg 1994:30).

## 2.7 DIE KERK SE NAAM VERANDER

Fourie (1997:7) toon aan hoe daar reeds sedert die 1960's beskrywingspunte by die Sinode ingedien is om die naam van die kerk te verander. Die rede hiervoor was dat die naam Nuwe Protestantse Kerk in Afrika nie werklik die karakter van die kerk weerspieël het nie. Die kerk wou sy identiteit deur middel van sy naam beklemtoon en daar is sedert 1977 tussen hakies *Gereformeerd* en die jaar daarna *Evangelies-Gereformeerd* agter die naam van die kerk geskryf. Backeberg (2004:14) voer as eerste rede vir die naamsverandering die verwarring met die Pinkster Protestantse kerk aan, wat baie mense laat dink het die EGK is ’n Pinksterkerk. As vernaamste rede waarom die naam Evangelies-Gereformeerd gebruik moes word, verwys Backeberg (2004:14) na die twee geseënde strome uit die verlede wat in die EGK ineengevloei het, naamlik die stroom uit die Hervorming wat as die Gereformeerde stroom bekend staan en die stroom uit die Groot Herlewings waarvoor die woord Evangelies ’n aanvaarde benaming is. Backeberg vermeld voorts die ryk erfenis wat uit die Groot Herlewings kom wat in die EGK tot uitdrukking kom deur die beklemtoning van die krisis-ondervinding van wedergeboorte, persoonlike geloofsekerheid en die bereidheid om daarvan te

getuig, met ’n gepaardgaande passie vir verloregaande siele. Hy verwys ook na die Heiligheidsbeweging wat na die “Tweede Evangeliese Ontwaking” van 1858-1860 in Amerika ontstaan het, wat ’n besliste tweede krisis ná wedergeboorte beklemtoon het en waarin die kind van God die volheidslewe deelagtig kan word of, anders gestel, vervul is met die Heilige Gees. Hierdie besondere leer oor heiligmaking en die hou van heiligheidskonferensies is volgens Backeberg deel van die kerk se besondere evangeliese erfenis. Dit gaan verder gepaard met die gebruik in die kerk om deur oliesalwing en handoplegging vir krankes te bid. Die evangelies-gereformeerde spiritualiteit wat eie is aan die EGK word deur die voorafgaande gegewens beskryf. Dit is ongetwyfeld ’n spiritualiteitstipe wat uniek aan die EGK is.


## 2.8 STATISTIESE TENDENSE IN DIE EGK DIE AFGELOPE TWINTIG JAAR

Deur die volgende grafieke wil gepoog word om tendense die afgelope twintig jaar vas te stel. Die presiese syfers is bekom uit sinodale bundels en word aangegee in Bylaag 1.

### 2.8.1 Totale ledetal van die kategeseskool

Grafiek 1 hieronder weerspieël die totale ledetal van die kategeseskool in die EGK vir die tydperk 1991 tot 2010. Daar word ’n konstante daling in getalle waargeneem met 4 421 lede in 1997 na 2 375 lede in 2005. Van 2005 tot 2010 het die ledetal van die kategeseskool in die kerk gestabiliseer met ’n gemiddeld

van 2 810 lede. Dit wek tog kommer dat daar so 'n sterk daling in getalle van kinders en jongmense in die kategeseskool te bespeur is van 1997 af tot hede.





Grafiek 1: Totale ledetal van die kategeseskool in die EGK (1991-2010) (Sinodale Bundels).

### 2.8.2 Katkisante wat lidmate van die EGK word

In Grafiek 2 hieronder aangegee kan gesien word dat daar 'n skerp afname in die getal jongmense is wat die afgelope dekade na afloop van katkisasie lidmate geword het. Dit behoort met groot erns bejeën te word en die leierskap van die EGK met besorgdheid te vervul. Daar behoort nie te maklik gesê te word dat hierdie tendens net toegeskryf moet word aan 'n afname in geboortesyfers van Afrikanergesinne nie, want dit is 'n tendens wat al baie langer met ons is. Inteendeel, as die persentasieverlies aan jongmense vergelyk word met dié van die susterskerke genoem in par. 2.8.6 hieronder, dan is dit aansienlik hoër as dié van die susterskerke. Die navorser se belewenis in 'n stadsgemeente in Pretoria van 2004 tot 2008 was dat baie jongmense die kerk verlaat het omdat hulle

aanklank vind by 'n meer Charismatiese spiritualiteit van gemeentes soos Lewende Woord en Doxa Deo. Dit was ook die belewenis van die navorser in hierdie tyd dat 'n baie klein persentasie jongmense tóg aktief by die gemeente ingeskakel het nadat hulle lidmate geword het. Hierdie probleem word aangespreek onder vernuwing by die jeug.





Grafiek 2: Getal katkisante wat lidmate van die EGK word (1991-2010)
(Sinodale Bundels).

### 2.8.3 Totale lidmaattal van die EGK

Wat die lidmaattal in die EGK betref, is die volgende tendense waargeneem. Van 1991 tot 2000 was daar 'n redelik positiewe groei in die kerk van 9 085 lidmate in 1991 tot 12 071 in die jaar 2000 – 'n persentasiegroei van 32,87% vir daardie dekade. Die volgende dekade is egter gekenmerk deur baie min verskil in die lidmaattalle van die kerk. Vir 'n evangeliese kerk met die roeping om te evangeliseer en 'n impak op die samelewing te maak, is hierdie syfers nie bevredigend nie. Dit is ook nie vreemd nie dat die sinode van 2010 gekenmerk,

of byna oorheers is, deur ’n diepe ontevredenheid oor die relatief stadige groei in die kerk die afgelope dekade.





Grafiek 3: Totale lidmaattal van die EGK (1991-2010)
(Sinodale Bundels).

Uit die syfers in die sinodale bundel kan die skerper afname in 2009 en 2010 toegeskryf word aan die hoeveelheid mense wie se lidmaatskap geskrap is. Lidmate word geskrap wanneer hulle hul met woord en daad van die gemeente afsny, wanneer hulle nie opgespoor kan word nie, of as gevolg van ’n tughandeling wat tot daardie ekstreme stap gelei het. Daar is volgens sinodale statistiek vir hierdie twee jaar ’n totaal van 619 lidmate geskrap wat hulle deur woord of daad van gemeentes afgesny het, 368 lidmate wat nie opgespoor kon word nie en nege wat as gevolg van tug geskrap is. Dit wil dus voorkom asof kerkrade gedurende hierdie twee jaar moeite gedoen het om lidmaatregisters op te dateer.

## 2.8.4 Lidmate van buite die kerk bygevoeg

Grafiek 4 hieronder dui die getal lidmate aan wat van buite die kerk as lidmate bygevoeg is. Hier is nie juis ’n toename of afname in getalle te bespeur nie. Al wat tot ontevredenheid stem, is die relatief klein getal mense wat van buite die kerk as lidmate bygevoeg is. Hierdie tendens het die kerk op die sinode van 2010 daartoe beweeg om ’n permanente sinodale groeikommissie te kies wat navorsing sal doen oor kerkgroei. Die sinode hoop dat hierdie kommissie ’n positiewe bydrae sal lewer ten einde kerkgroei in die EGK te stimuleer.





Grafiek 4: Getal lidmate van buite die kerk bygevoeg (1991-2010) (Sinodale Bundels).

## 2.8.5 Lidmate bedank uit die EGK

Die laaste grafiek (Grafiek 5) dui die hoeveelheid lidmate aan wat die afgelope twee dekades uit die EGK bedank het. Dit kom te staan op ’n gemiddeld van 3,8 persone per gemeente per jaar wat uit die kerk bedank. As hierdie grafiek in

oënskou geneem word, is die tempo waarteen mense bedank redelik konstant. Behalwe vir 1996 waar die syfer effens uitskiet, is daar nie 'n kommerwekkende tendens van bedankings te bespeur nie.




Grafiek 5: Getal lidmate bedank uit die EGK (1991-2010) (Sinodale Bundels).


### 2.8.6 Vergelykende statistiek

Die volgende vergelykende statistiek is geneem uit Dreyer (2009) wat die verlies in lidmaattalle tussen die drie susterskerke aantoon. Die ooreenstemmende getalle van die EGK is hierby gevoeg ten einde vas te stel of dieselfde tendense wat in die susterskerke afspeel, ook in die EGK teenwoordig is. Uit hierdie statistiek kan gesien word dat die verlies aan jongmense in die EGK kommerwekkend hoog is. Van 1999 tot 2008 het die EGK 51,38% van sy kinders en jongmense in die kategeseskool (dooplidmate) verloor. Dreyer (2009) beskou die volgende as die belangrikste oorsake van die verlies aan dooplidmate:

- Die afname in geboortesyfers onder Afrikaners.

- Jongmense wat die kerk verlaat om na ander kerke te gaan.
- Jongmense wat kerkloos raak.
- Jongmense wat immigreer na ander lande.

Die totale persentasie verlies aan belydende lidmate vergelyk so:




Grafiek 6: Vergelykende statistiek tussen Afrikaanse susterskerke en die EGK (1999-2008) (Sinodale Bundels; Dreyer 2009).

## 2.9 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Daar is in hierdie hoofstuk aangetoon hoe die EGK tot stand gekom het met spesifieke verwysing na ’n tipies evangelies-gereformeerde spiritualiteit wat eie is aan die kerk. Uit die gegewens in hierdie hoofstuk kan gesien word hoe sterk die beginsels van die Reformasie, met spesifieke verwysing na die gereformeerde stroom, ’n invloed op die ontstaan en ontwikkeling van die EGK gehad het. Soos vermeld, onderskryf die EGK min of meer 91% van die gereformeerde belydenisskrifte wat aan die kerk ’n baie sterk gereformeerde karakter verleen.

Daar is in hierdie hoofstuk ook aangetoon hoe sekere evangeliese bewegings na die Reformasie ’n beduidende invloed sou hê op die spiritualiteit van die EGK. Uit die Puriteine en Piëtisme het die EGK geleer om nie die klem op ’n koue ortodoksie, waar verstandelike kennis oor die teologie die botoon voer, te plaas nie. In pas met hierdie bewegings is dit vir die EGK ook belangrik dat leersuiwerheid ondersteun moet word deur egte lewensvroomheid (Doelstelling 3 van die EGK). Daar is aangetoon hoe die Groot Herlewings of Ontwakings van die 18de en 19de eeu en die totstandkoming van die Heiligheidsbeweging ’n beduidende invloed gehad het op die leer van heiligmaking, goddelike genesing en die Chiliastiese beskouing van die wederkoms wat die kerk huldig.

Die geestelike omstandighede in die NG Kerk gedurende die tyd van die Tweede Wêreldoorlog het die geleentheid geskep vir evangeliesgesinde leraars en buitekerklike bewegings om met vrug in die kerk werksaam te wees. Deur middel van uitgebreide evangeliese veldtogte wat deur hierdie evangeliesgesindes gehou is, het talle mense tot bekering gekom. Hierdie mense was ook ernstig oor die boodskap van vervulling met die Heilige Gees en baie van hulle het onder die

prediking van die AEB, die lospredikers en ander evangeliesgesindes, die sogenaamde tweede genadewerk deelagtig geraak. Die ortodokse stroom in die NGK het hierdie verskynsel met ’n redelike mate van antagonisme bejeën en baie van die lidmate wat tot bekering gekom het, is deur kerkrade onder sensuur geplaas.

Intussen het dr. Dirk de Vos in Durban begin arbei en kort voor lank het sy persoonlike aanslag hom daartoe genoop om weg te breek en ’n nuwe kerk in Suid-Afrika te stig. Dit was die geleentheid waarvoor die evangeliesgesindes gewag het en baie van hulle het dadelik by die nuwe kerk aangesluit. As gevolg van die evangeliese gesindheid wat onder die meerderheid van die nuwe lidmate geheers het, was De Vos verplig om nog eens ’n nuwe kerk te stig, aangesien hy dit nie in gedagte gehad het om ’n kerk in die tradisie van die herlewingsgeskiedenis en Heiligheidsbeweging te stig nie.

Oor die afgelope 66 jaar het die EGK gegroei tot ’n kerk met 81 gemeentes oor die land heen en met ’n lidmaattal van 11 595. Die uniekheid van die kerk is daarin geleë dat dit hoegenaamd nie ’n pentekostalistiese spiritualiteit aangeneem het nie, maar dat dit inderdaad ’n gereformeerde kerk in die evangeliese tradisie is.

# HOOFSTUK 3

# ’N PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE

## 3.1 INLEIDING

Voordat daar gekyk kan word na die Skriftuurlike begronding van vernuwing as deel van die basisteorie en voordat daar oor ’n praktykteorie ten opsigte van verantwoordelike vernuwing in die EGK besin kan word, sal ’n prakties-teologiese ekklesiologie daargestel moet word. Vanuit ’n diakoniologiese epistemologie sal dit as basis vir die navorsing dien waaruit sekere Skrifbeginsels vir die bestaan en funksionering van die kerk afgelei word (Trimp 1978:36). Daar het veral gedurende 1990-1993 uit die penne van praktiese teoloë waardevolle literatuur verskyn waarin die ekklesiologie vanuit ’n prakties-teologiese perspektief beskryf word, te wete Heyns (1990), Burger (1991), Pieterse (1991), Hendriks (1992), Breytenbach en Pieterse (1992), Louw (1992), Heitink (1993) en Van der Ven (1993).

Die ontwikkeling van ’n ekklesiologie binne die praktiese teologie het gelei tot ’n klemverskuiwing, weg van prinsipieel teoretiese vrae oor die wese van die kerk en die begronding van die ampte, na vrae rakende bedieninge en die funksionele implikasies van die ampte. Die daarstel van ’n prakties-teologiese ekklesiologie gaan nie net oor ’n besinning oor die verhouding tussen teorie en praxis nie, maar oor ’n verstaan van die kerk se funksie en om die konsep van “praxis” deel te maak van ’n prakties-teologiese ekklesiologie (Louw 1992:119; Heitink 1993:276).

Hendriks (1992:278) definieer ekklesiologie as die vakdissipline binne die teologie wat gaan oor die wese, geskiedenis en ordeprosedure van die kerk. Heitink (1993:261) onderskei soos volg tussen dogmatiese en prakties-teologiese uitsprake in die ekklesiologie:

- In die dogmatiese word volgens hom **idealistiese** terminologie soos "skepping van die Gees", "volk van God" en "gemeenskap van die gelowiges" gebruik.
- By ’n prakties-teologiese ekklesiologie word die klem meer gelê op **realistiese** terminologie soos "erediensbywoning", "kategesedeelname", "sekularisasie" of "kerkverlating".

Breytenbach en Pieterse (1992:102) verwys na die sogenaamde idealistiese terminologie ooreenkomstig die dogmatikus wat soek na oorsprong, eienskappe en unieke identiteit van die kerk. Met verwysing na die praktiese teoloog verwys hulle na realistiese terminologie wat die klem in die ekklesiologie laat val op die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Hierdie twee gesigspunte gaan vir Pieterse (1993:157-158) oor die spanning wat daar heers tussen die teologiese en empiriese gesigspunte van die kerk. Vir Pieterse is dit belangrik om in ’n prakties-teologiese perspektief op die gemeente beide die teologiese en empiriese vas te hou – en daarom moet enersyds onderskei word tussen die kerk as organisme en andersyds as organisasie. Teologies gesproke is die kerk die liggaam van Christus en as sodanig is dit ’n lewende organisme. Die kerk bestaan egter ook volgens Pieterse in die wêreld as ’n vereniging van vrywilligers, ’n menslike instelling en as sodanig is dit ’n organisasie. Dit is van groot belang om te let op die feit dat geen organisme kan bestaan sonder organisasie nie (Getz 1974:32).

Aan die kant van die praktiese teoloog bestaan die behoefte aan ’n ekklesiologie vanuit ’n prakties-teologiese perspektief. Hierdie perspektief fokus op ’n prakties-teologiese model van die gemeente wat te doen het met gemeentemodelle en ’n keuse daaruit. Dit fokus verder op die pastorale en sosiale funksies van die gemeente (Pieterse 1993:158).

Aangesien die kerk in die wêreld bestaan as die gemeente van Jesus Christus (Pieterse 1993:158), is dit belangrik om in hierdie studie ook aandag te gee aan die teologiese identiteit van die kerk. Met die klem op die pastorale funksies van die gemeente, word in navolging van De Klerk (1985:61-63) die verbond gekies as teologiese uitgangspunt vir ’n prakties-teologiese ekklesiologie. Die verbond dui op die omvattende verhouding tussen God en sy volk. Hy is hulle God, daarom aanvaar Hy verantwoordelikheid vir hulle en versorg Hy hulle soos ’n Vader sy kinders. Hy beskerm hulle soos ’n herder sy kudde beskerm en verlos hulle soos ’n krygsheld sy volk uit nood verlos. Hy heers oor hulle soos ’n barmhartige Koning wat die swakkes help en aan die onderdruktes reg laat geskied. Van die kant van die volk is daar dankbaarheid en blydskap, hulle juig oor sy verlossingsdade, roem in sy groot Naam, voel veilig by Hom en is dankbaar oor sy beskerming. Dit alles maak dat die volk weet hoe hulle uit dankbaarheid aan Hom gehoorsaamheid verskuldig is. Met die verbond as uitgangspunt val die klem op die onderlinge verbondenheid aan mekaar en op die vertrouensverhouding wat daar tussen God en sy verbondsvolk bestaan (König 1998:46).

## 3.2 DIE TEOLOGIESE IDENTITEIT VAN DIE KERK

Artikel 27 van die Nederlandse Geloofbelydenis beskryf die ware kerk as die enige katolieke of algemene kerk, ’n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo. Die implikasie wat die Nederlandse Geloofbelydenis daarstel vir hierdie heilige vergadering van gelowiges, is dat almal in hierdie liggaam hulle saligheid in Jesus Christus verwag, dat almal in hierdie liggaam deur sy bloed gewas is en verseël is deur die Heilige Gees. Hierdie verbondenheid aan Christus en aan mekaar onderling, kan alleen in die genadeverbond werklik sinvol gestalte vind.

Die basis van ware geloof en deelgenootskap aan die kerk van Christus is Christus se kruisdood en opstanding. Daarom kan die liggaam van Christus net bestaan uit mense wat waarlik glo dat Christus vir hulle gesterf het en dat Hy liggaamlik uit die dood opgestaan het (Hand. 2:23-24). Indien dit verwerp word, is die kerk besig met die ánder evangelie en die ánder Jesus waarvan die apostel Paulus in 2 Korintiërs 11:3 en Galasiërs 1:6 praat. Vir diegene wat vervul is met wêreldse wysheid is die kruis van Christus dwaasheid, maar vir hulle wat waarlik glo is dit die krag van God tot redding (I Kor. 1:18).

Die evangelie van die kruis is meer as ’n ware verhaal en dit is veel meer as ’n goeie manier van lewe. Dit is in der waarheid die krag van God wat die inisiatief geneem het om in Christus ’n verbond met sondaarmense te sluit. Slegs deur hierdie krag kan sondige mense verlos en getransformeer word na die volk van God (Barton & Osborne 1999:29). Wanneer daar na die kruis van Christus verwys word, is dit hoegenaamd nie die stuk hout waaraan Christus vasgenael was wat ter sprake is nie, maar na sy daad van versoening. Dit is juis die kruis

van Christus wat gelowiges saamsnoer as ’n heilige verbondsvergadering van almal wat waarlik in Hom glo en aan Hom toegewy is. Reeds in Exodus 24 figureer die bloed van die verbond wanneer God aan Moses die bevel gee om die helfte van die offerbloed teen die altaar en die ander helfte teen die gedenkstene wat die volk verteenwoordig te besprinkel. Geen wonder nie dat die apostel Paulus vir die gemeente van Korinthe geskryf het hoe hy hom voorgeneem het om niks anders onder hulle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde (I Kor. 2:2).

As gemeente van Christus op aarde staan die kerk van Christus in sekere verbondsverhoudings met hom. Hierdie verhoudings van die kerk tot Christus vind in die Skrif uitdrukking deur die gebruik van sekere metafore. Dit is nie deur mense uitgedink nie, maar deur God self ontwerp en in die Skrif met ’n doel geopenbaar. Hierdie verhoudings is so omvangryk en betekenisvol dat dit nooit werklik in woorde vasgevang kan word nie. So leer die Skrif byvoorbeeld dat Christus beide die Stigter en die Fondament van sy kerk is, die Verlosser sowel as die Eienaar, die Bewaarder sowel as die Hoop, die geregtigheid sowel as die Heiligheid van die kerk (Kuiper 1966:91).

In hierdie verbondsverhoudings van Christus met sy kerk word die kommunikatiewe perspektief tot sy gemeente ook treffend geïllustreer, daarom is dit baie waardevol vir die ontwerp van ’n prakties-teologiese ekklesiologie. Christus is inderdaad die een wat wandel tussen die sewe goue kandelare, ’n metafoor vir sy kerk op aarde (Op. 1:13). Willmington (1981:702-703) hanteer van die vernaamste metafore wat Christus se verbondsverhouding met sy kerk illustreer, naamlik:

- Die liggaam van Christus met Christus as Hoof.
- Die bruid van Christus met Christus as die Bruidegom.
- Die lote met Christus as die Wynstok.
- Die kudde van God met Christus as die goeie Herder.

Dit gebeur in die praktyk dat bepaalde kerkmodelle uit hierdie metafore ontwikkel word wat ’n eensydige perspektief van die kerk beklemtoon en die rykheid van die verbondsverhouding vertroebel. So verwys Hendriks (1992:210) hoe die herder-kudde-metafoor tot ’n model omvorm is om ’n bedieningspatroon te vestig waar die leraar met die herder en die gemeente met die kudde vergelyk word. Dit het gelei tot die ontstaan van die sogenaamde “domineeskerk” waarin die leraar alles gedoen het en die lidmate passief geraak het. In reaksie hierop het die klem nou verskuif na die “Liggaam van Christus”-model waarin die lidmaat homself nie moet sien as ’n passiewe skaap nie, maar as ’n aktiewe ledemaat van die liggaam (Hendriks 1992:210).

Dit dien vermeld te word dat hierdie metafore verskillende perspektiewe van die kerk tentoonstel, daarom kan die een nooit ten koste van die ander gekies word nie, maar moet aanvullend tot mekaar uitgeleef word. As die herder-kudde-metafoor algeheel laat vaar word en die liggaamsmetafoor alleen omhels word, sal die bestuur en versorging van die gemeente skade lei. Van der Watt (2000:91) waarsku ook tereg dat Bybelse metafore nie in isolasie of as individuele konsepte gebruik moet word ten einde ’n kerkmodel daar te stel nie.

Die metafore wat Willmington (1981:702-703) noem, word kortliks bespreek ten einde die verbondsverhouding van Christus met sy gemeente te illustreer. Die Skrif gebruik nog baie ander metafore vir die kerk, maar die genoemde vier vorm

’n kern en daarom word slegs hulle bespreek vir die ontwerp van ’n prakties-teologiese ekklesiologie.

### 3.2.1 Die Kerk as liggaam van Christus (Funksie)

Die heel belangrikste aspek van hierdie metafoor is sekerlik dat Christus die hoof (κεφαλὴ) van sy liggaam is, die een wat die verbond geïnisieer en tot stand gebring het. Volgens Louw en Nida (1989:738) beteken κεφαλὴ “one who is of supreme or pre-eminent status, in view of authority to order or command – one who is the head of, one who is superior to, one who is supreme over.” As Hoof van sy liggaam beklee Christus die algeheel uitnemende posisie van Heerser (Heyns 1977:53). Die liggaam het ook sy oorsprong in Christus en vandag het die liggaam sy werking en funksionering aan Hom te danke. As Hoof voorsien Christus die liggaam van lewe, deel Hy gawes aan die liggaam toe vir die effektiewe funksionering daarvan en vir die opbouing van die liggaam. Deur sy Woord voed en reinig Christus ook voortdurend sy liggaam (Wiersbe 1989:116-117). In drie van die apostel Paulus se Briewe gebruik hy die “Liggaam van Christus”-metafoor om die waarhede oor **eenheid, verskeidenheid** en **volwassenheid** toe te lig.

Kragtens eenheid in die liggaam is daar volgens Walvoord en Zuck (1985:533) veral drie sake wat uitstaan:

- Die menslike liggaam is ’n eenheid (*unit*) en so is die onsigbare liggaam van Christus ’n eenheid.
- Terwyl die menslike liggaam ’n eenheid is, is dit saamgestel uit baie afsonderlike lede, dus is daar verskeidenheid.

- Die verskillende lede van die menslike liggaam werk saam as een geheel en is interafhanklik van mekaar.

Wiersbe (1996a:35) tref ’n belangrike onderskeid tussen eenheid en uniformiteit. Eenheid kom van binne af en is ’n genadegawe van die Heilige Gees terwyl uniformiteit ontstaan as gevolg van druk van buite. Verder veroorsaak eenheid sonder verskeidenheid uniformiteit wat dood in die kerk voortbring (Wiersbe 1996:609). Dit is van die grootste belang dat elke lidmaat moet besef dat hy ’n ledemaat van die liggaam is. Elke lidmaat is deur die Heilige Gees in hierdie liggaam ingedoop en het ’n belangrike funksie om in die liggaam te vervul (Hendriks 1992:210).

Christus het die liggaam toebedeel met besondere gawes, naamlik apostels, profete, evangeliste, herders en leraars; om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk sodat die liggaam kan funksioneer en kan groei tot volwassenheid (Ef. 4:11-16). Hier kan reeds gesien word dat die herder-kudde-metafoor, wat in meer besonderhede in par. 3.2.4 hieronder bespreek word, binne in die liggaamsmetafoor verreken word en dat die een nie sonder die ander kan funksioneer nie.

### 3.2.2 Die Kerk as bruid van Christus (Heiligheid)

’n Ander metafoor wat in die Nuwe Testament gebruik word om die verbondenheid van die kerk met Christus te illustreer, is die "Bruid van Christus"-metafoor (Evans & Coder 1974:176). Skrifgedeeltes waarin hierdie misterie geopenbaar word, is onder andere Matteus 25, Johannes 3:29, Efesiërs 5:22-33 en Openbaring 21:2 en 9. Die eerste en baie belangrike aspek van hierdie

verhouding van die kerk met Christus, soos dit uitgebeeld word in Efesiërs 5:25, is die omvang van die liefde wat Christus vir sy bruid het (Enns 1997:349). Uit hierdie teksgedeelte is dit duidelik dat die kerk as bruid nie aan haarself behoort nie, maar aan haar Bruidegom. Sy is aan Hom verkleef deur die verbond wat Hy met haar gesluit het. Die Bruidegom is in hierdie verhouding die Hoof, Hy verleen wysheid, troos en bystand aan die gemeente (Heyns 1977:59) en Hy vervul hierdie rol teenoor die gemeente in absolute getrouheid.

Osbeck (1990:163) verleen insig in die verhouding tussen Christus en sy bruid. Hy toon aan hoe die huwelik deur God ingestel is om te dien as ’n voorbeeld van die oneindige en selfopofferende liefde van Christus vir sy bruid. Efesiërs 5:24 toon ook aan dat Christus Homself vir die Bruid oorgegee het. Osbeck maak die gevolgtrekking dat hierdie liefde vanselfsprekend vra na die liefdevolle en toegewyde reaksie van die bruid teenoor die Bruidegom. Die kerk as bruid van Christus kan nie anders nie as om wederliefde aan die Bruidegom te betoon, asof gebind deur huweliksbeloftes aan die Bruidegom. Walvoord en Zuck (1985:641) beklemtoon ’n baie belangrike feit as hulle daarop wys dat ’n menslike bruid haarself vir haar bruidegom voorberei, maar dat Christus sy bruid vir Homself voorberei. Hulle beklemtoon die laaste twee adjektiewe in Efesiërs 5:27, naamlik heilig (ἁγία) en sonder gebrek (ἄμωμος) en wys dat dit die doel van die uitverkiesing in Efesiërs 1:4 is.

Daar kan duidelik gesien word hoe belangrik dit is dat kinders van God elk individueel en die kerk homself as geheel sal gee vir die proses van heiligmaking wat deur God in mense se lewens volvoer word. Daar kan nie maar net met die mond gepraat word van die bruid wat voorberei word vir haar Bruidegom nie, sy moet haarself algeheel hiervoor beskikbaar stel. Heyns (1977:59) vermeld tereg

dat die kerk as bruid van Christus die dure roeping in die wêreld het om midde-in die wêreld haar heiligheid te bewaar en haar eenmaal rein en vlekkeloos voor haar hemelse Bruidegom te stel.

Met verwysing na hierdie heiligheid, onthul Heyns (1977:130-134) die volgende uiters belangrike aspekte:

- **Heiligheid as status:** Heiligheid as status is nie iets wat die kerk kan verwerf of bekom nie, maar is 'n wesenskenmerk van die kerk van die begin af. Hierdie heiligheid is in God self en op sy heilige handelinge gegrond. Heiligheid as status is geleë in die posisie wat die kerk in Christus beklee op grond van sy versoening en is opgeneem in God se ewige raadsplan (Heyns 1977:130-149).
- **Heiligheid as handeling:** Die indikatiewe stelling van die heiligheid van die kerk het as keersy die imperatief om heilig te lewe. In die Ou en Nuwe Testamente word God voorgehou as die Heilige en sy volk word daarom opgeroep tot 'n heilige lewenswandel (Lev. 19:2 en I Pet. 1:16). Heyns (1977:133) noem in hierdie verband dat dit verkeerd is om in dieselfde asem te beweer dat die kerk heilig én sondig is. Die sonde is volgens hom die kerk se verlede waaruit hy weggeroep is, wat hy agtergelaat het en wat hy voortdurend moet agterlaat. Daarom is die kerk deur God se handeling van die sondige wêreld afgesonder om heilig in die wêreld te lewe, anders as die nie-gelowiges.
- **Heiligheid as gehoorsaamheid:** Gedagtig aan die posisie wat die kerk in Christus beklee, word die kerk deur God geroep om God se werk in en aan Hom te aanvaar en in gehoorsaamheid uit te voer. Heyns (1977:134) waarsku dat die kerk in sy handelinge soos prediking, sakramentsviering, tughandeling en diens van barmhartigheid onbybels kan optree. Dit sou

daarop neerkom dat die kerk baie besig kan wees, maar tegelykertyd nie gehoorsaam aan God is nie. Daarom moet die heiligheid van die kerk geleë wees in sy innige verbondenheid aan God in die Woord. Die kerk is Kerk-van-die-Woord en moet as sodanig leef onder die heerskappy van die Woord (Heyns 1977:134).

- **Heiligheid as stryd:** Soos reeds aangedui, het Heyns (1977:132) aangetoon dat sonde iets van die kerk se verlede is, maar dat die skaduwee van sonde altyd oor die kerk wil kom sak. Daarom is 'n heilige kerk volgens Heyns (1977:134) 'n kerk wat nie sonde in sy midde duld nie. Die spreuk *ekklesia reformanda semper reformate* – ("the church reformed, always being reformed according to the Word of God") vind volgens Heyns sy diep teologiese motivering in die feit dat die kerk sonde uit sy midde weer.

Die opdrag in Efesiërs 5:18 πληροῦσθε ἐν πνεύματι (om met die Gees vervul te word) staan in die praesens, imperatief, passief, tweede persoon, meervoud wat aantoon dat die opdrag aan die gemeente gegee is. Dit is nie in die eerste plek aan individue gegee om elkeen in sy hoekie uit te leef nie, maar die gemeente as bruid van Christus moet kollektief daarna strewe om onder algehele beheer van die Heilige Gees te lewe. As die kerk of gemeente as geheel nie vervul is met die Heilige Gees nie, dan ly die lewensheil en heiligheid van die lidmate individueel en uiteindelik die hele kerk skade.

Rademacher (1978:257) bring 'n besondere perspektief op die Bruidegom-en-bruid-metafoor deur te verwys na die spesiale posisie wat die bruid in die Bruidegom beklee. Soos dit die gebruik in die antieke Midde-Oosterse huwelike was (Enns 1997:349), het daar eers 'n verlowing plaasgevind. By die verlowing het die bruid beloftes ontvang van toekomstige seëninge saam met haar bruidegom. So is die kerk vandag 'n verloofde bruid, wagtend op die koms van

die Bruidegom waar Hy besig is om vir haar ’n woonplek voor te berei (Joh. 14:2). ’n Onbepaalde tyd na die verlowing het die huweliksvoltrekking plaasgevind waar al die beloftes gerealiseer is en waarna die bruilofsmaaltyd gevolg het. Wanneer die Bruidegom weer kom, sal die bruid die heerlikheid van die bruilofsplegtigheid en daarna die maaltyd geniet (Enns 1997:349). Die bruidmetafoor het dus ook ’n eskatologiese perspektief met beloftes vir die kerk daaraan gekoppel, alles opgeneem in die verbond wat God met sy kerk gesluit het. Dit behoort verder die kerk te motiveer om uit dankbaarheid en wederliefde gereed te maak vir die koms van die Bruidegom deur ’n lewe van afsondering, toewyding en heiligmaking.

### 3.2.3 Die wynstok–lote-metafoor (Vrug)

Met hierdie metafoor word die onderskeid tussen menslike resultate en goddelike vrug aan die orde gestel. Druiwe kan op geen ander manier geproduseer word as deur die krag van die wynstok nie. Christus leer presies dít as Hy in Johannes 15:4 sê dat gelowiges geen vrug kan dra as hulle nie in Hom bly soos die lote in die wynstok nie. Geloof en werke is dus twee aspekte van een en dieselfde beginsel van goddelike lewe in die siel van ’n gelowige (Shedd & Gomes 2003:808).

Die wynstok-lote-metafoor kan op die gelowige as individu van toepassing gemaak word, maar is ook van toepassing op die kerk van Christus as geheel (Willmington 1981:702). Christus begin die perikoop in Johannes 15:1 met die gedagte dat Hy die ware wynstok is. Bullinger (1898:743) beskryf die betekenis van die woord “ware” (ἀληθινός) soos volg: “Not true as opposed to what is false, but the very vine” – die werklike wynstok wat alleen in staat is om vrug te dra deur die lote.

Hierdie besondere verbintenis met Christus wat tot vrug lei, word in die Nuwe Testament op verskillende maniere beskryf. Die apostel Paulus skryf in Kolossense 3:4 dat Christus ons lewe is en in Galasiërs 2:20 dat hy (Paulus) nie meer lewe nie, maar dat Christus in hom lewe. In Galasiërs 3:27 sê hy dat ware gelowiges met Christus beklee is en in 2 Korintiërs 5:17 gebruik hy die bekende Nuwe Testamentiese term “in Christus” om te wys hoe alles verander in die verloste se lewe (Packer 1994:119).

Die Skrif beskryf ’n viervoudige vrug wat die kerk kan voortbring deur in die Wynstok geanker te wees (MacArthur 1997:130):

- In Galasiërs 5:22 word die vrug van die Gees beskryf kragtens Christusgelykvormige karaktereienskappe. Die kerk behoort ten eerste die lewe van Christus voort te bring deur in die Wynstok te bly.
- Vervolgens staan geskryf: “Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ’n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.” Die voortdurende lewe van lof en dankbaarheid uit ’n gees van aanbidding, is niks anders nie as vrug wat spruit uit die verbondenheid aan die Wynstok.
- Die derde vrug in die lewens van gelowiges is goeie werke. In Efesiërs 2:9 maak die apostel dit duidelik dat ’n mens nie deur goeie werke gered kan word nie, sodat niemand kan roem nie. In Efesiërs 2:10 praat hy met die mens wat uit genade gered is en sê dat hy God se maaksel is wat in Christus voorberei is tot goeie werke. Weereens ’n vrug wat vloei uit die inwoning in Christus.
- Laastens dra die kerk vrug in die Wynstok deur ander mense vir Christus te wen. Die enigste effektiewe wyse van evangelisering is om in nederige gehoorsaamheid aan Christus in die krag van sy Gees verander te word

(Rom. 8:28-29) en Hom te vertrou vir geleenthede om die evangelie met mense te deel.

### 3.2.4 Die herder–kudde-metafoor (Versorging)

Van al die metafore onder bespreking, het die herder-kudde-metafoor die meeste onder kritiek deurgeloop, veral omdat dit deur kerke in die gereformeerde stroom tot eensydige kerkmodel verhef is (Hendriks 1992:210; De Klerk 1985:12). Hierdie metafoor kan egter van groot waarde wees vir die funksionering van die gemeente as die bedoeling daarvan nie verdraai word nie. Wanneer die herder-kudde-metafoor verhef word tot 'n instituutmodel, lei dit tot bedieningstrukture waarin die besondere ampte sentraal staan in die gemeente en die amp van gelowige verwaarloos word. Dit beteken nie dat hierdie metafoor verwaarloos moet word en die liggaamsmetafoor eensydig verhef moet word nie. Wanneer dít gebeur, ontstaan 'n bedieningstruktuur waarin alles draai om die belewing van die geloofsgemeenskap en die versorging deur die ampte soos God dit bedoel het, lei skade (Vorster 1996:40).

Die fundering vir pastorale versorging van medegelowiges word pertinent aan die herder-kudde-metafoor verbind. Die ampswerk van veral die predikant, maar ook van die ouderlinge, word deur hierdie toepassing aan Woordverkondiging verbind en uiteindelik institusioneel vasgelê (Smit 2008:163-164). Die Here het saam met die karakteristieke gawes van die Gees wat dien tot die onderlinge opbouing van die Gemeente (I Kor. 12:1-11; Rom. 12:6-8) ook die besondere ampsbedieninge gegee (Ef. 4:11). Laasgenoemde is die gawes wat die Verbondsgod aan die kerk gegee het, waarin die kwalitatiewe van óf regering óf die lering en die verkondiging plaasvind (De Klerk 1985:61).

Die metafoor van die Herder met sy kudde word dikwels in die Skrif gebruik om God se versorgende Hoofskap (Nel 1994:60) uit te beeld. Die bekende Psalm 23 is seker die treffendste voorbeeld waar God as die Herder uitgebeeld word. As Herder versorg Hy die kudde deurdat Hy hulle laat neerlê by groen weivelde, hulle lei na waters waar rus is en hulle siele verkwik. As Herder lei Hy egter ook sy kudde in die spore van geregtigheid en Hy hou hulle weg van gevaarlike plekke af. Met sy stok en sy staf beskerm die Herder sy kudde in so ’n mate dat Dawid nie vrees om deur die dal van doodskaduwee te gaan nie, omdat die Herder daar by hom sal wees. Die drie funksies van die herder kan dus saamgevat word as versorging, leiding en beskerming. Daar is ook ander gedeeltes in die Ou Testament waar God as Herder van die volk Israel voorgestel word, naamlik Jesaja 40:11, Jesaja 49:9-10, Jeremia 31:10 en Esegiël 34:6-19.

In die Nuwe Testament gebruik Christus juis die herder-kudde-metafoor om aan te toon dat Hy die goeie Herder van die gemeente is. In Johannes 10:11-19, Hebreërs 13:20, I Petrus 2:25, I Petrus 5:4 en Openbaring 7:17 word Christus as die Opperherder van die kudde voorgehou.

Die taak van herderskap is volgens die Skrif deur Christus self aan die gemeentelike leiers opgedra. In I Petrus 5:3 vermaan die apostel Petrus die ouderlinge om as herders toesig te hou oor die kudde van God waaroor hulle aangestel is. Wiersbe (1996a:429) beklemtoon die feit dat die ouderling as herder beide tussen die kudde en oor die kudde is. Aangesien hy ook ’n skaap in die kudde van God is, is hy tussen die ander skape in die kudde, maar omdat hy spesifiek deur God geroep is om ’n leier van die kudde te wees, is hy oor hulle aangestel. Leierskap moet egter nooit met diktatorskap in die kerk van Christus verwar word nie (Wiersbe 1996a:430). Daar is hedendaags die neiging om die

verhouding van die pastor tussen die skape te beklemtoon ten koste van sy roeping as herder oor die kudde en gevolglik word daar geweier om die outoriteit van die herder as opsiener te aanvaar (Niemandt 2007:125). Die effektiewe pastor is die pastor wat daarin slaag om albei posisies in te neem en albei rolle te vervul. Hy moet werklik tussen die mense beweeg en deel van hulle wees, sodat hy kan identifiseer met hulle behoeftes en hulle probleme. Hy moet egter ook oor hulle wees sodat hy hulle kan versorg, lei en beskerm namens die Opperherder. Die pastor is nie ’n godsdienstige lektor wat week vir week vir die gemeente inligting rakende die Bybel weergee nie. Hy is inderdaad ’n herder wat die gemeente ken en wat daarna strewe om hulle deur die Woord behulpsaam te wees (Wiersbe 1996a: 429).

## 3.3 TEOLOGIESE FUNKSIES VAN DIE KERK

Met verwysing na die funksies van die kerk onderskei Pieterse (1993:158) tussen die teologiese en sosiale doel van die kerk en sit dit soos volg uiteen:

- As lewende **organisme** het die kerk pastorale funksies. Wanneer die kerk sy pastorale funksies behoorlik uitvoer, verseker dit dat hy aan sy doel en identiteit as liggaam van Christus beantwoord en so sy teologiese doel verwesenlik.
- As **organisasie** het die kerk sosiale funksies. Hierdie funksies verseker dat die kerk as menslike organisasie in die moderne lewe sinvol kan bestaan en optimaal kan funksioneer.

Louw (1999:304) beskryf die vier pastorale funksies van die kerk as die belangrikste komponente van die gemeentebediening en beklemtoon dat hierdie vier elemente op ’n gehoorsame en besielende wyse in die gemeente toegepas

moet word. As dit gebeur sal daar volgens hom gedurig gesonde Bybelse vernuwing in die gemeente plaasvind. Hierdie vier elemente is:

- die verkondiging en lering (*kerugma*);
- die aanbidding (*leitourgia*);
- die onderlinge ondersteuning (*koinonia*); en
- die dienswerk (*diakonia*).

Die pastorale funksies van die kerk het volgens Pieterse (1993:160) te make met die opdrag aan die gemeente soos dit in die Bybel aangetref word en dit is sedert die ontstaan van die kerk op Pinksterdag onbestrede aanvaar. Dit verteenwoordig veral die ontmoetingsgebeure tussen God en die mens en tussen mense in die gemeente onderling. Elkeen van hierdie pastorale funksies verteenwoordig volgens Pieterse (1993:160) die ontmoetingsgestaltes van die heil.

Met die verbond as teologiese uitgangspunt vir die uitoefening van die gemeentebouende bediening, doen De Klerk (1985:62-63) ses pastorale funksies aan die hand, naamlik:

- die liturgiese funksie;
- die kerugmatiese funksie;
- die parakletiese funksie;
- die onderrigtende funksie;
- die koinoniale funksie waaruit die diakonia vloei; en
- die kubernetiese funksies.

Volledigheidshalwe moet die kubernetiek ook in die onderhawige hoofstuk aangespreek word. Dit is juis belangrik in ’n tyd waar die kubernetiek en kerklike strukture soos dit vandag daar uitsien deur lede van die ontluikende paradigma gekritiseer en aangeval word (Joubert 2009:129-132; Niemandt 2007:38-40). Om hierdie rede sal die hoofstuk eerder uitgebrei word aan die hand van De Klerk (1985:62-63) se weergawe van ses pastorale funksies vir die kerk.

### 3.3.1 Die liturgiese funksie

God – wat ’n verbond met sy gemeente gesluit het – wil onder leiding van die ampte wat Hy daargestel het, die wedersydse verbondsverkeer tussen Homself as die Troonvors en sy vergaderde volk vier asook tussen die volk onderling deur die liturgiese gebeure in die erediens. Vanuit hierdie ontmoeting met God en mekaar gaan die kerkganger, wat opnuut die verbondseise en beloftes aangehoor het, die wêreld in om dit in diens van die Koninkryk te gaan proklameer en uit te leef (De Klerk 1985:62).

*Leitourgia* het te make met of verwys na die liturgiese aspek in die erediens en hier is dit van die grootste belang dat die liturg die lidmate aktief in die erediens sal opneem. Thielicke (1965:97) voer aan dat dit immers die gemeente as geheel is wat bid, die Here loof en dank, die Woord van God in die middelpunt van alle dinge plaas en uiteindelik daarop reageer. Daarom troon die amp van die prediker nie oor die gemeente of staan daarteen nie, maar is eerder midde in die gemeente gevestig. Die doel van die liturgie is volgens hom dan juis om uitdrukking te gee aan die aksie van die gemeente.

Die woorde "worship" (aanbidding) of "worship style" (styl van aanbidding) word dikwels gebruik om te verwys na die wyse waarop verskillende gemeentes die erediens inklee. Anders gestel verwys dit na die liturgiese vorm in verskillende kontekste (Webber 1982; Basden 1999). Die beskrywing van Webber (1982:23-31) se Ou Testamentiese wortels van Christelike aanbidding kan kortliks soos volg opgesom word:

#### 3.3.1.1 Die gebeure te Sinai

God het sy volk uit Egipte verlos, deur die Rooi See geneem en nou is hulle aan die voet van die berg Sinai. Hier sluit God 'n besondere verbond met sy volk. Nie alleen is die inhoud van hierdie verbond belangrik nie, maar ook die konteks waarin dit gesluit is (Ex. 19-24). Webber (1982:24-25) noem uit hierdie konteks vyf elemente van aanbidding wat later ook op Judaïsme en Christelike aanbidding van toepassing sou wees:

- Die vergadering is deur God byeengeroep, nie deur die volk nie. Daar word die volk Israel *"Q'hal Yaweh"* die vergadering van God.
- Die volk word gerangskik in 'n orde van verantwoordelikheid.
    - Moses, Aäron, Nadab en Abihu, die sewentig oudstes, die jongmanne en die volk.
    - Daar is volle deelname deur almal, niemand is passief in hierdie vergadering nie en elkeen het 'n besondere rol.
- Hierdie vergadering word gekenmerk deur die proklamasie van God se Woord waarin Hy sy wil aan hulle openbaar. Die afleiding kan gemaak word dat aanbidding nie volkome is as die vergadering nie van God verneem nie.

- Die volk aanvaar God se voorwaardes en verbind hulle aan Hom in algehele gehoorsaamheid, daarom word aanbidding gekenmerk deur voortdurende en persoonlike toewyding aan God.
- Daar vind ’n dramatiese verseëling van die verbond plaas met bloed.

### 3.3.1.2 Die tempeldiens

Die tempeldiens is die tweede bron in die Ou Testament waaruit Christelike aanbidding put. Webber (1982:25) noem dat tempelaanbidding ’n baie gekompliseerde aangeleentheid is en verwys na onderliggende beginsels:

- Die teenwoordigheid van God in die Allerheiligste word telkens beklemtoon.
- Die simboliek wat deurentyd in die tempel en die tabernakel afgespeel het, is besonder ryk: van die altaar met die offerandes, tot die koperwaskom voor die ingang na die heiligdom; die tafel met die toonbrode en die goue kandelaar in die heiligdom. Die wyding van die Priesters, hulle kleredrag en die rituele wat in die tempel beoefen is, is ryk aan simboliek en vind alles toepassing in die nuwe verbond.
- Die rituele en offers was sigbare tekens van die versoening en ’n verhouding met God.
- Die gewyde diens van die hoëpriester en die priesters wys heen na die Middelaar, Christus, wat ten behoewe van sondaars optree in die hemelse heiligdom.

### 3.3.1.3 Die sinagoge

Die sinagoge verskil geheel en al van die tabernakel en die tempel. Daar is geen rituele en simboliek by betrokke nie. Die sinagogediens het gegaan oor geloofsbevestiging, gebede, Skriflesing en Woordverkondiging.

#### 3.3.1.3.1 Geloofsbevestiging

Die geloofsbevestiging is uitgedruk in die *Shema* wat uit drie afdelings bestaan het:

- Die eerste deel (Deut. 6:4-9) bevestig die eenheid van God en spel die vernaamste plig van die Joodse volk uit, naamlik om hulle God lief te hê met hulle hele hart en siel en kragte.
- Die tweede deel beklemtoon die leer van beloning en straf (Deut. 11:13-21).
- Die derde deel beklemtoon die verantwoordelikheid van elke lid van die volk om heilig te wees omdat die essensiële natuur van God heilig is (Deut. 28:1-11).

#### 3.3.1.3.2 Gebede

Die sinagogediens het groot klem gelê op gebed. ’n Reeks gebede bekend as die *“tefillah”* is opgedeel in drie dele en is staande geresiteer. Dit het bestaan uit ’n reeks lofuitinge, smeekbedes vir die heiliges en danksegginge. Die gebede is afgesluit met ’n gebed vir vrede.

#### 3.3.1.3.3 Die Torah

Die primêre taak van elke Jood was om die Skrif by sy kinders in te skerp (Deut. 6:7). In die sinagoge is die Torah gelees, terwyl almal gestaan het en dan, wanneer almal gaan sit het, is dit vers vir vers vertaal, uitgelê en prakties van toepassing op mense se lewens gemaak.

Webber (1982:34-35) verwys ook na Jesus Christus en hoe Hy die Ou Testamentiese aanbidding ondersteun het. ’n Ondersoek na Jesus se verhouding met die tempel, die sinagoge en die Joodse feeste, bevestig hierdie waarneming. Hoewel daar geen melding gemaak word dat Jesus Christus ooit aan offers deelgeneem het nie, is sy respek vir die tempel baie duidelik. Dat die tempel in sy oë ’n huis van gebed was, word geïllustreer deur die reiniging van die tempel van al die verkopers (Luk. 19:45-48). Die Evangelies verhaal ook hoe Hy gereeld in die sinagoges ingegaan en daar onderrig gegee het. (Vergelyk Lukas 4:16 waar berig word dat Hy in die sinagoge ingegaan het soos dit sy gewoonte was.) Christus het verder die Joodse feeste bygewoon (Joh. 7:2, 10:22). Die detail waarmee Hy die pasga gevier het die aand voor sy dood, is bewys van sy kennis en waardering vir die belangrikste fees van Israel (Matt. 26:1-30; Mark. 14:1-26; Luk. 22:1-23; Joh. 13:1-30). Christus het self aangetoon hoe vele van die Ou Testamentiese rituele en instellings na Hom heengewys en in sy lewe, sterwe en opstanding vervulling gevind het.

Uit die voorgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat Christus die Ou Testamentiese gewoontes van Joodse aanbidding herinterpreteer het om op Homself van toepassing te wees, of om in Hom vervulling te vind (Webber

1982:35). Uit bogenoemde kan die wortels van Christelike aanbidding nagespeur word en kan bestaande beginsels getoets of nuwe beginsels neergelê word.

### 3.3.1.4 Aanbiddingstyle

Wanneer die term "aanbiddingstyl" gebruik word, is dit volgens Basden (1999:33-37) die unieke manier waarop eredienste gekonstrueer word en waaraan 'n bepaalde kerk of gemeente uitgeken kan word. Baptiste dring byvoorbeeld aan op vryheid ooreenkomstig die ekklesiologie en doksologie (Basden 1999:34) en kan nie duidelik as denominasie uitgeken word sover dit 'n spesifieke "karakter" met betrekking tot styl van aanbidding aangaan nie. Vir die EGK daarenteen is 'n eenheidsgevoel uit krag van die kerk se "karakter" of erediensstyl baie belangrik, soos gesien kan word in `n aantal Sinodale besluite (45:1992; 12:1998; 33:2000; 43:2004) waarna reeds in par. 1.2.1 hierbo verwys is.

Basden (1999) neem vier "aanbiddingstyle" onder die loep en elk hiervan word vervolgens kortliks bespreek:

#### 3.3.1.4.1 Die liturgiese styl

Hierdie styl hoort volgens Hendriks (1992:14) tuis by die instituutmodel van die kerk wat van 1550 tot 1950 die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) oorheers het. By die liturgiese styl oorheers die kultus, liturgiese handelinge en die simbole van sakramentsbediening. Die altaar waar al die liturgiese handelinge uitgevoer word, staan sentraal in die gebou se uitleg en die mis of eucharistie word elke Sondag bedien. Die liturgie het 'n vaste, statige orde en die prediking is kognitief, lerend en met 'n sterk proklamerende, nie-konfronterende aard. Die hermeneutiese

denkraamwerk is gemik op die handhawing van die kerklike instituut (Hendriks 1992:17).

#### 3.3.1.4.2 Die tradisionele of gereformeerde styl

Hierdie styl is kenmerkend van die Reformasie en is minder formeel as die liturgiese styl. Jonker (1994:29) toon aan hoe die Reformasie die kerk verander het deur die Woord van God en die verkondiging daarvan as basis vir die bestaan van die kerk te aanvaar. Dit het die kerk in elke opsig hervorm en die hele karakter van die kerk is daardeur verander. Die kultiese gewaad van die RKK in die Middeleeue het van die kerk afgeval, die altaar het plek gemaak vir die preekstoel en die Nagmaalstafel en doopvont is statiese liturgie in gereformeerde kerke (Coetzee 2009:4). Die priester het plek gemaak vir die bedienaar van die Woord van God. Die rituele het plek gemaak vir lerende en verduidelikende prediking van die Woord en vir lofsang deur die gemeente (Hendriks 1992:22). Die kerkgebou het verander van ’n donker bewierookte tempel na die vergaderplek van die vrolike huisgesin van die geloof: dit alles omdat die groot ontdekking in die Skrif gemaak is dat Christus die heil volkome vir sy kerk bewerk het.

#### 3.3.1.4.3 Die opwekking- of “revivalist”-styl

Hierdie styl vir erediens is volgens Basden (1999:36) gebore uit die Groot Ontwakings waarin derduisende siele gered en lewens radikaal verander is. Eredienste is gekenmerk deur ’n groter mate van informaliteit, uitgelatenheid, ywer en aggressiewe prediking as in die liturgiese of tradisionele/gereformeerde style. In hierdie styl is die mikpunt en vernaamste doel om verlore sondaars na ’n

genadige God te laat keer. Die opgewekte luim van die erediens het ’n direkte impak op die wil en die emosies van mense sodat mense as’t ware die teenwoordigheid van die Here kan beleef in die erediens. Alhoewel dit anti-liturgies is, is die orde van die erediens steeds goed beplan en gestruktureerd.

#### 3.3.1.4.4 Die lof- en aanbiddingstyl

Basden (1999:37) beskryf hierdie styl as: “Pentecostal, upbeat, loud and informal.” Die gehoor wil in hierdie styl die onmiddellike “teenwoordigheid van die Here” beleef en gee baie ekspressief uiting aan hulle emosies met liggaamsbewegings tydens sogenaamde “lofprysing”. Dit sluit ook dikwels charismatiese tendense soos die spreek in tale, uitleg van tale, die uitdryf van duiwels en “val in die Gees” in.

Die tipiese aanbiddingstyl wat in die EGK figureer en wat heel moontlik as ’n evangelies-gereformeerde styl beskryf sou kon word, is ’n kombinasie van die tradisionele en opwekkingstyl. Die prediking sou eerder neig na die opwekkingstyl wat as aggressief en op die man af beskryf word en wat daarop gemik is om verlore sondaars na God te trek. Die res van die liturgie neig weer eerder na die gereformeerde styl en word nie gekenmerk deur die informaliteit en uitgelatenheid van die opwekkingstyl nie.

## 3.3.2 Die kerugmatiese funksie

Die amptelike en openbare verkondiging van die verbondstigtende Woord (*kerugma*) is volgens De Klerk (1985:62) die wil van God en die kerk is onlosmaaklik vir alle tye daaraan verbind. Die Reformasie, met sy oorsprong by

Ulrich Zwingli, begin volgens Jonker (1994:29), White (1989:60) en Shelley (1995:249) juis by ’n verskuiwing van klem, weg van die mis wat die erediens oorheers het, na die prediking van Bybelse boodskappe. ’n Konstante ontmoeting met die Skrif het die burgers van Zürich oorstroom waar Zwingli veertien keer per week gepreek het. MacArthur (1996:49) verwys na die Reformasie, wat die geloof van die mense herstel het, en voer aan dat dit geïnisieer is deur ’n herlewing in Bybelse prediking deur groot Reformatore soos Luther, Calvyn, Zwingli en Knox. ’n Jong man genaamd Thomas Platter in Zwingli se gemeente het by geleentheid gesê dat dit vir hom gevoel het of hy aan sy hare opgetel word toe hy hoor hoe `n sekere lang verwaarloosde Bybelboek verduidelik word (Shelley 1995:249). Geisler en Nix (1996:119) noem Zwingli en Calvyn die stigters van die evangelies-gereformeerde tradisie in die Reformasie. White (1989:61) voer aan hoe die gehoor van Zwingli deur die konstante aanraking met die Skrif gevorm is tot ’n Bybelse piëteit.

Die *kerugma* is verder verstewig in die Reformasie deur die verwydering van beeldeverering en Maria-aanbidding wat deur Rooms-Katolisisme beslag gekry het in die erediens. Verder is musiek vir ’n wyle geheel en al gestaak om plek te maak vir woordbediening en gebed in die erediens. Daar is selfs opdrag gegee om alle pyporrels uit kerke te verwyder (White 1989:62). White bied stof tot nadenke as hy twee redes aanvoer vir die staking van musiek in die erediens: eerstens was dit ter wille van gehoorsaamheid aan die Skrif en tweedens om plek te maak vir gebed in die erediens – dalk ’n baie nodige offer om te bring in daardie tyd.

### 3.3.3 Die pastorale funksie (*parakalein*)

Jonker (1994:9) beweer dat onderrig nie net deur die prediking in die erediens geskied nie, maar ook in die diens van die Woord in pastoraat en kategese. Voorts beslaan die bediening van die Woord ook die persoonlike en gespreksmatige toewending tot die enkeling (De Klerk 1985:62-63). Die Griekse woord wat hier te sprake is, is die woord παρακαλέω en wat saamgestel is uit die voorsetsel παρα (langsaan) en καλέω (roep). In die parakletiese funksie gaan dit vir De Klerk altyd om uit die verbondsgenade, beloftes en eise op ’n intieme wyse by die individu tuis te bring.

Die Reformasie is gebore uit die Woord en wou niks anders as kerk van die Woord wees nie (Jonker 1994:29). Die wyse waarop en die gesindheid waarmee ’n prediker die Woord van God in die gemeente hanteer, kan ’n gemeente maak of breek, hetsy *kerugma*, *didaché* of *paraklese*. In ’n huldeblyk aan wyle prof. J.C.G. Kotzé, verwys Kotzé (1981:66-67) na aksente wat prof. Kotzé op die prediking geplaas het en wat sy prediking so dinamies en effektief gemaak het. In sy homiletieklesings het hy enersyds klem gelê op dinge waarteen gewaak moes word in die prediking en andersyds op aksente wat in die prediking uitgeleef moes word. Hy het byvoorbeeld gewaarsku dat prediking nooit harde, formalistiese pligpleging moes wees nie, dat dit nooit ’n lesing oor ’n onderwerp, ’n gedramatiseerde vertelling of ’n estetiese voordrag moes wees nie. Prediking moes volgens hom nie ’n soort lopende kommentaar op die gebeure van die tyd wees of die afvuur van ’n sarsie Bybelse koeëls in die hoop dat een êrens sou tref nie. Dit mog ook nie ’n opstel wees wat soos ’n koue notariële akte afgelees word nie. Prediking was vir prof. Kotzé ’n gawe uit die hand van God, spreke oor die

lewende God, verkondiging, vertolking, wegaanwysing, die uitleg en toepassing van die heilige Skrifte. ’n Prediker wat deur moedeloosheid en negatiwiteit oorval word, sal nie die Woord van God kan verkondig soos dit gedoen behoort te word nie en dit kan ’n baie stremmende, negatiewe uitwerking op die gemeente hê.

### 3.3.4 Die onderrigtende funksie (*didaché*)

*Didaché* as uitleg, onderrig of lering is eweneens belangrik in die prediking van die Woord. Dit is immers deur die onvervalste melk van die Woord dat die gemeente opgroei (I Pet. 2:2). Die vroegste gemeentes het hierdie waarheid omhels en so lees ’n mens van die eerste gemeente in Jerusalem wat volhard het in die leer van die apostels (Hand. 2:42). In hierdie verband verklaar MacArthur (1996:79) dat die gemeente in Jerusalem waarlik kerk was, niks meer nie en niks minder nie. MacArthur kom tot die logiese slotsom dat niks buite die lewende Here Jesus, die Heilige Gees en die Woord van die Here, ’n gemeente of kerk definieer nie. Hierdie gemeentes het geen kulturele elemente van sukses en geen wêreldse strategieë gehad nie, tog was hulle suksesvol in die bereiking van hulle goddelike doelwitte.

MacArthur (1996:48) voer aan dat Bybelse prediking in twee Griekse woorde opgesom kan word, naamlik *kerugma* en *didaché*:

- κήρυγμα afgelei van die werkwoord κηρύσσω wat volgens Louw en Nida (1989: 1-416) die volgende beteken: “to publicly announce religious truths and principles while urging acceptance and compliance – ‘to preach’.” Dit dui dus kortom op verkondiging.

- διδαχή wat volgens Louw en Nida (1989: 1-412) beteken: “to provide instruction in a formal or informal setting – ‘to teach, teaching’.” Dit dui weer op onderrig.

Die *kerugma* soos in par. 3.3.2 hierbo beskryf, sou volgens Heyns (1981:374) tuishoort by die kerk se verhouding na buite, dus by sy maatskaplike of diensfunksie. Hierteenoor sal die *didaché* volgens Heyns (1981:374) meer tuishoort by die kerk verhouding met homself, dus sy gemeenskapsfunksie.

Volgens MacArthur (1996:48) behoort die verkondigingstaak van die kerk na binne en buite ten minste die volgende vyf elemente te bevat:

- Dat Christus as vervulling van Ou Testamentiese profesieë gekom het.
- Dat Christus gekom het as God wat vlees geword het.
- Dit moet fokus op die lewe en werk van Christus, in besonder sy dood aan die kruis en sy opstanding.
- Dit moet die wederkoms van Christus insluit.
- Dit moet verklaar dat verlossing alleen ’n sondaar se deel kan word deur geloof in die soenverdienste van Christus en dat diegene wat Christus verwerp vir ewig verlore sal gaan.

Dit is immers die tydlose evangelie van Christus wat aan die kerk toevertrou is om te verkondig. MacArthur (1996:79) huldig die standpunt dat die kerk vandag ook effektief kan en behoort te wees in die bereiking van verlore sondaars deur eenvoudig getrou te wees aan dié dinge waaraan die eerste gemeentes getrou was.

Dit is ook nie sonder rede nie dat die apostel Petrus die jong gelowiges vermaan om sterk te verlang, soos pasgebore kindertjies, na die onvervalste melk van die Woord waardeur hulle sou opgroei (I Pet. 2:2). Deur die Woord van die Here vind daar reiniging plaas (Joh. 15:3; Ef. 5:26), deur die Woord werk die Heilige Gees geloof in menseharte (Rom. 10:17). Die Heilige Gees gebruik ook die Woord om die wedergeboorte in 'n verlore sondaar se hart te bewerk (I Pet. 1:23). Die Woord is inderdaad lewend, kragtig en skerper as 'n tweesnydende swaard (Heb. 4:12) en nou het die Here sy Woord aan die kerk toevertrou om dit met oortuiging te verkondig.

### 3.3.5 Die koinoniale funksie (*koinonia*)

Gelowiges vorm 'n Koninklike Priesterdom (I Pet. 2:9) wat deur die Koning van die Konings, Christus Jesus, aan God en aan mekaar verbind is as Liggaam van Christus. Die verbondsverhouding word nogmaals treffend geïllustreer in hierdie metafoor. Hierdie verbintenis van die gelowiges aan God en aan mekaar vind gestalte in die gemeente deur die *koinonia* (gemeenskap) met die klem op dit wat gelowiges deel ("sharing") (Enns 1997:354).

Nel (1994:40) ondersoek die gemeente as dienende gemeenskap in navolging van Christus en kom tot die slotsom dat die diens waartoe die gemeente opgebou moet word, 'n sterk pastorale en koinoniale karakter moet dra. In Christus en deur Christus is gelowiges deur die Heilige Gees aan mekaar verbonde in en tot een liggaam. So vloei alle pastorale versorging en sorg vir mekaar in die gemeente vanuit Christus se Herderskap. Die mens wat in Christus is, word opgeneem in 'n nuwe dissipelgemeenskap waarbinne hy uit sy eensaamheid verlos word en waaruit menseverhoudinge opnuut sinvol word.

Packer (1994:104) wys op die noue verband wat daar tussen κοινωνία en ἀγάπη bestaan en omskryf ἀγάπη baie treffend soos volg: “Agape in Scripture is more than sweet talk or sweet smiles; its measure is the evil that you avoid inflicting, and the good you go out of your way to give.” Hy beklemtoon dat alles wat gelowiges van God as ’n gawe ontvang het, bedoel is om in *koinonia* met ander gedeel te word en nie in selfsug opgestapel te word nie.

So verhaal Handelinge 2:42 dat die vroeë kerk onder andere *koinonia* beoefen het deur die breking van brood en gebed (Enns 1997:354). Die breking van brood het bestaan uit die eet van ’n *koinonia*-ete, genoem die liefdesmaal, wat gevolg is deur die Nagmaal. Die vroeë kerk het ook in hulle *koinonia* groot klem gelê op gesamentlike gebed (Hand. 4:24-31, 12:5, 12; Fil. 1:3-4). *Koinonia* het voorts vir die vroeë kerk mededeelsaamheid beteken (Hand. 2:44-47) en beklemtoon volgens Enns (1997:354) die feit dat Christene in Christus deel aan mekaar het en bymekaar hoort. Hierdie *koinonia* met mekaar vloei uit die gelowige se *koinonia* met Christus (I Kor. 1:9). Dit word treffend geïllustreer deur die wyse waarop die woord “mekaar” in die sendbriewe gebruik word. Nel (1994:42) praat van die “neem-en-gee”-karakter van *koinonia* wat in ’n kreatiewe spanning tot mekaar staan en wys ook hoe die begrip “deel” of “saam met” sentraal staan in die Bybelse beskouing van *koinonia*. Hy wys na voorbeelde soos “saam gekruisig wees, saam sterwe, saam lewe, saam erf, saam ly, saam verheerlik, saam heers” (Rom. 6, 8, 11; 2 Kor. 1; Fil. 1 & 2).

Die gemeente van Filippense het bewys hoe belangrik Bybelse *koinonia* vir hulle was deur aan die apostel Paulus ’n geskenk in die gevangenis te stuur en sodoende *koinonia* te hê in sy verdrukking (Fil. 4:10-14). In hierdie verband wys

Zuck (1994:329) daarop dat: “They fellowshiped with him by participating in his ministry through this concrete expression of love and concern” – `n verdere bewys van die “gee”-karakter van *koinonia*.

Op ’n meer praktiese noot getuig Shelly (1997:25) hoe die woord *koinonia* vir hom in die praktyk lewendig geraak en tot hom deurgedring het in die gemeentebediening by die aanhoor van die volgende woorde van Christus: “’n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34). Hy vertel dat hy aangegryp is deur ’n eenvoudige stelling in Markus 3:14, naamlik dat Jesus die twaalf aangestel (verorden) het om saam met Hom te wees en hoe die woordjie “saam met” daardeur vir hom ontsaglike betekenis gekry het.

*Diakonia* (diens) vloei voort uit gesonde *koinonia* en pastorale versorging en is tegelyk deel van albei; dus, om versorgend binne en buite die gemeenskap van die gelowiges betrokke te wees, is opsig sélf reeds *diakonia* (Nel 1994:40). Wood en Marshall (1996:262) wys hoe *diakonia* deel van die hele gemeente is, maar parallel met profesie en regering ook een van die besondere gawes is (Rom. 12:7; I Pet. 4:11). Daarom, terwyl dit in besonder die taak is van die diakens om diens te lewer na binne en buite, is dit tegelykertyd die taak van die hele gemeente. Nel (1994:36) vestig die aandag op die verkeerde geneigdheid in die kerk om *diakonia* te verskraal tot dade van barmhartigheid terwyl die begrip *diakonia* ’n baie meer omvattende beskrywing is. *Diakonia* het naamlik volgens Nel ontwikkel tot die karaktertrek van ’n liefdevolle aktiwiteit wat uit liefde vir God en tot voordeel van die naaste gedoen word. In hierdie verband word dit liefdesdiens genoem en word *diakonia* ’n dryfkrag in die gemeente wat die organisme van die liggaam van Christus geheel en al bepaal. Die gevolg van hierdie beskouing van *diakonia* is

dat die Christelike gemeenskap gesien word as ’n lewende instrument van diens of, anders gestel, ’n diensorganisme in die wêreld.

Met inagneming van die voorgaande is die diens wat gelewer word deur die beoefening van *diakonia* in die gemeente in wese diens aan Christus self. In 2 Korintiërs 8:3-4 verhaal die apostel Paulus hoe die gemeentes in Macedonië bo hulle vermoë gewillig was om “te deel in die diensbetoning” (κοινωνίαν τῆς διακονίας). Hieruit kan gesien word hoe *koinonia* en *diakonia* hand aan hand gaan. Hierdie bediening om te voorsien in die fisiese behoeftes van die gemeente in Jerusalem was volgens MacArthur (1991:203) ’n vorm van geestelike diens en daarom diens aan Christus. Dit is ook waarom die Here Jesus in Matteus 25:40 die volgende woorde sou spreek: “... vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.”

Kinders van die Here wat opgeneem is in die gesonde gemeenskap van die gelowiges – wat in daardie besondere ruimte pastoraal versorg word en wat self deelneem aan die onderlinge versorging van mekaar – behoort dan volgens Nel (1994:44) logieserwys uit hierdie gemeenskap buite die kring diens te lewer.

### 3.3.6 Die kubernetiese funksie

Die woord kubernetiek is afgelei van die Griekse woord κυβέρνησις (regeringe) in I Korintiërs 12:28. Volgens Louw en Nida (1989:465) beteken dit “om leiding te gee; administrasie; om ’n skip te stuur”. Kubernetiek is dus ’n subdissipline in die praktiese teologie wat te doen het met gemeentebestuur. In ag genome dat die ontluikende idee van kerkwees gekant is teen organisasie en strukture en eerder net fokus op gemeenskap en netwerke (Niemandt 2007:29), word dit belangrik

geag om ondersoek in te stel na die Skriftuurlike beskouing van gemeentebestuur. Getz (1974:33) beskou dit as 'n gegewe dat daar vorm en struktuur moet wees waar mense aktief besig is om in verskillende rolle te funksioneer – dit kan nie anders wees nie. Die siening van Niemandt (2007:29) dat daar hedendaags kerke is wat hulle hele manier van organisasie en bestuur bou op die sogenaamde chaosteorie, wek groot kommer, aangesien God in sy persoon algeheel anti-chaos is. Wanneer gekyk word wat in die praktyk besig is om in die kerk te gebeur, blyk dit asof hierdie tendens reeds posgevat het. Reeds in Genesis 1 kan gesien word dat God in die skepping chaos (die aarde wat woes en leeg was) in orde omskep het en vandag getuig die hele natuur steeds van God se orde – die sondeval ten spyt. Dit is 'n feit dat die voorstanders van die ontluikende paradigma ook nie meer heeltemal in die Skriftuurlike skeppingsleer glo nie. Hulle praat eerder wêreldse, humanistiese wetenskaplikes na wat glo dat die skepping ook ooreenkomstig die chaosteorie ontstaan het (Niemandt 2007:28). Dit blyk dat die vertrekpunt verskuif het van die Skeppergod wat alles meesterlik deur sy Woord in wording geroep het, na Darwin se evolusieteorie wat glo aan die toevallige ontstaan van alles uit 'n toestand van chaos.

Wat die gemeente van God betref het die apostel Paulus dit nodig geag om I Korintiërs 14, waar riglyne vir die erediens gegee word, af te sluit met die woorde: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan". `n Mens kan maar net kyk hoe huwelike en gesinne verbrokkel omdat die ordelike plan en doel van God daarmee laat vaar is en dit ook maar volgens die chaosteorie begin funksioneer het. Dit is oor en oor in die geskiedenis bewys dat enige verandering aan God se volmaakte plan misvorming meebring.

### 3.3.6.1 Die gevaar van institusionalisme

Moontlik is die beweging van die kerk in die rigting van bestuur deur die sogenaamde chaosteorie die teenpool of teenreaksie op institusionalisme en burokrasie waarvan die simptome soos volg deur Getz (1974:252) beskryf word:

- Vorm en struktuur word belangriker as die mense waaruit die organisasie bestaan.
- Mense begin motories funksioneer soos die ratte in ’n masjien.
- Individualiteit en kreatiwiteit raak verlore in die strukturele massa.
- Die atmosfeer in die organisasie raak dreigend, eerder as oop en vry; mense is bang om vrae te vra en funksioneer soos robotte.
- Die strukturele samestelling in die organisasie word rigied en onbuigbaar.
- Mense dien die organisasie eerder as die doelwitte waarvoor die organisasie aanvanklik in die lewe geroep is en middele tot die doel word die doel op sigself.
- Kommunikasie word vernietig, veral as gevolg van die onderdrukkende atmosfeer en baie rompslomp in die organisasie.
- Mense word gevangenes van prosedures, die beleidshandleiding en die reëlboek word alewig bygewerk en daar is nie ruimte vir nuwe, innoverende idees nie.
- Ten einde te oorleef in die koue struktuur, ontwikkel mense hul eie spesiale belange in die organisasie waaruit kompeterende departemente en afdelings ontstaan.
- Die moraal van mense in die struktuur taan, mense verloor hul inisiatief, hulle word ontmoedig en raak dikwels krities teenoor die organisasie as geheel en veral teen die leiers van die organisasie.

- Soos wat ’n organisasie met tydsverloop groei, versnel die proses van institusionalisme dikwels. ’n Hiërargie van leiers ontwikkel wat die probleme in die organisasie van bo na onder en van onder na bo vergroot. Mense in die middel en onder in die struktuur verloor belangstelling omdat hulle voel hulle insette is nie waardevol vir die organisasie nie.

### 3.3.6.2 ’n Skriftuurlike evaluering van gesagstrukture

Die kerk van Christus hoef nie terug te deins om van ’n gesagstruktuur te praat in die moderne anti-gesagsamelewing nie. Gesag het in wese nie die negatiewe konnotasie wat dit die afgelope tyd verkry het nie. Dit moet uiteraard altyd met God verbind word, anders het selfs gesag die potensiaal tot chaos. Die volgende is belangrik om op te let:

- **Eerstens** het die mens afgeleide gesag en kan dus nie onafhanklik of eiesinnig handel of oor ander beskik nie. Die gesag wat Christus aan sy kerk gegee het is oorgedra, nie afgestaan nie. Krüger (1993:56) toon in hierdie verband aan dat die Hoof en die liggaam saamwerk as ’n organiese eenheid waarin die liggaam groei tot volwassenheid in Christus. Hy wys daarop dat die beheer in ’n organisme nooit afgewentel word nie, maar deur die Hoof behou word. Die gesag wat Christus dus aan die leiers in die kerk oorgedra het, dra pertinent die aspek van rentmeesterskap, waarin die gesagdraer altyd rekenskap moet doen, veral teenoor God (Matt. 28:18-20; Joh. 17:18; Tit. 1:5 & 7).
- **Tweedens** is die begrip outoriteit afgelei van die Latynse woord *auctor*, afkomstig van die werkwoord *augeo* wat "vermeerder", "laat groei" beteken (Janson 1996:146). Iemand met gesag en outoriteit is dus verantwoordelik om die ander se groei tot volwassenheid te bevorder en nie te verhinder nie!

> Dit staan in skrille kontras met die gesag wat in institusionalisme of burokrasie figureer. Geen wonder dat die mens dit wou afgooi waar dit misbruik is nie. Die mag wat die mens vir homself toe-eien is nooit bevrydend nie, maar altyd verslawend, terwyl herderskap uit die Opperherder altyd bevrydend is.

Dit is juis in hierdie verband dat Hanekom (1964:152) Calvyn se gereformeerde Christo-kratiese kerkbegrip teenoor Rome se ecclesio-kratiese kerkbegrip stel. Die gemeente het slegs een Hoof, naamlik Christus, en daarom kan die gemeente nooit die eiendom van menslike leierskap wees nie (Nel 1994:60). As Christus waarlik deur die leiers regeer wat in die kerk heerskappy voer, sal die kerk nie maklik in institusionalisme kan verval nie en beslis ook nie oorgee aan ’n regeringstelsel wat deur ’n wêreldse chaosteorie gedryf word nie. Dit is juis wanneer Christus se heerskappy oor die gemeente verwater dat die aardse, sigbare, institusionalistiese leierskap na vore tree met rampspoedige gevolge. As die heerskappy van Christus egter lewend gevestig is en gehandhaaf word, behoort leierskap en struktuur hoegenaamd nie hinderlik te wees nie, maar eerder opbouend en verrykend.

Handelinge 20:17-38 toon aan dat die woorde ouderlinge (vers 17: πρεσβυτέρους) en opsieners (vers 28: ἐπισκόπους) wisselbaar gebruik word en dat albei die pastorale versorging (vers 28: ποιμαίνειν) van God se kudde moet behartig (Dever 2005:132). Daarom moet die ouderlinge deurdrenk wees deur die wete dat Christus die lewende Here en Hoof van sy gemeente is. Skriftuurlik beskou is Christus tegelyk die versorgende en die regerende Hoof van sy kerk (Nel 1994:60, 61). Hy stel Homself in Johannes 10 voor as die goeie Herder wat gekom het om sy kudde te voed en dan beveel hy die apostel Petrus kort voor sy hemelvaart drie keer om sy kudde te versorg (Joh. 21:15-17). Nel (1994:61)

beweer tereg: “Elke leier wat deelneem aan en deel gee aan die sorg van die versorgende Hoof, is geroep om deel te neem aan die regering van die enigste Hoof in die gemeente, Jesus Christus die Here.” Dit is hieruit duidelik dat die leiers van die kerk namens Christus versorgend en regerend moet optree. Die klagte het al menigmaal op gemeentelike vlak na kerkraadslede gekom dat hulle net die kerkbanke volsit met hulle swart pakke en wit dasse en verder vergaderings bywoon. Dit blyk ook dat daar vandag min kerkraadslede is wat weet hoe en nog minder wat toegerus word om herderlik sorgsaam die verantwoordelikheid van lede op hulleself te neem en betrokke te raak by die groei en ontwikkeling van lidmate volgens 2 Timoteus 2:2 (Dever 2005:137). So gaan gemeentes mank aan sorg en kan hulle nie groei nie omdat lidmate, naas ondervoeding, ook soos verwaarloosde kinders lewe. In plaas van ’n groeiruimte te wees, gedy verwaarlosing, twis en tweedrag.

Getz (1974:210-213) bespreek Nuwe Testamentiese beginsels vir kerkorganisasies en sonder twee vrae uit wat deurgaans beantwoord moet word:

- Funksioneer die kerk werklik volgens Nuwe Testamentiese beginsels waarin Christus die geleentheid kry om die kerk deur die leiers te regeer, naamlik sorgend en besturend met die oog op groei?
- Bereik die kerk Nuwe Testamentiese doelwitte?

Dit is heel interessant om daarop te let dat die Nuwe Testamentiese kerk nie net georganiseer het ter wille van organisasie nie, maar dat die kerk telkens georganiseer het om ’n behoefte te vervul. Of dit was om na weduwees se behoeftes om te sien (Hand. 6) en of dit was om antwoorde te soek vir teologiese kwessies (Hand. 15), die doel van organisasie was om ’n behoefte aan te spreek.

Dieselfde beginsel word telkens in die Ou Testament aangetref en as voorbeeld kan die verhaal van Moses in die woestyn gebruik word. Toe die behoefte ontstaan om hulp te kry met die organisering van die volk in die woestyn het Moses se skoonvader aan hom die wyse raad gegee om bekwame manne uit die volk te kies en hulle as stamhoofde aan te stel (Ex. 18:25). Ook het Nehemia na aanleiding van die behoefte strukture daargestel om die mure van Jerusalem te herbou (Neh. 3).

Verder is dit belangrik om die strukture in die kerk by heersende behoeftes te kan aanpas. Wanneer ’n struktuur nie meer die behoeftes van die kerk of gemeente dien nie, moet daar ruimte wees om dit aan te pas. As voorbeeld kan weer gekyk word na die volk in die woestyn. Die strukture wat in die woestyn daargestel is vir die volk wat trek, het verander toe hulle die land binnegetrek en hulle gevestig het (Getz 1974:210-212).

’n Mens kan nie help om te wonder of die “Emerging Church” se organisasie wat op die chaosteorie gebaseer is, moontlik ’n reaksie teen institusionalisme in die kerk is nie. Dit noop kerkleiers om seker te maak dat die organisatoriese strukture waarlik Bybels gefundeer is en dat die Kerk in die ware Hoof geanker is en sy wil uitvoer.

Richards en Hoeldtke (1980:284) sluit by Getz aan waar hulle die stelling maak dat organisatoriese vorm in die kerk die lewe in Christus se liggaam moet ondersteun en nie bloot ’n institusie aan die lewe moet hou nie. Die primêre doel van liggaams-gesentreerde organisasie is volgens Richards en Hoeldtke (1980:288) die daarstelling van ’n gemeenskap (herderskap). Die fokus is nie op die uitvoering van take nie, maar op die verhouding van die leiers tot die liggaam

en van die lede in die liggaam teenoor mekaar. Dit is so dat daar by lidmate uit gereformeerde kerke 'n al groter wordende negatiewe houding teen burokratiese en institusionele maatreëls bestaan, juis omdat die kerk besig is om weg te beweeg van die herder-kudde-model na die liggaamsmodel (Hendriks 1992:113). Die vraag is net of dit nie juis in gemeentebestuur soos pas bespreek is, dat hierdie twee modelle mekaar kan ontmoet en aanvullend met mekaar in verband gebring kan word, eerder as dat die twee modelle in die Skrif teenoor mekaar gestel word nie. Petrus vermaan die ouderlinge om as herders toesig te hou oor die kudde van God wat onder hulle is (I Pet. 5:2). Hulle moet dit nie doen omdat hulle gedwing word nie, maar hulle moet dit van harte en goedwillig doen, ook nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid. Dan sê Petrus uitdruklik vir die ouderlinge dat hulle nie as heersers oor die erfdeel aangestel is nie (dit wil sê nie as burokrate nie), maar as voorbeelde vir die kudde (I Pet. 5:2-3). Die ou waarheid van Christus wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien, geld as uitmuntende voorbeeld vir kerkbestuur. Die herder-kudde-model het juis te doen met die bestuur en versorging van die kerk terwyl die liggaamsmodel te doen het met die funksionering van die kerk onderling. Hoe kan daar enigsins sprake wees van die een sonder die ander?

In ag genome die voorgaande moet die leiers in die kerk waak om nooit magsbehep te raak nie, aangesien mag en magsmisbruik die kerk in die geskiedenis gelei het tot die mees bedenklike gebeure. Dit gebeur vanself waar die Hoof nie meer die heerskappy voer nie. As voorbeelde kan die kruistogte en die wrede vervolging van mense met afwykende oortuigings genoem word (Kuiper 1964:116-122, 144-146, 235-246; D'Assonville 1992:83-88). Magsbeheptheid lê ligjare weg van die kern van die Evangelie af en die teenpool daarvan word

geïllustreer deur die magsontlediging van Christus in Filippense 2:5-11 (Louw 1999:281; Nel 1994:61).

Kerkleiers is deur Christus daargestel om toe te sien dat die liggaam van Christus geestelik gesond is en dat die kudde gevoed is.  Die boot moet godwaarts gestuur word.

## 3.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is ’n prakties-teologiese ekklesiologie met die Verbond as paradigma (in die sin van ’n vertrekpunt) as die eerste deel van die basisteorie ontwerp.  Vanuit ’n prakties-teologiese perspektief werk dit veral met twee standpunte, naamlik die kommunikatiewe perspektief en die klassieke teologiese funksies van die kerk (Pieterse 1993:158).  Ten opsigte van die kommunikatiewe perspektief is bevind dat God op grond van die verbond na mense toe kom deur sy Woord waarin Hy die pastorale handelinge in diens stel.  In hierdie heilshandelinge is God die Inisieerder – Hy roep die gemeente in die erediens op tot innige gemeenskap (*koinonia*) met Hom deur die verkondiging van sy Woord. Hy doen dit onder die leiding van en die bekragtiging deur die Gees en die gemeente met mekaar in hulle verbondenheid deur die Heilige Gees aan Hom en derhalwe ook aan mekaar.  In die erediens kom die besondere verhouding tussen God en die gemeente tot sy reg.

Die integriteit van hierdie verhouding mag nie skade ly nie en in enige besinning oor vernuwing sal hierdie behoudendheid in verantwoordelikheid teenoor God en die gemeente as die bepalende faktor beskou moet word.  Enigiets wat die verkondiging van die Woord en die innige verbondenheid van die gemeente in en

deur die Heilige Gees kan skaad, moet met die besef van die waarde en die erns van die integriteit van die gemeente weerstaan word. Enige en elke vorm van besinning oor vernuwing moet bepaal word deur die behoud van dit waarin God geëer word.

Die kerk is ’n vergadering van ware gelowiges – mense wie se saligheid in die versoeningswerk van Christus geanker is en wat uit God gebore is, dit wil sê kinders van God. As vergadering van God se kinders, beleef gelowiges intieme gemeenskap met die Vader, die Seun en Heilige Gees en met mekaar onderling. Deur hulle verbintenis aan die herrese Christus is die gelowiges so met Hom verenig dat hulle ’n vergestalting van sy karakter en gesindheid in die wêreld word – ’n wêreld wat in die mag van Satan lê (I Joh. 5:19).

Die verbondsverhouding van God met sy gemeente vind uitdrukking in ’n verskeidenheid van Skriftuurlike metafore. Vier daarvan is bespreek: die kerk is eerstens die liggaam van Christus waarin en waardeur die **funksie** van die kerk uitdrukking vind. Die lede van die liggaam is as ’n organiese eenheid verantwoordelik aan die enigste Hoof, Jesus Christus. Hierdie metafoor toon ook aan dat die lede in die liggaam onderling aan mekaar verbind is en gesamentlik verantwoordelik is vir die opbouing van die liggaam tot volwassenheid. Omdat Christus die Hoof van die Kerk is, is tot die slotsom geraak dat die kerk nie in die eerste plek ’n instituut is nie, maar ’n lewende organisme waarin die lede van hierdie organisme nooit in ’n verhouding van meerdere teenoor mindere gestel word nie. Elkeen van die lede is ewe belangrik vir die gesonde funksionering van die organisme as geheel tot eer en verheerliking van Christus, die Hoof.

Die kerk is ook bruid met Christus as Bruidegom en die posisie wat die bruid in haar Bruidegom beklee is metafories uitstaande. Vanuit hierdie posisie geniet die bruid die oneindige en selfopofferende liefde van Christus en sy is besig om haarself voor te berei vir die koms van die Bruidegom wanneer die beloftes wat Hy aan die bruid gemaak het volkome vervul sal word. Die bruid moet haarself rein bewaar vir die Bruidegom en moet onkreukbaar getrou aan Hom wees met wederliefde in gehoorsaamheid aan die Woord. As sodanig betrek dit die **kommunikatiewe** aspek van kerk-wees.

Verder is die kerk soos lote in Christus, die wynstok. Soos elke loot uit die wynstok groei, ontvang elke gelowige die ewige lewe uit Christus en vervolgens deel Hy aan die kerk sy lewe mee soos wat die wynstok die lote voed. Hieruit kom die **vrug** van die kerk na vore, daarom kan die kerk nie na mensgemaakte resultate strewe nie, maar moet na goddelike seën en vrug smag.

Die herder-kudde-metafoor dui op Christus die Opperherder wat tegelyk versorgend, leidend en regerend oor sy kerk toesig hou. Hierdie liefdestaak is toevertrou aan die ouderlinge om as herders die **versorging** van die kudde van die Here uit te voer.

Vanuit hierdie metafore vloei die pastorale diensfunksies van die kerk en De Klerk (1985) se ses diensfunksies is bespreek vir die daarstelling van 'n prakties-teologiese ekklesiologie. In hierdie funksies antwoord die kerk op die besondere verbondsverhouding wat God met sy kerk het, daarom moet die kerk in verantwoordelikheid beantwoord aan wat dit as begenadigde verbond-ontvanger is.

De Klerk (1985:62-63) se ses pastorale funksies kan as die belangrikste komponente van die gemeentebediening kragtens God se verbond met die gemeente beskou word. Hierdie funksies staan ook bekend as die kommunikatiewe handelinge in diens van die gemeente. Wanneer hierdie handelinge op 'n gehoorsame en besielende wyse in die gemeente tot hulle reg kom, dan vind daar voortdurend gesonde Bybelse vernuwing in die gemeente plaas. Logies beskou beteken dit derhalwe dat indien vernuwing nie plaasgevind het nie, hierdie handelinge die werkruimte afbaken waarbinne vernuwing as noodsaaklik beskou sou kon word en waarbinne vernuwing deur die werking van die Here bewerkstellig kan word. Saamgevat behels die handelinge die volgende:

- Die ***leitourgia*** wat die aanbidding in die erediens behels: dit is bepaald 'n gemeentelike handeling.
- In die ***kerugma*** kom die Woordverkondiging tot sy reg en dit sluit veral ook die pastoraal-bemoedigende (parakletiese) en onderrigtende (didaktiese) aspekte in. Die volle verkondiging is dan beide na binne en buite die gemeente gerig.
- In die ***koinonia*** bestaan en gedy die onderlinge verbondenheid van en ondersteuning deur lidmate aan mekaar.
- Deur die **kubernetiese** handeling fungeer Christus as Hoof van sy kerk versorgend en regerend in die kerk. In die praktyk beteken dit dat Hy leiers aanstel in sorgstrukture om namens Hom die kerk op aarde te versorg. Die kerk as liggaam van Christus moet voortdurend die ordelikheid wat God kenmerk nalewe en mag nie aan die sogenaamde chaosteorie plek gee nie. Indien elkeen sou doen soos hy goeddink kan dit nie anders nie as om die plan van Christus met sy kerk te ondermyn.

### 3.4.1 Prakties-teologiese ekklesiologiese basisteorie

Vanuit en ten opsigte van die *leitourgia*, *kerugma*, *koinonia* en die kubernetiese handelinge soos dit hierbo bespreek is, kan die volgende basisteorie met die oog op 'n werkbare praktykteorie – waardeur verantwoordelike vernuwing kan realiseer – voorlopig aan die hand gedoen word. Hiervoor is beginsels wat in hierdie hoofstuk na vore kom vir die basisteorie in ag geneem.

#### 3.4.1.1 Basisteorie vir die *leitourgia*

Die gemeente is 'n vergadering van nuwe skepsels in Christus. Hy is Hoof van die gemeente waarin daar tegelyk individuele verskeidenheid en strukturele eenheid aanwesig is: 'n liggaam bestaan uit verskillende ledemate, maar is 'n onverdeelbare eenheid. In die gemeente is elke lid se verbondenheid aan die Hoof die eenheidsfaktor wat die gemeente moet kenmerk, daarom moet die samekoms en verloop van die saamwees van God se kinders die nuutheid deur die Heilige Gees en hulle eenheid in die Gees weerspieël. Dit realiseer in die gewyde ordelikheid waarmee God Drie-enig in die samekoms vereer word in elke faset van die verloop van die erediens (I Kor. 14).

Die liturgiese handeling moet nie net die eenheid weerspieël nie, maar dit ook effektief bewerkstellig. Aangesien die Nuwe Testamentiese kerk sy byeenkoms grootliks skoei op die patroon van die sinagoge-byeenkoms, moet die saambindende faktore van gebed, die Skrif (eksegese van die Woord of onderrig en toepassing van die eksegese) en sekerlik ook sang op die eer van God gerig wees.

#### 3.4.1.2 Basisteorie vir die *kerugma*

Die *kerugma* in die kerk sluit ten nouste aan by die *leitourgia* terwyl laasgenoemde inderwaarheid die terrein vir en die atmosfeer van die verkondiging van die Woord bepaal. Met inagneming van die twee sentrale fokuspunte in gereformeerdheid, te wete die gesag van God en die sentrale posisie van die Skrif (Louw 1999:233), is die verkondiging die hoogtepunt van die erediens. Daarin kom die sprekende God via sy Woord na die gemeente om hulle tot ware lewensheiligheid op te roep, aan te spoor en daarin te onderrig.

Die didaktiese funksie van die kerk (soos dit onderskeidelik in *kerugma* [na buite] en *didaché* [intern] na vore kom) is gefundeer op en berus in eksegetiese integriteit tot die Woord waarin die tydlose Evangelie van Jesus Christus tot elke prys veilig gestel moet word. Deur die prediking van die Woord – dit wil sê eksegese van die Skrif, dit wat God deur die inspirasie van die Heilige Gees laat neerskryf het en die lewensrelevante toepassing van die Woord vir die postmoderne gehoor of kerk – word die gemeente in hulle allerheiligste geloof onderrigtend gestig, versterk, vermaan en tereggewys.

#### 3.4.1.3 Basisteorie vir die *koinonia*

Die innige gemeenskap van die gelowiges as huis of gesin van God is onskeidbaar verbind aan die *leitourgia* en die *kerugma* in die gemeente. *Koinonia* realiseer nie waar en wanneer gelowiges die Here individualisties dien nie. Hiervan is die situasie in die gemeente Korinthe tydloos sprekend, want in daardie situasie kon *agape*, wat feitlik die eksklusiewe bepalende faktor vir ware *koinonia* is, nie tot sy reg kom nie.

In die basisteorie vir vernuwing ten opsigte van die *koinonia* in die gemeente, sal alles in die stryd gewerp moet word om een en elke element in die kerk waarin individualisme in selfs die geringste vorm na vore sou kom, die hoof te bied. Hierin sal die "mekaar" aspekte van kerk-wees opnuut beskryf, beklemtoon, aan herinner en toegepas moet word. In die huidige maatskaplik-sosiale situasie te lande sou dit ook beteken dat daar in en vir die welsyn van die gemeente effektiewe sorgstrukture moet wees om die tydelike nood van die lede van Christus se liggaam aan te spreek – en waarvan die gemeente in Filippi se liefdesbewys aan Paulus (vergelyk Fil. 4:10) oorvloedige bewys is.

### 3.4.1.4 Basisteorie vir die kubernetiek

Die pastorale versorging van die gemeente is nie onderhandelbaar nie. *Agape* bestaan nie in ’n beskrywing en/of ’n verklaring van gesindheid nie, maar in daadwerklike, deur die Gees-gerigte liefdesdiens. Dit is niks minder nie as die uitleef van God se liefde wat in die gemeente deur die Heilige Gees aanwesig is (Rom. 5:5) en is dus ’n sigbare, tasbare liefdesbetoning aan die Here self (Matt. 25:40).

Die pastorale "bestuur" van die gemeente is kardinaal en imperatief vir die welsyn van die gemeente. Indien hierdie bestuur kuberneties gesproke nie effektief georden is nie, kan feitlik niks anders as chaos te wagte wees nie. Dienooreenkomstig sal die kubernetiese element in die kerk voortdurend moet aanpas of vernuwe om in pas te bly met die eise van die tyd. Die ampte in die kerk kan eenvoudig nie bekostig om in ’n nuttelose institusionalisme te verval nie. Die vorm en struktuur van die gemeente moet óór die belange van die lede voorrang inneem. Verder moet die gemeente ’n "gevaarlike" plek word, waar ’n

dreigende atmosfeer sou heers indien die strukturele of institusionele organisasie nie gedien word nie. Dan word die gods*diens* "god" en die leierskapstruktuur geniet voorrang. Die hele doel van outoriteit, om te laat groei na volwassenheid en deur diensbare bestuur te vermeerder, gaan tot niet.

Verantwoorde kubernetiese vernuwing sou dan ononderhandelbare eise stel ten opsigte van die werklike bediening van die gemeente deur die ampte. Hiervoor is mense nodig wie se hart in die werk is (vergelyk Neh. 4:6) en wat met die gesindheid van die Opperherder die kudde versorg. Die verbondsindikatief moet tot realiteit in die lewe van die gemeente kom deur die nakom van die verbondsimperatiewe en hierin speel die ampte 'n bepalende rol.

# HOOFSTUK 4

# VERANTWOORDELIKE VERNUWING AS IMPERATIEF VANUIT DIE VERBONDSINDIKATIEF

## 4.1 INLEIDING

Met inagneming van die basisteorie wat voorlopig ten opsigte van die liturgie, verkondiging, gemeenskap en bestuur aangebied is, kan daar nou aandag geskenk word aan verantwoordelike vernuwing as imperatief. Die klem val op die beperkende toevoeging *verantwoordelik*, want die genoemde aspekte bevind hulle hedendaags in ’n spervuur van verskillende stemme – ’n koor van mense en groepe wat op vernuwing aandring met ’n legio menings en idees van hoe daar vernuwe moet word.

Op die webruimte http://maranata.faithweb.com word stellings oor hedendaagse vernuwing gemaak en waarvan kennis geneem moet word. Daar word genoem dat talle kerke en gemeentes met ’n heel interessante soort vernuwing besig is wat onder andere gaan oor: ’n nuwe rol vir die prediker, ’n nuwe preekstyl, ’n nuwe soort Skrifeksegese, ’n nuwe boodskap, ’n nuwe styl van gemeentelike bediening, ’n nuwe groter orkes en ’n nuwe man op die tromme. Dan is daar ’n nuwe soort kerkraad, ’n nuwe preekstoel en ’n nuwe soort jeugdiens (in die aand). Daar is ’n nuwe siening oor baie dinge soos sonde, die hel, die duiwel en Christus. Daar is selfs ’n nuwe Christus, ’n nuwe manier van bekering en ’n nuwe eindbestemming. Die probleem met die nuwe kerkmens, word op hierdie

webruimte gesê, is dat alles vernuwe behalwe die hart van die mens en dit bring ’n mens by die basiese nood: ’n terugkeer na Christus.

Daar het sedert die laat 1980's ’n legio vernuwingsbewegings in die Christelike leefwêreld tot stand gekom en dit wil voorkom asof hulle een ding in gemeen het: beginsels vir kerkgroei en mega-gemeentes (Barna 1992, 1995, 1998; Hybels & Mittelberg 1994; Hybels 2002; Schuller 2001; Wagner 1986, 1999, 2004; Warren 2005). Gilley (2005:17) noem dit markgedrewe kerkgroei en praat selfs van ’n nuwe-paradigma kerk wat ontstaan het met ’n filosofie ten opsigte van bediening wat spesifiek ontwerp is met die oog op numeriese groei.

Dat hierdie eietydse filosofie van bediening met die oog op numeriese kerkgroei ook op die EGK ’n invloed het, blyk duidelik na aanleiding van gebeure tydens die afgelope drie sinodes. By die Sinode van 2008 word besluit dat ’n kommissie aangewys sou word wat die predikante se traktement sal ondersoek en ’n voorstel sal indien om dit markverwant te maak. Die kommissie moet verslag doen aan ’n buitengewone sinodale vergadering wat belê sou word in 2009 (Sinodale besluit 22:2008). In die verslag van hierdie tydelike kommissie wat by die Sinode van 2009 ter tafel gelê is, is daar statistiek in sake negatiewe groei aan die Sinode voorgehou en is die Sinode oortuig van die benarde toestand waarin die kerk verkeer. Die kommissie het aanbeveel dat daar eers indringend aandag gegee sou moes word aan kerkgroei voordat daar aan die salarisstruktuur van predikante verander sou kon word. Die kommissie het opdrag gekry om hierdie aanbeveling in diepte te gaan ondersoek en met verslagdoening aan die Sinode van 2010 is daar ingrypende aanbevelings gedoen. Daar is onder andere aanbeveel dat die EGK in sy geheel die agt beginsels vir ’n gesonde gemeente van Christian Schwarz se “Natural Church Development” sal inkorporeer ten

einde groei in die kerk te stimuleer. Met die oortuiging dat God alleen die kerk kan laat groei, is hierdie aanbeveling met ’n meerderheid van stemme verwerp. Daarna het die kommissie aanbeveel dat die Sinode die nodige stappe sal (moet) neem om die tydelike groeikommissie ’n permanente sinodale kommissie van die EGK te maak (Sinodale besluit 18:2010). ’n Verdere aanbeveling van hierdie kommissie het gelui dat daar ’n twee-jaarlikse Gemeentegroeikonferensie deur die Sinodale Gemeente-groeikommissie op streeksvlak gereël sal word (Sinodale besluit 23:2010).

In die lig van bogenoemde is dit van die grootste belang om in hierdie navorsing ’n Skriftuurlike begronding oor die onderwerp van vernuwing te doen, sodat die EGK op verantwoordelike wyse voor God kan vernuwe waar nodig.

## 4.2 VERNUWING AS TEOLOGIE

Vir Gosden (2009) is kerklike vernuwing in ’n veranderende samelewing uit en uit ’n teologiese kwessie. Dit mag volgens hom, soos vele dit vandag beskou in die stryd om relevant te bly, nooit ’n bemarkingsfoefie van ’n verbruikersgeoriënteerde kerk wees nie. In die lig van Gosden se stelling en uit die inligting wat geput is uit die basisteoretiese ondersoek van die vorige hoofstuk, is dit noodsaaklik om uit die staanspoor te besef dat die kerk nie die produk van menslike denke en werksaamheid is nie, maar van goddelike inisiatief en openbaring.

Die effek van sodanige openbaring word ten toon gestel in die ontstaan van die kerk as gemeenskap van gelowiges (Heitink 1993:261) wat niks anders as ’n verbondsgemeenskap is nie. Müller (1967:63) verwys na die kerk as ’n eie, selfstandige, geestelike gemeenskap. Hierdie gemeenskap bestaan sedert

Pinksterdag onafhanklik van alle volke en word onderskei van alle ander godsdienste. Die kerk is volgens Müller die weg of instelling deur God bepaal, waarlangs Hy die evangelie en die weldade van die genadeverbond op aarde bekendstel.

By die "Shepherds' Conference" in Pretoria toon Mack (2010), in die lig van 2 Korintiërs 6:16, besondere insig as hy benadruk dat die kerk "die tempel van die lewende God" is. Hy verwys ter illustrasie na die Verenigde State van Amerika (VSA) wat in 1776 van die beheer van Engeland weggebreek het. Hy herinner hoe die presidente van daardie tyd daarna in 1787 'n grondwet (met amendemente in 1791 en daarna) opgestel en uitgevaardig het waardeur die land regeer sou word. Toe hierdie presidente gelewe het, het hulle gesorg dat die grondwet behoorlik geïnterpreteer en toegepas word. Dan verwys hy na die baie stemme wat nou in die VSA opgaan om van daardie land 'n land te maak wat John Adams, John Hancock, Benjamin Franklin en Thomas Jefferson nooit bedoel het dit moes wees nie. Die probleem is dat hierdie presidente nie meer daar is nie en geen beheer meer kan uitoefen oor die grondwet wat hulle gehelp skryf het nie. Met God en sy kerk is dit egter radikaal anders. Hy is die Ewige, Onveranderlike, Lewende God en Hy bepaal as't ware die grondwet van sy kerk op aarde. Mense kan nie God se bedoelings sodanig herinterpreteer sodat dit iets anders beteken as wat God bedoel en in sy Woord vasgelê het nie.

Burger (1991a:28) lewer 'n belangrike bydrae oor die kerk as hy verwys na die kerk as pneumatologiese werklikheid aan die een kant (met ander woorde die kerk is die produk van die Heilige Gees), maar ook as antropologiese werklikheid (die gemeenskap van gewone mense aan die ander kant.) Hieruit kan die afleiding gemaak word dat daar beslis rekening gehou moet word met die

beginsels wat die Heilige Gees in die Skrif neergelê het vir die kerk wanneer daar besin word oor vernuwing vanuit 'n antropologiese werklikheid in die kerk. Vernuwing in die kerk kan nie maar net na menslike willekeur geskied nie. Dit moet met die grootste omsigtigheid en in gehoorsaamheid en afhanklikheid van die Heilige Gees en deur die beginsels in die Skrif geskied. Die kerkgeskiedenis is besaai met voorbeelde van hoe die kerk dikwels op syspore gelei is en selfs ontspoor het deur die onbedagte veranderings wat mense ingevoer het (D'Assonville 1992:36; Shelley 1995:185).

Wanneer die kerk eenmaal 'n onbybelse rigting ingeslaan het, is dit dikwels baie moeilik of selfs onmoontlik om om te draai. Schindler (1877) was in die sewentigerjare van die 19de eeu reeds die mening toegedaan dat die mens al te geneig en al te gewillig is tot dít wat nuut is. Daarmee saam het hy 'n waarskuwing aan die kerk gerig dat dít wat waar is, nie noodwendig altyd nuut is nie en dat dít wat nuut is nie noodwendig altyd waar is nie. Kritzinger (2003:122) betoog dat die Suid-Afrikaanse konteks uitdagings aan die kerk stel wat wyd en diep loop en dat die hedendaagse mens kitsoplossings vir alles soek. Hy vermaan egter dat daar nie vir die kerk kitsoplossings bestaan nie. Die kerk moet kom by 'n grondige oorgawe aan die taak waartoe die Here hom geroep het. Daarom moet vernuwing in die kerk altyd in harmonie met God se beginsels vir die kerk wees. Vernuwing is inderdaad 'n teologiese kwessie wat aan die beginsels van die Skrif aanspreeklik gehou moet word.

Dit is baie moontlik vir die kerk om deur eie ongehoorsaamheid, kortsigtigheid, traagheid en verwêreldliking in onbruikbaarheid te verval (Jonker 1987:5). Wanneer dit gebeur spreek die Skrif baie duidelik oor die feit dat die Here sy kandelaar van hom sal verwyder (Op. 2:5). Wanneer dit die geval is, moet die

kerk nooit die skuld voor die deur van die lidmate lê wat sogenaamd nie die gesonde leer kon verdra nie.

## 4.3 SKRIFTUURLIKE BEGRONDING VIR VERNUWING

Dit is heel interessant om te sien hoeveel verskillende beskouinge daar oor die onderwerp van vernuwing bestaan. McLaren (2000:22) huldig byvoorbeeld ’n heel eensydige beskouing oor kerklike vernuwing, wat te verstane is, omdat hy ruimte moet skep vir die ontluikende denke waarvan hy ’n voorstander is. Hy beskryf vernuwing as ’n pynlike, traumatiese proses van aanpassings wat gemeentes half gedwonge moet maak nadat hulle vir jare by ’n ou paradigma van kerkwees vasgesteek het. In skrille kontras met McLaren se beskouing is kerklike vernuwing vir Nel (1988:1) ’n prosesmatige gebeure waarin God deur sy Gees vernuwend met sy kerk besig is. Laasgenoemde beskouing oor vernuwing impliseer eerstens dat vernuwing in die kerk primêr die werk van God is en tweedens dat dit nooit ophou nie. Indien hierdie vernuwende werking van God vertraag sou word of tot stilstand kom in die kerk, sou dit nie impliseer dat die kerk uit pas met God geraak het nie? Deur die vernuwende werk van God in en deur sy gemeente, skep die Heilige Gees ’n atmosfeer van lewe en vitaliteit in die kerk (Nel 1988:1).

Terwyl vernuwing vir McLaren ’n proses is waarin die kerk voortdurend moet inhaal waar hy agtergeraak het en nooit regtig daarin kan slaag nie, is dit vir Nel ’n voortdurende handeling van God wat op weg is met sy kerk. As in gedagte gehou word dat vernuwing die voortdurende werk van God is, is dit nie ’n konsep wat

vreemd aan die Skrif is nie. Telkens sien mens in die Bybel hoe God vernuwend met sy mense op pad was. Wanneer die mens in Genesis 3 in sonde val en teen God rebelleer, is daar van God se kant die moederbelofte in Genesis 3:15 dat die Here aan die mens ’n nuwe kans gee. Daar is die nuwe weg deur ’n bloedoffer wat geïllustreer word in die offer van Abel (Gen. 4:4), Abraham (Gen. 22:8), die volk Israel by die instelling van die pasga (Ex. 12:11), die offersisteem (Lev. 1-7) en die lydende kneg van God wat ’n profesie van Christus is (Jes. 53:1-7). Al hierdie offers wys treffend heen na die groot en volmaakte offer wat Christus vir die sondes van die mens sou bring om van die mens ’n nuwe skepsel in Christus te maak (Joh. 1:29; 2 Kor. 5:17; Heb. 9 & 10). Hierin is die indikatief van die versoening geleë. Uiteindelik sou die offer van Christus die grootste vernuwingswerk wees wanneer dit mense op die nuwe en lewende weg van God sou plaas (Heb. 10:20) en die mens alles sou skenk wat tot die lewe en godsvrug dien (2 Pet. 1:3). So het Christus die Hoëpriester van die nuwe verbond geword (Heb. 9:15).

Volledigheidshalwe word die vernuwingswerk van God in die Ou en Nuwe Testamente vervolgens breedweg ondersoek.

### 4.3.1 Vernuwing in die Ou Testament

Met Nel (1988:1) se definisie van vernuwing in gedagte, is dit insiggewend om te sien hoe God met sy uitverkore volk in die Ou Testament voortdurend vernuwend op pad was. God het ’n verbond met Abraham en sy nageslag gesluit (Gen. 17:8-9) waarin Hy belowe om vir hulle ’n God te wees en waarin Hy eis dat hulle die verbond getrou moet onderhou in hulle geslagte. Vanweë die sonde het die verbondsvolk egter altyd benede die standaard van God gelewe en hulle het

telkemale die verbond verbreek (De Klerk 1985:37). In Levitikus 19 stel die Verbondsgod die eis van heiligheid vir sy volk en Hy waarsku hulle uitdruklik om nie die afgode van die ander volke te aanbid nie, telkens met die refrein: “Ek is die Here, julle God.”

In Numeri 25 is daar egter ’n keerpunt in die Exodus-verhaal. Koning Balak van die Moabiete het Bileam versoek om die verbondsvolk te vervloek, maar God het hom nie toegelaat nie. Bileam het egter vir Balak raad oor hoe die volk gekorrumpeer kon word en hoe God hulle dan self sou vervloek. Koning Balak het hierdie raad gevolg en die dogters van Moab beveel om die seuns van Israel seksueel te verlei. Dit het uiteindelik gelei tot seksuele immoraliteit, afgodery en verbondsbreuk aan die kant van Israel. Dit is baie insiggewend om te let op die feit dat die volk Israel tot op hierdie punt gedomineer is deur die geslag wat Egipte verlaat het. Die seksuele onreinheid en geestelike korrupsie is niks anders nie as ’n opsomming van hierdie geslag se ongeloof, rebelsheid en hulle perverse onwilligheid om God te vertrou en te gehoorsaam van die eerste dag af. Daar was geen manier hoe God hierdie geslag in die Beloofde Land kon inbring of hulle kon seën soos hulle verlange was nie. Numeri 26 begin met die woorde “En ná die plaag ...” en berig dat “nie een” volwassene van daardie geslag, behalwe Josua en Kaleb wat aan God getrou was, die Beloofde Land sou binnegaan nie. Hierdie nuwe geslag is gekenmerk deur ’n gees van gehoorsaamheid en hulle het die seën van God beleef soos die vorige geslag dit nooit beleef het nie (Richards 1991:108). Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat die seën van die Here altyd in verband met verbondsgehoorsaamheid staan.

Rigters 6 verhaal voorts dat hierdie geslag uitgesterf het en dat daar ’n nuwe geslag opgestaan het wat die Here en die wonders wat Hy vir hulle gedoen het,

nie geken het nie. Van hier af is die Ou Testament gekenmerk deur ’n voortdurende proses van rebellie, verbondsbreuk, oproepe van God se kant tot berou, bekering, versoening of restitusie en verbondsherstel – die weg waarvolgens God altyd vernuwend met sy volk onderweg is (De Klerk 1985:37).

Kuyper (2007:350-352) onderskei ’n viervoudige gebruik van die woord bekering in die Skrif.

- Eerstens is daar bekering in die wydste sin van die woord. Hierdie bekering impliseer die versaking van boosheid en ’n strewe na moraliteit. In hierdie sin verwys die Skrif na die inwoners van Ninevé na wie God gekyk en hulle werke gesien het nadat hulle hul bekeer het van hulle boosheid. Dit beteken egter nie dat al die Nineviete gered was en nou behoort het tot God se uitverkore volk nie.
- Die tweede is die mees beperkte vorm van bekering in die Skrif, naamlik bekering tot redding (2 Kor. 7:10; Jes. 55:7). Hierdie bekering kan ’n mens net een maal in jou lewe ondergaan wanneer jy oorgaan van die geestelike dood na die lewe (Ef. 2:1). ’n Mens kan nooit weer teruggaan op hierdie brug nie, aangesien die krag van God ’n mens daarvan weerhou (Kuyper 2007:350).
- Nadat bekering tot redding die realiteit van ’n mens se hart geword het, moet die beginsels daarvan in elke aspek van ’n mens se lewe toegepas word. ’n Bekeerde mens kan vir lank na sy bekering nog slegte gewoontes en goddelose praktyke koester. Namate die Heilige Gees ’n mens se oë daarvoor open, moet jy jou daarvan bekeer (Eseg. 28:30).
- Die laaste soort bekering wat Kuyper (2007:351) behandel is die verloste se bekering terug na sy eerste liefde. Na ’n seisoen van koudheid en swakheid

in die verloste se lewe, dring die Heilige Gees hom om hom te bekeer na sy eerste liefde (Op. 2:4-5).

Volgens Psalm 119:93 vind vernuwing ook plaas deur die Woord van die Here wat in 'n mens werk. Hierdie gedagte word bevestig deur Romeine 12:1-2 waar Paulus die gemeente van God vermaan om nie aan die wêreld gelykvormig te raak nie, maar verander te word deur die vernuwing van die gemoed. Die gemoed kan alleen vernuwe word as die Woord van Jesus Christus self ryklik in die kind van God woon en die Heilige Gees die Woord lewend maak in sy lewe (Kol. 3:16). In Jesaja 44:3 vergelyk God sy uitverkore volk Israel met 'n stuk dor aarde en belowe dat Hy sy Gees soos water oor hulle sal uitgiet sodat hulle soos 'n vrugbare land sal word. Dit verwys onomwonde na die vernuwingswerk van God in sy kinders se harte. In Jeremia 6:16 roep die Here sy volk op om terug te keer na die ou paaie. Dit toon aan dat die funksie nooit verander nie; God wil altyd deur al die eeue dieselfde doel in sy kinders se lewens verwesenlik en in hierdie sin is Bybelse vernuwing eintlik niks anders as veroudering, terugkeer na die bronne en Bybelse beginsels nie.

In Esegiël 36 tref `n mens die hoogtepunt van God se vernuwingswerk met sy volk aan waar Hy die nuwe verbond in Christus aankondig. Daar word naamlik drie dinge aangekondig waardeur God sy volk vir ewig sal vernuwe:

- Hy sal skoon water op hulle giet, sodat hulle rein kan word van al hulle onreinhede en drekgode;
- Hy sal die hart van klip uit hulle binneste wegneem en aan hulle 'n hart van vlees gee;
- Hy sal sy Gees in hulle binneste gee en sodoende maak dat hulle in sy insettinge kan wandel.

Daar is vier belangrike gedagtes wat Henry (1961:1027) beklemtoon in God se vernuwende, verbondsherstellende werk met sy volk:

- God belowe dat Hy ’n goeie werk in hulle sal doen (Eseg. 36:25-27) waardeur hulle gereinig sal word van al hul onreinhede, hulle ’n nuwe geestelike hart sal ontvang en waardeur hulle in staat sal wees om God op ’n nuwe manier te dien.
- God belowe dat Hy hulle in ’n nuwe verbond met Homself sal inneem waarin hulle vir Hom ’n volk sal wees en Hy vir hulle ’n God (Eseg. 36:28).
- Hy belowe dat Hy hulle sal voorberei sodat hulle die volheid van sy seën kan ervaar (Eseg. 36:28-35).
- Hy toon ook aan hulle die gelukkige gevolge van die verandering wat Hy so pas aangekondig het, naamlik dat hulle die walglikheid van hul sondes sal kan raaksien en hulle daarvan kan bekeer (Eseg. 36:31).

Henry (1961:1072) maak die volgende gevolgtrekking: “Renewing grace works as great a change in the soul as the turning of a dead stone into living flesh.” Dit som die vernuwende werk van God met sy volk in die Ou Testament treffend op.

### 4.3.2 Vernuwing in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament is die gedagte van God wat vernuwend met sy kerk op weg is (Nel 1988:1) nie ’n vreemde konsep nie. Ten eerste word daar in die Brief aan die Hebreërs verklaar dat Christus gekom het om ’n beter hoop daar te stel waardeur ’n mens in Hom tot God kan nader (Heb. 7:19). Die skrywer van Hebreërs noem Christus die Groot Hoëpriester wat die troon van genade toeganklik gemaak het (Heb. 4:14-16) en ’n borg van ’n beter verbond geword het (Heb. 7:22) wat op beter beloftes wettig gegrond is (Heb. 8:6). Verder het

Christus deur sy volmaakte offer ’n ewige verlossing teweeggebring (Heb. 9:12) waardeur die gelowige op die nuwe en lewende weg kan wandel wat Hy ingewy het (Heb. 10:20).

Die apostel Paulus skryf aan Titus (Tit. 3:3-7) oor die wonder van redding wat Christus skenk en beskryf dit ingevolge drie metafore, naamlik die bad van die wedergeboorte, die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik op ons uitgestort het deur Christus en die regverdiging deur sy genade (Zuck 1994:352). Oor die vernuwingswerk wat by wedergeboorte plaasvind, skryf Paulus aan die gemeente in Galasië dat nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid in Christus enige krag het, maar die nuwe skepsel. Aan die gemeente in Korinthe skryf hy in 2 Korintiërs 5:17 dat die persoon wat in Christus is, ’n nuwe skepsel [skepping; (Vincent 2002:320)] is. Taal aangaande hierdie nuwe skepping en ’n nuwe eskatologiese vooruitsig is die fundamentele oriëntasie van alle Nuwe Testamentiese prediking en geskrifte (Zuck 1994:352). Die lokus van hierdie oriëntasie in die Nuwe Testament is volgens Zuck die opstanding van Christus (Rom. 6:3-14, 8:10-17, 12:2; I Kor. 12:13-14; 2 Kor. 1:20-22, 3:18, 4:16, 5:17, 6:16-18, 13:3, 5; Gal. 2:19-21, 3:27-29, 6:15; Ef. 2:10, 15-16, 4:24; Kol. 2:12-15, 3:1-12; Heb. 10:22; I Pet. 1:3-5; Op. 1:5-6).

Die wyse waardeur hierdie nuwe realiteit vir mense ’n werklikheid word, is op verskillende maniere in die Skrif beklemtoon. Dit word ook uiteenlopend in mense se lewens meegedeel deur die Woord van God en die Heilige Gees. Dit word ontvang uit genade deur geloof en word sakramenteel beleef deur die doop en die nagmaal. Dit word uitgeleef in gehoorsaamheid deur die werking van die Heilige Gees en is in konstante konflik met die ou lewe buite Christus (Achtemeier, Harper & Row 1985:859). Wat Christus vir sy gemeente aan die kruis

bewerkstellig het, is alles aanduidings van die nuwe verbond en dit lei spontaan na imperatiewe van vernuwing in die lewe van kinders van God. So stel die apostel Paulus dit dat die vorige lewenswandel tot die oue (ongeredde) mens behoort wat nie deur wedergeboorte deel gekry het aan die nuwe verbond in Christus nie (Ef. 4:22). Hierdie oue mens moet na wedergeboorte aktief afgelê word en die gemeente moet voortdurend, soos dit pas by mense wat in die nuwe verbond opgeneem is, vernuwe word in die gees van hulle gemoed. Die vernuwingswerk wat met wedergeboorte saamgaan, stop egter nie in die gemoedere van die gemeente wat vernuwe moet word in die gees van hulle gemoed nie. Dit gaan oor tot aksie deurdat die gemeente hom ook aktief beklee met die nuwe mens wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. Dit beteken volgens Vincent (2002:396): geskape in geregtigheid en heiligheid van die waarheid, teenoor misleiding. Geregtigheid en heiligheid is met ander woorde attribute van waarheid wat deel word van die bondeling deur die vernuwende werk van God.

Dit is haas ondenkbaar dat die kerk van die Nuwe Testament wat hierdie vernuwingswerk in Christus deur die Heilige Gees geniet, ooit verbondsbreuk kan pleeg soos die volk Israel onder die Ou Verbond. As Christus se Briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (Op. 2 & 3) bestudeer word, dan sien mens egter dat selfs die kerk van die nuwe verbond nie immuun is teen verval nie. Vyf uit die sewe gemeentes word deur Christus vermaan oor een of ander geestelike agteruitgang wat toegelaat is in die gemeente. Telkens is die weg tot herstel, net soos in die Ou Testament, die weg van berouvolle bekering.

'n Verkleefdheid aan dooie vorm in stede van die dinamiese uitleef van funksie, kan baie maklik lei tot 'n starre ortodoksie en die Skrif waarsku die kerk teen so 'n

toestand. In Kolossense 2:20-3:3 spreek die apostel Paulus hierdie kwessie aan deur aan die gemeente te sê dat hulle nie aan dooie insettinge onderworpe moet wees as hulle saam met Christus gesterf het en saam met Hom opgewek is in die nuwe lewe nie. Die opstandingslewe van Christenskap is nie onderworpe aan dooie insettinge en vorms nie, maar behoort die dinamika van die nuwe lewe in Christus ten toon te stel omdat die Heilige Gees in die kind van God woon. Romeine 12:2 roep die kinders van God op om nie aan hierdie wêreld gelykvormig te word nie, maar verander te word deur die vernuwing van hulle gemoed. Die woord wat in Grieks gebruik word vir "verander" is μεταμορφοῦσθε wat in die praesens, imperatief, passief staan. Derhalwe is dit ’n opdrag, maar iets wat ’n mens nie self kan doen nie. Die Heilige Gees moet toegelaat word om mens te vernuwe en dit moet voortdurend plaasvind.

Vervolgens word gekyk na spesifieke aspekte van die gemeentebediening waarin voortdurende vernuwing noodsaaklik is.

## 4.4 VERNUWING IN DIE GEMEENTE

### 4.4.1 Vernuwing in die prediking

Prediking van die Woord word in die Skrif hoog aangeslaan en was nog altyd ’n belangrike deel van die kerk van Christus. So sê die apostel Paulus in I Korintiërs 1:21 dat dit God behaag het om deur die dwaasheid van die prediking, dié wat glo te red. In I Korintiërs 2:4 sê Paulus dat sy prediking nie in die oorredende woorde van menslike wysheid was nie, maar in die betoning van gees en krag. Vir Stott (1982:15) is prediking in die Christelike kerk onontbeerlik en die kerk sal sonder prediking ’n groot deel van sy geloofwaardigheid in die wêreld

verloor. Die rede wat Robinson (2001:19) hiervoor aanvoer, is dat die Christendom in wese ’n godsdiens van die Woord van God is.

#### 4.4.1.1 Die rol van prediking in die Reformasie en daarna

Met die Reformasie is geloof in God Drie-enig herontdek en is hoofsaaklik geïnisieer en versprei in die herlewing van prediking deur persone soos Luther, Calvyn, Zwingli en Knox (MacArthur 1996:48). Shelley (1995:249) vermeld spesifiek Zwingli wat nie die Reformasie gedryf het deur stellings aan ’n kerkdeur vas te spyker nie, maar deur die Woord van God met nuwe ywer vanuit die kansel te verkondig. Luther het volgens Meuser (2003:138) by sy studente aangedring dat niks anders as Christus gepreek moes word nie – Christus as Verlosser, die Een deur wie God sy eie gesig aan die mens openbaar, die een deur wie God ’n eens-en-vir-altyd daad en ’n eens-en-vir-altyd woord aan die wêreld gespreek het. Wanneer Christus gepreek word soos die profete en die apostels Hom in die Skrif voorhou, dan kom God aan die woord en dan bring die Heilige Gees geloof, hoop, liefde en ’n nuwe lewe van blydskap voort (Meuser 2003:138).

MacArthur (1996:48) plaas voorts die klem op grondige Bybelse prediking en toon aan dat dit die kern uitgemaak het van die krag van die 17de-eeuse Puriteine in Engeland. Ook is die eerste Groot Ontwaking van die 18de eeu gekenmerk deur die suiwer Skrifprediking van manne soos George Whitefield, John Wesley en Jonathan Edwards. Die 19de eeu het merkwaardige predikers soos D.L. Moody, Charles Spurgeon, Joseph Parker en Alexander McClaren opgelewer. MacArthur (1996:48) beweer: “A godly man, gifted by the Spirit to preach the Word, has no equal in the presentation of God’s truth. It is the God-ordained method for evangelism and edification”.

#### 4.4.1.2 Faktore wat hedendaags negatief inwerk op prediking

Een van die grootste probleme wat prediking hedendaags bemoeilik is die Skrif-armoede wat volgens Pieterse (2005:414) by die deursneelidmaat ingetree het. Daar is verskeie redes hiervoor: eerstens is die geslag wat tussen 1975 en 1990 gebore is, nie soseer begaan oor die objek (God en sy Woord) nie, maar oor hul eie voorveronderstellings, gevoelens, persoonlike geloofsoortuigings en ’n eie spiritualiteit (Pieterse 2005:414). In die postmoderne konteks is die godsdiens dus meer op die emosionele as die rasionele ingestel en word die klem eerder geplaas op die gevoels- en ervaringswêreld van die mens. Dit bring dogmatiese prediking in gedrang en dra by tot die krisis wat prediking vandag beleef (Vorster 1996:69). Dit lei volgens Pieterse (2005:415) daartoe dat lidmate al minder hul Bybels lees en dat hul kennis van die Skrif kommerwekkend kwyn. ’n Volgende kwessie wat negatief inwerk op die prediking is die feit dat vandag se mens in ’n video-sfeer leef. Dit het ’n merkbare invloed op die mens en maak dat hy ’n passiewe kyker word (Pieterse 2005:213). Dit is dus te verstane waarom vandag se mens oor die algemeen nie ’n aktiewe deelnemer is wat maklik reageer op God se verbondseise en beloftes wat in die prediking na sy kant toe kom nie.

’n Bykomende probleem is dat die postmoderne lewensbeskouing relativisme sterk bevorder. Wat vandag taboe is, kan more aanvaarbaar wees, afhangende van die paradigma waaruit na die werklikheid gekyk word (Vorster 1996:69). Dit word geïllustreer in die praktyk deur die lewendige debat wat oor sake soos homoseksualiteit, die vrou in die amp en die sogenaamde Christelike eksklusivisme gevoer word (Borg 2003:3). Die diskussie wat in die lig van hierdie postmoderne relativisme in teologiese kringe oor die gesag van die Skrif gevoer

word, kan hoegenaamd nie ’n positiewe invloed op lidmate se Skrifbeskouing hê nie (Pieterse 2005:415).

Janse van Rensburg (2003:8) herinner die prediker van vandag dat hy ten minste vir drie groeperinge van mense tegelyk preek:

- Daar is eerstens postmoderne mense in die gehoor vir wie die Woord ook bedoel is.
- Daar is tweedens mense wat bewustelik of onbewustelik deur postmodernisme beïnvloed is, maar wat nie noodwendig postmodern is nie. Die Woord is ook vir hulle bedoel.
- Dan is daar derdens diegene wat postmodernisme algeheel verwerp.

Hieruit is dit duidelik dat daar vanuit die gehoor sake is wat prediking hedendaags kan bemoeilik. Vorster (1996:79) beklemtoon in die lig van hierdie probleem die noodsaaklikheid aan vernuwing in die prediking. Hy kwalifiseer vernuwing in prediking kragtens die kerugmatiese, evangeliese, getuieniskarakter, leeraspek, profetiese, vertroostende en die vermanende elemente van prediking wat op die basis van genade in Christus moet funksioneer. Wanneer hierdie elemente in die prediking aangesny word, word die mens verplig tot ’n antwoord. Dan alleen kan daar sprake wees van lewende prediking wat vir alle tye relevant is en dus ook vir die postmoderne mens van belang is.

Uit die oogpunt van die prediker is daar egter ook sake wat negatief op die verkondiging kan inwerk. Strauss (2001:46) stip enkele van hierdie aspekte aan:

- Die prediker kan daartoe geneig wees om te sê wat hy dink die mense wil hoor.

- Hy kan poog om antwoorde te verskaf op die vrae van gister en sodoende irrelevant word in sy prediking.
- Hy kan verval in die onding waar net ’n sekere aantal tekste in die Bybel aangeraak word en sodoende kom hy nie daarby uit om die volle raad van God te verkondig nie.
- Hy kan die erediens sodanig aanpas dat dit byvoorbeeld in ’n tweedeklas vermaaklikheidskonsert ontaard waarin die teenwoordigheid van God nouliks sigbaar is.
- Hy kan ’n soort vernuwing van stapel stuur wat antroposentries is, eerder as Skrif-gesentreer en dit werk uiters negatief op die prediking in.

Die uniekheid van die kerk waaruit die rede vir sy bestaan geput word, is alleen dat hy die draer van die Goddelike Woord moet wees. Die boodskap van God se Woord aan die kerk is altyd, onder alle omstandighede en ter eniger tyd waarin die mens hom bevind, relevant. Daarom moet die prediker alles in sy vermoë doen om die Woord verstaanbaar en in sy volheid onder die mense van sy tyd in te dra. Die prediker moet ook onthou dat die Heilige Gees, en nie hy as menslike instrument nie, die draer van die Woord is wat mense aan God en aan sy Woord bind (Strauss 2001:46).

Swak prediking word as een van die vernaamste irritasies aangevoer wat mense toenemend van die kerk vervreem (Cilliers 2001:170). Met swak prediking word onder andere verwys na dogmatiese abstraksies wat dit vir lidmate laat voel of die leraar van ’n ander planeet as hulle afkomstig is. Die ander uiterste is dat preke sommerso uit die week se nuusgebeure saamgeflans word met geen behoorlike Skrifuitleg nie.

Aangesien die praktiese teologie daarop ingestel is om die huidige praxis te verbeter, sal gekyk word hoe die prediking kan vernuwe, sodat die Woord van God in al sy rykheid en volheid aan die lidmate verkondig kan word binne die verbond wat God met die gemeente gesluit het.

#### 4.4.1.3 Twee besondere aspekte van prediking

Kotzé (1986:171) verwys na twee belangrike aspekte van prediking, naamlik die hermeneutiese aspek en die kommunikatiewe aspek.

By die **hermeneutiese aspek** word verwys na die poging van die prediker om God se Woord in eietydse terminologie en idioom aan die gemeente oor te dra. In hierdie verband wys Van Rensburg (2001:150) daarop dat prediking in die eerste plek getrou moet bly aan die kern van die Evangelie, naamlik Jesus Christus en Hom as Gekruisigde. Sodanige prediking sal beter huwelike bou, beter verhoudings by die werk kweek en beter ouers help maak. Dit sal voorts meewerk om die pyn en frustrasies van lidmate in die alledaagse lewe ernstig op te neem. Die hermeneutiese aspek van prediking maak prediking relevant en begelei die hoorder om Christus uit die Woord van die Here in die daaglikse realiteite van sy lewe raak te sien (Van Rensburg 2001:149). Hierin kan gesien word dat die Woord en die gemeente op ’n besondere wyse op mekaar betrekking het.

By die **kommunikatiewe aspek** gaan dit om die optimale oordrag van die leer aan die gemeente soos dit in die Skrif verstaan word. Kragtens die kommunikatiewe aspek van die prediking maak Vos (1995:52) melding van die kommunikasiebreuk wat plaasgevind het in die mens aan wie die Evangelie vertel

moet word. Hierdie breuk loop volgens hom dwarsdeur die bestaan van die mens en gooi ’n donker skaduwee oor die ganse bestaan van sy verhoudingslewe: die mens se verhouding met God, met homself, met sy naaste en met die natuur is versteur as gevolg van die effek van sonde in sy lewe. Dit gaan ook oor veel meer as wat die mens kan hoor – dit sny tot binne in die kern van die beleweniswêreld van die mens. In elke opsig van sy lewe ervaar hy die kommunikasiebreuk en dit laat hom breekbaar en broos. Die mens voel volgens Vos (1995:52) pyn in die siekte wat oor hom kom: in honger, armoede, onderdrukking en eensaamheid voel die mens van God en van ander verlate. En wanneer die mens alleen op die dood wag, bereik hierdie pyn sy hoogtepunt. Dit is hier waar die evangelie lig op die donker bestaan van die mens laat val, waar die mens deur die prediking tot ’n verstaan gebring kan word van God se genade wat al sy oordeel oorwin. Dit moet ook om hierdie rede wees dat die sistematiese prediking van die Woord altyd ’n positiewe uitwerking het op mense se lewens en selfs op die bestaan van samelewings. Vos (2005:53) beklemtoon dat daar baie op die kommunikatiewe aard van die Evangelie in die preek gekonsentreer moet word.

Dit is presies hier waar die soekersensitiewe model van kerkwees, wat in die volgende hoofstuk onder die loep geneem word, die doel geheel en al mis. Om ’n eensydige Evangelie van genade en liefde aan die mens in sy sonde te verkondig, is eintlik om deur die prediking die mens in ’n staat van wanhoop te laat. Die mens beleef die kommunikasiebreuk wat sonde gebring het en al die dinge waarna Vos verwys is werklikhede in die mens se lewe, maar daar is geen hoop op verlossing in so ’n model nie.

Die ander uiterste in die kommunikatiewe aspek van prediking is natuurlik ewe fataal. Dit is wanneer die prediker hard en ongenaakbaar oor sonde en oordeel preek en nie by God se oplossing vir die probleem – die soenoffer van Christus – uitkom nie. Vernuwing in prediking behoort in die eerste plek te behels dat predikers hulle daarop toespits om die vrymakende evangelie van Christus op so ’n wyse aan die mens in sy verlorenheid te verkondig, dat die lig van die evangelie in die sondaar se hart sal skyn. Dit gee die Heilige Gees die kans om die sondaar te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel en die sondaar tot verlossing te lei.

Hierdie twee aspekte van prediking moet ten sterkste in gedagte gehou word as sinvolle, verantwoordelike vernuwing, met die verbond as basis, in die prediking begeer word.

### 4.4.1.4 Die taal van die prediking

Vos (1995:571-572) maak verder ’n baie belangrike stelling oor die taal van die preek as hy metafories sê dat dit nie net kleingeld is om mee te koop en te verkoop nie. Die taal van die prediking is met ander woorde nie goedkoop nie, maar is volgens Vos in wese die naelstring van die lewe. In die preek kry die Heilige Gees die geleentheid om met die bruid te praat, daarom is die taal van die preek bruilofstaal, liefdestaal. In die lig hiervan moet elke prediker sy eie hart ondersoek en seker maak dat moedeloosheid in die bediening nie moontlik veroorsaak dat daar afbrekende taal van die kansel af op die bruid gebruik word nie. Die vraag moet gevra word of lidmate nie juis dikwels so onbetrokke, so koud en lou, so traak-my-nie-agtig is as gevolg van die afbrekende taal wat van die kansel af op hulle neerstort nie. Die prediker wat in afhanklikheid van die Heilige Gees die liefdestaal van prediking adem, gee in der waarheid aan die Heilige

Gees die geleentheid om mense entoesiasties te maak oor die Woord van die Here. Vos (1995:573) toon juis aan dat die liefdestaal van die Bruidegom aan sy bruid wederliefde wil wek en hierdie wederliefde kom volgens Vos tot stand deur die *absolutio*-aard van die prediking. Dit is juis die liefdestaal wat die bruid oorreed tot skuld en geloofsbelydenis, dit is die liefdestaal van die prediking wat vertroos, wat meebring dat die bruid se lewe vervul is met belofte en hoop.

#### 4.4.1.5 Verklarende prediking

Robinson (2001:20) het 'n sterk saak uit te maak ten gunste van verklarende prediking ("expository preaching"). Voordat daar gekyk word na die nood aan verklarende prediking, sal daar eers 'n beskrywing aan die hand van Robinson gegee word oor wat dit behels. Robinson (2001:21) is versigtig om prediking nie te dissekteer soos 'n padda in die biologieklas nie, want presies dít wat met die padda gebeur, naamlik dat hy doodgaan, is Robinson bang gebeur met prediking wanneer dit gedissekteer word. Prediking is volgens hom 'n lewende interaksie tussen God, die prediker en die gemeente en geen definisie van prediking kan hierdie dinamika vasvang nie.

Ten grondslag van verklarende prediking lê die feit dat ware prediking niks anders kan wees nie as Skrifgebonde prediking waardeur God self aan die woord kom (Vos 2005:298). Dit is volgens Robinson (2001:21) die kommunikasie van 'n Bybelse konsep, afgelei van en oorgesend deur 'n historiese, grammatiese en literêre studie van 'n perikoop in sy Skrifkonteks. Hierdie konsep word deur die Heilige Gees toegepas op die persoonlikheid en ervaring van die prediker en dan verder deur die prediker toegepas op die gemeente. Volgens Robinson (2001:20) is daar 'n skreiende nood aan sodanige prediking, aangesien dit die krag van

goddelike outoriteit dra. Daarom behoort predikers hul aandag opnuut hierop toe te spits en predikers behoort met niks minder as sodanige prediking tevrede te wees nie. Verklarende prediking sal noodwendig lei tot ’n sistematiese, lerende, opbouende verklaring en toepassing van die volle Skrif in die gemeente en sal voorkom dat daar ’n Woordarmoede in die gemeente ontstaan. Dit as sodanig sal reeds ’n enorme bydrae lewer tot vernuwing in prediking. Gemeentes waar opbouende, lerende prediking van God se Woord hoog aangeslaan word, groei sonder enige programme en metodiek teen ’n gesonde tempo (MacArthur 2009a).

### 4.4.2 Liturgiese vernuwing

Kloppers (2002:67) merk op hoe die hedendaagse pretkultuur en vermaakmentaliteit die rite met sy aanspraak op verpligting en gehoorsaamheid in die liturgie verdring. Dit het tot gevolg dat die deelnamegedrag van die mens en selfs die vorm van die erediens verander. Hierdie pretkultuur en vermaakmentaliteit gee daartoe aanleiding dat die erediens vir die mens maar net nog een van die talryke vryetydsaanbiedings word. Die basis en grond van die liturgiese verkeer tussen die Ewige Koning en sy volk kan niks anders wees as verbondsgenade nie (De Klerk 1985:42). As die kerk dít vergeet en buite rekening laat, sal die liturgie noodwendig dood raak, want die gemeente sien nie die nut daarvan in nie.

In die lig hiervan bied Mouton (2010) krities belangrike insigte aan oor wat liturgiese vernuwing nié behoort te wees nie:

- Liturgiese vernuwing is volgens hom nie in die eerste plek die inrigting van die erediens volgens die kulturele voorkeure van mense nie. Die vertrekpunt van

sodanige liturgiese vernuwing is menslike behoeftes en kom neer op ’n pragmatiese benadering. Mouton is van mening dat liturgiese vernuwing hedendaags te veel geskoei is op menslike behoeftes wat gestalte vind in liedere waarvan mense hou en preke wat mense graag wil hoor, maar volgens hom nie as hartgrondige liturgiese vernuwing bestempel kan word nie.

- Die kerk mag volgens Mouton (2010) ook nie liturgiese vernuwing baseer op ’n aanvaarding van die spelreëls wat deur die verbruikerskultuur gedikteer word nie. Die kerk is nie deur Christus in die lewe geroep om uitstekende godsdienstige produkte soos diepgaande emosionele belewinge of uitstekende godsdienstige produksies te bemark nie. Pogings deur die kerk om te kompeteer met wat die wêreld bied is futiel, aangesien die kerk nie kan kompeteer met rekenaarspeletjies, die iPod of kommersiële musiekproduksies nie.
- Daar moet volgens Mouton (2010) verder gewaak word teen ’n onkritiese oorneem van liturgiese elemente of aksente uit ander tradisies wat die Bybelse karakter van ’n kerk, tesame met die teologiese aksente kenmerkend van daardie kerk, in gedrang kan bring.
- Voorts is liturgiese vernuwing volgens Mouton (2010) nie ’n beskaming van lidmate se aanbiddingstyl nie, asof dit outyds en nie progressief genoeg is nie, en daarom afgeskaf moet word.
- Dit mag nie ’n stel innoverende gebruike wees wat kunsmatig van buite af op die gemeente afgedwing word nie.
- Liturgiese vernuwing moet in die laaste instansie volgens Mouton (2010) nie die ontketening van “worship wars” in die gemeente veroorsaak wat ’n stryd tussen tradisie en vernuwing teweegbring nie.

#### 4.4.2.1 Die bondsvolk as afgrensing van die liturgiese vergadering

De Klerk (1985:45) gaan van die Skrifwaarheid uit dat die gemeente niks anders kan wees nie as die “voor-die-troon-vergaderde” volk van God. As sodanig kry hierdie vergadering volgens hom ’n besondere karakter met ’n Godgerigte diens en bestemming. In die lig hiervan is dit onmiskenbaar dat die erediens nie gekonstrueer word om in die eerste plek die smaak en voorkeur van mense te bevredig nie, maar om God te ontmoet. As sodanig kom die volgende aspekte volgens De Klerk (1985:45-46) spontaan na vore.

- Die liturgiese vergadering is gegrond op die inisiatief van God (verbondstigting).
- Dit is ’n vergadering wat bely dat hulle God se ooreenkoms (verbondswoord) aanvaar het.
- Dit is ’n vergadering wat bevestig word as geloofsgemeenskap deur die gebruik van sakramente (verbondstekens).

Vir MacArthur (2009:3) is dit ’n mistasting is om te veronderstel dat die liturgie en die kerklied die ongelowige se smaak moet bevredig. Inteendeel is hy van mening dat die ongelowige heel moontlik glad nie aanklank daarby sal vind nie. Die rede wat hy hiervoor gee is dat die ongelowige se gees nie lewend gemaak is deur die Verbondsgod nie. Die erediens is hoegenaamd nie ontwerp om die smake van die ongelowige te bevredig nie, maar is daar om ’n ontmoeting tussen die Verbondsgod en sy verbondsvolk te bewerkstellig.

Dit beteken nie dat kultuur hoegenaamd nie in die erediens in berekening gebring mag word nie. Pieterse (1990:29) se stelling dat die karakter van die erediens nie

só deur die kultuur gerelativeer moet word, dat dit die erediens geheel en al omvorm of selfs vervang nie, is egter van groot waarde wanneer liturgiese vernuwing in oënskou geneem word.

Vos en Pieterse (1997:6) toon aan dat die woord "liturgie" die handelinge in die erediens omskryf en dat dit verwys na die wyse waarop die erediens deur verskeie fasette gekonstrueer word.  Die woord "liturgie" het egter volgens hulle nie sterk in die omgangstaal van die kerk inslag gevind nie en woorde soos "erediens" of "samekoms" word eerder gebruik in die algemene omgangstaal.  Vir die doel van hierdie navorsing sal die woord "liturgie" gebruik word om die inrigting van die erediens te omskryf.

Hoewel die benaming "erediens" as sodanig nie in die Bybel voorkom nie, is die Bybel tóg deurspek met die wese daarvan (Barnard 1985:58).  Vir Vos en Pieterse (1997:2) omskryf die woord "erediens" die wesenlike van die gebeure waar God en mens mekaar ontmoet.  Daarom behoort die erediens volgens hulle gerig te wees op die eer van God soos dit telkens in die Skrif na vore kom.  Die term "erediens" fokus eerstens op God se heilsdiens aan die mens in Christus deur die werking van die Heilige Gees.  Dit is alleen hierdie heilsdiens wat die mens in staat stel om God te eer en te verheerlik (Vos & Pieterse 1997:2). Daarom moet die heilsdiens van God aan die mens in die erediens gevier word deur die Skriflesing en die prediking.  Dit is egter nie waar dit eindig nie.  Die mens se diens aan God kom tweedens in die liturgie ter sprake, maar is altyd responsief of reagerend (Janse van Rensburg 2004:48) en vind gestalte in liturgiese aspekte soos sang, gebede en offergawe aan God.  Derdens roep die erediens die mense ook op om mekaar met liefde, vergifnis, geregtigheid, vrede en hoop te bedien (Vos & Pieterse 1997:2).

### 4.4.2.2 Liturgie as verbondshandelinge in die erediens

In die lig van die voorafgaande is dit van kardinale belang dat die erediens so ingerig sal word dat dit nooit deur die pretkultuur en vermaakmentaliteit, waarna Kloppers (2002:67-68) verwys, oorheers sal word nie. Die erediens moet inderdaad tot verheerliking van God strek en nie tot die blote bevrediging van menslike smaak nie. Wat hiermee bedoel word, is dat mens byvoorbeeld nie die erediens die kleur van `n rockkonsert kan gee net omdat dit in sekere mense se smaak val nie. Godwin (1985:288) spreek, as iemand wat diep in die rockkultuur vasgevang was, die oortuiging uit dat die sogenaamde "Christian Rock" gevaarliker en meer dodelik is as sekulêre rockmusiek. Die rede wat hy hiervoor aanvoer is dat dit Christene blinddoek vir die waarheid en dat dit daarom glad nie in die erediens tuishoort nie. Die wese van God, sy heiligheid, geregtigheid, majesteit en watter ander attribute van God daar ook al mag wees, moet in die gereformeerde erediens ten toon gestel word. Die erediens behoort respek vir die heiligheid van die Here, soos die Skrif dit dikwels beklemtoon, in die hart van die mens te laat posvat. Janse van Rensburg (2004:49) huldig ook 'n gereformeerde standpunt as hy aanvoer dat 'n liturgie wat as "gereformeerd" gekenmerk word, op geen manier enige van die gereformeerde beginsels, soos uitgedruk in die solismes van die reformasie, in gedrang mag bring nie. As die beryming of die melodieë van liedere, die handelinge of selfs die preekinhoud in die erediens, die gereformeerde spiritualiteit op enige manier in gedrang bring, moet dit volgens hom as 'n ongereformeerde liturgie beskou word. Sodanige handelinge slaag dus nie die toets van vernuwing in 'n gereformeerde kerk nie.

Die erediens vind volgens Vos en Pieterse (1997:7) binne die kragveld van die Woord (verbondswoord) en die sakramente (verbondstekens) plaas. Sodoende

word daar verskillende verbondsrelasies deur die ontmoeting in die erediens gevestig:

- God en die gemeente;
- God en die individu;
- individue onderling;
- die gemeente en die wêreld; en
- die individu en die wêreld.

As imperatiewe binne verbondskonteks is dit vir De Klerk (1985:47) van die grootste belang dat die volgende vier elemente in die liturgie vervat moet word:

- Die verkondiging van die Woord (aanbieding van verbondseise en beloftes).
- Die diens van die gebede (’n antwoord op die verbondsliefde).
- Die belydenis van die geloof (’n verklaring en aanvaarding van die verbond).
- Die gebruik van die sakramente (bevestiging van die verbond).

Janse van Rensburg (2004:49) benadruk dat die liturgie slegs lewendig kan wees as dit saam met die gemeente groei en deur die geloofsdinamika van die gemeente gevoed word. Dit verklaar ook waarom die liturgie so maklik deur mense as dood beleef kan word wanneer die liturg stappe motories uitvoer of motories optree. Dit is gewoonlik wanneer die lewende geloofsdinamika uit die liturgie verdwyn dat gemeentes gryp na alternatiewe vorms. Dit is inderdaad uit die ontmoeting tussen God en gemeente dat die verskillende liturgiese handelinge spruit wat Vos en Pieterse (1997:7-9) behandel. Hierdie handelinge word vervolgens kortliks aangestip.

In die eerste plek is die erediens ’n **gesprek** wat in Protestantse kringe ’n dialogiese grondstruktuur aanneem. Die gevolg hiervan is dat God in die erediens aan die Woord kom en dat die gemeente antwoord. Die Ou en Nuwe Testamente is volgens Vos en Pieterse (1997:8) niks anders nie as getuienisse van die sprekende God waarin hy met verskillende mense op verskillende maniere oor verskillende sake spreek. So word die erediensgangers deur hulle skuld verbind en word hulle deur die Woord tot geloof gewek waarop hulle in geloof antwoord deur sang, gebede, skuld- en geloofsbelydenis, offergawe en getuienis. Die erediens is egter ook **God se heilsdiens aan die mens** wat deur Christologiese en pneumatologiese gebeure voltrek word. Uit hoofde van **die mens se diens aan God** kry die mens in die liturgiese handelinge geleentheid om uitdrukking, bevestiging en ervaring van die geloof te gee. Hierdie handelinge van die mens moet deur die Heilige Gees verwesenlik word en die diensmotief van die mens kan niks anders as ’n uitdrukking van dankbaarheid tot lof en eer van God wees nie. Die erediens is verder **’n plek van gemeenskap** met God en met mekaar. Daarom moet die handelinge in die erediens hierdie gemeenskap bevorder. Belangrik is dat die gemeenskap in die erediens nie as die voltooiing van die *koinonia* beskou word nie, maar dat dit slegs die dinamiek van die voorlopige weerspieël. In die erediens word die evangelie verkondig wat niks anders is as goeie nuus wat in Christus vir die mens heil bring nie. Die erediens is die plek waar hierdie **heil gevier word,** daarom het die erediens ook die karakter van blydskap en vreugde. Dit is belangrik dat hierdie viering nooit uit gewoonte nie, maar uit oortuiging moet plaasvind. Dikwels hoor ’n mens hoe lidmate en selfs predikante kla dat die liturgie in die kerk dood is. Dit laat die vraag ontstaan of die rede daarvoor nie juis is omdat dit nie meer uit oortuiging nie, maar uit blote gewoonte, Sondag na Sondag, leweloos deurgewerk word

soos ’n las wat op ’n mens gelê is. Die volgende handeling wat Vos en Pieterse (1997:9) behandel is die **erediens as aanbidding** wat in Handelinge 24:11 en in I Korintiërs 14:25 liturgiese betekenis kry. Die erediens is volgens hulle by uitstek die plek en die geleentheid vir aanbidding. Daar bly nog twee liturgiese handelinge oor, naamlik die **erediens as handelingsruimte** waar mense in hulle totaliteit kan handel. Hiermee word bedoel: liggaamlike, geestelike en simboliese handelinge. Die laaste liturgiese handeling is die erediens as ’n **deurlopende eskatologiese moment** waar die verwagting van ewige vreugde gewek word.

As basis vir ’n liturgiese orde wat die hartklop van die gereformeerde tradisie vorm, gee Vos en Pieterse (1997:13) die volgende vier beginsels wat grootliks ooreenstem met dié van De Klerk (1985:47) wat reeds bespreek is:

- Die verkondiging van die evangelie;
- die doop- en nagmaalbediening;
- die volharding van die gebed; en
- die sing van liedere.

Vos en Pieterse (1997:13) noem hierdie vier beginsels die hartslag wat vir die funksionering van die liturgiese liggaam lewensbloed voorsien. Dit behoort altyd as basis te dien vir die bepaling van ’n liturgie vir die kerk. As hierdie vier beginsels in oënskou geneem word, kan verstaan word waarom Christus, as die enigste Middelaar en Voorspraak, fundamenteel is vir die hele geloofslewe, die liturgie, die spiritualiteit en die inrigting van die kerk (Jonker 1994:70). Dit is volgens Jonker duidelik dat enige hervorming van die kerklike lewe en praktyk moet voortvloei uit die sentrale heilswerklikheid in Christus.

Na aanleiding van dit wat sover bespreek is, sou voorlopig gesê kon word dat daar op ’n Bybelgefundeerde liturgie soos deur Vos en Pieterse (1997), Jonker (1994), Janse van Rensburg (2004) en De Klerk (1985) voorgehou, gefokus moet word. Dit blyk onnodig en selfs gevaarlik te wees om die liturgie van die kerk oorboord te gooi en te vervang met ’n struktuurlose erediens ten einde die persoonlike smake van mense te bevredig. Vernuwing in die liturgie kom met ander woorde eerder daarop neer om weer nuut te kyk na die Bybelse begronding van dít wat die kerk reeds het. Skriftuurlike bevindinge behoort met nuwe ywer aan die gemeente gekommunikeer te word.

## 4.4.3 Vernuwing in gemeentesang

Gemeentesang is skynbaar een van die grootste knelpunte wanneer die saak van vernuwing op die tafel geplaas word. Die wyse waarop die kerk verskeidenheid omhels en multi-kulturalisasie onkrities in die kerk sigbaar raak, is vir Payton (1996:201) vreemd. Dit wys volgens hom net op een ding: hoe die mens van vandag die wysheid van die kerkvaders na die periferie verskuif. Een van die hedendaagse modegiere in die kerk is om veelvoudige eredienste aan te bied, elkeen in ’n ander styl om te voorsien in die verskillende behoeftes van verskillende teikengroepe (Payton 1996:201).

### 4.4.3.1 Musiek en die Skrif

Johansson (1998:2-7) bied drie alternatiewe filosofieë vir musiekbediening aan wat vandag algemeen in kerke as basis gebruik word. Die eerste noem hy estetisisme waarmee die klem geplaas word op die artistieke waarde van kerkmusiek. Soos met alle “ismes” is daar wesenlike gevare. Een van die

grootste gevare van estetisisme is volgens Johansson dat ’n oormatige besorgdheid oor die skoonheid van die musiek as sodanig kan lei tot verwaandheid, trots en ’n misplaaste begeerte om geprys te word.

Die tweede filosofie, baie meer heersend as dié van estetisisme wat dikwels aangetref word in musiekbedieninge in kerke, is dié van pragmatisme. Die uitgangspunt van pragmatisme is volgens Johansson (1998:4) baie meer prakties en kom neer op die volgende: “Goeie kerkmusiek is musiek wat werk om ’n sekere doel te bereik.” Musiek word hiervolgens ’n middel tot ’n doel en solank die doel bereik word, maak dit hoegenaamd nie saak watter tipe musiek gebruik word nie. Johansson (1998:5-6) opper drie besware teen hierdie filosofie.

- In die eerste plek skep pragmatisme ’n vals digotomie tussen middel en boodskap – musiek en evangelie – waarin elkeen op sy eie weg kan gaan, sonder om die ander in ag te neem. Die pragmatis is ongeërg dat die musiek en boodskap in konflik met mekaar kan wees en gebruik daarom enige musiek onkrities.
- Die tweede beswaar teen pragmatisme is dat dit wegdoen met objektiewe standaarde. Dit maak nie onderskeid tussen goeie en swak komposisies nie, maar die waarde van die musiek word uitsluitlik gemeet aan die resultaat wat dit oplewer.
- Die derde beswaar is dat pragmatisme onlogies is. Die basis van pragmatisme is die veroordeling van die absolute, maar die pragmatis hou aan sy filosofie vas asof dít die absolute is. Dit is volgens Johansson (1998:6) onlogies dat die filosofie wat die absolute verwerp, op sigself ’n absolute filosofie word. Die grootse kritiek wat Johansson teen die filosofie van pragmatisme in kerkmusiek opper, is dat dit die evangelie verwater omdat dit die musiek toelaat om iets te weerspieël wat nie eie is aan die karakter van

> die evangelie nie. Die musiek kan selfs teen die karakter van die evangelie wees, solank dit resultate oplewer.

Johansson (1998:7) bied ’n derde filosofie vir kerkmusiek aan en hy noem dit ’n Bybelse kontrapunt. Hy argumenteer dat wanneer teologie die grondslag word vir ’n kerk se waardesisteem, die musiek van die kerk nie toegelaat kan word om afgodies of heidens te wees nie. Metodes kan nie die objek van aanbidding word nie, hulle moet eerder vasgelê word deur suiwer teologiese voorveronderstellings. Die rede waarom Johansson stem vir ’n Bybelse kontrapunt in die daarstelling van ’n filosofie vir kerkmusiek, is omdat daar volgens hom geen konflik tussen kunsvaardigheid, spiritualiteit en metodologie mag wees nie.

Die Skrif het baie te sê oor musiek – die Psalms alleen is ’n bundel gewyde liedere, die lofprysinge van Israel (Scroggie 1995:9). Payton (1996:190) vestig die aandag op Kolossense 3:16 waar die apostel Paulus ’n tweeledige vermaning aan die gemeente rig. Die eerste is dat die Woord van Christus ryklik in hulle moet woon in alle wysheid en die tweede is dat hulle mekaar moet leer en vermaan met Psalms, lofsange en geestelike liedere. Hierdie sang moet met dankbaarheid teenoor die Here in hulle harte gedoen word. Payton (1996:191) toon aan dat die woorde “Psalms, lofsange en geestelike liedere” vir die Nuwe Testamentiese, Griekssprekende kerk van daardie tyd net een ding kon beteken, naamlik dat die Septuagint wat hulle gelees het na die Psalms verwys het as “Psalms, lofsange en geestelike liedere.” Dit verklaar waarom die kerk van die reformasie die Psalmbundel sistematies deurgesing het (Payton 1996:191).

#### 4.4.3.2 Musiek en teologie

Oor musiek en teologie lewer Payton (1996:193-194) 'n waardevolle bydrae wat kortliks bespreek sal word. Payton wend hom eerstens tot die Ou Testament en put baie insiggewende beginsels ten opsigte van kerkmusiek uit die rol van die Levitiese sangers. Hy voer aan dat daar nie 'n gedetailleerde uiteensetting in die Bybel voorkom van hierdie musikante se verantwoordelikhede nie. Daar kan egter waardevolle insigte geput word wanneer die verskillende gedeeltes, wat hulle diens beskryf, gesamentlik beskou word. I Kronieke 6:32 wys daarop dat die Levitiese sangers in die tabernakel in hulle diens gestaan het volgens hulle ordening wat aantoon hoe formeel en amptelik die rol van die sangers in die Ou Testament was. Payton wys daarop dat die Levitiese sangers se grondgebied verspreid was oor die hele Israel. Dit het beteken dat die hele land gevul was met Levitiese sangers en die invloed wat hulle uitgeoefen het. Payton verwys voorts na I Kronieke 24 en 25 wat aantoon dat die Levitiese sangers se diensbeurte oor twee weke gestrek het. Dit laat die vraag ontstaan wat hulle die res van die jaar gedoen het. Hierdie vraag word deels beantwoord deur die opskrifte in die Psalms waarin die outeurs aangedui word deurdat hulle name daarin verskyn. Dit was die taak van die Levitiese sangers om deur die jaar Psalms te komponeer. Dit was Asaf wat in Psalm 50:10 uitbasuin het dat die vee op die berge by duisende aan God behoort. Payton (1996:192-193) voer aan dat 'n komposisie soos Psalm 150 sekerlik nie gepubliseer sou word in die kontemporêre Christelike musiek-industrie nie.

I Konings 4:32 wys daarop dat Salomo alleen 1 005 Psalms gekomponeer het waarvan die meeste verlore geraak het. Dit wys net hoe enorm die skat van Psalms in die Bybelse tyd was en Payton merk op dat, hoewel almal nie in die

Bybel opgeneem is nie, dit ’n florerende aktiwiteit moet gewees het. Nie alleen het die Levitiese sangers hul tyd gewy aan die skryf van Psalms en diens in die Tempel nie, hulle was ook gereken as leermeesters van die hoogste orde in Israel. Hieruit maak Payton (1996:193) die afleiding dat hulle deur die grondgebied van Israel versprei is en die leermeesters van die volk was met die bundel Psalms as hulle handboek. Payton kom tot die slotsom dat die Levitiese sangers dus moontlik die volk Israel gekatkiseer het deur die sing van Psalms wat sin gee aan die apostel Paulus se oproep aan die gemeente van Kolosse om mekaar te leer en te vermaan deur die sing van Psalms, lofsange en geestelike liedere. Dit beteken en vereis ook dat die teologiese onderbou van sodanige liedere substansieel moet (ge)wees (het).

’n Laaste insig wat Payton (1996:193) uit die Levitiese sangers put is die feit dat hulle, anders as die gewone Leviete wat op twintigjarige ouderdom volwassenheid bereik het, eers op dertigjarige ouderdom as volwasse gereken is (I Kron. 23:3, 5 & 24). Payton kan nie help om te wonder wat die staat van kerkmusiek vandag sou wees as hierdie beginsel steeds gegeld het nie.

#### 4.4.3.3 Die styl van musiek en God se natuur

In ’n diskoers oor die *Imago Dei* verwys Berkouwer (1962:55) na besware wat Schilder teen Barth en Calvyn se beskouing opper. Volgens Barth en Calvyn se beskouing is die beeld van God in die mens iets vir die toekoms, terwyl dit volgens Schilder primêr iets van die hede is. Wood en Marshall (1996:500) argumenteer in ooreenstemming met hierdie beskouing dat die beeld van God nou verwant is aan die nuwe mens van Efesiërs 4:24, Kolossense 3:10 en Galasiërs 3:28. Dit dien volgens Wood en Marshall as ’n herinnering dat daar

belangrike sosiale aspekte is waarna die *Imago Dei* verwys soos wat dit in mense se lewens voortgebring word. Die beeld van God in die mens word vergestalt in beide die deelgenootskap of gemeenskap van die kerk en in die mens se kuratorskap van die natuur (Heb. 2:8 wat weer verwys na Ps. 8).

Johansson (1998:28) onderskei tussen ’n breë aspek van die *Imago Dei* wat elke mens op aarde in ’n sekere sin raak, aangesien die beeld van God ná die sondeval nie algeheel vernietig is in die mens nie. Die nouer aspek van die *Imago Dei* wat net op verloste mense van toepassing is, vind uitdrukking in die nuwe mens waarna reeds verwys is. Hierdie beeld van God in die nuwe mens kan volgens Berkouwer (1962:102) soos ’n lig in die wêreld skyn en is die lig van goeie werke. Volgens Johansson (1998:36) is dit beslissend uit hoofde van die lewensvatbaarheid wat dit aan die evangelie van Christus bied.

Dit is vir Johansson (1998:38) ononderhandelbaar dat God se beeld ook in kerkmusiek te voorskyn moet kom en nie die beeld van die wêreld of selfs dié van Satan nie. Wanneer kerkmusiek slordig is, werp dit ’n negatiewe beeld op die beeld van God. As dit nie goed voorberei is nie, kan dit die indruk skep dat ’n lui God aanbid word. Wanneer dit lukraak is, word die beeld geskep dat God ’n tekort het aan doel en rigting. Hierdie insette bied stof tot ernstige nadenke vir die musiekbediening van die kerk. MacArthur (2009:3) noem dit ’n wanopvatting dat kerkmusiek ten doel het om ongelowiges na die kerk toe aan te trek en daarom in ’n wêreldse genre aangebied behoort te word. Dit gaan nie oor hoe dit klink en hoe mense dit geniet soos wêreldse musiek geniet word nie. Dit gaan primêr oor die inhoud wat tot stigting moet dien. Die lied van die verlostes het dus nie ’n evangelistiese doel nie, maar is ’n gawe van God aan die gelowiges waardeur hulle uiting kan gee aan hulle liefde en dankbaarheid teenoor hul Verlosser. Dit is

geen wonder nie dat die Skrif dit ’n “nuwe lied” (Ps. 40:4) noem en dat Psalm 107 as “die danklied van die verlostes” bekendstaan. MacArthur (2009:3) kom tot die volgende slotsom oor kerkmusiek: “I don't need music that whips up my emotions. I am content with any kind of music that allows me to give expression to the truth that I believe.” Ongelukkig is dit nie altyd hoe kerkmusiek in die praktyk daar uitsien nie. Te veel musiek wat die kerk ingevoer word, is geskoei op die popkultuur en bevat dikwels blatante dwaalleer. Dit laat die vraag ontstaan of sodanige musiek nie eerder ’n wanklank in die ore van God sou wees nie.

#### 4.4.3.4 Die popkultuur en kerkmusiek

Hierdie laaste aspek van kerkmusiek kan moontlik ’n wrang smaak in diegene se mond laat wat ’n obsessie daarmee het om vir jongmense “iets te bied”. Oral waar ’n mens beweeg weerklink die cliché: “Die kerk moet vir die jongmense ook iets bied.” Is die roeping van die kerk dan nie om Christus in sy volheid met ywer aan jongmense te verkondig, sodat Hy hulle kan verlos en hulle lewens kan verander om soos Hy te wees nie?

Johansson (1998:76) gee ’n skematiese uiteensetting van die verskille tussen die evangelie teenoor die eietydse popkultuur. Met popkultuur word verwys na die populêre kultuur wat die afgelope vyf dekades beslag gekry het. Dit vind veral uitdrukking in modes, musiek en kuns en word aangedryf deur die massamedia (Shuker 1994:2-3).

| **EIENSKAPPE VAN DIE EVANGELIE** | **EIENSKAPPE VAN DIE POPKULTUUR** |
|---|---|
| Word gekenmerk aan individuele uniekheid. | Word gekenmerk deur kwantiteit en standaardisering. |
| Nie-materialisties; absoluut gekant teen materialisme. | 100% ingestel op materialisme en monetêre profyt. |
| Gekenmerk deur kreatiwiteit. | Gekenmerk deur nuutjies en giere. |
| Dra deurgaans die ondertoon van offerande, selfsterwe, kruisopname. | Is ingestel op onmiddellike bevrediging van behoeftes. |
| Stel dissipelskap van Christus as doel. | Stel die gemak van gebruik as doel. |
| Diep, innerlike vreugde en blydskap ten spyte van omstandighede. | Vermaaklikheid, pret. |
| Stel hoë standaarde. | Is ingestel op die minste, kleinste gemene deler, verwag niks van ’n mens nie. |
| Nie begaan oor sukses nie, maar oor beginsels. | Nie begaan oor beginsels nie, maar oor sukses. |
| Verbind ’n mens aan die realiteite van die lewe. | Maak jou los van die realiteite van die lewe en verbind jou aan romantisme. |
| Moedig aan tot die beste. | Is gerig op middelmatigheid. |
| Nederigheid. | Sensasie, hedonisme. |
| Permanensie. | Kortstondigheid. |

Tabel 3: Eienskappe van die evangelie gestel teenoor eienskappe van die popkultuur (Johansson 1998).

Uit hierdie skematiese uiteensetting is dit duidelik dat die evangelie en die popkultuur soos water en olie is en nie kan meng nie. Die popmusiek-sindroom het volgens Johansson (1998:76) oor die afgelope eeu ŉ enorme artistieke invloed op kerkmusiek gehad. Aan die begin van die 21ste eeu word die grootste deel van kerkmusiek in evangeliese kerke volgens die patroon van popmusiek gemaak. As die doel van die kerk en die evangelie populariteit was, sou daar geen ander manier gewees het om musiek vir die kerk te skryf nie, maar volgens die Here Jesus is die kerk en die evangelie alles behalwe populêr (Johansson 1998:76-77).

Johansson (1998:85) kom tot die gevolgtrekking dat die tyd waarin ons leef postmodern, post-Christelik en post-moreel is. Hierdie benamings beskryf egter nie wat van die kultuur geword het of waarheen dit beweeg het nie. Wat gebeur wanneer al die “post” voorvoegsels bymekaargetel word? Wat gebeur wanneer die beweging van die samelewing in die rigting van relativisme, ekstreme pluralisme, selfsug, hedonisme en materialisme geanaliseer word? Die antwoord wat Johansson op hierdie twee vrae gee is eenvoudig: dít wat die waardevolste geword het kom na die oppervlak, die adjektief “populêr” wat die hedendaagse kultuur haarfyn beskryf.

Die eie aard van die evangelie en die uitsprake van Christus tot kruisopname en selfsterwe, tot bekering na die smal weg, roep die kerk om onderrigtend teen hierdie tydsgees standpunt in te neem as die kerk suiwer wil voortbestaan.

### 4.4.4 Vernuwing in die Jeugbediening

Jeugbediening as sodanig is seker een van die mees besproke onderwerpe en daarmee saam een van die moeilikste onderwerpe in die kerk vandag. Die meeste gereformeerde kerke verloor groot getalle jongmense na charismatiese kerke. Dit veroorsaak dat die versoeking akuut is om 'n charismatiese spiritualiteit aan te neem ten einde die jongmense te behou. Die probleem lê heel moontlik op die vlak wat Rietkerk (1996:11) aanspreek as hy verwys na die eenvormige wêreld van die jeugkultuur wat vroeër bestaan het en gestalte gevind het in sterk jeugorganisasies, maar wat tot niet gegaan het. Rietkerk wys daarop dat die jeugkultuur 'n paar dekades gelede, toe dit deur sterk jeugverenigings gekenmerk is, lojaal was aan die volwasse wêreld. Hierdie lojaliteit het egter verdwyn tot die mate dat daar in werklikheid nie meer vandag iets soos 'n jeugkultuur bestaan nie.

In 'n gesprek met emeritusleraar J.D. Mienie en sy eggenote, is verneem dat die Jeugbeweging van die EGK in die tydperk 1960-1970 buitengewoon sterk was. Daar het volgens hulle in hierdie tyd 'n oorweldigende eenheidsgevoel tussen die jongmense bestaan. Groot en aktiewe jeugbyeenkomste is op gemeente-, Rings- en Sinodalevlak gehou. Dit het egter radikaal verander, want hoewel die tweejaarlikse sinodale jeugkamp nog redelik goed bygewoon word, word toenemend beleef dat jeugverenigings op gemeentevlak vandag kommerwekkend kwyn.

Hayes (2007:3) veronderstel dat alle predikante en gemeentes sekerlik begeer om die spreekwoordelike "goue sleutel" vir 'n effektiewe jeugbediening te bekom in hierdie besondere tyd van die kerk se bestaan. Hy vermeld in dieselfde asem

dat jongmense dikwels na ’n kerk soek wat die antwoorde op hul vrae en probleme kan verskaf.

Fashbaugh (2005:5) ondervind dat elke kerk waar hy kom, graag meer jongmense vir die Here wil bereik en behou as wat gewoonlik aan die orde van die dag is. Dan vra hy die allerbelangrike vraag waarom soveel tradisionele kerke nie daarin kan slaag om die nuwe generasie jongmense vir die Here te bereik en te behou nie. Fashbaugh (2005:7) verwys na die veelheid van literatuur en programme wat daar in die mark beskikbaar is wat almal kits-sukses belowe, maar hy waarsku: “If your charismatic appeal is less than superstar status, it will surely not succeed.” Kerke wat jongmense deur middel van ’n charismatiese styl wil aantrek, moet dit met volle oorgawe doen, anders sal die jongmense eenvoudig na ’n charismatiese kerk gaan soek wat dit wel doen.

Vrae wat dikwels in gemeentes gevra word ingevolge die jeugbediening sluit volgens Fashbaugh (2005:9) veral die volgende in:

- Hoe trek ’n mens meer jongmense na die gemeente?
- Hoe behou ’n mens die jongmense wat na jou gemeente getrek is?
- Wat kan gedoen word om jongmense terug te trek na die gemeente as hulle eers weg is?
- Hoe kry ’n mens vrywilligers in die gemeente om met jongmense te werk?
- Watter programme werk effektief vir jeugbediening in die gemeente?
- Hoekom wil jongmense nie graag eredienste bywoon nie?
- Moet kerkrade ’n voltydse spesialisjeugwerker of -jeugprediker aanstel om met die jeug te werk?
- Kan volwassenes optree as mentors of adviseurs vir jeugwerk?

Brooker (1990:10) beklemtoon dat Jesus Christus sy dissipels agtergelaat het met die opdrag om **dissipels** te maak. Hy toon aan hoe hierdie taak groot vrug onder die jongmense van ’n gemeente kan lewer, as dit met heilige erns aangepak word. Brooker verwys na die voorbereiding van katkisante met die oog op kerklidmaatskap en toon aan hoe daar ’n moment in hierdie voorbereidingsproses kom wat belaai is met die moontlikheid dat die Woord vlees kan word in ’n jongmens se lewe. Dít vra egter na baie meer as die afgesaagde ritueel van kerklidmaat word. Dit vra na ’n daadwerklike poging om van hierdie jongmens ’n ware dissipel van Christus te maak. Dit sal noodwendig mentorskap, persoonlike aanmoediging, intellektuele uitdaging en tyd van die leraar, ouderlinge en ander geestelike leiers verg wat met die jongmense werk. Brooker (1990:10) kom tot die slotsom dat so ’n intense poging kan lei tot die kweking van jongmense in die gemeente met ’n vaste gees, ’n sagte hart en ’n oop gemoed vir die Here. Dit sal volgens hom noodwendig lei tot die mees getroue dissipels in enige gegewe kerktradisie.

Fashbaugh (2005:10-11) lê die volgende beginsels vir jeugbediening in die gemeente neer waardeur daar van jongmense ware dissipels van Christus gemaak kan word:

- Daar moet doelbewus gewerk word om ’n geloofsformasie tussen jongmense en volwassenes in die gemeente te bewerkstellig. Daar moet met ander woorde op geen manier segregasie tussen die twee groepe in ’n gemeente bestaan nie.
- Die jongmense moet daadwerklik betrokke gemaak word met gemeentelike aktiwiteite; hulle moet méér as net die stem van die jongmense wees.

- Die verskil tussen jeug-aktiwiteit (om die jongmense besig te hou) en jeugbediening (om die jongmense betrokke te maak) moet begryp en geïmplementeer word.
- ’n Volwasse span wat ’n aktiewe bydrae lewer in die jeugbediening en wat as geestelike mentors kan optree, moet met groot omsigtigheid gekies en toegerus word. Hierdie span moet passievol wees om dissipels van jongmense te maak.
- Daar moet ’n doelbewuste proses van geestelike vorming met die jongmense aangepak word waarin daar gefokus word op geestelike verdieping en groei.
- Deur die werking van die Heilige Gees moet daar ’n konstante proses van geestelike transformasie en groei plaasvind in die lewens van jongmense, want enige lewende organisme groei en ontwikkel.


Die belangrikste aspek waarmee rekening gehou moet word in die jeugbediening, is dat daar geen kitsoplossings bestaan nie. Daar moet in afhanklikheid van die Here met volle oorgawe en liefde in jongmense se lewens belê word (Fashbaugh 2005:13).

### 4.4.5 Herlewing en Reformasie as die vernuwende werk van God

Van der Walt (1999:56) pleit vir werklike vernuwing wat uit twee elemente bestaan en wat nie bloot verandering is nie, te wete herlewing en reformasie. Hy beskryf reformasie as ’n nuwe lewensvisie en herlewing as ’n nuwe lewenswandel. Hy voer aan dat hierdie twee kante van vernuwing so intiem verweef is dat dit selfs gevaarlik kan wees om tussen hulle te probeer onderskei. Tog poog hy om deur een metafoor die verskil tussen dié twee aspekte van vernuwing te illustreer. Vir

Van der Walt (1999:56) is reformasie die menslike kant van vernuwing en hy vergelyk dit met die omploeg en saai van ’n land. Herlewing aan die ander kant is die Heilige Gees se werk en hy vergelyk dit met die reën wat op die gesaaides val wat lewe en groei bewerkstellig. Van der Walt maak die gevolgtrekking dat dié twee kante van vernuwing van mekaar onderskei kan word, maar die oomblik as dit geskei word, ontstaan daar ernstige probleme as dit kom by vernuwing. As ’n mens die twee skei, ontstaan die situasie waar ’n kerk byvoorbeeld 100% hervormd kan voorkom, maar koud, klinies en ortodoks in lewensvisie kan wees. Die kerk kan oor al die eienskappe van ’n gereformeerde kerk beskik, maar terselfdertyd lou, steriel en dood wees omdat die lewenswandel nie in harmonie is met die lewensvisie nie. Wanneer die klem andersom net op herlewing geplaas word, tref ’n mens baie emosie en selfs aksie aan, maar dit word lukraak, ad hoc-aktivisme.

In die lig hiervan is dit vir die kerk van Christus van die grootste belang om ’n suiwer balans tussen leer en lewe te soek. Aan die een kant beteken dit om die Woord van God met erns te bestudeer ten einde ’n duidelike lewensvisie vir die kerk te formuleer. Aan die ander kant is dit van die grootste belang dat die kerk van Christus die Heilige Gees in gebed sal soek vir herlewing. Die noue wisselwerking tussen Woord en Gees word diagrammaties soos volg deur Van der Walt (1999:57) uitgebeeld:




Figuur 1: Die wisselwerking tussen Woord en Gees
(Van der Walt 1999:57).

Onder leiding van die Woord en die Gees (aangedui deur die pyl van 1 na 2) kom ’n bepaalde lewensvisie tot stand. Hierdie lewensvisie [2] bepaal hoe die werklikheid beskou word en hoe daar in die werklikheid gelewe word [3]. Die werklikheid waarin gelewe word [3] en die lewensvisie [2] bepaal aan die ander kant weer hoe die Woord van God gelees en geïnterpreteer word (pyle van 3 na 2 na 1). Waarvoor Van der Walt (1999:57) dus pleit, is vir vernuwing onder leiding van God se Woord en die Heilige Gees.

Van der Walt (1999:58) verwys na Skrifgedeeltes soos Esegiël 37, Johannes 3:8 en 2 Korintiërs 3:5-6 en 18 om aan te toon dat dit God is wat herlewing skenk. Wanneer die Heilige Gees egter van buite kom met herlewing, raak Hy intiem betrokke in die lewens van God se kinders en skakel Hy die kinders van God in by die proses van vernuwing. In daardie sin het die kerk ’n menslike verantwoordelikheid in die proses van vernuwing. Die kerk kan nie maar net bid vir herlewing en die wonder gebeur nie. So ’n veronderstelling sal volgens Van der Walt die genade van God goedkoop maak. Daarom is elemente soos

skuldbelydenis, bekering, gehoorsaamheid en liefde in antwoord op die werking van die Heilige Gees onontbeerlik by herlewing.

Vir Packer (1983:108) – wat dieselfde soort vernuwing as Van der Walt (1999) voorstaan – is vernuwing nie bloot ’n tema vir dilettante debat nie. Dit vra eerder na nederige, berouvolle, biddende, getroue verootmoediging voor die aangesig van die Here. Dit vra ’n gewilligheid om te verander en om verander te word deur die Here as dit is wat die Woord vereis. Hy voer aan dat die kerk skuldig sal wees as hy tot die begrip gekom het van wat vernuwing is, en dit dan afgewys het. Packer verwys na Calvyn wat by geleentheid sou gesê het dat dit vir ’n prediker beter sou wees om sy nek te breek terwyl hy die kansel bestyg as dit nie sy intensie sou wees om heel eerste aan die Woord van God gehoor te gee en die Here te volg nie.

Packer (1983:110, 117) vestig ’n teologie van vernuwing onder drie hofies, te wete as ’n Eskatologiese, Christologiese en Pneumatologiese werklikheid.

As **Eskatologiese werklikheid** is vernuwing vir Packer (1983:112-113) niks anders nie as ’n algemene ervaring van ’n verdieping in die geestelike lewe wat as’t ware ’n voorsmaak en ’n eerste paaiement op die ewige lewe in die hemel is. ’n Versekering van beide die kerk se skandelike sonde en skuld en die daarmee gepaardgaande bewussyn van algehele vergifnis van sonde, bring in die kind van God ’n afhanklike, nederige blydskap in die wete van wat God gedoen het. Die bewussyn van God se liefde vir ons, kennis van die nabyheid van die Vader en die Seun deur sy Gees in beide gemeenskap en toegeneentheid, bring ’n nimmereindigende passie te weeg om sy Naam te loof en te prys. Dit verwek

voorts ’n drang om God lief te hê en Hom te dien en aan te hang. Dit is volgens Packer (1983:113) die Eskatologiese werklikheid ten opsigte van vernuwing.

Vernuwing beslaan volgens Packer (1983:113-114) ook die **Christologiese werklikheid** en wel in twee aspekte: dit is eerstens subjektief Christosentries en tweedens objektief Christosentries.

- Met **subjektief Christosentries** bedoel Packer (1983:113) die bewussyn van die genadige, heilsame, persoonlike teenwoordigheid van Christus. Hierdie bewussyn van Christus se teenwoordigheid word volgens Packer beskryf deur die lied van John Newton: “Jesus! my Shepherd, Brother, Friend, my Prophet, Priest and King, my Lord, my Life, my Way, my End, accept the praise I bring.”
- Met **objektief Christosentries** bedoel hy die lewe waarin Christene deur die werking van die Heilige Gees al dieper in ’n Christus-gelykvormige lewe ingetrek word. ’n Lewe van kruisopname en selfsterwe, van geregtigheid en stryd teen sonde, ’n lewe van gehoorsaamheid aan God uit dankbaarheid vir die heil wat Hy in Christus uit genade skenk.

Die **Pneumatologiese werklikheid** van vernuwing is volgens Packer (1983:115) die werking van die Heilige Gees wat die wonders van die nuwe verbond in kinders van God se lewe realiseer. Hierdie werk van die Heilige Gees is enkel en alleen daarop gefokus om Christus te verheerlik ten aanskoue van sy dissipels. Dit is juis die verheerliking van Christus wat aantoon of herlewing van die Heilige Gees is (Packer 1983:115). Packer toon verder aan dat Satan altyd die aandag van Christus wil wegtrek, daarom vind ’n mens na sy mening in die kerk allerlei eksotiese ervarings soos: “... visions, voices, thrills, drug trips, and all the mumbo-jumbo experiences of false mysticism and nonrational meditation.” In teenstelling

met hierdie soort vernuwing argumenteer Packer dat Bybelse teologie antwoorde verskaf op die vraag van vernuwing. Dit word geïllustreer deur Skrifgedeeltes soos Psalm 85:4-6 waar die Psalmis na die Here roep om sy grimmigheid teen hulle terug te trek, om hulle te herstel en hulle opnuut lewend te maak, sodat die volk van die Here bly kan wees in Hom. So 'n herlewing wat deur God bewerkstellig is, sal volgens Packer (1983:116) 'n drievoudige vrug oplewer vir die kerk: eerstens sal die toorn van God afgewend word en daarmee saam die beëindiging van die impotensie, frustrasie en dorheid wat tekens van goddelike mishae oor ontrouheid is. Tweedens sal 'n Heilige Gees-gewerkte herlewing beleef word deur blydskap onder kinders van die Here. Derdens sal dit gesien kan word soos in Handelinge deur die uitbreiding van die koninkryk van God.

Packer (1983:117-122) behandel vyf elemente wat kenmerkend is van ware vernuwing wat deur die Woord van God en die Heilige Gees bewerk is:

- **Bewussyn van God se teenwoordigheid:** Packer noem dit die eerste en fundamentele teken dat God in sy heiligheid, genade en krag baie naby aan die kerk gekom het. Hy verwys na twee persone uit die herlewingsgeskiedenis: Arthur Wallis vir wie die gees van herlewing niks anders as die bewussyn van God se teenwoordigheid was nie en Duncan Campbell wat aangevoer het dat die bewussyn van God die dringende nood van die kerk was. Tydens die Saskatoon-herlewing in Kanada gedurende 1970, is dr. Henry Blackaby se gemeente ook kragtig geraak deur die invloed van die herlewing. Sutera (2008) vertel in 'n artikel op die internet dat die boek *Experiencing God* deur Blackaby die produk van daardie herlewing was – 'n bewys van Packer se stelling.
- **Responsiwiteit op die Woord van God:** Wanneer die Heilige Gees deur herlewing die kerk vernuwe, deel die Heilige Gees volgens Packer (1983:118)

’n nuwe outoriteit ten opsigte van die Woord van God mee. Hierdie gedagte word onderstreep deur die 1860-herlewing in Suid-Afrika (Choy 1978:72). Hier word verhaal hoe die ou waarhede in die Skrif ineens, deur die werking van die Heilige Gees, nuut geword het.

- **Sensitiwiteit teenoor sonde:** Telkens wanneer die Heilige Gees die werk van vernuwing in die kerk doen deur herlewing, ontstaan daar ’n bewussyn van die sondige toestand van die kerk en die sondige toestand van individue in die kerk. Sutera (2008) getuig van die 1970-herlewing in Kanada waar ’n reeks dienste wat vir tien aande beplan was, uiteindelik vir sewe weke aangehou het. Die rede hiervoor is dat die Heilige Gees hulle besoek het en daar ’n spontane gebrokenheid en openheid oor sonde in die harte van mense ontstaan het. Mense het hul sondes en hul regte van die selflewe by die kruis oorgegee.
- **Nuwe lewe in die gemeenskap:** Packer (1983:121) voer aan dat liefde, vrygewigheid, blydskap, sekerheid en vrymoedigheid merktekens is van die vernuwende werk van die Heilige Gees soos wat Handelinge 2 ná Pinksterdag verhaal. Evans (1987:125) berig hoe die 1904-herlewing in Wallis ’n effek op die samelewing gehad het. Mynbestuurders het beweer dat steenkoolmyners deur die uitwerking van die herlewing beter werkers geword het, minder afwesig was van die werk en dat selfs die gedurige dispute van vakbonde merkbaar afgeneem het.
- **Vrug in getuienis:** Die werking van die Heilige Gees het volgens Packer (1983:122) altyd ’n evangelistiese en morele oorloop in die wêreld in. Die getuienis van die kerk verkry meer krag en Christene het vrymoedigheid om die evangelie uit te dra met die gevolg dat menige siele gewen word.

As eietydse vernuwingspogings teenoor die vernuwing van die Heilige Gees deur herlewing opgeweeg word, dan raak dit duidelik dat eersgenoemde die maklike

uitweg is. Dit is harde werk om die aangesig van die Here met erns te soek vir herlewing en God volhardend te vertrou vir ’n besondere besoeking deur die Heilige Gees aan die kerk. Choy (1978:64) berig hoe daar in Suid-Afrika vir dertig jaar lank volhardend vir herlewing gebid is voordat die Here in 1860 die land besoek en talle gemeentes vernuwe het deur die werking van die Heilige Gees. Die verskil tussen menslike vernuwing en vernuwing deur die Heilige Gees word uitgeken aan die verskil tussen resultate en vrug. Resultate is iets wat ’n mens kan bewerkstellig, maar vrug is iets wat die Heilige Gees van binne af in die kerk van Christus werk.

## 4.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Hierdie hoofstuk begin met die vraag wat sukses in die bediening is en die antwoord kan niks anders wees nie as om aan God getrou te wees in alles en die resultate algeheel aan Hom oor te laat. Dit sal die verskil tussen mensgemaakte resultate en godgegewe vrug beteken. Die kommer is uitgespreek dat alles behalwe die harte van mense deesdae vernuwe. Daarom kan verantwoordelike vernuwing nie bloot neerkom op bemarkingsfoefies om groei te stimuleer nie, maar dit is uit en uit ’n teologiese kwessie.

Word definisies of omskrywings van vernuwing in oënskou geneem, blyk Nel (1988:1) se definisie dat vernuwing neerkom op God wat vernuwend met sy kerk op pad is, die mees gepaste vir hierdie navorsing te wees. Hierdie gedagte kom dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament telkens na vore.

Met spesifieke verwysing na prediking is gesien dat dit in die Reformasie die een element van kerkwees is wat opnuut tot sy reg gekom het en dat God dit geseën

het. In al die herlewings wat deur God bewerk is, het die prediking met nuwe ywer na vore getree en mense se lewens is radikaal verander. Die mens beleef op haas elke terrein van die lewe die geweldige kommunikasiebreuk wat deur sonde veroorsaak is en die sistematiese, opbouende en onderrigtende verkondiging van die Woord gee die Heilige Gees die geleentheid om hierdie breuk te herstel.

Wat vernuwing in die liturgie en veral gemeentesang betref, moet gewaak word daarteen om nie toe te gee aan die versoeking om die pretkultuur en vermaakmentaliteit van die postmoderne tyd te wil bevredig nie. Daar moet onthou word dat die liturgie en gemeentesang die heerlikheid van God ten toon moet stel.

Die navorser het op baie waardevolle insette oor vernuwing in die jeugbediening afgekom en daar is gesien dat die segregasie wat tussen die volwasse kerk en die jeug plaasvind, 'n onding is. Heelwat meer moeite moet gedoen word om ware dissipels van die jongmense te maak. Hiervoor moet passievolle, geredde volwassenes in die gemeente hul tyd en energie in die jongmense belê ten einde hulle aan Christus te verbind.

Ware vernuwing wat in verantwoordelikheid aan God geskied sal gekenmerk word deur Reformasie en Herlewing. Reformasie vind plaas wanneer die kerk deur die Woord en die Heilige Gees 'n nuwe lewensvisie ontwikkel. Herlewing kom as die Heilige Gees die kerk vernuwe sodat hierdie lewensvisie oorgaan in 'n nuwe lewenswandel.

Die kerk het die verantwoordelikheid om God te soek soos die dissipels van ouds ten einde God toe te laat om die kerk in waarheid te vernuwe.

# HOOFSTUK 5

# EIETYDSE VERNUWINGSTENDENSE IN DIE CHRISTELIKE KERK

## 5.1 INLEIDING

Een van die lewendigste debatte in evangeliese kringe vandag, gaan oor die sogenaamde “Fad-Driven Churches” (Johnson 2008; Wilken 2005). In hierdie tyd van inligtingsontploffing is Suid-Afrika nie meer soos vroeër twintig jaar agter die VSA en ander lande nie. As ’n nuwe gier in die kerk vandag sy kop daar uitsteek, is dit onmiddellik in Suid-Afrika teenwoordig. Die sogenaamde “Fad-Driven Churches” gaan gepaard met nuwe giere wat telkens in die kerk hul opwagting maak en het tot gevolg dat kerke geredelik op die nuwe reklamewa spring en die nuwe gier op die proef stel. Wilken (2005) identifiseer in ’n internetartikel sommige van die giere wat die afgelope dekade die kerk bestorm het as: “Spiritual Gift inventories, Spiritual Warfare, Promise Keepers, Weigh Down Workshop, The Prayer of Jabez; The Left Behind Series, Becoming a Contagious Christian, a long succession of evangelism and stewardship programs, and most recently, The Purpose-Driven Life and 40 Days of Purpose.” Die meeste van hierdie giere het ook in Suid-Afrika ’n draai kom maak en is dikwels as pogings tot vernuwing deur gemeentes in verskillende denominasies aangepak – daarvan getuig die praktyk boekdele.

`n Verdere aspek wat kenmerkend is van die kerk oor die afgelope paar dekades en wat amper ’n wagwoord geword het, is relevansie. Die begeerte na relevansie

het daartoe gelei dat gemeentes en kerke dikwels amper met mekaar meegeding het om te sien wie die mees relevante bediening het. In die bereiking van hierdie doel is reuse advertensieveldtogte en bemarkingskemas van stapel gestuur. Dit het tot gevolg gehad dat daar in die kerk ’n verbruikersmentaliteit posgevat het in ’n poging om soveel as moontlik mense na die kerk toe aan te trek (Gosden 2009). Gosden wys op die feit dat die kerk waarvan hy deel uitmaak, naamlik die “United Methodist Church” in die VSA, vir dertig jaar lank “oop” gedink het, oop harte gehad het en gepoog het om die mens van die verbruikersgeoriënteerde samelewing te akkommodeer. Hierdeur het dié kerk alles in sy vermoë gedoen om nie aanstoot te gee aan mense wat die kerk sou besoek nie. Al hierdie pogings het volgens Gosden niks gedoen om die gety om te keer ten opsigte van die verlies aan lidmate nie.

Sommige van die vernaamste tendense die afgelope twee dekades sal kortliks bespreek word.

## 5.2 DIE KERKGROEIBEWEGING

Die term “kerkgroei” is deur McGavran (1990:5) gemunt en is passievol omhels deur rolspelers soos George Barna, Robert Schuller en Peter Wagner wat dit ontwikkel het in ’n magtige globale beweging (Silva 2010). In die voorwoord van McGavran se boek getiteld *Understanding Church Growth*, beskou Wagner dan ook vir McGavran as die vader van die kerkgroeibeweging (McGavran 1990:viii).

As gekyk word na uitsprake wat sommige van die hoofrolspelers in die kerkgroeibeweging maak, dan onderstreep dit ’n omgekeerde, pragmatiese metodologie van kerkwees; ’n metodologie wat vreemd aan die Skrif en die kerk

se roeping is en wat soveel kerke blindelings omarm het. So is dit vir Barna (1995:145) 'n fundamentele beginsel van kommunikasie dat die gehoor soewerein is en nie die boodskap nie. Die boodskap moet volgens hom aangepas word by die behoeftes van die gehoor. Vir 2000 jaar was dit nie nodig om die evangelie by die gehoor aan te pas nie; meer nog, dit was ondenkbaar. Met die koms van die kerkgroeibeweging het dit nou egter noodsaaklik geraak. Wagner (1976:137) het alreeds in 1976 in hierdie rigting geneig met sy pragmatiese benadering dat die doel die middel heilig. As die metode die doel bereik waarvoor dit aangewend word, is dit volgens Wagner om daardie rede 'n goeie metode, ongeag die Skriftuurlikheid daarvan. Barna (1995:145) doen in der waarheid niks anders nie as om in beginsel voort te bou op Wagner se pragmatisme met sy sienswyse dat die gehoor soewerein is en dus die boodskap relativeer om die gehoor te bevredig. In die lig van hierdie siening is dit nie vreemd dat die popkultuur wat in die vorige hoofstuk bespreek is, so vryelik toegang tot die kerk van Christus verkry het nie.

McGavran (1990:6) maak dit uit die staanspoor duidelik dat enigiemand wat die groei van die Christelike kerk begryp, sal weet dat dit fundamenteel gaan oor getrouheid aan God. Die vraag is egter wát die kerkgroeibeweging se getrouheid aan God impliseer. McGavran (1990:5-8) het 'n saak uit te maak dat die sogenaamde getroue dienaars in die kerk van Christus nie kerkgroei moet najaag as 'n oefening in mensliewendheid nie, maar omdat die uitbreiding van die kerk welgevallig aan God is. Kerkgroei is kortom vir McGavran getrouheid aan God en niks anders nie. Die doel is nie om sondaars te soek nie, maar om hulle te vind.

Die kerkgroeibeweging se konsep van getrouheid kry betekenis in die twee faktore wat volgens hulle vir kerkgroei in gedagte gehou moet word:

- Eerstens moet daar rekening gehou word met die sosiale, kulturele, ekonomiese, politiese en gedragspatrone van die onbereikte mense. Dit staan bekend as die kontekstualisering van die evangelie (McGavran & Hunter 1980:31). Hier is die eerste tekens te bespeur van geestelike leiers in die kerkgroeibeweging wat die evangelie populêr begin maak het ten einde skares te trek.
- Die tweede faktor wat 'n uiters belangrike rol speel in die filosofie van die kerkgroeibeweging lê in die metodologie en staan bekend as pragmatisme. As 'n metode werk is dit aanvaarbaar: "... church growth accepts evangelistic methods which make disciples of Jesus Christ, while rejecting those which are supposed to but don't. Effective evangelism results in church growth" (Rainer & Drummond 1989:31).

Dit is hier waar ware getrouheid aan God en die evangelie van Christus kan skipbreuk lei soos MacArthur (2003) en Johansson (1998) aantoon.

Die kerkgroeibeweging en die vloedgolf van boeke oor kerkgroei het beslis kerke en kerkleiers deur die jare sterk beïnvloed. Ook in die EGK het hierdie beweging op 'n stadium 'n besliste invloed uitgeoefen. Kommer oor die relatiewe stadige groei in die EGK is iets wat nou al 'n hele aantal jare aankom soos gesien kan word in Sinodale Besluite 2/1979, 5/1996, 8/1996, 33/1996 en 34/1996. As uitvloeisel van hierdie sinodale besluite is daar tydelike kommissies gekies wat telkens die kwessie van relatiewe stadige groei moes ondersoek met verslagdoening aan die Sinode. So het daar in die Sinode van 1996 'n verslag gedien waarin Wagner en Schuller, die stigters van die kerkgroeibeweging, ruim aangehaal is en van hulle beginsels aanbeveel is ten einde groei in die EGK te stimuleer. Hierdie aanbevelings is nooit deurgevoer nie.

Leiers in die kerkgroeibeweging het ook nie stagnant gebly nie, maar het voortgegaan met onbybelse vernuwingsidees. Dit het leiers soos Wagner gestimuleer om onlangs 'n nog meer radikale weg in te slaan. In die jaar 2000 laat Wagner 'n boek getiteld *Apostles and Prophets and The Foundation of the Church* die lig sien. Hierin pleit hy vir iets heeltemal nuuts: 'n nuwe apostoliese reformasie. Die hoofgedagte van hierdie boek is dat die amp van apostels en profete nie beperk was tot die Bybelse tyd nie, maar dat gelowiges hierdie ampte opnuut moet beklee, totdat die kerk van Christus volmaak sou wees (Wagner 2000:6-8). Wagner (2000:9) argumenteer dat die kerk vir honderde jare, sonder die ampte van apostels en profete, merkbare vordering gemaak het. Hy vergelyk hierdie "tekortkoming" van die kerk met 'n motor wat agteruit gery het en maak dan die gevolgtrekking dat as die kerk in al sy ratte vorentoe sou ry, dit 'n groot impak op kerkgroei sou hê. Die kruks van hierdie boek is daarin geleë dat apostoliese krag deur die hedendaagse apostels en profete vrygestel word deur nuwe openbaringe aan die kerk en dat dít alleen die oorwinning van Christenskap in hierdie wêreld te weeg sal kan bring. Stadig maar seker ontbloot die kerkgroeibeweging wie en wat hulle in werklikheid is.

In 'n kritiese beoordeling wys Gilley (2005:33) daarop hoe kerke aangemoedig word om moderne bemarkingstegnieke te implementeer met die oog op 'n aanwas van lidmaattal. Hy wys hoe die nuwe-paradigma kerk die golf van die tyd ry deur 'n kerk te skep wat in pas is met die vermaaklikheidsera. Kerke word aangemoedig om te verander aangesien die verwagtinge van 'n postmoderne samelewing radikaal verander het. Dit blyk dat baie kerkleiers die oortuiging verloor het dat kerkgroei moet plaasvind deur wêreldse filosofieë uit die kerk uit te hou en die waarheid van die Woord daarin. Koshy (2003) waarsku in 'n

internetartikel dat ’n markgerigte kerkgroei-filosofie uiteindelik die geestelike integriteit en roeping van die kerk in die wêreld sal ondermyn.  Hy verwys na die hervormers wat in gehoorsaamheid aan God se Woord die wêreldse filosofieë van hulle tyd uit die kerk geweer het.  Hy beklemtoon die feit dat hulle deur die bediening van die Woord alleen, *Sola Scriptura,* gedryf is.

Dit alleen is genoeg om enige behoudende Christen te laat besef dat die kerkgroeibeweging se filosofie van vernuwing nie haalbaar kan wees nie, maar dat dit eerder getrouheid aan die Woord van God ondermyn.

## 5.3 DIE SOEKERSENSITIEWE KERKMODEL

In ’n internetartikel parodieer Steinkamp (2005) die woorde van die apostel Paulus soos opgeteken in I Korintiërs 3:6.  Paulus sê naamlik dat hy geplant het, Apollos natgemaak het, maar dat God laat groei het.  Na aanleiding hiervan beweer Steinkamp: “Schuller het geplant, Hybels het natgemaak en Warren het laat groei.”  Daardeur wil Steinkamp die wedersydse ineenvloeiing tussen die kerkgroeibeweging en die soekersensitiewe kerkmodel illustreer. Hy toon voorts aan hoe die evangeliese kerk, sommige liberale protestantse genootskappe, Rooms-Katolieke gemeentes en selfs ’n aantal Joodse Sinagoges hulself geskaar het by hierdie metodies-gedrewe paradigmas ten einde numeriese sukses te behaal.  Steinkamp onderstreep die feit dat kerkleiers wat hierdie filosofieë aanneemlik vind, desperaat is om iets te doen aan die numeriese groei van hul kerke.  So word kerkleiers dikwels onwetend betrek by filosofieë wat die fokus weg van die evangelie van Christus laat verskuif na wêreldse bemarkingstegnieke.

Gemeentes soos *Willow Creek* in Barrington, Illinois (Hybels & Hybels 1995) en *Saddleback Community Church* in Kalifornië (Warren 2005) is twee voorbeelde van gemeentes wat die soekersensitiewe strategie begin toepas het met groot numeriese sukses. Dit is ook *Willow Creek*-gemeente en sy kwasi-denominasie "Willow Creek Association" (WCA) wat die agenda vir die nuwe-paradigma kerk bepaal (Gilley 2005:33).

Geyser (2000:10) definieer die soekersensitiewe model as 'n benadering waar die kerk in sy verhouding met die soeker die evangelie binne die leefwêreld van die soeker kontekstualiseer, sonder enige vooropgestelde idees. Vir Schuller (1986:26) moet die gemeente kultureel relevant wees en moet die behoeftes van die gemeenskap aangespreek word. Dit verklaar waarom Schuller (1986:1-52), toe hy na 'n effektiewe model vir gemeentebediening begin soek het, van deur tot deur geloop het met vraelyste ten einde te agterhaal wat mense van die kerk af wegdryf. Met hierdie inligting het hy die eredienste in die plaaslike gemeente aangepas ten einde die kerk aantreklik te maak vir mense wat kerklos en kerkloos is. Warren (2005:12-21) het dieselfde strategie gebruik om die *Saddleback*-gemeente te plant. Vyftienduisend briewe, waarin gevra is wat vir mense hinderlik in die kerk is, is met die hand geadresseer en na mense se huise gepos. Warren (2005:17) skryf: "Ek het geweet dat as ons gemeente kerklose mense wou lok en behou, dit 'n ander soort erediens sou moes aanbied as dié waarmee ek grootgeword het". Op hierdie manier het die *Saddleback*-gemeente begin om eredienste aan te bied wat die behoeftes van die soekers sou aanspreek. Getalsgewys het hierdie benadering resultate opgelewer en albei gemeentes het binne enkele jare gegroei na meer as 10 000 lidmate (Schuller 1986:12; Warren 2005:21).

Die basis van alle bemarking is dat die verbruiker ten alle koste tevrede gestel en gelukkig gehou moet word. Hy moet die hele tyd kry wat hy nodig het, of wat hy geprogrammeer is om te dink hy nodig het, anders is daar nie sukses met bemarking nie (Gilley 2005:42). Wells (1994:82) maak dit baie duidelik dat, hoewel die kerk as sodanig moontlik bemark en vir die verbruiker aantreklik gemaak kan word op allerlei maniere, Christus, die Evangelie volgens die Skrif, Christelike karakter en die betekenis van die lewe volgens die Skrif, nooit bemark kan word nie. In die vorige hoofstuk is reeds hieraan aandag gegee.

Dit is dan juis op hierdie punt dat die kerkgroeibeweging en die soekersensitiewe model nie die toets van die Skrif slaag nie. Die gevolgtrekking word deur Van Aswegen (2008:77) gemaak dat die kerk se boodskap gekompromitteer word deur die soekersensitiewe model. In stede daarvan dat die boodskap van die kerk lei na sondebesef en verlossing deur die kruis van Christus, word ’n soort lekkerkry-boodskap gebring wat mense kan opbeur en laat goed voel oor hulleself. Die postmoderne kultuur word volgens Van Aswegen in hierdie opsig beskryf as ’n terapeutiese kultuur waarvolgens die oënskynlike welsyn van die mens belangriker as die waarheid van die evangelie geword het. In so ’n evangelie is daar nie plek vir sonde-oortuiging en afwassing van sonde deur die bloed van Christus nie. Daar is ook nie plek vir selfsterwe, kruisopname en navolging van Christus op hierdie wyse nie.

Osteen (2004:57) verwoord hierdie gereduseerde evangelie sonder sonde-oortuiging en sonder die kruis soos volg: “We've heard a lot about the judgment of God and what we can't do and what's going to keep us out of heaven. But it is time people start hearing about the goodness of God, about a God that loves them. A God that believes in them and a God that wants to help them.” ’n

Teologie soos hierdie is skynbaar die oplossing, maar in wese is dit hopeloos aangesien dit verlore sondaars binne en buite die kerk in hulle ongeredde toestand laat. In I Johannes 4:10 word onomwonde verklaar: “Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ’n versoening vir ons sondes.” Die liefde van God vind alleen gestalte in die bloed van Christus.

Gilley (2005:43) vra ’n aantal belangrike vrae met verwysing na ’n soekersensitiewe model:

- Wat gebeur wanneer die die wispelturige verbruiker se smaak verander?
- Wat gebeur as hy nuwe behoeftes ontwikkel (wat hy beslis sal)?
- Sal die herder wat vandag op die voorpunt staan hom nie miskien more in ’n posisie bevind waar hy deur die kudde vertrap word nie?
- Ten einde so ’n tragedie te voorkom, sal hy sy oor op die grond van moderne bemarkingstegnieke moet hou?
- Sal hy ’n slaaf word van stembusse en opnames?
- Hoe sal dit alles sy omgang met die Bybel affekteer?

Vir Gilley (2005:43) is dit duidelik dat die kerk nie ‘n kristalbal nodig het om antwoorde op hierdie vrae te bekom nie. Daar kan bloot na voorbeelde in die kerkgeskiedenis gekyk word om antwoorde op hierdie vrae te verkry. Hy verwys as voorbeeld na die “Downgrade Controversy” waarin Spurgeon die kerk in Engeland teen Liberalisme gewaarsku het. As voorbeeld in die VSA verwys hy na Finneyisme waar die klem weg van teologie na ervaring verskuif het en hoe dit die deur vir vandag se Charismatiese beweging oopgemaak het.

Horton (1995:44) spreek die vrees uit dat die filosofie van die soekersensitiewe kerkmodel die geloofsgemeenskap algeheel sal transformeer sonder om die Bybel amptelik, soos die moderniste vroeër in die 20ste eeu, oorboord te gooi. Dit sal nie nodig wees om te sê dat die Skrif in gebreke gebly het om antwoorde te bied vir die probleme van die moderne wêreld nie. Al wat nodig is, is om die wêreld toe te laat om die kerk te definieer in stede daarvan om die Woord van God toe te laat om dit te doen. In die Engelse taal is daar ortografies gesproke maar 'n geringe verskil tussen die woorde "world" en "word", maar met verwysing na kerkwees, maak die verskillende semantiese inhoude van dié twee woorde die wêreld se verskil. So 'n ommeswaai sal die unieke karakter van die kerk geheel en al in die niet laat verdwyn.

## 5.4 DIE ONTLUIKENDE PARADIGMA

Soos reeds hierbo aangedui is, is daar 'n beweging in die Christendom aan die werk wat allerweë bekend staan as "die ontluikende paradigma". Die drie vernaamste denkrigtings wat hier ter sprake is, is die "Emerging Church", "Jesus Seminar" en die "Nuwe Hervorming Netwerk". Hoewel lede van hierdie drie onderskeie bewegings nie oor alles in detail met mekaar saamstem nie, is daar groot ooreenkomste in hulle paradigmatiese en epistemologiese vertrekpunte.

Op die webtuiste van die "Nuwe Hervorming Netwerk" (http://www.nuwe-hervorming.org.za/) word die wese van hierdie gespreksforum as volg beskryf: **"**Die webbladsy van die Nuwe Hervorming Netwerk is 'n ruimte waar mense toon hoe hulle die nuwere inligting oor die heelal, die aarde en lewe op aarde integreer met die nuwere inligting oor die Bybel, Jesus van Nasaret, die Christelike godsdiens en ander godsdienste."

Die kern van die "Jesus Seminar" se paradigma word in hul gespreksforum (http://virtualreligion.net/forum/) as volg weergegee: "Convened in 1985 by Robert W. Funk, the Jesus Seminar has become a lightning rod for international debate about the 'historical Jesus' – that is, the real facts about the person to whom various Christian gospels refer. The Seminar's on-going project has been to evaluate the historical significance of every shred of evidence about Jesus from antiquity (about 30-200BC). Over the past twenty years more than 200 scholars from North America & beyond have participated in its semi-annual meetings**.** Seminar Fellows include prominent scholars from Canada, Great Brittain, Germany, South Africa, Australia and New Zealand as well as the U.S. for a roster of active participants."

Die wese van die beweging wat as die "Emerging Church" bekend staan, word bondig beskryf op die Internetensiklopedie *Wikipedia* (http://wikipedia.org/wiki/Emerging_church): "The emerging church (sometimes referred to as the emergent movement or emergent conversation) is a Christian movement of the late 20th and early 21st century that crosses a number of theological boundaries: Participants can be described as evangelical, protestant, roman catholic, post-evangelical, anabaptist, adventist, liberal, post-liberal, reformed, charismatic, neo-charismatic, post-charismatic, conservative and post-conservative. Proponents, however, believe the movement transcends such 'modernist' labels of 'conservative' and 'liberal', calling the movement a 'conversation' to emphasize its developing and decentralized nature, its vast range of standpoints, and its commitment to dialogue. Participants seek to live their faith in what they believe to be a 'post-modern' society. What those involved in the conversation mostly agree on is their disillusionment with the organized and institutional church and

their support for the deconstruction of modern Christian worship, modern evangelism, and the nature of modern Christian community.”

Daar sal gepoog word om die vernaamste denkrigtings van hierdie drie groeperinge weer te gee, nie noodwendig apart van mekaar nie, en dan sal die bevindinge telkens krities geëvalueer word aan die hand van die Skrif, belydenisskrifte asook ander relevante literatuur. Daar sal, soos Borg (2003:6-7), na tradisionele Christenskap verwys word as die vroeëre paradigma, teenoor die ontluikende paradigma wat deur die drie bewegings onder bespreking en moontlik ook ander soos hulle weerspieël word.

Borg (2003:4) definieer ’n paradigma as ’n omvattende manier van sien, of as ’n manier om ’n geheel te sien. Dit grootste kenmerk van die ontluikende paradigma is sekerlik dat daar deur hierdie beweging binne die Christelike godsdiens **nuut** en **eksperimenteel** gedink word oor alles. Daar word onder andere nuut gedink oor God, Christus, die Skrif, die Kerk, die bestaan van bose magte en tot oor Christenwees en kerkwees in die postmoderne kultuurfase (König 2009:13). Smit (2009) noem die openheid om nuut te dink en te eksperimenteer ’n verfrissende wending in die huidige kerklike landskap. Hy maak daarop aanspraak dat die oorweldigende meerderheid gemeentes wat deel uitmaak van die ontluikende paradigma steeds vashou aan die kernboodskap van die evangelie. Jesus Christus is volgens hom steeds die begin, voortsetting en voleinding van elke gelowige se aardse lewe. Die tafel is volgens hom gedek vir ’n ontginning van alternatiewe bedieningsmoontlikhede in die vinnig veranderende kultuur van ons dag. Die vraag kan met reg gevra word of Smit die saak korrek takseer en of die evangelie nie sodanig verander word dat dit ’n ander evangelie word nie – met ’n ander God en ’n ander Jesus as dié van die Bybel (2 Kor. 11:3-4).

Oor die gedagte van nuut dink, skryf Van der Merwe (2009) die ontstaan van die Nuwe Hervorming Netwerk toe aan die sogenaamde dekonstruksie van tradisionele kerklike dogmas. Net in hierdie een enkele stelling is die aanduiding reeds baie sterk dat dit wel ’n ander evangelie word as die evangelie van die Bybel en die belydenisskrifte. Helder weerklink die waarskuwing van die apostel Paulus dat ’n engel uit die hemel met ’n ander evangelie nie eens geglo moet word nie (Gal. 1:8). Van der Merwe (2009) voer aan dat baie energie spandeer is om nuwe insigte te bekom wat verkry is deur navorsing gebaseer op moderne kritiese denke. Hy maak dit duidelik dat die Nuwe Hervorming Netwerk wou wegbeweeg van dogma waar iemand reg en iemand verkeerd sou wees met die gevolg dat hulle hul lewe in vier kontekste veranker:

- **’n gemeenskapskonteks** – met die klem op ons eie onderlinge maar ook ander sosiale verhoudinge;
- **’n sosio-politieke konteks** – met klem op makro-gebeure plaaslik en internasionaal, maar sonder party-politieke kontaminasie;
- **’n ekologiese en kosmologiese konteks** – ons fisiese wêreld soos dit mikro (ons blou planeet) en makro (die heelal) manifesteer; en
- **’n spirituele konteks** – die bewussyn en omgang met die misterie van die lewe.

McLaren (2007:52), een van die hoofrolspelers in die “Emerging Church”, getuig van ’n onderhoud wat hy met prof. Leonard Sweet gehad het. Die doel van hierdie onderhoud, soos McLaren dit stel, was om bevry te kon word van die dooiepunt wat hy bereik het met betrekking tot oplossings wat die evangelie bied. McLaren voer aan dat wanneer hy in die teenwoordigheid van hierdie “briljante en

aansteeklike, bedagsame denker en geleerde" kom, hy nuwe gedagtes op nuwe maniere begin bedink.

### 5.4.1 Nuut dink oor die teologie

Bell (2005:11) toon aan hoe die Christelike tradisie gevul is met verandering, groei en transformasie. Hy verwys selfs na die Here Jesus wat volgens hom deelgeneem het aan dié proses deur mense op te roep om nuut te dink oor die geloof en oor die Bybel, oor hoop, liefde en alle ander sake. Bell is tot hier toe in die kol met sy waarneming. Volgens hom het Jesus voorts mense uitgenooi om betrokke te raak by die eindelose proses waarin uitgewerk moet word hoe ons kan leef soos God wil hê ons moet leef. Die groot uitdaging aan Christene is, volgens Bell, om hierdie lewe met passie en oortuiging te leef terwyl hulle oop en buigbaar bly, 'n stelling wat as sodanig ook nie verkeerd is nie. Hy voer sy argument verder deur te verwys na eindelose voorbeelde in die Christelike tradisie wat volgehou het met die voortgaande proses van "nuut dink" en hy gebruik Martin Luther se groot hervorming as voorbeeld. Bell (2005:12) wys daarop dat Luther die term "reformerend" en nie "gereformeerd" nie gebruik het. Daardeur wou Luther, volgens Bell, aantoon dat die reformatore self erken het dat hulle nie alles volmaak gehad het nie en dat hulle moes aanhou reformeer. Die slotsom waartoe Bell geraak is dat die "Emerging Church" deel uitmaak van hierdie reformatoriese tradisie wat aanhou skilder, aanhou reformeer en aanhou nuut dink oor die teologie (Bell 2005:12).

Die probleem is egter dat die nuwe denke van die ontluikende kerk kontra die beginsels van die reformasie is deur al hoe verder van die aansprake in die Skrif af weg te beweeg. As Bell se vertrekpunt *Sola Scriptura* gebly het soos die

solisme van die reformasie lui, sou hy 'n goeie argument gehuldig het. Dit is inderdaad 'n wesenskenmerk van gereformeerde kerke om die hele tyd te reformeer, terug na die beginsels van die Skrif (Janse van Rensburg 2004:50). Jonker (1994:23) meld ook dat die reformasie 'n appèl was om terug te keer na die eenvoud van die Bybelse heilsboodskap, nie die wegbeweeg daarvan soos die ontluikende paradigma in eie wil blyk te doen nie.

Jones (2008:4) maak die ontstellende stelling vanuit die ontluikende paradigma dat vandag se kerk dood is. Hy vergelyk die kerk met publieke telefone in lughawe- en stasiegeboue wat in onbruik geraak het. Oral sien 'n mens nog die reghoekige merke in openbare geboue waar publieke telefone vroeër gehang het, maar selfone het gemaak dat publieke telefone (bykans) totaal in onbruik geraak het. Hierdie vergelyking trek hy deur na die kerk toe en voer aan dat die "Emerging Church" – net soos selfone publieke telefone se funksie oorgeneem het – besig is om die tradisionele kerk se rol en funksie geheel en al oor te neem. Die statistiek wat Borg (2003:4) verskaf en waarin hy aantoon dat die persentasie mense wat die Bybel letterlik verklaar en geglo het in die VSA van 1963 tot 2001 gekrimp het van 65% na net 27%, spreek boekdele en dit is in hierdie sin dat die tradisionele kerk vir Jones dood is.

Jones (2008:4-5) probeer skynbaar troos as hy aanvoer dat die tradisionele kerk nie minderwaardig was nie, maar net dat dit uitgedien is. Die kerk wat volgens hom uitgeken is aan kerkgeboue, professionele leraars, denominale burokrasieë en residensiële seminarie-opleiding, was 'n poging deur getroue manne en vroue op hulle tyd en plek om in getrouheid die Bybelse evangelie uit te leef. Hy spreek selfs die begeerte van die ontluikende kerk uit om Christelik te lewe, om iets wonderliks te bou vir die toekoms, gefundeer op die erfenis van die verlede.

Jones (2008:104) argumenteer egter dat die ontluikende kerk sy teologie geheel en al moet herontwerp. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan wat geword het van die voorneme om op die fondament van die verlede te bou (Jones 2008:5). Die hoop van die "Emerging Church", hul bediening en hul boodskap is vir hulle meer as enigiets 'n roepe om opnuut besield te raak oor die Christelike teologie – nie in die ivoortorings van die kerk nie, nie eens in die kansels of in die kerkbanke nie, maar in die strate (Jones 2008:114).

Beide Schuller en Warren word deur Jones (2008:109) bestempel as voorvaders van die soekersensitiewe kerkbeweging wat die Amerikaanse Evangeliese leer in die 1980's en 1990's gedomineer het. Massiewe kerkkampusse wat 'n mens aan winkelsentrums laat dink het, is in woonbuurte gebou ten einde stedelinge te lok kerk toe. Tradisionele simbole soos die kruis is opsetlik vermy sodat nuwelinge nie deurmekaar gemaak sou word daardeur en aanstoot neem in die kerk nie. Konfronterende prediking is vermy en daar is eerder gekonsentreer op temas soos: "Hoe om 'n beter Christengesin te wees." Jones voer aan dat baie voorstanders uit die ontluikende paradigma deur denke soos hierdie gevoed is, wat die radikale verandering in teologie sedertdien verklaar. Borg (2003:15) som die vernaamste teologiese verskille tussen die vroeëre paradigma en die ontluikende paradigma soos volg op:

| | **Vroeëre Paradigma** | **Ontluikende Paradigma** |
|---|---|---|
| *Oorsprong van die Bybel* | Die Bybel is ’n goddelike produk met goddelike outoriteit. | Die Bybel is die resultaat van `n menslike respons teenoor God. |
| *Bybelinterpretasie* | Letterlik-feitlik. | Histories en metafories. |
| *Funksie van die Bybel* | Openbaring van dogma en morele waardes. | Metafories en sakramenteel. |
| *Klem op Christelike lewe* | ’n Hiernamaals en wat om te glo ten einde gered te word. | Transformasie in hierdie lewe deur ’n verhouding met God. |

Tabel 3: Die vroeëre en die ontluikende paradigma vergelyk (Borg 2003).

Dit is in die lig hiervan nie vreemd nie dat die twee paradigmas by radikaal verskillende uitkomste beland as die vertrekpunte so radikaal verskil. Borg (2003:3) verwys na drie van die uitkomste waarin die vroeëre paradigma en die ontluikende paradigma as gevolg van die verskil in vertrekpunt ten opsigte van die Bybel radikaal van mekaar verskil.

- **Die vrou in die amp:** Borg wys tereg daarop dat die vroeëre paradigma nie vroue in die besondere ampte georden het nie en in sekere kringe dit steeds nie doen nie, terwyl die ontluikende paradigma nuut dink oor die Skrif en dit wel doen.
- **Die posisie van gay en lesbiese persone:** die vroeëre paradigma hou vol om homoseksuele gedrag as sondig te beskou en die enigste opsie is om selibaat te lewe of hulle te wend tot heteroseksualiteit. Vir die ontluikende paradigma gaan dit daaroor dat mense met homoseksuele neigings net so aanvaar moet word en dat hulle in ’n vaste verhouding of selfs ’n huwelik getrou aan een maat moet wees. Brand (2010:3) maak vanuit die beskouing

van die ontluikende paradigma die stelling dat dit juis onbybels en onchristelik is om gay en lesbiese persone op grond van hulle seksuele oriëntasie volwaardige lidmaatskap van die kerk en toegang tot die ampte te weier. Hy voer aan dat mense wat die beskouing van die vroeëre paradigma in hierdie verband huldig, misbruik maak van bybeltekste en daardeur juis 'n disrespek vir die Bybel toon.

- **Christelike eksklusivisme:** hier gaan dit om die vraag of daar net een ware godsdiens is. Die vroeëre paradigma is oortuig dat daar net een weg tot saligheid is, te wete deur die Christelike godsdiens, maar die ontluikende paradigma huldig die standpunt dat mense deur alle godsdienste saligheid kan verkry. Borg (2003:3) verwys na statistiek wat in 2002 in die VSA bekendgemaak is en waarin net 17% van die respondente nog geglo het dat hulle godsdiens die enigste ware godsdiens is. Van die respondente huldig 78% die siening van die ontluikende paradigma.

Oor die gedagte van nuut dink oor die teologie maak Bell (2005:12) dit duidelik dat daar nie maar net kosmeties, kunsmatig nuut gedink moet word nie, maar dat daar radikale veranderinge in die teologie moet plaasvind. Watter oortuigings Christene oor God, Christus, die Bybel en Verlossing, selfs oor die ganse teologie huldig, moet volgens hom voortdurend verander: "We must keep reforming the way the Christian faith is defined, lived and explained."

### 5.4.2 Nuut dink oor Christus

Blykbaar het die konvensionele Evangelie van Jesus Christus nie in McLaren (2007:90-91) se lewe uitgewerk nie. Hy sê dat Jesus nooit eintlik vir hom sin gemaak het volgens die vroeëre paradigma nie. Daarom het hy saam met ander denkers uit die ontluikende paradigma nuut oor Christus begin dink. Hy spreek

die hoop uit dat hierdie nuwe denke ’n oplossing vir die wêreld kan bied wat die ou denke vir twee millennia nie kon doen nie (McLaren 2007:92). ‘n Uitspraak soos hierdie is vreemd as gedink word dat die “ou evangelie” miljoene mense se lewens aangeraak en verander het die afgelope 2 000 jaar.

Die “Jesus Seminar” en “Nuwe Hervorming Netwerk” illustreer hoe vêr nuwe denke oor Christus kan gaan as dit gedoen word met ’n postmoderne hermeneutiek waarin die inspirasie van die Skrif verontagsaam word. Terwyl sommige rolspelers van die “Emerging Church” se nuwe denke oor Christus miskien nog meer gematig is, is daar reeds ’n aantal geleerdes uit hulle geledere wat die Godheid van Christus ontken. As ’n mens jou eenmaal begewe op die weg van nuwe denke oor Christus, is daar geen waarborg dat jy nie ook gaan eindig in ’n ontkenning van alles wat die Skrif oor Hom leer nie. Inteendeel, Borg (2003:132-133, 147) wat ’n “pro-emergent” outeur is (Oakland 2007:114), vind baie sterk aansluiting by John Dominic Crossan, een van die uitstaande leiers van die “Jesus Seminar”. Borg en Crossan is ook mede-outeurs van verskeie boeke, onder andere *The first Christmas: What the Gospels really teach about Jesus' birth*. In hierdie boek word die geboorte van Christus as ’n blote gelykenis met geestelike betekenis beskryf. Hulle noem die geboorte van Christus ’n paraboliese ouverture en ontken die realiteit daarvan. Hoewel die “Emerging Church” en die “Nuwe Hervorming Netwerk” dus hulle nuwe weergawes van die Evangelie verskillend begrond, is daar opsigtelik raakvlakke te bespeur.

Ter illustrasie van die gevaar van nuwe denke oor Christus, word enkele van die Nuwe Hervormers se denke oor Christus kortliks bespreek:

#### 5.4.2.1 Die vleeswording van Christus

Die eerste faset van die Nuwe Hervormers se nuwe denke oor Christus gaan oor sy inkarnasie of vleeswording. Met die gedagte dat die Heilige Gees oor die maagd Maria vaardig geword het en Christus die Woord is wat vlees geword het, het voorstanders van die "Jesus Seminar" en "Nuwe Hervorming Netwerk" 'n groot probleem soos blyk uit verskeie geskrifte (Borg & Crossan 2007; Craffert 2008; Crossan 1991). Volgens hierdie nuwe denke was Christus 'n gewone mens. Craffert (2008:420) gaan so ver as om die mening uit te spreek dat die historiese Jesus gesien kan word as 'n Galilese sjamaan. Dit beteken in wese dat Jesus volgens Craffert dus bloot 'n priester van 'n Midde-Oosterse godsdienstige groepering was, nie die vleesgeworde Seun van God nie (Joh. 1:1-14; Artikel 8 & 18 Nederlandse Geloofsbelydenis). Ander bronne beweer dat Jesus die buite-egtelike kind van Maria is wat gebore is as gevolg van 'n Romeinse soldaat wat haar verkrag het (Van Aarde 2001:111).

#### 5.4.2.2 Christus, die enigste Verlosser?

Het Christus bedoel wat Hy in Johannes 14:6 gesê het?: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe, niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie." In die Bybelbehoudende gelowige se hart bestaan daar geen twyfel nie dat Jesus wel presies bedoel het wat Hy gesê het, maar in die geledere van die ontluikende paradigma word daar nuut gedink oor hierdie allerbelangrike stelling. As Jesus werklik die Christus, die Seun van die lewende God, die Messias, die Verlosser van sonde, die enigste Middelaar tussen God en mens is, soos wat die Bybel daarop aanspraak maak (Matt. 16:16; Joh. 1:4; Rom. 11:26), dan maak die Here Jesus deur hierdie uitspraak alle ander deure na God toe. Dit is presies soos

Wiersbe (1996:350) dit stel: “Our Lord’s statement wipes away any other proposed way to heaven – good works, religious ceremonies, costly gifts, etc. **There is only one way**, and that way is Jesus Christ”.

Christus het nie bloot onderrig gegee oor die weg nie, Hy het nie net die weg aangewys nie, maar Hy het daarop aanspraak gemaak dat Hý die Weg is. Dit is insiggewend om in die Bybel te sien dat die vroeë kerk juis bekendgestaan het as “Die weg” (Hand. 9:2, 19:9, 23, 22:4, 24:14, 22).

Die rede waarom lede van die ontluikende paradigma nuut dink oor hierdie stelling van Christus, is dat dit aanstoot aan mense van ander gelowe gee. Dit is tog interessant dat alle gelowiges van monoteïstiese gelowe nie die deur oopgooi vir ander gelowe nie en ook nie bekommerd is dat hulle aanstoot sal gee nie. Dit is slegs ontluikende Christene wat hul skaam vir die uitspraak van Christus dat Hy die enigste weg tot God is. Bell (2005:21) verklaar uit hoofde van hierdie teks dat Jesus nie een geloof bo ’n ander wou stel nie. Hy het volgens Bell bloot vir sy volgelinge gesê dat hierdie weg die beste weg sou wees tot die diepte van realiteit. Die soort lewe wat Jesus gelewe het, volmaak en algeheel in harmonie en in volkome samewerking met die Vader, is volgens hom die beste moontlike manier vir ’n persoon om te lewe en is nie uitsluitlik die enigste weg na die Vader nie. Dit verander die wese van die teks sodanig dat dit die deur na God deur middel van ander godsdienste wawyd oopmaak. As alle godsdienste na die Vader lei, ontstaan die vraag waarom dit vir Christus nodig was om die hoogste prys op Golgota te kom betaal vir die sonde van die mens soos die Skrif verklaar (Matt. 1:21; Rom. 3:23-24; 6:10, 26).

Borg (2003:81) beweer dat die vroeëre, Bybelse beskouing van Christus vir miljoene mense die afgelope eeu onoortuigend geraak het. Hierdie onoortuigende beskouing van Christus sluit volgens Borg (2003:81) elemente in soos die reddende betekenis van sy kruisdood, die maagdelike geboorte en die liggaamlike opstanding van Christus. Borg (2003:10) verwys bykans spottenderwys, selfs neerhalend, na die vroeëre paradigma as hy vermeld dat die hiernamaals as belofte en motief sentraal staan in die teologie en dat dít uiteindelik die rede is waarom ’n mens ’n Christen moet word. Die apostel Paulus maak egter in I Korintiërs 15:19 die stelling dat ons die ellendigste van alle mense sou wees as ons net vir hierdie lewe op Christus sou hoop. Borg (2003:14) toon aan hoe die ontluikende paradigma klem lê op transformasie en verhoudings in hierdie lewe en glad nie klem lê op vereistes wat nagekom moet word vir die lewe hierna nie.

### 5.4.2.3 Ander kernbegrippe aangaande Christus

Van Wyk (2005) het aan die teoloog prof. Isak Spangenberg, ’n prominente lid van die “Nuwe Hervorming Netwerk”, gevra om antwoorde te verskaf oor stellings van Kuitert, ’n postmoderne teoloog, wat indruis teen ’n konserwatiewe, Bybelgefundeerde teologie en wat gelowiges in ’n relatief konserwatiewe godsdienstige milieu baie kan verwar. Die navorser ag dit van kardinale belang om hierdie argumente volledig in te sluit, ten einde aan te toon in watter rigting postmoderne vernuwing ’n mens se gedagtes kan voer. In die lig van hierdie navorsing is dit ook noodsaaklik om aan te toon dat vernuwing in verantwoordelikheid voor God moet plaasvind, sodat die kernbegrippe en die fondament vir die kerk se bestaan nie vernietig sal word nie.

- **STELLING:** "Die Bybel is nie 'n normatiewe nie, maar informatiewe teks, is dus nie 'n unieke boek nie en bevat nie 'n unieke boodskap van verlossing van sonde en van lewe (ook) anderkant die dood nie."
- **ANTWOORD:** "Die Bybel (in sy vele variasies) is sowel 'n normatiewe as informatiewe teks **vir Christene**, maar nie vir die ganse mensdom nie. Dit bevat nie 'n unieke verlossingsboodskap nie. Ons sterf nie omdat 'n Adam en Eva vir God die harnas ingejaag het nie. Ons sterf omdat dit die natuurlike einde van lewe is. Dis hoe lewe op hierdie planeet bly voortbestaan. Ons mensespesie is nie van hierdie sikliese gang uitgesluit nie. Buitendien, gaan net *homo sapiens* opstaan of het *homo erectus* en *homo neandertalensis* ook 'n kans? Die ortodokse Christendom se beheptheid met die mens se verlossing en heil maak dat hulle mense se verweefdheid met alles wat op aarde leef en geleef het, ignoreer. Hulle doen lustig mee aan die vernietiging van die planeet, want hulle gaan mos 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde erf."
- **STELLING:** "Dit is onseker of God bestaan en indien Hy wel bestaan, dan nie as persoon nie, sodat gebed (as aanbidding) tot Hom, indien nie onmoontlik nie, onwaarskynlik is."
- **ANTWOORD:** "Christene hoef nie net teïsties (persoonsmatig) oor God te dink nie, maar kan ook panteïsties en panenteïsties (nie-persoonsmatig) oor God dink en praat. Binne 'n panenteïstiese verstaan, kan gebed ander vorme aanneem as die direkte aanspreek van God as 'n persoon. Stilte, meditasie, verwondering en gewyde musiek is ook vorme van gebed."
- **STELLING:** "Jesus kan nie beskou word as Middelaar tussen God en mens nie, is nie die Heiland van die wêreld en Here van die heelal nie."
- **ANTWOORD:** "Jesus van Nasaret was 'n Joodse profeet en wysheidsleermeester. Die kerkvaders het hom in hulle teologie 'n verlossergod en 'n middelaar tussen God en mense gemaak. Ek glo wel dat

die goddelike in Jesus van Nasaret teenwoordig was, maar nie dat Jesus die geïnkarneerde ewige Seun van God was of is nie."

- **STELLING:** "Jesus het (is) nie liggaamlik uit die dood opgestaan (opgewek) nie en sy 'opstanding' moet vandag só verstaan word dat sy boodskap van Godsvertroue en medemenslikheid voortleef in die harte van sy navolgers."
- **ANTWOORD:** "Die herverskyningsverhale in die Evangelies en Handelinge hou verband met dáárdie mense se leef- en ervaringswêreld. Om hulle verhale binne 'n moderne denkraamwerk te wil verstaan en van mense wat tans leef, te verwag om te glo dat lyke lewendig kan word, is om kultuurverskille en verstaansmodelle te ignoreer. Wat ons sien en ervaar, hou verband met wat ons kultuur, wêreldbeeld en verstaansmodelle ons toelaat om te sien en te ervaar."
- **STELLING:** "Die uitdra van die evangelie (sendingwerk) is nie (meer) nodig nie omdat alle mense 'godservarings' het en die Christelike godsdiens 'nie meer die enigste ware godsdiens is nie'."
- **ANTWOORD:** "Christene kan steeds aan ander mense die verhale van Jesus vertel, maar moet dit doen met die wete dat dit verhale is wat in die antieke wêreld met sy verskillende kulture ontstaan het. Daardie verhale is nie gelyk te stel aan die meesterverhaal van die ortodokse Christendom nie. Jesus het nie van sy volgelinge verwag om die ekumeniese belydenisse op ander mense af te dwing nie, maar om reg en geregtigheid te beoefen."
- **STELLING:** "Die evangelie (in sy klassieke vorm) is slegs bedoel vir premoderne mense omdat dit in die (post)moderne Europa verwerp word maar in Afrika, wat grotendeels nog in 'n premoderne fase verkeer, baie sterk groei."
- **ANTWOORD:** "Om die kerkvaders se teologie as ewige waarheid aan ander mense voor te hou, ignoreer die feit dat ons in die postmoderne tyd van gekontekstualiseerde waarheid praat. Afrika-Christene maak iets anders met

Jesus in hulle kultuur – en dis reg so. Europeërs en Euro-Afrikane mag ook hieraan meedoen en iets anders met Jesus maak. Dit wat hulle met Jesus maak, behoort egter verband te hou met die kennis waaroor hulle beskik en met die kultuur waarin hulle leef. Alle identifiserings met Jesus van Nasaret en verwoordings van die Christelike geloof is slegs voorlopige verwoordings. Niemand kan ewige geloofswaarhede formuleer nie."

- **STELLING:** "Al kontinuïteit wat daar in die 2 000 jaar van die Christelike geloof bestaan, is dat ons slegs oor die voorbeeld van Jesus as medemenslike mens beskik."
- **ANTWOORD:** "Die kontinuïteit met die Christelike tradisie bestaan daarin dat jy as Christen toelaat dat die verhale oor Jesus deel word van jou lewensverhaal sodat ander mense in jou doen en late iets van sý boodskap sien vibreer en hoor resoneer."

Terwyl Spangenberg in antwoord hierop die uitspraak maak: "...dat dit klaar is met hom die dag as hy sy rug op God en op Jesus van Nasaret draai", ontken hy op eg postmoderne wyse baie van die Bybelse grondwaarhede oor Christus en sy Woord. Uit hierdie antwoorde van Spangenberg kan sonder twyfel afgelei word dat postmodernisme in die teologie almal, van die Christengelowige tot die ongelowige, wil akkommodeer en tevrede stel.

### 5.4.3 Nuut dink oor die Bybel

Du Toit (2000:80-92) spreek as nuwe hervormer, net soos Spangenberg, die mening uit dat die Bybel 'n bundel voorwetenskaplike dokumente is wat deur die kerklike tradisie as kanon aanvaar en geïnterpreteer is. Weg is die geloofsaspek waarsonder dit ontmoontlik is om die God van die Bybel te behaag (Heb. 11:6).

Volgens sy mening moet die Bybel nou in die huidige konteks van inter-wetenskaplikheid en postmodernisme geïnterpreteer word.

Ook wat die “Emerging Church” betref, word daar in vele opsigte nuut oor die Bybel gedink. Borg (2003:45) gee ’n opsomming oor sy standpunte met betrekking tot die Bybel:

- Die Bybel is die produk van twee antieke gemeenskappe, Antieke Israel en die vroeë Christelike beweging.
- As sodanig is dit ’n menslike en nie ’n goddelike produk nie. Die Bybel word gesien as die produk van hierdie twee antieke gemeenskappe se reaksie op God.
- Dit bevat hulle verhale oor God, hoe hulle God beleef het en hulle wette en etiek.
- Daarom is die Bybel nie die absolute waarheid of God se geopenbaarde waarheid nie, maar relatief en kultureel gekondisioneer.

’n Ander siening van die “Emerging Church” ten opsigte van die Bybel word weerspieël in ’n uitspraak van Jones (2005:31). Hy sê dat hy wel die Bybel en die belydenisskrifte glo, maar nie letterlik nie, en daarom beskou hy homself nie as ’n ateïs nie. Hy maak die gevolgtrekking dat Christenskap as ’n stel geloofsoortuigings (“beliefs”) nie vir hom werk nie.

Artikel 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel die gereformeerde standpunt ten opsigte van die Skrif baie duidelik. Die Bybel is naamlik die foutlose, geïnspireerde Woord van God. Ook in Artikel 1.1 van die Evangeliese belydenis, stel die EGK dit duidelik dat die Bybel sy oorsprong by God het.

Die gevaartekens is in die lug dat hierdie soort redenasies die hart van die evangelie sal aantas en mense se geloof in die Drie-enige God ernstig kan ondermyn. Die apostel Paulus het juis in hierdie verband gesê dat hy nie as ’n dienskneg van die Here Jesus bestempel sou kon word, as hy die guns van mense sou soek nie (Gal. 1:10) en dat selfs ’n engel uit die hemel met ’n “ander” evangelie nie geglo moet word nie (Gal. 1:8). Vir Burce (2000:25) is daar ook geen ware evangelie anders as die evangelie van Christus nie, nog is daar ware verlossing buite die verlossing wat die evangelie van Christus bied. Dit is ook volgens Burce nie ’n arrogante uitspraak nie, maar juis ’n uitspraak in nederige afhanklikheid van God vanuit die hart van ’n mens wat hopeloos en onlosmaaklik met die probleem van “Adam” in sy lewe sit. Sproul (1996:115) spreek sy uiterste verbasing uit oor mense wat ’n evangelies, protestantse teologie in die openbaar bely, maar dit in dieselfde asem verlaat vir ander bewegings wat vertroue in die algenoegsaamheid van Christus en sy genade algeheel misken. Wat volgens Sproul (1996:116) opnuut noodsaaklik is, is die soort perspektief wat die groot hervormer Johannes Calvyn op die evangelie van Christus en die algenoegsaamheid daarvan gehad het.

Vir Burce (2000:59) is dit vreemd dat Christene self die toepassers word van reëls wat teen die Woord inwerk waarop hulle doel en lewe eintlik gefundeer is. Hoe vreemd is dit nie dat Christen-teoloë alles in hul vermoë doen om die Bybel en die God van die Bybel te probeer verkeerd bewys. Hierdie denkrigtings is voorbeelde van gevaarlike en onverantwoordelike vernuwing, omdat sodanige denke die goddelike outoriteit en gesag van die Skrif verwerp soos gesien kan word in Borg (2003:13). Daardeur word menslike intellek verhef bo die openbaring van God en

word die kerk in die Bybelse sin van die woord vervals (Deyoung & Kluck 2008; Horton 2008; Johnson & Gleason 2008; Wells 2008; Henard & Greenway 2009).

### 5.4.4 Nuut dink oor die koninkryk van God

Die radikale nuwe denke oor God en die teologie word geaksentueer deur prominente lede van die “Emerging Church” se oop siening oor baie aspekte in die Christelike godsdiens. Die koninkryk van God is een van die aspekte wat hierdeur geraak word. McLaren (2004:275) definieer die globale, kapitalistiese en ekonomiese sisteem as ’n selfmoordmasjien en voer aan dat daar net een manier is om hierdie bose sisteem en die verhale wat dit wettig af te takel. Dit is deur op te hou om daarin te glo en in die plek daarvan in iets anders te glo, ’n ander verhaal, die verhaal van die koninkryk van God. As McLaren hier gestop het en ’n mens terugverwys het na die Skrif, sou dit goed gewees het, maar hy gaan voort deur te beweer dat die koninkryk van God almal insluit, van Jesus van Nasaret tot Mahatma Gandhi en almal tussenin (McLaren 2007:275). Gibbs en Bolger (2006:46) vind aansluiting by hierdie ontluikende beskouing deur ’n bewering dat die koninkryk van God vir die “Emerging Church” ’n verwysingspunt bied soos wat hulle kerklike praktyke aftakel wat nie meer kultureel aanvaarbaar is nie. Selmanovic (2007:192) herinner dat Christus nooit gesê het Christenskap is hier, sluit daarby aan nie, maar dat Hy wel gesê het die koninkryk van God is hier, gaan daarby in. Daarby beskryf hy die slotsom waartoe die “Emerging Church” gekom het, naamlik dat Christenskap nie die hoogste konteks van geestelike aspirasies vir volgelinge van Jesus Christus is nie. Volgens hom is die koninkryk van God die hoogste konteks van geestelike aspirasies en kan Christenskap as sodanig uiteindelik ’n afgod wees. As Christenskap verkeerd getakseer word,

soos dit in die geskiedenis by herhaling gedoen is met gruwels soos die kruistogte, die inkwisisie en baie ander, kan verstaan word waarom die ontluikende paradigma so anti-Christenskap is. En tog sê die Skrif uitdruklik in Handelinge 11:26 dat die dissipels die eerste keer in Antiochië Christene genoem is. Om deel uit te maak van die koninkryk van God en om ’n Christen te wees, is Bybels een en dieselfde ding. Selmanovic (2007:194-196) kom ook tot die gevolgtrekking dat verlossing nie in Christus alleen te vinde is nie. Vir hom is die term “Christus die enigste weg” nie ’n term wat sommiges uitsluit nie, maar juis ‘n term wat almal insluit. Vir Selmanovic (2007:196) is Christene wat vashou aan ’n vroeëre paradigma kritici wat ’n probleem het met hierdie soort allesomvattendheid of inklusiwiteit. Hulle vrees volgens hom dat “waarheid” en “God” moontlik ook in ander godsdienste gevind mag word. Vir die ontluikende Christene is hierdie probleem volgens hom geleë; inteendeel, dit is nie ’n probleem nie en dit roep tot viering vir die feit dat mense van ander gelowe die ware God, soos geopenbaar in die Bybel, sonder Christus kan ken.

Vir ’n Bybelbehoudende en regsinnige Christen is dit buite die kwessie om so ’n nuwe beeld oor die koninkryk van God te aanvaar, aangesien die Skrif en die Belydenisskrifte duidelike uitsprake maak dat die koninkryk van God uitsluitlik in die soenverdienste van Christus bestaan (Matt. 21:42 & 43; Vraag en antwoord 83 & 84 van die Heidelbergse Kategismus). ’n Radikale, innerlike verandering van die siel, ’n algehele ommekeer van die innerlike wese van die mens, heiligheid wat nie bekom kan word soos die panteïste glo nie, is noodsaaklik as die mens die koninkryk van God wil sien – ’n verandering wat alleen moontlik is deur die wedergeboorte wat Christus uit sy genade en onverdiend skenk (Strong 1907:814). Dit gaan nie vir die Bybelbehoudende Christen daaroor om te stry oor

wie se godsdiens reg en verkeerd is nie, maar die saak is of die mens deur die verligting van die Heilige Gees die aansprake van Christus oor die koninkryk van God aanvaar of verwerp. Dit gaan daaroor of 'n mens die uitspraak van Johannes aanvaar wat uitdruklik leer dat wie die Seun het ook die lewe het, terwyl die wat nie die Seun het nie, nie die lewe nie het (I Joh. 5:12). Die sinskonstruksie wat Christus in sy diskoers met Nikodemus in Johannes 3:3 as voorwaarde vir toegang tot die koninkryk van God stel, is baie insiggewend: "... as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." As dit positief gestel was kon wedergeboorte as een van die weë beskou word om toegang tot die koninkryk van God te bekom, maar die feit dat dit negatief gestel is sluit alle ander moontlikhede uit.

Michener (2010:120) verklap iets van die rede waarom die ontluikende paradigma en 'n postmoderne ekklesiologie so 'n inklusiewe beskouing ten opsigte van die koninkryk van God huldig as hy aanvoer dat die koninkryk van God oor gasvryheid en gemeenskap gaan en nie oor verwerping, onderdrukking en despotisme nie. In die lig van die aansprake wat Christus in die bergpredikasie, Matteus 5-7, op die onderdane van sy Koninkryk se lewens gemaak het, is hierdie beswaar van Michener te verstane. As die koninkryk van God egter uit die Bybel beoordeel word, is daar nie ruimte vir die bestaan daarvan buite Christus nie.

### 5.4.5 Nuut dink oor die Kerk

Strauss (2001:37) voer aan dat die kerk hier aan die suidpunt van Afrika onder druk is en dat die voortbestaan van die kerk vir baie irrelevant geraak het. Volgens Strauss spreek die besigheid van die kerk mense nie meer aan nie en raak nie hul lewensvrae nie. Niemandt (2007:12-13) se skets van die kerk is selfs

nog meer radikaal as hy uit hoofde van twee verhale metafories na die kerk verwys:

- In die eerste verhaal word vertel van ’n brug in die Suid-Amerikaanse staat Honduras wat orkaan Mitch in 1998 weerstaan het terwyl al die ander infrastruktuur geheel en al vernietig is. Die brug staan vandag alleen daar, sterk en stewig, maar dit lei na nêrens – dit is nou hoogstens ’n toeristeaantreklikheid, ’n advertensie vir konstruksievernuf of selfs ’n museumstuk.
- In die tweede verhaal word vertel van orkaan Katrina wat in 2005 groot chaos in New Orleans veroorsaak het. Daar word berig van die First Baptist Church waarvan die mure uitgewaai is en die kerk in puin gelaat is. Metafories word die vraag gevra of die kerk die winde van verandering wat tot orkaansterkte gegroei het sal oorleef en of die kerk moontlik as ’n toeriste-aantreklikheid of ’n museumstuk, ’n brug na nêrens, gelaat gaan word.

Dit roep die woorde van Christus in herinnering waar Hy gesê het dat Hy sy kerk op die Rots, verwysende na Homself (vgl. Barnes 1962:76; Walvoord & Zuck 1983:57-58; Wiersbe 1996:58), sou bou, en dat die poorte van die doderyk dit nie sou oorweldig nie. Skriftuurlik kan die voortbestaan van die kerk alleen bedreig word as Christus self die kandelaar van die kerk verwyder omdat die kerk sy eerste liefde vir Christus verloor het (Op. 2:4-5). Andersins staan die belofte van Christus aan sy kerk wat aan Hom getrou is: “Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:20).

Kitshoff (2010:123-124) verwys na ds. G.W.A. van der Lingen wat in 1841 al gewaarsku het teen kansels waar die Seun van God weer gekruisig word en verantwoordelike siele vermoor word deur die verkondiging van ’n leuen-

evangelie. As voorbeelde van hierdie dwaalleer noem Van der Lingen hoedat die inspirasie van die Skrif verloën word, die ontkenning van die leer van die Drie-eenheid, die verwerping van die Godheid en die middelaarskap van Christus asook die ontkenning van die totale verdorwenheid van die mens. Van der Lingen het volgens Kitshoff (2010:124) daardie tyd reeds voorspel dat die kerk sy lewe sou verloor as hy ongehinderd met hierdie dwalings sou voortwoeker.

## 5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Uit die voorafgaande duik die volgende vraag onwillekeurig op: “Hoe kan sondaars nog gered word as die evangelie so na willekeur verander word?” Gelukkig weerklink die woorde van die apostel Paulus duidelik dat hierdie omstandighede kenmerkend sal wees van die laaste dae. God is nie onverhoeds betrap met hierdie paradigmaskuif van astronomiese proporsies nie. Die ou evangeliese gesang bevestig maar net weer dat Christus self sy kerk in stand sal hou, die hel se woede is vergeefs (Gesang 218:1).

Die nuutste tendense is uit ’n diakoniologiese, Bybel-gefundeerde oogpunt baie ernstig afwykend en kommerwekkend. Daar word gedobbel met die wese en die karakter van die evangelie deur tendense soos in hierdie hoofstuk bespreek.

Die kerkgroeimodel, soekersensitiewe model en die ontluikende paradigma is op niks anders geskoei nie as populariteit, wat ’n wesenskenmerk van postmodernisme is. Ten einde die evangelie vir meer mense aanvaarbaar te maak en met die oog daarop dat dit aan minder mense aanstoot gee, word dit populêr aanvaarbaar gemaak vir die mens van vandag. Die kerk moet egter vashou aan Skrifgedeeltes soos 2 Timoteus 3:16 wat leer dat die hele Skrif deur

God ingegee is en dat dít nuttig is tot lering, weerlegging, teregwysing en onderwysing in die geregtigheid.  Die Skrif alleen kan die basis vir die bestaan van die Kerk wees.

Te midde van al die woelinge in die postmoderne kultuurfase is daar tog nog teoloë, predikante en lidmate in baie kerke wat 'n ernstige soeke na die God van die Bybel en na waarheid weerspieël.  So skryf DeYoung en Kluck (2008:14), twee jong Amerikaanse predikante, dat hulle uitstekende kandidate vir die "Emerging Church" se nuwe denke behoort te wees.  Hulle is deel van "Generasie X" of "Y" of die "Busters" of die "Millennials" of watter ander etiket ook al aan hulle toegedig mag word.  Een van hulle voer aan: "I should be joining many of my peers in decrying the evangelical 'bubble' and its close-minded, doctrinally rigid accounting of the Christian faith.  After having my evangelical faith deconstructed by many of the faculty at the middle-of-the-road denominational college I attended,  I should have tried to make peace with my conservative upbringing and the more liberal Christianity of my professors by veering off into the emergent world of mystery, journey and uncertainty – the perfect porridge of not quite fundamentalists, not quite liberal.  I should have (after enjoying all the benefits of safety, provision, and love) rebelled against my family upbringing, finding it, in hindsight, stilted, stoic and staid.  I should have, like so many in the 'Emerging Church', chaffed against my evangelical past and charted a more emerging future.  But I haven't."  Dit is die wonder van 'n jongman van dertig wat sy opvoeding waardeer, die Skrif en die God van die Skrif respekteer en deur die verligting van die Heilige Gees kies om te bly by die wortels van die Reformasie soos hy geleer is in die *Dutch Reformed Church* van Amerika.

# HOOFSTUK 6

# KWALITATIEWE EMPIRIESE ONDERSOEK

## 6.1 METATEORIE

Die metateoretiese komponent van ’n studie soos hierdie sou logies ook ’n empiriese ondersoek insluit en toepaslike vakliteratuur om sodanige ondersoek verantwoord uit te voer, is hiervoor nagevors. Binne die konteks en vir die doeleindes van die empiriese ondersoek sentreer die metateoretiese studie in ’n toepaslike teorie vir die empiriese navorsing dan vanuit ’n kwalitatiewe benadering (Rousseau 2010:190). Van Aswegen (2008:354) bevestig die feit dat die empiriese komponent in die praktiese teologie ’n meer prominente plek begin inneem het met die opkoms van die menswetenskaplike metodologieë en wat voortvloei uit die fenomenologiese veld van waarneming, eksperimentering en ervaring.

## 6.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

### 6.2.1 Doelstelling

Die ondersoek fokus op vrae hoe verantwoordelike vernuwing in die EGK bewerkstellig kan word sonder om die gesonde, behoudende karakter van die kerk te kompromitteer of in gedrang te bring.

Daarvoor is die empiriese ondersoek gerig op die inwin van toepaslike/toepasbare gegewens en wel vir die volgende redes (Dreyer 1993:223, 224):

- Die tyd-ruimtelike aard van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie veroorsaak dat historiese, kulturele en sosiale verandering 'n invloed kan hê op die kommunikatiewe praxis van die Christelike geloof.
- Die tweede element wat vra na die inwin van empiriese kennis is die verwydering wat daar tussen die normatief-etiese ideaal vir die praxis en die werklike konkrete situasie bestaan.
- Dit is ook nodig wanneer daar aktief in 'n bestaande praxis ingegryp moet word om dit nader aan die normatief-etiese ideaal te bring.

Die kwalitatiewe onderhoud is daarop gerig om die deelnemers se perspektiewe op hulle lewens, ondervindings of situasies soos uitgedruk in hul eie woorde te begryp (Taylor & Bodgan 1984:77; Seidman 1998:3-4). In die lig van bogenoemde en in die konteks van hierdie navorsing is dit nodig om ten opsigte van die navorsingsvraag kerkleiers se perspektief op sekere aspekte in die kerk te verneem en te verstaan. Daar is gepoog om vas te stel wat die mening is oor die status quo van die kerk en wat moontlik gedoen kan word om verandering-cum-vernuwing, waar en waarin nodig, teweeg te bring.

### 6.2.2 Navorsingsontwerp

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gevolg waarin deur middel van persoonlike (aangesig tot aangesig) onderhoude en e-pos met deelnemers asook bepaalde predikante in die kerk, gekommunikeer en onderhoude gevoer is. Mouton (1988:10) deel die navorsingsmetodes wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word in drie hoofkategorieë in, naamlik:

- deelnemende waarneming ("participant observation");
- ongestruktureerde of in-diepte onderhoudvoering; en

- die gebruik van persoonlike dokumente.

Lewensgeskiedenis, lewensverhaal, persoonlike of menslike dokument, gevallestudie, outobiografie, biografie, eerstepersoonverslag en eie verhaal is data-insamelingsbegrippe waarna sosiaalwetenskaplikes gewoonlik verwys. Deur die insameling van data op hierdie wyses wil die navorser ’n gedetailleerde eerstehandse verslag daarstel van die innerlike belewenisse van deelnemers (Mouton 1988:15). Die kwalitatiewe onderhoud is dan ’n proses waarin ’n navorser en deelnemer met mekaar in gesprek tree waardeur ’n navorser kan fokus op die vrae wat in die navorsingsonderwerp na vore kom (deMarais, 2004:55).

Wilson en Sapsford (2006:93-94) doen vier maniere van onderhoudvoering en vraagstelling in kwalitatiewe navorsing aan die hand:

- Persoonlike onderhoudvoering waarin ’n onderhoudskedule gebruik word. ’n Standaardskedule word vir elke deelnemer gebruik waarin dieselfde vrae in dieselfde volgorde gevra word. Daar is ’n keuse gemaak vir hierdie opsie, aangesien die behoefte vir hierdie navorsing bestaan om deelnemers se antwoorde met mekaar te vergelyk.
- Die telefoniese onderhoud as variant van die persoonlike onderhoudvoering. Liggaamstaal gaan hier verlore, maar ten opsigte van persoonlike en sosiale interaksie tussen die navorser en die deelnemer is daar baie raakpunte met die persoonlike onderhoud.
- Vraelyste wat deur middel van poswisseling geskied. Deelnemers kan ’n bepaalde antwoord merk deur ’n kruisie of regmerkie te maak, of die ruimte bestaan dat die deelnemer sy eie verhaal skriftelik kan vertel.

- Persoonlike onderhoude in ’n vry formaat. Hier voer die navorser ’n ongestruktureerde onderhoud met die deelnemer om sy lewensverhaal te verneem.

Persoonlike onderhoude is met vier van die deelnemers gevoer en as gevolg van logistiese probleme is daar besluit om deur middel van e-pos met die res van die geselekteerde deelnemers (predikante in die EGK) te kommunikeer. Daar is bevind dat die e-poskommunikasie vir die doel van hierdie navorsing meer effektief is en wel om die volgende redes:

- Dit gee aan ’n deelnemer beter geleentheid om sover dit tyd aangaan homself verbaal uit te druk as wat die geval met ’n persoonlike onderhoud sou wees waarin ’n deelnemer as’t ware uit die vuis ’n antwoord moet verstrek.
- Vir hierdie navorsing is goed deurdagte antwoorde van meer waarde as impromptu antwoorde.
- Dit bied die geleentheid om die voorsitters in ringsressorte landwyd te betrek. Vanuit hulle betrokkenheid op grondvlak met die lief en leed van gemeentes en predikante kan hulle tot ’n meer gebalanseerde weergawe van die werklike toedrag van sake bydra.
- Nie-verbale kommunikasie en liggaamstaal is wat hierdie navorsing betref nie so belangrik nie, daarom is e-pos kommunikasie ’n wenslike data-insamelingsmetode.
- Die tydrowende transkribeer van onderhoude val weg omdat die respons reeds skriftelik beskikbaar is en só meewerk tot deeglike, akkurate analisering van ingesamelde data.

- Die deelnemers is nie verplig om streng by die vraelyste te hou nie, maar dit as ’n oop gesprek te beskou waarin hulle die geleentheid kry om hulle belewenis van die bediening te vertel.

Die kwalitatiewe ondersoek is gedoen volgens Wester (1995:20) se interpretatiewe benadering. Die doel van ’n kwalitatiewe ondersoek volgens hierdie benadering is onder andere om aanvanklike konsepte volgens die begrip van die deelnemers vanuit hulle leefwêreld te interpreteer; dit word gedoen ten einde te probeer vasstel watter verwagtinge daar by kerkleiers jeens die EGK is (Mouton 1996:168). So kan aanvanklike konsepte getoets word in die lig van ’n meer toereikende verhouding tot die praktyk en kan nuttige verstellings aan die teorievorming gedoen word ten einde ’n meer effektiewe praxis te resulteer (Wester 1995:17-20).

### 6.2.2.1 Kwalitatiewe- versus kwantitatiewe navorsing

Daar is ’n verskeidenheid sosiaal-wetenskaplike navorsingsmetodes vir empiriese navorsing beskikbaar en die verskille tussen en argumente vir of teen kwantitatiewe teenoor kwalitatiewe metodes is omvattend geboekstaaf (Berg 2007:1). Enkele besonderhede word ter oriëntering aangedui.

***Kwantitatiewe*** navorsing werk met veranderlikes, statistiese ontleding van byvoorbeeld getalle om ’n teorie te toets, te bevestig of verkeerd te bewys. Kwantitatiewe navorsing funksioneer vanaf ’n positivistiese vertrekpunt wat poog om die sosiale wêreld objektief te meet en menslike gedrag te voorspel en te beheer (De Vos, Strydom, Fouché & Delport 2002:79). Die filosofiese en metodologiese uitgangspunt van positivisme is dat net feite en gevolglik statisties verifieerbare gegewens die basis van kennis kan vorm (Deist 1992:196). Dit is

egter onmoontlik om sekere belewenisse betekenisvol op ’n kwantitatiewe, statistiese wyse of deur middel van syfers uit te druk (Berg 2007:3). Aangesien hierdie kwalitatiewe navorsing gemoeid is met die persoonlike belewenis en insigte van leiers in die EGK, is 'n kwantitatiewe metodiek in die navorsing dus nie aan te beveel nie.

’n ***Kwalitatiewe*** benadering is anti-positivisties ingestel. Interpretasie van die beskrywende data wat deelnemers skriftelik of verbaal uit hulle belewenis meedeel, is daarop gerig om die data of inhoud te verstaan of te interpreteer in plaas daarvan om dit te probeer verduidelik (De Vos *et al*. 2002:79; Schoeman 2005:119). ’n Ryke verskeidenheid navorsingsmoontlikhede is beskikbaar om iemand wat persoonlik betrokke was by dít wat ondersoek word se belewing kwalitatief te verken. Dit geskied die beste vanuit deelnemers se persoonlike perspektief of fenomenologiese ervaring van dit wat ondersoek word (Berg 2007:3). Die term “fenomenologie” word dus doelbewus gebruik om dit te onderskei van ’n kwalitatiewe ondersoek wat ten doel het om dieper te delf (Janse van Rensburg 2008:77).

De Vos *et al*. (2002:79) noem ’n deelnemer wat die tersaaklike fenomeen eerstehands ervaar of ervaar het, ’n ingewyde (“insider”). Ingewydes kan waarskynlik die beste insig bied met betrekking tot hoe ’n fenomeen daar uitsien of hoe dit “werk” en derhalwe ook hoe daarmee te werk gegaan behoort te word. Die resultate van ’n fenomenologiese navorsingsontwerp is daarom vir die doel van die huidige studie belangrik, want deur te verstaan wat die basisteorie aan die hand doen en hoe predikante daarmee saam die status quo in die kerk beleef, kan sinvolle en uitvoerbare voorstelle vir verantwoordelike vernuwing in die EGK aan die hand gedoen word.

### 6.2.3 Deelnemers

#### 6.2.3.1 Kriteria

’n Bruikbare eienskap van ’n fenomenologiese ondersoek, waarin persone die geleentheid kry om hulle “verhaal” te vertel, is dat die navorsingsvraag ’n rigtinggewende invloed kan uitoefen op die keuse van deelnemers (Lieblich, Tuval-Mashiach & Zilber 1998:10). In hierdie studie is persone betrek wat beide sukses en teleurstelling in die bediening beleef het, wat meer as 15 jaar bedieningsondervinding het en dus die kerk goed ken – elkeen van hulle het ’n “bedieningsverhaal.” Daar is van persone gebruik gemaak wat leiersposisies in die kerk beklee, byvoorbeeld Moderatuurslede en Ringsvoorsitters, aangesien dit aanvaar kan word dat hulle die “hartklop” van die kerk ken en derhalwe in voeling sou wees met die grondvlakprobleme in die kerk.

Dit sou ook funksioneel sinvol en logies wees om lede van die Sinodale Groeikommissie wat pas in 2010 ingestel is, te betrek by die kwalitatiewe navorsing. Hierdie deelnemers kan beskou word as persone wat die nood aan verantwoordelike vernuwing besef en in ’n sekere mate as “vernuwend” bestempel kan word. Ter wille van balans is dit ook nodig om deelnemers te betrek wat allerweë in die kerk bekend is vir die behoudende stem wat hulle adem. As daar na hierdie deelnemers verwys word as vernuwend of behoudend, is dit nie as sodanig ’n negatiewe of neerhalende etiket nie, maar hulle insigte word na beide kante as gepas erken en as waardevol vir die navorsing beskou.

Die gekose deelnemers kan gevolglik beskou word as ingewydes wat die tersaaklike probleem, die nood aan verantwoorde vernuwing, eerstehands ervaar of ervaar het. Geen ander kriteria is vir deelname gestel nie. Die keuse van die

deelnemers is bepaal met die navorsingsvraag in gedagte en hulle is deur die navorser geïdentifiseer. Die keuse van deelnemers is dus ’n doelgerigte steekproef (Neuman 2000:198).

’n Narratiewe benadering leen hom daartoe om ’n meer persoonlike weg te volg waarin deelnemers persoonlik “teenwoordig” kan wees in die navorsingsproses met die aanbieding van die empiriese bevindinge en die bespreking daarvan (Josselson & Lieblich 2005, soos aangehaal deur Van der Merwe 2005:7). In ’n poging om dit te bewerkstellig, word deur gebruik te maak van hulle eie name, relevante inligting verstrek oor elke deelnemer. Die deelnemers kom persoonlik aan die woord deurdat hulle insette met die gebruik van hulle eie name in die analise en interpretasie van die data vermeld word.

### 6.2.3.2 Deelnemerbesonderhede

*Die Navorser*: Die navorser is 48 jaar oud en het as 13-jarige tot bekering gekom. Na sy teologiese opleiding en ’n gemeentebediening van 13 jaar begin ’n bediening as dosent aan die Seminarie van die EGK. Gedurende die gemeentebediening het die geestelike situasie van die kerk gereeld in gesprekke met kollegas ter sprake gekom. Aspekte soos lidmate se algemene toewyding aan die Here, die geestelike diepte van lidmate se lewens en die gebrek aan vitaliteit in die kerk is steeds sake wat hom na aan die hart lê. Sy betrokkenheid by die bediening van Herlewing Suid-Afrika, ’n tussenkerklike organisasie wat hulle beywer vir Bybelse herlewing in die kerk, het tot ’n groot mate bygedra tot die besef van die noodsaaklikheid van en motivering vir hierdie studie.

Toestemming is mondeling by elkeen van die deelnemers verkry om hulle insette in die navorsing te gebruik.

*Moderatuur*: Daar is besluit om drie lede van die moderatuur, by name di. D.T. Janse van Rensburg van Wonderboom, H.F. Prinsloo van Brits (ook lid van die Sinodale Groeikommissie) en G.G. de Wet, dosent aan die Seminarie, as deelnemers te betrek by die navorsing. Hulle nadere besonderhede verskyn later. Die rede hiervoor is dat hulle ampshalwe baie met gemeentes skakel en dus ’n goeie aanvoeling het vir die kerk op voetsoolvlak.

*Ringsvoorsitters*: Daar is ook besluit om die voorsitters van die sewe Ringe te betrek wat landwyd die volgende gebiede insluit ten einde die stem uit elke Ringsressort te verneem (hulle nadere besonderhede word eweneens later verstrek):

- Noordelike ring. (Gemeentes in Pretoria en Noord-Gauteng – Voorsitter ds. J. Botha van Pretoria-Oos.)
- Oos-Kaapse ring. (Gemeentes vanaf Mosselbaai tot by Oos-Londen – Voorsitter ds. G.J. van Eeden van Uitenhage.)
- Oostelike ring. (Gemeentes in Mpumalanga en KZN – Voorsitter ds. M.G. Wessels van Middelburg in Mpumalanga.)
- Randse ring. (Gemeentes aan die tradisionele Oos-Rand en Johannesburg – Voorsitter ds. T.J. Cloete van Kempton Park.)
- Vrystaatse ring. (Gemeentes in die Vrystaat en Vaal-driehoek – Voorsitter ds. H. van Niekerk van Bloemfontein.)
- Wes-Kaapse ring. (Gemeentes vanaf Vredendal tot by Hermanus – Voorsitter ds. T.J. Putter van Tygerberg.)

- Westelike ring. (Gemeentes aan die Wes-Rand en in die Noordwes provinsie – Voorsitter ds. L.P. Schoeman van Fochville.)

*Bykomende deelnemers*: Deelnemers word in ’n hiërargie van senioriteit voorgestel: Eerstens ds. J.D. Mienie (sr.), emeritus woonagtig in Kaapstad. Ds. Mienie is betrek weens sy liefde vir die kerk en sy kollegas asook sy besondere insig in kerksake. Ds. W.R. Raath van Rustenburg is betrek weens sy betrokkenheid by die jeug en ds. J.S.E. Bekker van Pretoria-Noord as iemand wat bekend staan vir sy behoudende stem. Laastens is ouderling Vickus Grové van Roodepoort betrek as voorsitter van die Sinodale Groeikommissie. Die deelnemers word vervolgens alfabeties in meer detail bekendgestel:

*J.S.E. Bekker* is die afgelope 12 jaar predikant in die EGK. Sy eerste gemeente was Vryburg waar hy vir vier jaar gedien het. Daarna het hy ’n beroep na Vereeniging aangeneem waar hy vir drie en ’n half jaar gedien het. Hy is vir die afgelope ses jaar leraar in Pretoria-Noord gemeente. Vir Bekker is die soewereiniteit van God en die gesag van die Skrif ononderhandelbaar. Dit is vir hom van kardinale belang dat beginsels uit die Skrif geput moet word en dat die kerk volgens hierdie beginsels moet funksioneer. Hy is allerweë in die kerk bekend vir sy behoudende stem en sy deelname sal goeie balans aan die navorsing verleen.

*J. Botha* is die afgelope 20 jaar predikant in die kerk. Het het vir vyf jaar in Springs gemeente gearbei, daarna vir sewe jaar in George en nou agt jaar in Pretoria. Botha is iemand wat oor uitstaande leierseienskappe beskik en dit kan gesien word in die feit dat hy op elke plek waar hy gedien het as Ringsvoorsitter

gekies is. Hy het ook ’n passie vir die kerk en is baie lojaal aan die leer en die karakter van die kerk.

*T.J. Cloete* is sedert 1993 predikant. Hy het na sy opleiding aan die Seminarie die gemeente in Mosselbaai geplant waar hy vir 12 jaar gearbei en ’n dinamiese impak op die dorp en sy mense gemaak het. Die navorser het hom in Mosselbaai opgevolg en kan getuig van die goeie werk wat daar gedoen is. Daarna is hy na Amanzimtoti, Ermelo en tans bedien hy die gemeente Kempton Park. Hy is bekend as iemand wat behoudend is en het ’n passie vir die geestelike welstand van die kerk.

*G.G. de Wet* is die afgelope 21 jaar predikant in die kerk. Na 18 jaar diens in die gemeentebediening dien hy die afgelope drie jaar as dosent aan die Kweekskool. Hy is die aktuarius van die Sinode en sy liefde vir die kerkorde is duidelik sigbaar. Hy is ook oorwegend behoudend en het ’n passie om die suiwerheid van die kerk te beskerm.

*V. Grové* is ’n ouderling in die gemeente van Roodepoort en het ’n groot aandeel gehad in vernuwing wat in die gemeente plaasgevind het. Grové het in die EGK grootgeword en hy ken die leer en karakter van die kerk baie goed. Die Sinodale Groeikommissie is tot ’n groot mate deur sy inisiatief in die lewe geroep en sy aandeel in die navorsing kan waardevol wees.

*D.T. Janse van Rensburg* het reeds 35 jaar diens voltooi en is tans in sy tweede termyn van twee jaar die Moderator van die Sinode. ’n Uitstaande karaktertrek van dié leraar is sy herdershart wat uit die aard van sy taak as moderator uiters gepas is in sy kontak met gemeentes waarin hy ook met die lief en leed van

predikante te doen het. Dit bring mee dat hy betekenisvol in voeling is met hoogte- en laagtepunte op grondvlak. Hy het ’n geseënde bediening in die kansel en as pastor.

*J.D. Mienie (sr.)* is 'n emeritusleraar. Hy was meer as 40 jaar predikant van die kerk en het veral in die kansel uitgestaan as prediker. Mienie is ’n baie geliefde figuur in die kerk en sy liefde vir die gemeente en vir die broederskap onder kollegas is uitstaande. Hy is bekend vir sy nugtere denke en som meesal ’n situasie baie akkuraat en gebalanseerd op. Hy was vir 27 jaar *Scriba Sinodi* en het diep spore in die kerk getrap. Sy inset in die navorsing word as baie waardevol gereken.

*H.F. Prinsloo* is senior predikant met 38 jaar diens. Hy is voormalige moderator en tans assessor van die sinode. Prinsloo is ’n geëerde persoon in sy eie gemeente asook buite die kerk en is ook ’n bekende prediker wat landwyd tussen-kerklik reekse dienste oor die tema van die wederkoms hou. Hy is passievol oor effektiewe gemeentebediening en het sukses in die bediening behaal. Die geestelike vernuwing in die kerk is vir hom uiters belangrik.

*T.J. Putter* het 16 jaar diens as predikant agter die rug. Hy is as afgestudeerde student na die gemeente Durban uitgeplaas waar hy binne ’n jaar ’n groot impak gemaak het. Aan die einde van sy praktiese jaar in Durban is hy na Brits-gemeente beroep. Toe hy in Brits gekom het, was die gemeente ongeveer veertig lidmate sterk. Die Here het vir Brits ’n visie gegee en sy bediening het ’n groot invloed op die groei van die gemeente gehad. Vandag het Brits meer as 300 lidmate en die gemeente is kerngesond. *Putter* bedien die Tygerberg gemeente en hy is voorsitter van die Wes-Kaapse ring. In hierdie posisie het hy

sy vinger op die pols met betrekking tot die gemeentelike lewe in die Wes-Kaap, daarom sal sy bydrae waardevol wees.

*W.R. Raath* is reeds 17 jaar in die bediening. Sy besondere liefde vir en spontane betrokkenheid by die jeug van die kerk maak van hom ’n waardevolle deelnemer in hierdie navorsing. Deur die jare het hy ’n passie vir jongmense geopenbaar en het selfs ’n kampterrein naby die Hartebeespoortdam gevestig waar hy skoolverlaters en jongmense in hulle twintigs geestelik bedien. *Raath* word ook gekenmerk as iemand vir wie die status quo sinvol moet wees. As iets uit blote gewoonte gedoen word sonder dat dit sinvol is, sal hy die een persoon wees wat dit krities beoordeel. Sinvolle, verantwoordelike vernuwing is vir hom ’n saak van groot erns.

*L. P. Schoeman* het 27 jaar diens as predikant voltooi. Hy is vir die afgelope 14 jaar in Fochville-gemeente wat hy tans bedien en wat oor dié tyd baie positiewe groei beleef het. Hy is iemand wat ’n passie vir opleiding en toerusting het en hy doen ook in die gemeente sy deel in hierdie opsig. Hy is voorsitter van die Westelike ring wat al die gemeentes aan die Wes-Rand en die Noordwes Provinsie insluit.

*G.J. van Eeden* is reeds 22 jaar lank in die gemeentebediening. Na sy opleiding as predikant het hy die gemeente in Ellisras geplant en toe vir 11 jaar daar gearbei. *Van Eeden* is iemand wat ’n positiewe invloed gehad het oral waar hy as predikant gedien het. Na Ellisras was hy predikant in Nelspruit en Malmesbury en bedien tans die gemeente Uitenhage.

*H. van Niekerk* is in 1986 as leraar in die gemeente Oos-Londen georden. Hy het vir drie jaar aldaar gearbei en daarna vir drie en 'n half jaar in Kimberley. Die navorser was gedurende *Van Niekerk* se bediening 'n lidmaat in Kimberley en kan getuig van 'n heilige erns wat hy in sy verhouding met die Here het. Hy is ook waarlik 'n voorbidder en onder sy pastorale versorging en leiding het die navorser ontsaglik gegroei in die Here. Dit was ook onder sy bediening dat die navorser 'n roeping tot voltydse diens ontvang het. *Van Niekerk* is die afgelope 18 jaar predikant in Bloemfontein.

*M.G. Wessels* is een van die predikante in die kerk met die meeste jare ondervinding. Hy is in 1974 georden en het dus 37 jaar diens in die kerk. Gemeentes wat hy deur die jare bedien het was Ermelo, Pietersburg, Witbank, Port Elizabeth Moedergemeente, Vanderbijlpark en tans die gemeente Middelburg. *Wessels* getuig van die getrouheid van die Here in die bediening deur moeilike en maklike tye. Wat vir hom uitstaan van die bediening is hoe die Here in getrouheid mense by die kruis laat uitkom het.

### 6.2.4 Data-insameling

Die *eerste fase* van data-insameling was om die geïdentifiseerde persone telefonies te bereik om te verneem of hulle bereid sou wees om aan die navorsing deel te neem. Tydens dié eerste gesprek is die begrip vernuwing in verband met die navorsingsonderwerp in die studie verduidelik en belangrike aspekte rakende die aard en doel van die navorsing is aan die deelnemers meegedeel (Rousseau 2010:196). Toestemming is tydens hierdie fase van elkeen verkry om sy naam in die rapportering van die navorsingsresultate te gebruik. Die navorser het seker gemaak dat die persone die aard en die doel van die navorsing verstaan

(Rousseau 2010:196) binne die situasie van die nood aan vernuwing in die EGK as behoudende geloofsgemeenskap.

Taylor en Bogden (1984:77) stel as ’n kenmerk van ’n kwalitatiewe onderhoud dat dit nie-voorskriftelik, ongestruktureerd en nie-gestandaardiseer moet wees met ’n redelike oop agenda. Neuman (2000:260) doen egter die nuttige wenk aan die hand dat daar gebruik gemaak kan word van ’n semi-gestruktureerde vraelys met die oog op voorbereiding vir die onderhoud. Hierdie vraelys word nie as die alfa en omega beskou tydens die onderhoud nie en die agenda is deurgaans oop. In die lig hiervan is deelnemers tydens die *tweede fase* van die onderhoud gevra om ’n semi-gestruktureerde vraelys (Neuman 2000:260) wat in samewerking met die promotor opgestel is (Rousseau 2010:196) skriftelik te beantwoord. Die vraelys is per e-pos tussen die navorser en deelnemers hanteer en die deelnemers is versoek om die vraelys as ’n *Microsoft Word*-dokument te gebruik ten einde dit so volledig as moontlik te beantwoord. Die vraelys dien bloot as rigtinggewer vir die navorser in die voer van e-posonderhoude en is nie rigied gebruik nie. Sien Bylaag 3 vir die voorlopige vraelys.

Die *derde fase* het ten doel gehad om deur middel van persoonlike en e-posonderhoudvoering, waarin ’n gestruktureerde onderhoudskedule gebruik word (Wilson & Sapsford 2006:93-94), opheldering van gegewens van die response op die voorlopige vraelys te verkry of om sodoende verdere inligting oor die saak te bekom. Dit is duidelik onder deelnemers se aandag gebring dat hulle kan afwyk van die onderhoudskedule as daar iets sou wees waaroor hulle graag sou wou verhaal. Sien Bylaag 4 vir die finale onderhoudskedule.

Waar persoonlike onderhoude met deelnemers gevoer is, is dit met hul toestemming op ’n digitale klankopnemer vasgelê (Poggenpoel 2003:147). Tydens en net na afloop van die onderhoude het die navorser aanvullende aantekeninge oor die volgende aspekte gemaak:

- Sekere aspekte wat as belangrik beskou is, is aangeteken en verdere vrae is tydens die onderhoude daaroor gevra (Neuman 2000:277).
- Die navorser het voorkeur gegee aan vrae wat die vraagwoorde “wat” en “hoe” bevat. Berg (2007:104) meen dat vrae wat die vraagwoord “waarom” bevat, ’n negatiewe respons kan ontlok en dat deelnemers dan moontlik ’n vraag nie volledig antwoord nie.
- Na elke onderhoud het die navorser notas gemaak van sy eie belewenisse, waarnemings wat gemaak is tydens die onderhoud, moontlike sterk- en swakpunte van die onderhoud en moontlik bruikbare inligting vir die praxisteorie (Neuman 2000:277; Poggenpoel 2003:147).
- In gevalle waar onderhoude gevoer is, het dit lengtegewys gewissel, maar die gemiddelde duur was sestig minute.

### 6.2.5 Analise en interpretasie van die data

Die tipe narratiewe analise wat gebruik is in die ontleding van die data is ’n kategoriale-inhoudsperspektief (“categorical-content perspective”) (Lieblich *et al*. 1998:16-17, 112). Tydens hierdie tipe analise, ook bekend as inhoudsanalise, is gefokus op bepaalde aspekte van wat deelnemers na vore bring – in die huidige studie was die doel om vas te stel wat die deelnemers se belewenis van die kerk is, waar of watter soort leemtes ervaar word en hoe dit vernuwend aangespreek kan word. Temas en subtemas is geformuleer uit die data wat ingesamel is.

### 6.2.6 Etiese aspekte

Tydens die navorsingsproses is streng gehou by die voorskrifte vir etiese navorsing soos voorgestel deur Berg (2007:78-82) en Neuman (2000:486-491). Soos vroeër aangedui (vergelyk par. 4.3.4 hierbo), is die doelstellings en die navorsingsproses wat gevolg sou word aan die deelnemers verduidelik. Deelname aan die projek was vrywillig en deelnemers was vry om hulle in enige stadium aan die ondersoek te onttrek. ’n Mondelinge verklaring van vrywillige deelname is van elke deelnemer verkry waarin ook toestemming verleen is om die navorsingsresultate in die studie te publiseer. Deelnemers is genooi om die inligting te kontroleer voordat dit in die navorsingsresultate gepubliseer sou word, maar geeneen het dit nodig geag om die aanbod aan te neem nie.

### 6.2.7 Evaluering van bevindinge

Lieblich *et al*. (1998:173) (vergelyk Rousseau 2010:199-200) noem vier kriteria wat nuttig is vir die evaluering van narratiewe navorsing:

***Strekking/wydte*:** Dié kriterium dui op die gehalte van die onderhoude en die voorgestelde analise en interpretasie van die narratiewe in verhouding tot die navorsingsvraag. Die vraelys-terugvoer deur deelnemers en onderhoude wat gevoer is, het voldoende data opgelewer wat sinvol geanaliseer en geïnterpreteer kon word om die navorsingsvraag te beantwoord. Die deelnemers se mededelings het in sommige gevalle ’n groot mate van oorvleueling getoon en in sommige gevalle het van die deelnemers die fasette genoem wat in die basisteorie na vore kom.

***Samehang/koherensie*:** Dit verwys na die wyse waarop die interpretasie van die data ’n afgeronde en sinvolle samehang vorm en in watter mate dit aansluiting vind by ander teorieë en navorsing. Die navorsingsvrae – wat daarop gerig was om ’n prosesmatige beeld te verkry van vernuwing as ’n deurlopend noodsaaklike kerkaktiwiteit asook die noukeurige toepassing van die narratiewe-analise stappe – het die navorser in staat gestel om die groot hoeveelheid data sinvol te interpreteer en te integreer. Die resultate weerspieël en staaf tot ’n groot mate die belangrikste bevindinge in die basisteorie.

***Insig*:** Dit behels die varsheid en vindingrykheid in sowel die aanbieding, asook die analise en interpretasie van die narratiewe. Die narratiewe navorsingsmetode en die prosesmatige ontleding van die data is volgens die navorser ’n vars benadering tot die navorsingsarea. ’n Belangrike vraag wat by hierdie kriterium van *insig* aansluit, is of die leser uit iemand anders se storie ’n beter insig in sy eie storie verkry – in hierdie geval die navorser se insigte oor verantwoordelike vernuwing.

***Ontleedbaarheid*:** Ontleedbaarheid verwys na die vermoë om ’n analise wat op ’n klein aantal konsepte berus, beskikbaar te stel met gepaardgaande literêre gehalte ("*Elegance or Aesthetic appeal*” – Lieblich *et al*. 1998:173). Die inligting wat deur die vraelys wat die deelnemers ingevul het en uit die daaropvolgende onderhoude bekom is, het daartoe bygedra dat ’n sinvolle tematiese analise en bespreking van die deelnemers se narratiewe gedoen kon word. Die direkte aanhalings van die deelnemers se terugvoer het ook daartoe gelei dat hul stemme tydens die databespreking “gehoor” kon word.

’n Proses van konsensuele stawing of validering (Lieblich *et al*. 1998:173) is uiters belangrik om betroubaarheid van narratiewe navorsing te verseker. Hierdie proses behels dat ’n navorser se bevindinge sin maak vir ander navorsers en ingeligte individue (Rousseau 2010:123).

## 6.3 RESULTATE EN BESPREKING

Die name van die deelnemers word kursief aangegee sodat dit duidelik sal uitstaan.

### 6.3.1 Vernuwing in die algemeen

Op ’n vraag of die EGK daarin slaag om sy doelstelling van ’n strewe na voortdurende vernuwing en varsheid van getuienis, ondervinding en boodskap te verwesenlik, is die deelnemers – met die uitsondering van twee – dit eens dat die kerk nie daarin slaag nie. Verreweg die grootste persentasie van die deelnemers is dit ook eens dat daar dringend aandag gegee sal moet word aan hierdie kwessie. Oor verantwoordelike vernuwing as sodanig is daar redelik uiteenlopende menings en dit sal so breedvoerig moontlik bespreek word.

*Mienie* is van mening dat verantwoordelike vernuwing moontlik op drie maniere teweeggebring kan word: ware vernuwing kan net geskied deur die wassing met die Woord, deur die bydrae van elke lidmaat wat dien tot stigting of opbouing en dat dit op geen ander manier kan realiseer as deur die selfverloëning van leraars, kerkrade en gemeentelede nie. Hy rig 'n vermaning dat leraars nie in eie krag moet probeer om “supersterre vir Jesus” te wees nie, want dit kan meebring dat lidmate gly en dat andersins gelowige lidmate die pad daardeur kan byster raak.

Nel (1994:60) se opmerking dat die gemeente slegs een Hoof het, naamlik Christus, en daarom nooit die eiendom van die menslike leierskap kan wees nie, sou hier van die grootste belang wees. ’n Kerk waarvan die leierskap Christosentries ingestel is, sal gekenmerk word aan die nederige afhanklikheid van die leiers en nie aan leiers wat supersterre vir Jesus probeer wees nie.

*Mienie* vestig verder die aandag op die troostende sekerheid dat die Heilige Gees altyd aan die werk is in die gemeente in die hoog- en laaggetye en dat leraars nie moet probeer om kunsmatige hooggetye in die gemeente te skep nie: “As ons werk en mik vir ’n goeie seisoen en dit word byvoorbeeld die predikant se ambisie om hierdie jaar herlewing te sien en mense sou daartoe aangemoedig word, dra dit onnodige spanning in die gemeente in.” *Mienie* se stelling bevestig die basisteoretiese bevinding, naamlik dat ware vernuwing en herlewing die werk van God is (sien par 4.4.5 hierbo).

*Raath* se perspektief op vernuwing in die algemeen is baie interessant as hy sê dat verantwoordelike vernuwing ook daarop ingestel moet wees om voortdurend die bestaande praxis te verbeter. *Raath* huldig voorts die mening dat as die kerk nie aktief besig is om in verantwoordelikheid voor God te verbeter nie, die kerk nie anders kan nie as om te stagneer.

*Van Eeden* meen dat vernuwing in die EGK dringend noodsaaklik is en pleit vir vernuwing in die kerk wat aanvaarbaar, verfrissend, meer mensvriendelik en bevorderlik sal wees vir die geestelike heil van die mense wat deur die kerk bedien word. Hy maan egter teen ’n soort vernuwing wat ontaard in ’n rigting wat lynreg teen die grein van die behoudende teologie indruis en wat bloot ingestel is op vermaak.

Nel (1988:1) se standpunt dat vernuwing ’n prosesmatige gebeure is waarin God deur sy Gees vernuwend met sy Kerk besig is, is by uitstek die uitgangspunt van hierdie navorsing. Dit gaan dus hoofsaaklik oor geestelike vernuwing of herlewing as die werk van God in die kerk. Dit sou egter nie onvanpas of verkeerd wees vir die kerk om ook te besin oor gebruike en gewoontes wat realisties en in pas met die tyd na verbetering vra nie. Al die deelnemers is dit egter eens dat “hartsvernuwing” (soos *Bekker* dit noem) in die EGK die noodsaaklikste is – veel meer as ’n blote verandering van tradisionele gebruike en gewoontes. Die meerderheid deelnemers is dit ook eens dat sodanige vernuwing alleen die EGK se deel kan word deur ’n nuwe gehoorsaamheid en toewyding aan God.

Die krag en relevansie van die Bybel as Woord van God is ’n gegewe waarin *Schoeman* sy volle vertroue uitspreek deur aan te voer dat daar Skriftuurlik, met insig en oorleg onder leiding van die Heilige Gees, aangepas kan word by die loop van die lewe en by die eise van die tyd. Dit antwoord die vraag hoe die kerk sy doelstelling kan verwesenlik “om as kerk dinamies te wees vir die tyd waarin ons leef en in die geestelike behoeftes en nood van die mense te voorsien”. As vernuwing só geskied, sal die kerk volgens *Schoeman* altyd relevant en kontemporêr en met die verloop van tyd in pas kan bly. Sommige van die deelnemers is van mening dat daar nie vasgestel moet word wat die geestelike behoefte van lidmate is nie, aangesien dit tot pragmatisme kan lei. *Wessels* voel egter saam met die meerderheid deelnemers dat daar dringend vasgestel sal moet word wat die geestelike behoefte van lidmate is en spreek sy kommer uit of dit nie miskien al te laat geword het daarvoor nie.

By die pas afgelope predikantekonferensie van 2011 is daar in die prediking sterk appèl aangeteken dat die kerk in sy geheel moet terugkeer na die binnekamer en

dat vernuwing daar op ons knieë van God afgebid moet word. Dit is wat die NGK in die vroeë 19de eeu gedoen het en die vrug daarvan was die magtige herlewing van 1860 in die NGK. *Prinsloo* en *Van Niekerk* lewer ’n belangrike bydrae deur te beklemtoon dat geestelike vernuwing in die EGK by die predikantekorps van die kerk moet begin uit krag van heilige lewenswandel.

Hierdie klem is presies dit waarop Packer (1983:108) se uitspraak betrekking het: dit sal ’n kerk niks kos om oor geestelike vernuwing en herlewing te praat en te debatteer nie, maar natuurlik verg dit heelwat meer om besluite en stappe met die oog op vernuwing daadwerklik tot uitvoer te bring. Packer se standpunt dat ’n kerk skuldig sal wees as hy tot die begrip gekom het van wat vernuwing is en dit dan afwys of nie daartoe oorgaan nie is veral ’n dringende appèl op die aandag en aksie van die leierskorps in die EGK en is in hierdie stadium lewensbelangrik om van kennis te neem.

Uit die meerderheid van die deelnemers se terugvoer is dit onomwonde duidelik dat verantwoordelike vernuwing in die EGK hoofsaaklik gaan oor vernuwing van die hart en dat dit by die predikantekorps moet begin. Vernuwing op ander terreine wat bloot verandering van die tradisie of gewoontes behels, sal sinneloos wees as dit nie gerugsteun word deur hartsvernuwing wat deur die Heilige Gees bewerk is in antwoord op gehoorsaamheid en ernstige gebed nie.

Terwyl hierdie dringende besef feitlik as allesoorheersend beskryf kan word, beteken dit egter nie dat vernuwing op ander terreine nie ook aangespreek moet of kan word nie. Daar word vervolgens na moontlike areas van vernuwing gekyk.

### 6.3.2 Vernuwing in die liturgie

Dit is verbasend hoeveel van die deelnemers leemtes in die gevestigde liturgie van die EGK beleef soos dit tans daar uitsien. Een van die vrae wat aan respondente gevra is, lui soos volg: “Dit blyk dat heelwat leraars en gemeentelede die liturgie van die kerk as doods bestempel; hoe voel u daaroor?” Hierop het vyf van die deelnemers saamgestem, drie van hulle voel dat die liturgie van die EGK in sommige gevalle dood is, afhangende van die liturg se aanbieding en die ander vyf voel glad nie dat dit dood is nie.

*Janse van Rensburg* voel gefrustreerd dat ’n liturg dikwels vasgevang kan voel in dit wat hy “moet” doen en dat hy dink hy mag nie daarvan afwyk nie, terwyl *Putter* weer van mening is dat die liturg heelwat vryheid het binne die riglyne van die kerkorde. *Prinsloo* se ervaring is (aangesien hy met talle gemeentes in sy landwye preekbediening te doen kry) dat baie gemeentes afgewyk het van die ritus vir die oggend-erediens soos die kerkorde dit bepaal. Hy meen die rede hiervoor is enersyds dat die ritus in ’n formaliteit ontaard het omdat dit bloot ’n mensgemaakte tradisie is wat oor eeue heen kom en andersyds omdat daar geen Bybelse gronde vir die spesifieke liturgiese orde, soos dit voorgeskryf word, bestaan nie. De Klerk (1985:43) se standpunt dat die basis en grond van die liturgiese verkeer tussen die Ewige Koning en sy volk niks anders kan wees as verbondsgenade nie, is in hierdie verband van die grootste belang. As die kerk hierdie gedagte buite rekening laat, is De Klerk daarvan oortuig dat die liturgie noodwendig dood sal raak, omdat die gemeente nie die nut daarvan sal insien nie.

Om Sondag na Sondag klakkeloos deur die liturgie te skarrel sonder om in diepe afhanklikheid ’n ontmoeting tussen God en sy gemeente te fasiliteer, sal noodwendig uitloop op ’n dooie vorm en die frustrasie van sommige deelnemers kan verstaan word. Die vraag moet dus gevra word, in die lig van *Janse van Rensburg* en *Prinsloo* se belewenis hiervan, of die betekenis van die liturgie in die EGK nie reeds tot so ’n mate vervaag het dat dit as ’n geykte vorm beleef word nie. Natuurlik moet die totstandkoming (en invloed) van die hedendaagse pretkultuur en vermaaklikheidsmentaliteit waarvan Kloppers (2002:67) praat, ook nie in hierdie verband onderskat word nie.

*Bekker* bied op hierdie tema ’n waardevolle insig: ’n verval in koue formalisme vind volgens hom nie plaas as gevolg van ’n tradisie of ’n liturgiese ritus as sodanig nie, maar as gevolg van die feit dat ’n mens iets doen sonder om dit te bedoel. Hy meen dat die sang van Charismatiese groepe met hulle lewendige musiek en orkeste ook baie maklik maar net ’n dooie vorm kan word en dat vernuwing daarom nie in die aanbieding geleë is nie. Om te vernuwe behoort volgens hom ’n daaglikse gebeurtenis te wees wat vloei uit voortdurende selfondersoek uit hoofde van ’n mens se verhouding met God. Die individu moet weet of bewus gemaak word of daar ’n verval in formalisme in die geestelike lewe plaasgevind het. Dan moet die Here vertrou word om die hart te vernuwe sodat die verhouding met God lewendig sal wees. Kragtens die liturgie plaas *Bekker* die verantwoordelikheid hiervoor vierkantig op die skouers van die liturg en spreek die mening uit dat negatiwiteit van sy kant ook die gemeente negatief sal stem teenoor die liturgie. Hy stel dat entoesiasme aan die kant van die liturg, die liturgie tot sy reg sal laat kom en dat dit die gemeente se ontmoeting met God lewend sal fasiliteer. Hiervoor doen *Schoeman* aan die hand dat effektiewe

interpersoonlike kommunikasie, meer vryheid en gesonde menseverhoudings in die kansel baie sal help om liturgiese vernuwing te weeg te bring.

Dit is insiggewend dat die deelnemers sonder uitsondering gekant is teen 'n liturgie wat deur chaos en wanorde gekenmerk word. Almal is dit eens dat daar 'n gewyde atmosfeer en orde in die erediens moet wees, maar die meeste pleit vir groter vryheid in die liturgie. Vir almal is Woordverkondiging die sentrale, onveranderlike deel van die liturgie en die liturgie moet meewerk om 'n lewende ontmoeting tussen God en sy gemeente te fasiliteer. Sonder om formeel daarvan kennis te dra, stem al die deelnemers saam met Janse van Rensburg (2004:46) se standpunt dat vernuwing in die liturgie nie soseer teenoor 'n gereformeerde liturgie staan nie, maar dat dit gebonde is aan gereformeerde beginsels.

### 6.3.3 Vernuwing in gemeentesang

Die meerderheid deelnemers meen dat gemeentesang in die EGK 'n ernstige laagtepunt bereik het. Terwyl *Prinsloo* dit beklemtoon dat hy nie veralgemeen nie en dat hy geen gemeente wil afkraak nie, hy nie anders kan nie as om die toestand van gemeentesang in talle gemeentes as "pateties" te beskryf. Daarteenoor is daar egter ook gemeentes waar baie moeite met gemeentesang gedoen word en in sulke gemeentes gaan dit goed.

Op die vraag hoe belangrik gemeentesang sou wees, meen al die deelnemers dat dit uiters belangrik is. Mense sal selfs na gemeentes gaan wat leerstellig dwaal net om lekker te kan sing (aldus *Van Niekerk*) en sang kan een van die baie belangrike elemente wees wat besoekers na 'n gemeente aantrek of daarvan af wegstoot.

In alle redelikheid moet aangedui word dat ***begeleiding*** soms ’n groot probleem in ’n gemeente kan wees. Dit is egter nie onoorkomelik nie en moderne elektroniese tegnologie maak dit moontlik om ’n effektiewe oplossing te vind. *Schoeman* meld dat hulle gemeente die gebrek aan goeie begeleiding die hoof gebied het deur gebruik te maak van vooraf-opgeneemde musiek wat gesinchroniseer is met lirieke en deur middel van ’n dataprojektor verskaf word. Die gemeente het vir hulleself die voorwaarde gestel dat die kerkmusiek niemand moet irriteer nie en gedurende die vier jaar sedert dit in gebruik is, is die samesang by elke diens volgens hom ’n feesgeleentheid vir oud en jonk. Hulle waak teen die uiterstes van geraas (soos byvoorbeeld in die styl van rockmusiek) enersyds en dooie sielswroegende musiek andersyds. *Schoeman* het hierdie sisteem tydens die sinode van 2010 bekendgestel aan al die afgevaardigdes en volgens hom het 64 gemeentes dit van hulle bekom. Daar is getuienis van ’n hele aantal gemeentes wat dit met vrug implementeer.

Vir begeleiding stel *Bekker* as voorwaarde dat dit nie op vermaak en pret ingestel moet wees nie, maar op die aanbidding van God Drie-enig. Hy is bekommerd oor die moontlikheid dat gereformeerde mense skaam geword het vir hulle gereformeerde liedereskat en dat ’n mens baie selde hoor hoe gereformeerde liedere met oorgawe uit volle bors gesing word. Daar moet ook volgens hom in hierdie opsig ’n vernuwing van harte plaasvind, sodat die lidmate van die EGK die Here met hart en siel en met nuwe ywer in hierdie besondere tradisie sal groot maak.

Die meeste deelnemers is positief oor die aanleer van nuwe liedere, maar daar word asof uit een mond vermaan dat die inhoud van liedere die toets van die Skrif moet slaag.

### 6.3.4 Vernuwing in die jeugbediening

Die daling in getalle van die aantal jongmense en kinders in beide die Kinderbediening (voorheen Sondagskool) asook die aantal jongmense wat na afloop van kategetiese onderrig lidmate van die kerk word, is 'n bron van groot kommer by al die deelnemers. Hierdie daling moet volgens *Wessels* vir die kerk die bewys wees dat die jeugbediening in die kerk nie effektief is nie. Uit die verkreë data skyn die mening deur te skemer dat daar mettertyd 'n probleem in die jeugvereniging van die kerk ontstaan het. Hieroor is daar egter nie eenstemmigheid nie en met respek vir individue se mening word deelnemers se name nie onder hierdie tema vermeld nie.

Aan die een kant is daar diegene wat meen dat 'n vorm van sang wat vreemd aan die karakter van die kerk is (bv. tipies Charismatiese lof- en aanbiddingsliedere wat gepaard gaan met raserige orkesbegeleiding en liggaamsbewegings), ligsinnigheid en 'n gebrek aan ordelikheid by jeugkampe tot gevolg het en dat jongmense weens hierdie blootstelling vervreemd geraak het van die karakter in die volwasse kerk. Hierdie tendens word enersyds beskou as die definitiewe oorsaak dat jongmense hulle nie meer tuis voel in die volwasse kerk nie en daarom in groot getalle die kerk verlaat. Aan die ander kant is sommige deelnemers egter van mening dat die jeugkampe van die afgelope jare daartoe bygedra het dat daar 'n baie goeie gesindheid jeens die kerk onder die jeug ontstaan het. Terwyl laasgenoemde groep baie duidelik bewus is van die onrusbarende fenomeen van jongmense wat óf na kategese nie lidmate word nie óf van lidmaatskap verwissel na kategese, blyk die vernaamste probleem verdeeldheid binne die geledere van die jeug self te wees. Enersyds word die

ernstige vorme van toewyding wat sommige jongmense reflekteer deur ander jongmense in 'n negatiewe lig beskou. Een deelnemer het verwys na iemand wat smalend na eersgenoemde groep jongmense sou verwys het as die “heiliges” weens dié se optrede. Eersgenoemde groep tree weer op ’n geestelik hoogmoedige wyse op deur die ander te bestempel as die “ongeestelikes.”

Dit laat die nypende vraag ontstaan of hierdie krisis van verdeeldheid in jeuggeledere moontlik teruggevoer kan word na die probleem waarna Rietkerk (1996:11) verwys as hy aanvoer hoe die jeugkultuur verander het van ’n kultuur wat lojaal was aan die volwasse wêreld na ’n kultuur wat versnipper geraak het. Die meningsverskil onder die deelnemers, in hierdie geval kerkleiers, kan na die navorser se mening teruggevoer word na die probleem wat Rietkerk aanspreek. Dit moet vermeld word dat daar ’n groep kerkleiers is wat nog baie sterk geheg is aan die tradisionele jeugkultuur wat nog altyd (sedert die 1960's) in die kerk gegeld het en waarin streng reëls ten opsigte van onder andere gedrag en kleredrag tydens jeugkampe afgedwing is. Daar is ook in die geledere van die jongmense nog ’n aantal (skynbaar die minderheid) wat steeds aan hierdie kultuur vasklou en hulle daarin tuis voel.

Daar is andersyds die groep kerkleiers wat vrede gemaak het met die feit dat die jeugkultuur radikaal verander het en wat eerder die jongmense in hulle nuwe kultuur wil akkommodeer. Hierdie groep is van mening dat reëls en regulasies oor iets soos byvoorbeeld kleredrag (dat ’n meisie byvoorbeeld nie ’n denim- of ander lang- of kortbroek mag dra nie), die jongmense van die kerk af wegdryf en dat, terwyl daar geen reëls kan wees nie, daar nie rigiede of onnodige reëls by jeugkampe afgedwing moet word nie. ’n Mens kan nie help om te wonder of daar

nie miskien te veel energie verspil word tussen hierdie twee groepe wat elkeen hulle standpunte wil verdedig nie? (Navorser.)

Prolepties sou dit gevra moes word of daar nie ’n baie intensiewe bearbeiding van jongmense wat tans in die kerk is van stapel gestuur moet word om hulle volgelinge van Christus te maak en hulle sodoende te behou nie. Die noodsaaklikheid hiervan, en dat dit op die hedendaagse vlak en werklikheidbelewenis van jongmense sal moet geskied, is feitlik ’n gegewe. Brooker (1990:10) se pleidooi dat Jesus Christus sy dissipels agtergelaat het met die opdrag om **dissipels** te maak, beklemtoon hoe hierdie spesifieke taak groot vrug in die gemeente onder die jongmense kan lewer as dit met die nodige erns aangepak word. As jongmense werklik met begrip en empatie deur volwassenes in die gemeente begelei word om ware dissipels van Jesus te wees, sal hulle die ondervinding van Romeine 6:6-8 smaak. Hulle sal naamlik saam met Christus sterf en saam met Hom opstaan in ’n nuwe lewe en dit sal hulle lei om volgens sy voorbeeld te lewe. Dit sal lei tot ’n nuwe gedragskode onder die jeug, naamlik om die Here God lief te hê met hulle hele hart, hulle hele siel en hulle hele verstand en om hulle naaste lief te hê soos hulleself. Christus se belofte onder die nuwe verbond dat Hy sy wette in hulle hart sal ingraveer, is wat die jongmense werklik nodig het – nié volwassenes wat heeldag argumenteer oor wie se standpunt meer water hou nie.

’n Beduidende aantal deelnemers is dit eens dat daar ’n werklike nood bestaan aan opgeleide jeugwerkers om die jongmense beter te bedien. Wesenlik sluit dit ideaal aan by dit wat hierbo geopper is. Een van die deelnemers stel voor: “Leer ons jongmense ’n voorliefde vir die Woord van die Here. Modelleer onbaatsugtige

liefde en diensknegskap in die gemeente deur ouer mense. Modelleer ’n liefde vir ons kerk, ’n liefde vir ons liedereskat, ’n liefde en lojaliteit teenoor mekaar.”

Op die vraag: “Sou u sê dat daar enige knelpunte ten opsigte van die jeug is waaraan die kerk dringend aandag moet gee?” is die volgende belangrike knelpunte (wat as baie belangrik vir die navorsing geag word) deur deelnemers genoem:

- “Ek dink ons moet die jeug laat lei deur volwasse, lojale lidmate of predikante van die EGK wat die kerk werklik liefhet en die leer en karakter ten volle onderskryf, anders het ons vir wolf die skaapwagter gemaak. Jeug kan nie jeug lei nie! Daar is nog geen lewensondervinding nie. So word dwalings dadelik aanvaar, sonder onderskeidingsvermoë. Efesiërs 4:14 'sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring'”.
- “Ons het net nie genoeg opgeleide jeugwerkers nie. As ek kon, sou ek die sinode beweeg om ’n jeugwerkers-opleidingskursus aan te bied deur persone wat weet wat hulle doen. My eie kinders en ander in ons eie gemeente sou graag ’n jaar of meer se opleiding wou kry, maar waar? As daar so iets was, kon ek meer as genoeg borge kry vir hulle, maar die diensjaargeleenthede wat daar is, is meestal Pinkster of Charismaties.”
- “’n Knelpunt mag wees dat ons onder die indruk is dat ons noodwendig iets verkeerd doen. Ons doen dalk niks verkeerd nie, maar het bloot met die stryd te doen en moet fokus op ons bediening en ons effektiwiteit. En bygesê: ons moet met mag en mening die gebedstryd opneem.”

- "Bid dat ons jongmense in die kerk sal bly totdat die kerk sy ware doel en roeping uitleef (evangeliseer, versorg, leer en dien) en dat die wat reeds die kerk verlaat het weer sal terugkeer."
- "Verwarring bestaan by jongmense oor die vorm van aanbidding, kleredrag en baie ander sake, want wat op jeugkampe toegelaat word, word weer in gemeentes verbied. Dit veroorsaak dat daar 'n kloof tussen die jeug en die volwasse kerk ontstaan en die kerkleiers sal dit moet regstel."

Op die vraag of 'n charismatiese spiritualiteit die kerk vir die jeug meer aantreklik sou maak, is daar soos deur een man wal gegooi. *Janse van Rensburg* doen egter verstandig aan die hand dat die EGK nie alles wat by Charismatiese kerke aangebied word, voor die voet behoort te verwerp nie: "As ek dink aan dienste van dié mense wat ek bygewoon het, en ek terugdink aan die aanbiddingsliedere wat hulle gesing het, dan bring dit steeds beroering in my siel om te belewe hoe die teenwoordigheid van die Here byna tasbaar op die gehoor neergedaal het." Hy verwys na gemeentes in die EGK wat hy besoek het waar die samesang eerder soos 'n begrafnis as 'n ontmoeting met die lewende God geklink het. Aan die ander kant verwys hy na enkele gemeentes waar die musiek eerder soos dié van 'n dansorkes as musiek vir 'n heilige God klink. Hieruit is dit duidelik dat *Janse van Rensburg* hom uitspreek ten gunste van smaakvolle musiek wat in sommige Charismatiese kringe gewyde sang bevorder, terwyl hy maan teen enige vorm van uitspattige musiek wat ingestel is op sinnelike bevrediging.

Hierteenoor waarsku *Prinsloo* dat dit maklik is om mekaar mis te verstaan rakende terminologie en wil weet wat met 'n "Charismatiese spiritualiteit" bedoel word. Daar behoort volgens hom ruimte te bestaan om sang en musiek effens aan te pas en die ophef of klap van hande behoort volgens hom nie as 'n

“charismatiese spiritualiteit” beskou te word nie (aangesien daar immers populêre en geliefde liedere is waarin die mense wat dit sing, aangemoedig word om dit te doen). Andersins is hy ook nie te vinde vir ’n Charismatiese spiritualiteit in die EGK nie.

***Kinderkerk*:** Daar het ’n tendens in die EGK ontstaan waar die klein kindertjies afsonderlik op hulle vlak bedien word tydens die erediens. Hieroor het deelnemers uiteenlopende en kontrasterende beskouinge. Dit is insiggewend dat ongeveer die helfte van die deelnemers geheel en al gekant is teen die konsep van ’n “kinderkerk”. Enkele van die redes wat aangevoer is, is dat kinderkerk die aptyt vir erediensbywoning by kinders geheel en al wegneem (*Putter*). *Putter* is van mening dat dit nie ’n skriftuurlike gebruik is nie en verwys na Nehemia 8 waar Esra die wet voorgelees het vir die hele vergadering van mans en vroue en almal wat met verstand kom luister. *Prinsloo, Cloete, Van Eeden* en *De Wet* is ook nie baie positief oor kinderkerk nie, aangesien dit volgens hulle ’n gewoonte by kinders aankweek om ’n alternatief vir die erediens te soek. ’n Bykomende beswaar wat *Prinsloo* teen kinderkerk het, is dat die personeel wat dit moet behartig nie in die erediens kan wees nie. *Putter* se ervaring met kinderkerk is negatief, aangesien hy beleef dat kinders se aptyt vir die erediens ernstig geskaad word en dat hulle sukkel om hierdie kinders, selfs wanneer hulle ouer is, betrokke te kry by die eredienste.

*Janse van Rensburg* is ten gunste van kinderkerk mits dit aan die volgende kriteria voldoen: Die personeel moet behoorlik opgelei wees om die taak sinvol te behartig. Kinderkerk moet nie speeltyd wees nie, maar die Woord moet daadwerklik op die kinders se vlak aan hulle verkondig word. Daar moet ’n ouderdomsbeperking wees vir kinders wat kinderkerk bywoon (*Bekker* stel voor

dat die ouderdomsbeperking vier jaar moet wees, aangesien kinders dan oor die woelige stadium begin kom). Die fondament wat by die kinderkerk gelê word moet volgens *Janse van Rensburg* deeglike kennis van die saligheidsplan wees, want as die fondament hier goed gelê is, sal dit by die kinders bly as hulle groter is. *Grové* meen dat kinders tot op 'n relatiewe hoër ouderdom kinderkerk moet (kan) bywoon aangesien hulle nie in 'n volwasse wêreld leef nie en baie van die onderwerpe waaroor gepreek word, hulle nie raak nie. Tyd kan volgens hom beter benut word om hulle binne hulle omstandighede te bedien. *Grové* doen aan die hand dat kinders spontaan kan oorskakel na die volwasse dienste toe wanneer hulle gereed is daarvoor. In hulle gemeente ervaar hulle nie die probleem dat kinders hulle aptyt vir eredienste en prediking verloor nie, maar dat kinders goed by eredienste inskakel wanneer hulle gereed is daarvoor.

### 6.3.5 Vernuwing in die Woordverkondiging

Die verkondiging van die Woord is ongetwyfeld een van die belangrikste fasette van kerk-wees. As 'n mens dink aan die woorde van die apostel Paulus dat dit God behaag het om deur die dwaasheid van die prediking dié wat glo te red, dan kan die belangrikheid daarvan nie onderskat word nie. Die woorde van wyle prof. Kolie Kotzé (sien par 3.3.3 hierbo) oor prediking, naamlik dat dit 'n gawe uit die hand van God is, 'n spreke oor die lewende God, verkondiging, vertolking, wegaanwysing, die uitleg en toepassing van die heilige Skrifte – behoort elke prediker op aarde aan te vuur tot 'n getroue verkondiging van die Woord. Met verwysing na Woordverkondiging in die EGK is die weg tot vernuwing volgens *Janse van Rensburg* die volgende: “Ons het nie meer kommissies nodig om die toestand van die kerk te ondersoek of te verbeter nie, nee, ons moet terug na die

volheid van die Heilige Gees en veral die salwing van die Heilige Gees op ons lewens en bediening. Dit was die kenmerk van ons kerk in sy beginjare, terwyl dit die laaste klomp jare verseker nie meer waar is van ons kerk nie." Hierdie deelnemer wil nie die kerk verkleineer of afkraak nie, maar die stelling kom uit die hart van iemand wat baie diep besorgd is oor ernstige probleme in die kerk.

Daar is reeds aangetoon dat byvoorbeeld die krag van die Reformasie, die Puriteine en die Groot Ontwakings van die 18de eeu, alles in die prediking van die Skrif gelê het (MacArthur 1996:48). *Mienie* noem voorbeelde van bekende en na sy mening goeie predikers in die Suid-Afrikaanse konteks en wat bekend is in die EGK en sê dat hulle: "... die gehoor met hulle saamneem in die Woord in, met hul kundigheid die Woord oopmaak en toepas in mense se lewens. As hulle klaar is, dan kyk 'n mens op jou horlosie en jy kan nie glo die tyd is om nie ... Hulle kwes nooit hulle gehoor nie." Dit herinner aan die woorde van Vos (1995:572) dat die Heilige Gees die geleentheid in die preek kry om met die bruid te praat en dat die taal van die preek daarom bruilofstaal, liefdestaal behoort te wees.

Daar is die tendens by sommige predikers uit die evangeliese tradisie om baie hard en soms kras, selfs liefdeloos oor te kom na die gehoor. *Mienie* herinner aan Jesus se vraag aan Petrus: "Petrus, het jy My lief?" As Petrus bevestigend antwoord, kom die onmiddellike opdrag: "Kudde toe! Gaan gee vir hulle wat aan My behoort kos." In die lig hiervan moet elke prediker volgens *Mienie* eers doodseker maak van sy eie persoonlike verhouding met Jesus Christus, dan moet hy met die regte houding kansel toe gaan en vir die mense van Jesus "kosgee".

Een van die frustrasies wat deur baie predikers beleef word, is deur *Putter* uitgewys, naamlik 'n werklike tekort aan tyd vir behoorlike voorbereiding in veral

groter gemeentes. *Schoeman, Van Eeden* en *Wessels* doen aan die hand dat daar op die gebied van prediking behoorlike, voortgesette teologiese toerusting aangebied behoort te word.

### 6.3.6 Postmodernisme

Die deelnemers is eenparig met hart en siel gekant teen postmoderne tendense en praktyke soos dit onder andere uitdrukking vind in die "Emerging Church" wat in Hoofstuk 5 hiervan bespreek is. Daar is geen ruimte vir die sogenaamde nuwe teologiese denke oor God, die Bybel, die kerk en veral die nuwe denke oor Christus nie. Leraars van die EGK is onlosmaaklik daartoe verbind om die Bybelse boodskap oor die fundamentele aspekte van Christus se maagdelike geboorte, sy sterwe aan die kruis vir die sonde van die wêreld, sy liggaamlike opstanding uit die dood, sy hemelvaart, Hoëpriesterlike bediening en sy wederkoms te verkondig. Die geloof dat sondaars alleen deur die bloed van Christus gered kan word en dat Jesus Christus die enigste weg, waarheid en lewe tot die Vader is, word deur al die deelnemers gehandhaaf.

Daar bestaan egter kommer by van die deelnemers dat sekere ***postmoderne tendense*** moontlik onwetend, niksvermoedend (deur leraars) besig is om pos te vat in die kerk. Derrida se postmoderne filosofie van post-strukturalisme, waarin vaste beginsels in kennis en moraliteit afgeskiet word (Janse van Rensburg 2000:22), is besig om stadig maar seker in die struktuur van die EGK 'n vastrapplek te kry. Dit manifesteer op twee wyses:

***6.3.6.1 Afwyk van die vernaamste leerstellings*****:** Daar is leraars in die kerk wat nie meer hou by sommige van die kerk se vernaamste leerstellings nie

en wat teenstrydig met die Ondertekeningsformulier leerstellings verkondig wat vreemd aan die kerk se tradisie en belydenisskrifte is. Dat dit op die langtermyn ’n beduidende invloed op die kerk kan hê, word nie deur een van die deelnemers in twyfel getrek nie. *Schoeman* pleit vir verdere teologiese opleiding van predikante in die EGK wat bekend is met die kerk se leer en missie en dat predikante nie net na seminare gestuur moet word wat deur leraars van buite die kerk aangebied word nie.

Een van die deelnemers is die mening toegedaan dat daar indringend gelet moet word op watter predikante byvoorbeeld verskil met die leer van die kerk oor heiligmaking. Dit is volgens hom meesal predikante wat verder gestudeer het onder John MacArthur of bloot net onder die invloed gekom het van sy leer oor heiligmaking – moontlik deur die bywoning van die jaarlikse “Shepherds’ Conference”.

Daar is redelike meningsverskil onder deelnemers oor hoe hierdie kwessie hanteer behoort te word. Daar is diegene wat hulle beroep op die volgende klousule in die ondertekeningsformulier: “Indien dit mag gebeur dat ek later enige beswaar omtrent die leer voel of tot ander insig daaroor raak, beloof ek dat ek dit nóg openlik nóg in die geheim sal voorstaan, leer of verdedig – met preek of skrywe – alvorens ek dit nie aan die sinode geopenbaar het om aldaar nader ondersoek te word nie.” Die vrees bestaan egter by sommige deelnemers dat dit moontlik iemand aan vervolging of skorsing kan blootstel en hulle voel dat daar ’n forum geskep moet word waar predikante met ander insigte ’n standpunt kan stel, sonder die vrees van sodanige vervolging.

*Grové* voer aan dat die leerstellige verskille bestaan as gevolg van diepgewortelde oortuigings oor Skrif-interpretasie wat by leraars posgevat het. Die volwasse benadering sou volgens hom wees om daarmee vrede te maak dat die verskille bestaan. Terwyl daar ruimte in die EGK is om te verskil oor minder belangrike sake, is die uiters dringende vraag waarheen die kerk op pad sal wees as leerstellings wat as fundamenteel in die kerk beskou word, nie met eenstemmigheid hanteer word nie en elkeen verkondig wat hy wil. Die kommerwekkende vraag hieroor sal wees: “Watter invloed kan dit op die duur op die lidmate van die kerk hê?"

*Putter* herinner hom ’n geval van lidmate wat van ’n ander gemeente verhuis het na waar hy predikant is. Hy het een oggend ’n boodskap gebring oor hartsreiniging en vervulling met die Heilige Gees volgens die kerk se leer oor heiligmaking. Na die erediens het die nuwe lidmaat hom baie ernstig bestraf en gesê dat sy vorige dominee hom anders geleer het en dat hy verwerp wat dié oggend verkondig is. Dit illustreer wat kan gebeur wanneer vrede gemaak word met onderlinge verskille oor fundamentele leerstellings. Bestuur volgens die postmoderne chaosteorie waarin die klem nie op dogma sal val nie, maar op verhoudinge en liefde (Niemandt 2007:29), kan tot chaos in die kerk lei. Dit sou hier as 'n dringende noodsaaklikheid gestel kon word dat die leierskap van die EGK baie ernstig oor hierdie tendens sal moet besin.

Die leerstellige verskille is vir *Prinsloo* ’n baie ernstige saak wat hy beskou as dat dit daarop kan uitloop dat die EGK se boodskap van hartsreiniging en Geesvervulling gaandeweg uit die kansels verdwyn en so ook uit die lewens van predikante en lidmate. *Prinsloo* verwys in dié verband na ’n leraar wat by geleentheid beweer het: “Nie een van die EGK se predikante leef meer die kerk

se leer oor heiligmaking uit nie." Hy beskryf dit as 'n uiters tragiese toedrag van sake met die kras uitdrukking: ".. die vis is besig is om van die kop af te vrot". *Wessels* doen aan die hand dat daar dringend openhartige, vertroulike, broederlike gesprekke met leraars gevoer moet word wat van die kerk se leer verskil. Hierdie gesprekke moet in liefde geskied op 'n manier wat die betrokke broeders nie in onguns sal laat raak nie.

In hierdie verband voer *Grové* aan dat leraars vertroue verloor het in hierdie "boodskap" van die kerk omdat hulle na jare in die bediening geen tot min vrug op hulle prediking beleef het en dat slegs enkele leraars vervulde bedienings beleef. Die vraag ontstaan onwillekeurig of die fout dan wel by die boodskap of dan wel by die mens lê as gedink word aan die groot getalle predikante en lidmate wat vroeërjare vrugbaar onder die verkondiging van dieselfde boodskap geleef het. As gedink word aan byvoorbeeld hoe die ontluikende kerk (behandel in Hoofstuk 5 hierbo) die boodskap van die Bybel verander, is dit nie 'n wesenskenmerk van postmodernisme om die boodskap aan te pas omdat dit nie meer in die lewens van mense uitwerk nie?

***6.3.6.2 'n Gebrek aan erns oor kerkorde*****:** Sommige kerkrade ignoreer skynbaar die Kerkorde en sinodale besluite en doen soos hulle goeddink. *De Wet* verwys na 'n kollega wat die kerkorde bestempel het as die "vervloekte kerkorde". Dit kan verwag word dat post-strukturalisme noodwendig kan lei tot die afbreek van kubernetiese strukture wat bedoel is om die kerk te beveilig en te beskerm en dit sal die kerk lei om bestuur te word deur die chaosteorie waarvoor Niemandt (2007:29) pleit.

Met die eerste oogopslag kom postmoderne tendense soos hierdie baie vroom en selfs edel voor. Dit word deur die voorstaanders daarvan voorgehou as ’n teken van volwassenheid, maar onderliggend is dit ’n kanker wat uiteindelik die kerk en sy boodskap wil ondermyn en kragteloos wil maak. Die leierskap van die kerk sal dringend aandag moet gee om oplossings vir hierdie probleem te vind.

## 6.4 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

### 6.4.1 Gevolgtrekking

In dié ondersoek is gefokus op vrae hoe verantwoordelike vernuwing in die EGK bewerkstellig kan word sonder om die behoudende karakter van die kerk te kompromitteer. Uit die verkreë data is die dringende nood aan daadwerklike vernuwing baie duidelik geïdentifiseer. Daar is ook duidelike areas afgebaken waarin vernuwing noodsaaklik geag kan word.

Die empiriese data word in die volgende gevolgtrekking saamgevat:

- Al die deelnemers is dit eens dat daar ’n dringende nood aan vernuwing bestaan. Deelnemers is oorwegend eenstemmig dat gewoontes en gebruike van die kerk verantwoordelik aangepas behoort te word om vandag se mens effektief te bedien om sodoende getrou te wees aan die doelstellings van die EGK. *Wessels* doen in hierdie verband aan die hand dat daar indringende gesprekvoering behoort plaas te vind oor die vraag of die kerk nog op koers is wat sy (die kerk se) doelstellings betref. Deelnemers gaan sterk akkoord met Gosden (2009) se standpunt dat vernuwing deur en deur ’n teologiese kwessie is, aangesien die kerk die produk van goddelike inisiatief en openbaring is. Dit is vir die meerderheid deelnemers onaanvaarbaar om die

kerk soos 'n besigheid te bestuur en allerlei bemarkingstegnieke te implementeer ten einde numeriese groei te bewerkstellig (sien par. 4.2 hierbo).

- Hierdie nood aan vernuwing het ontstaan as gevolg van 'n aantal redes wat soos volg opgesom kan word:
  - Die toenemende gebrek aan geestelike krag by predikante en lidmate en die feit dat die viervoudige kruisboodskap van die kerk nie meer gesien word as 'n kosbare kleinood (pand) wat met oortuiging verkondig en uitgeleef word nie (*Prinsloo*).
  - Die negatiewe invloed wat samelewingstendense op die lewens en veral geestelike toewyding van lidmate en predikante het (*Van Eeden*). *Cloete* en *Van Niekerk* verwys in hierdie verband na die eise wat die gejaagde samelewing aan mense stel wat hulle aftakel en moeg maak tot die punt dat daar nie krag en tyd is om werklik toegewyd aan die Here te leef nie.
  - Een van die hoofoorsake vir die toestand van die kerk is volgens *Putter* die feit dat lidmate en selfs predikante nie meer tyd kry vir behoorlike stiltetyd nie. Hy is van mening dat die herstel van die binnekamer 'n reuse invloed sal hê op vernuwing in die kerk.
  - Botha verwys na die gebrek aan voorbeeld deur baie kerkraadslede en verwys na I Petrus 5:3 wat die opdrag aan ouderlinge gee om voorbeelde vir die kudde te wees.
- Die areas waar vernuwing noodsaaklik is kan soos volg uit die empiries-verkreë data aangedui word:
  - **Die liturgie:** In die basisteorie is die bevinding gemaak dat die gemeente as geheel in die erediens opgeneem moet word, aangesien dit immers die gemeente as geheel is wat bid, die Here loof en dank, die Woord van die Here in die middel van alle dinge plaas en uiteindelik daarop reageer (par. 3.3.1). In die empiriese studie is die behoefte hieraan ook

uitgespreek. Daarom, terwyl daar ruimte is vir liturgiese vernuwing in 'n gereformeerde liturgie, moet die liturg die eerste poging aanwend om die liturgie lewendig en sinvol aan te bied.

- **Gemeentesang:** Die grootste probleem wat tans ervaar word in gemeentesang is te wyte aan begeleiding. Deelnemers is nie ten gunste van rockmusiek en raserige orkeste in die kerk nie, maar voel tog dat daar baie moeite gedoen moet word om lewe aan die gemeentesang te gee.
- **Aandag aan die jeug/kinderkerk:** Net soos in die kerk van Christus oor die algemeen, is jeugbediening ook in die EGK een van die mees besproke en daarmee saam moeilikste onderwerpe in die kerk vandag (par. 4.4.4). Daarmee saam is dit een van die gebiede in die kerk wat die dringendste aandag vra. Die besonder groot verlies van jongmense in die EGK wek groot kommer en die deelnemers is dit eens dat daar 'n grootse poging in die kerk aangewend moet word om die jeug vir Christus te bereik en dissipels van hulle te maak.
- **Woordverkondiging:** Woordverkondiging behoort by uitstek die belangrikste deel van elke predikant se bediening te wees. Vanuit die basisteorie is bevind dat prediking eerstens getrou moet wees aan die kern van die Evangelie, naamlik Jesus Christus en Hom as gekruisigde. Sodanige prediking sal meewerk om beter huwelike te bou, beter verhoudings by die werk te kweek, beter ouers te help maak en dit sal ook meewerk om die pyn en frustrasies van die lidmate in die alledaagse lewe ernstig op te neem. Deelnemers voel sterk daaroor dat die kerk se leraars baie (meer) moeite moet doen met hulle prediking: dat dit met gebed deurweek en deeglik voorberei moet wees. Verder, dat daar goeie lerende prediking uit die kansels moet kom wat sondaars na die kruis nooi en lidmate opbou in hulle geloof.

- **Leerstellige eenheid:** Een van die kwessies wat pertinent uit die empiriese studie gevloei het, is die probleem van ’n gebrek aan leerstellige eenheid onder leraars van die kerk oor sleutelkwessies rakende die dogma. Daar sal ’n weg gevind moet word om hierdie probleem die hoof te bied, anders kan dit op die langtermyn verreikende gevolge vir die kerk inhou.
- **Ordelikheid ten opsigte van kerk-instelling:** Hierdie is 'n dringende probleemarea in die kerk. Kommer bestaan dat die kubernetiese strukture verkeerd verstaan word. Dit word beleef dat gemeentes en individue toenemend in opstand kom teen die kerkorde en sinodale en ringsbesluite. Dit het tot gevolg dat besluite toenemend geïgnoreer word en dat individue en instansies teen kerkorde-artikels, sinodale en ringsbesluite en selfs die ondertekeningsformulier, doen soos hulle dit goeddink.

### 6.4.2 Aanbeveling

Daar word in die volgende hoofstuk praktykteoretiese aanbevelings aan die hand gedoen om daadwerklike pogings tot verantwoordelike vernuwing aan te wend.

# HOOFSTUK 7

# EVALUERING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

## 7.1 INLEIDING

Die navorsingsvraag, naamlik hoe sinvolle en reële vernuwing in die EGK bewerkstellig kan word sonder om die kerk se Bybelse oortuigings en beginsels prys te gee, definieer die doelstelling van hierdie studie. Dit hang ten nouste saam met die sentrale teoretiese argument dat vernuwing die werk van God is wat verbondsmatig met sy kerk op pad is.

Ter aanvang van hierdie hoofstuk word dit as imperatief beskou om te beklemtoon dat die praktykteoretiese aanbevelings wat ten opsigte van vernuwing hieronder aangebied word, kontekstueel betrekking het op die EGK in sy huidige situasie. Dit sou egter nie nutteloos wees vir vernuwing in ’n ander kerk of gemeente nie. Hierdie aanbevelings dien dan as merkers om aan te toon hoe verantwoordelike vernuwing in die EGK gefasiliteer en in die bedieningsareas wat aan die orde kom en waarbinne sekere probleme geïdentifiseer is, ’n werklikheid binne die genade van die Here kan word. Metodologies gesproke sou hierdie bedoeling dan van nuuts af ’n diskussie oor elke onderwerp, kompleet met nuwe bronverwysings, volledig uitsluit.

Uit die aanbevelings kan moontlike navorsingsonderwerpe aan die hand gedoen word wat verder breër insigte oor vernuwing in die EGK bied. Uiteraard sou dit ook in die algemeen binne ’n vraagstelling na verantwoordelike vernuwing in

kerke, nie irrelevant wees nie en derhalwe só ’n bydrae lewer tot die vakgebied praktiese teologie.

Uit die navorsing blyk dit dat daar oor vernuwing as sodanig vandag groot meningsverskille in teologiese kringe bestaan. Vele vernuwingspogings is geskoei op numeriese en finansiële groei asook pragmatiese metodologiese verandering ten einde groot getalle mense na die kerk toe aan te lok. Op die webjoernaal www.ekerk.co.za is daar weekliks ’n brokkie wat bekend staan as “goeie nuus” en die “goeie nuus” van 20 Februarie 2011 bring hierdie akute probleem aan die lig: “Te veel mense se oog is op meetbare resultate. In kerklike omgewings wat resultaat-aangedrewe is, registreer die telborde slegs as daar nog meer lidmate, ekstra fondse en nog meer programme op die radarskerm is. **Impakmakers** in die Here se diens word nie outomaties hierdeur beïndruk nie. Vir hulle gaan dit by uitstek oor diens aan Christus en ander. Hulle is uitverkoop aan verhoudings waar respek, sensitiwiteit, liefde, eerlikheid en bedagsaamheid wen.”

Dit sluit ideaal aan by die bevinding wat in par. 4.5 hierbo gemaak is, naamlik dat sukses in die bediening niks anders kan wees nie as om in alles aan God getrou te wees en die resultate algeheel aan Hom oor te laat. Gevolglik stel die verbondseise, soos vervat in die goddelike imperatiewe, dat die ekklesia getrou moet bly en waar dit nie gebeur nie, dat die kerk moet terugkeer na die Here toe, weer moet vernuwe en weer kerk moet wees. In die lig hiervan kan vernuwing ook niks anders wees nie as ’n verbondsmatige werk van God in die kerk, ’n ingryping van die Heilige Gees in tye wanneer die kerk afvallig en gevolglik dood geraak het.

## 7.2 SAMEVATTING

Die basisteoretiese vereiste om die doelstelling effektief te kan uitvoer is om ’n duidelike, Skrifgefundeerde begrip op vernuwing (en gepaardgaande herlewing) te verkry. Uit die navorsing is tot die slotsom geraak dat die kerk die resultaat van God se verbondshandeling met die sondaarmens is – dit is God wat die verbond met die mens geïnisieer en ten uitvoer gebring het. Dienooreenkomstig het God aan die ekklesia bepaalde verbondseise gestel. Die eerste en belangrikste is sekerlik dat die kerk in heiligmaking sal toeneem (dat Christus in die Kerk as geheel en deur sy lidmate individueel gestalte verkry) om daardeur Christus tot die wêreld te vergestalt (Rom. 6:19; I Kor. 1:30; 2 Kor. 7:1; Kol. 3; I Thess. 4:3; I Pet. 1:16). God stel die verbondseis dat die liggaam van Christus opgebou moet word deur die werking van die lede afsonderlik (Ef. 4:12; I Pet. 2:4; I Tim. 3:5). Die ekklesia het die heerlike roeping om die evangelie van Jesus Christus aan al die volke, tale en nasies te bring, sodat daar vir hulle redding in Christus kan kom (Matt. 28:19; Mar. 16:15; Luk. 24:46; Hand. 1:8).

Indien die vergestalting van Christus of die missionêre lewenskrag om die Evangelie volgens die Groot Opdrag (Matt. 28:19) daadwerklik na almal in die eie omgewing en verder te dra nie meer ’n dinamiese werklikheid in ’n kerk sou wees nie, dan is daar ’n skreiende nood aan vernuwing in ’n kerk. Hierdie vernuwingswerk kom dus feitelik op niks anders neer nie as herlewing. Die geskiedenis van God se genadevolle handelinge met sy volk en die kerk bewys by herhaling hoe God in tye van herlewing die kerk vernuwend besoek en herstel. Dwarsdeur die Skrif is die weg na herlewing of vernuwing ’n diepe berou oor die toestand van afvalligheid, onversoene sonde, onvergewensgesindheid of

verskuldigde restitusie. Dié God-onterende dinge noodsaak en vereis niks minder nie as 'n droefheid tot bekering volgens die wil van God (2 Kor. 7:9-10) – 'n terugkeer na God toe.

Verantwoordelike vernuwing in die EGK kan dus op niks anders geskoei wees nie as om terug te keer na God volgens die beginsels van sy Woord. Die profeet Jeremia se proklamering in Jeremia 6:16 – "So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie" – is tegelyk ontstellend vanweë die blatante onwilligheid wat daarin verwoord is en indringend direk oor die aangewese weg en troostend oor God se getrouheid om dit wat nodig is, te doen. Dit is in wese niks anders nie as 'n goddelike oproep tot verantwoordelike vernuwing.

Met hierdie in die gedagte vooropgestel, word die bevindinge en praktykteoretiese aanbevelings vir verantwoordelike vernuwing vervolgens hanteer.

## 7.3 BEVINDINGE EN PRAKTYKTEORETIESE AANBEVELINGS VIR VERANTWOORDELIKE VERNUWING

Dit is hierbo aangedui dat die leierskap (soos vergestalt in die deelnemers aan die empiriese ondersoek) bepaald en duidelik besef dat daar 'n dringende en baie akute nood aan vernuwing in die EGK bestaan. Dit sou ook legitiem aangedui kon word dat hierdie nood deur al die predikante ook besef word. Dieselfde geld

vir talle lidmate, meesal die ouer garde wat spreekwoordelik al ’n lang pad met die kerk gestap het.

Daar is uit die data van die empiriese ondersoek ses areas geïdentifiseer waarop die fokus vir vernuwing geplaas behoort te word. Hierdie areas word nou hanteer vanuit ’n grondige, intensiewe interpretasie van die genoemde data. Daarmee saam gaan ook die stel van kritiese, relevante vrae waarvoor volstrekte antwoorde en/of daadwerklike optrede as nie-onderhandelbaar beskou moet word. Daarop word praktykteoretiese aanbevelings gedoen met die oog op implementering vir verantwoordelike vernuwing terwyl elke poging aangewend word om die behoudende karakter van die kerk wat deur lidmate en predikante baie hoog geag word, nie in die gedrang te bring nie.

### 7.3.1 Liturgiese vernuwing

Daar bestaan ’n frustrasie by ’n groot persentasie van deelnemers dat ’n doodsheid in die liturgie beleef word. Die vraag moet gevra word of dit die liturgie as sodanig is wat uitgedien is en of die fout moontlik by die liturg lê wat deur sy aanbieding daarvan ’n doodsheid in die liturgie teweegbring. Sommige van die deelnemers se mening dat die liturgie nie Bybels gefundeer kan word nie, maar bloot menslike tradisies is, word deur die basisteorie weerspreek. Daarin is aangetoon dat die gereformeerde liturgie se wortels inderdaad teruggevoer kan word na die Skrif (sien par. 3.3.1 e.v. hierbo). Daar is elemente van die gebeure te Sinai, die tempeldiens en die sinagoge te bespeur in die gereformeerde liturgie, daarom moet liturgiese vernuwing met omsigtigheid en veral verantwoordelikheid aan die Skrif aangepak word.

Die EGK se liturgie lê tussen die tradisionele of gereformeerde aanbiddingstyl (par. 3.3.1.4.2) en die opwekking- of herlewingstyl (par. 3.3.1.4.3). By eersgenoemde val die klem op die woordverkondiging waardeur die karakter van die middeleeuse Rooms-Katolieke Kerk (RKK) verander is. Die kultiese gewaad van die RKK het in hierdie aanbiddingsvorm plek gemaak vir die preekstoel wat die middelpunt van elke gereformeerde kerk was en steeds behoort te wees. Dit is gerusstellend dat die deelnemers ook sonder uitsondering die verkondiging van die Woord as die middelpunt van die liturgie beskou. Verder word die tradisionele of gereformeerde aanbiddingstyl gekenmerk deur die Nagmaalstafel en die doopvont wat dien as simbole wat op statiese wyse die evangelie van Christus verkondig.

Die opwekking- of herlewingstyl waarin die EGK se evangeliese wortels geanker is, word veral gekenmerk deur 'n groter mate van informaliteit, uitgelatenheid, ywer en doelgerigte prediking. Die mikpunt hiervan is om verlore sondaars na die genadige God toe te laat keer sodat hulle gered kan word. In die lig van die EGK se evangelies-gereformeerde karakter, is die versugting van deelnemers om lewe in die liturgie te blaas en groter deelname by die gehoor te bewerkstellig, nie kontra die evangeliese of gereformeerde karakter van die kerk nie.

### 7.3.1.1 Praktykteoretiese aanbeveling

Dit kan vir die kerk positief wees as daar 'n kommissie, bestaande uit dinamiese en kundige persone, afgevaardig word om oor die liturgie van die EGK te besin. Die probleem is dat daar nooit besin word oor die liturgie nie. Daar word goeder trou aanvaar dat die liturgiese status quo deur alle gemeentes gehandhaaf word, maar baie gemeentes is op hulle eie besig om die liturgie na willekeur te verander.

Die gevaar hieraan verbonde is dat die karakter en identiteit van die kerk naderhand versnipper word. So ’n kommissie kan sinvol gesprek voer oor die status quo in die EGK ten opsigte van die liturgie en kan selfs ’n deelnemende aksienavorsing in hierdie verband onderneem waarin ’n werkgroep gevorm word vir die vernuwing van die liturgie.

Tekortkominge kan deur hierdie werkswyse vasgestel en uitgewys word en daar kan sinvol saam in die Skrif gesoek word na moontlike oplossings om die liturgie verantwoordelik te vernuwe. So ’n kommissie sal verantwoordelik moet wees en sal deurentyd moet waak dat Bybelse en gereformeerde beginsels, soos die heiligheid van God, nie in die erediens aangetas word nie. Mouton (2010) se insigte van wat liturgiese vernuwing nié kan wees nie (par. 4.4.2) moet ook deur so ’n afvaardiging geïnkorporeer word, aangesien dit baie vinnig kan lei tot die vervalsing van die kerk se liturgiese handelinge. Hierdie kommissie moet aan die sinode verslag doen met die oog op implementering van ’n nuwe praktykteorie ten opsigte van vernuwing van die liturgie in die kerk.

### 7.3.2 Vernuwing in gemeentesang

Oor die belangrikheid van gemeentesang is die deelnemers eenstemmig. Dat daar egter oor die algemeen ernstige tekortkominge in die gemeentesang van die kerk beleef word, is nie te betwyfel nie. Die probleem in die status quo ten opsigte van gemeentesang blyk tweeledig te wees: aan die een kant bestaan daar kommer onder sommige van die deelnemers dat vandag se mens nie meer hartlik wil saamsing soos in die verlede nie. Aan die ander kant is die grootste probleem in hierdie verband egter die skreiende gebrek aan goeie begeleiding in die kerk. Voorheen het alle gereformeerde kerke van orrels gebruik gemaak en orreliste

was redelik beskikbaar, maar orrels het as begeleidingsinstrumente in vele gemeentes in onbruik geraak en daarmee saam persone wat gemeentes goed kan begelei.

### 7.3.2.1 Praktykteoretiese aanbeveling

Hierdie probleem kan op een van twee maniere doelmatig hanteer word sodat verantwoordelike vernuwing ook in die gemeentesang bewerkstellig kan word. Die eerste is om professionele begeleiers aan te stel. Dat dit waarskynlik alleen teen hoë koste sal kan geskied, is nie uit die oog verloor nie. Dit sou nogtans by uitstek die aangewese oplossing wees, want voorafopgeneemde begeleidingsnitte kan baie maklik die lewe of "siel" van die musiek verloor. Dit is egter nie altyd moontlik om professionele begeleiers aan te stel nie, aangesien kleiner gemeentes dit dikwels doodeenvoudig nie kan bekostig nie.

Die tweede opsie sou wees dat die sinode al die gemeentes in die kerk sou betrek om fondse beskikbaar te stel en dan hoëgehalte begeleidingsnitte van die kerk se liedereskat te laat opneem by 'n professionele ateljee. Hierdie liedere moet gesinchroniseer word met lirieke wat deur middel van 'n dataprojektor gedurende die erediens vertoon word. So 'n projek sou in fases aangepak kon word, totdat die kerk se hele liedereskat uiteindelik vir alle gemeentes beskikbaar is. Op hierdie manier kan die sang in die EGK tot 'n hoogtepunt gevoer word sodat oud en jonk saam eer aan die Here kan bring op 'n manier wat vir almal aangenaam sal wees. Die implikasie hiervan sou wees dat gemeentes die nodige rekenaarhardeware en -sagteware sal moet aankoop en persone toerus om dit effektief te gebruik. Die kerk moet daarteen waak om onprofessionele orkeste in

gemeentes saam te flans, want dit is die vinnigste manier waarop die gemeentesang kan ontaard in ’n oorverdowende geraas en wanorde.

### 7.3.3 Aandag aan die Jeug en kinderkerk

Die een aspek wat baie groot kommer wek in die EGK is die groot getal jongmense wat die kerk verlaat en ’n ander spirituele heenkome soek. Aan die een kant moet besef word dat die hedendaagse jongmens oor die algemeen eksistensieel-hedonisties ingestel is (Rietkerk 1996:12) en dat die spiritualiteit van die EGK nie so ’n ingesteldheid akkommodeer nie. Die rede hiervoor is die feit dat die boodskap van die EGK nie op genot en selfbevrediging ingestel is nie, maar op ’n selfsterwe en kruis-opname waarin Christus nagevolg word. Dit is `n boodskap wat selfs onder baie volwassenes nie altyd gewild is nie.

Die uitdaging wat aan die kerk gestel word ten opsigte van vernuwing by die jeugbediening, is derhalwe een van dissipelskap. Terwyl dit enersyds ’n bedroewende werklikheid is dat talle jongmense nie die plaaslike gemeente as hulle spirituele tuiste wil hê nie, bewys die praktyk andersyds dat talle jongmense nog bereid is om die prys van dissipelskap te betaal, hulle kruis waarlik op te neem, in hulself te sterf en Christus te volg. Die getal jongmense wat tans aan die Seminarie studeer is ’n sprekende voorbeeld hiervan en hulle geestelike lewens spreek ook daarvan.

Uit die basisteoretiese bevinding is daar enkele beginsels wat beklemtoon moet word en waaraan die EGK se leierskap aandag moet gee. Eerstens is daar Fashbaugh (2005:7) se waarskuwing dat kerke nie jongmense deur middel van Charismatiese bedieningstyle moet probeer aantrek nie. As ’n kerk dit begin doen

en hy is nie bereid om dit voluit te doen soos dit by Charismatiese kerke gedoen word nie, sal die jongmense in elk geval liewer na die Charismatiese kerke toe gaan. Die deelnemers is hieroor heeltemal eenstemmig. Die tweede beginsel wat beklemtoon moet word, is die feit dat die kerk alles in die stryd moet werp om doelbewus 'n geloofsformasie tussen jongmense en volwassenes in die gemeente te bewerkstellig (sien par. 4.4.4 hierbo). Die oomblik wanneer die jeug 'n para-kerklike beweging binne die kerk word wat los van die kerk funksioneer en wat hulle "eie ding doen", is die weg gebaan vir segregasie tussen oud en jonk. Dit werk teenproduktief in op die liefde en aangetrokkenheid van jongmense teenoor die kerk en is nie gefokus op dissipelskap en geestelike groei van die jongmens nie, maar op die bevrediging van vleeslike behoeftes en begeertes.

#### 7.3.3.1 Praktykteoretiese aanbeveling

Uit hoofde van 'n praktykteoretiese aanbeveling vir vernuwing in die jeugbediening behoort die geestelike weg eerstens gevolg te word, naamlik: die volwassenes in die kerk moet 'n liefde en 'n aangetrokkenheid ontwikkel vir hierdie geslag jongmense. Hulle moet eendragtig en volhardend die jongmense in gebed aan die Here opdra. Verder sal die leierskap van die kerk passievol moet saamwerk om enige kloof wat daar tussen jongmense en volwassenes, of jongmense onderling kan bestaan, uit die weg te ruim. Dit kan gedoen word deur met mekaar in gesprek te tree en enige misverstande op te klaar.

Wanneer hierdie eerste belangrike tree geneem is, kan daar aksie geneem word om volwasse jeugwerkers te identifiseer en toe te rus om in elke gemeente met die jongmense te werk. Jeugwerk sal vrugte afwerp as die sinodale jeugorganiseerder 'n span passievolle, toegeruste jeugwerkers in die kerk het wat

bereid sal wees om saam te werk. As die jongmense aan Christus verbind is, behoort dit nie nodig te wees om ’n kunsmatige liefde vir die kerk by hulle te kweek nie – dit sal die spontane uitvloeisel wees van hulle geestelike volwassenheid.

Deelnemers het ’n dringende behoefte uitgewys wat deur die leierskap van die kerk ondersoek kan word, naamlik om beide ’n fasiliteit daar te stel waar jongmense ’n oorbruggingsjaar (“gap year”) kan deurloop en die verkryging of aanstel van toegewyde personeel om hulle te begelei. Die leierskap van die kerk behoort nie hierdie voorstel summier af te skiet nie, aangesien daar ’n groot behoefte aan so ’n fasiliteit onder ons jongmense bestaan.

Ten minste moet die jeugbediening indringend ondersoek word sodat daar tot daadwerklike aksie oorgegaan kan word om die hele jeugkwessie – die kerk van môre (of myns insiens alreeds vandag) – nie te verongeluk nie.

Die gebrek aan opleiding vir jeugbediening by die Seminarie, of dat dit minstens ’n faset van prakties-teologiese opleiding sal wees, is ’n nypende tekortkoming wat duidelik geïdentifiseer is en waaraan deur die sinodale kommissies wat met die opleiding gemoeid is, aandag gegee behoort te word.

Dit moet beklemtoon word dat alle jeugwerk ingestel moet wees op ten minste twee beginsels. Eerstens moet die jongmense aan Christus verbind word en daarmee saam begelei word om geestelik volwasse sy dissipels te wees. Tweedens moet daar tot elke prys gepoog word om eenheid, liefde en lojaliteit te bewerkstellig tussen volwassenes en jongmense in die kerk en enige vorm van

segregasie moet uit die weg geruim word. Hiervoor is eensgesindheid onder predikante en lidmate ononderhandelbaar.

### 7.3.4 Woordverkondiging

Daar is geen belangriker faset in “kerk-van-Christus-wees” as die verkondiging van die Woord van die Here nie. Dit is hiermee saam uiters belangrik dat die persone wat tot hierdie taak geroepe is en as leraars daarvoor opgelei is en word, dit met integriteit sal doen in getrouheid aan die Here, deur die salwing van die Heilige Gees en in die belang van die kerk.

Onskeibaar verbonde aan hierdie hoë roeping en groot – maar heerlike – taak in die Here se diens, is elke leraar se persoonlike, onberispelike verhouding met die Here God en met sy medemens ooreenkomstig die Wet van die Here in Matteus 22. In hierdie verband is daar hierbo, deur verskeie van die deelnemers aan die empiriese ondersoek, uitdruklik stellings hieroor en oproepe hiertoe gedoen. Dit is onder andere verwoord dat leraars tot die Skrif sal terugkeer – die goddelike kanon vir leer en lewe. Dit sou nie verregaande wees nie om die heilige, heerlike plig om rein van hande en suiwer van hart in God se heilige plek te moet staan (Ps 24:4) in verband te bring nie met sowel die kansel as plek van verkondiging en elke bedieningsituasie as plek van dienskneg-van-God-wees. Dit kan op geen ander manier ’n realiteit wees nie as in onkreukbare opregtheid voor God en teenoor elke mens, in en buite die gemeente of kerk.

Terwyl die Woord Jesus se koninkryksonderdane imperatief vermaan om soos God volmaak te wees (Matt. 5:48), is ons nie volmaak nie en struikel dikwels. Daarom moet elkeen in ootmoed tot God, altyddeur bereid wees om versoenend

op te tree waar hy teenoor ’n ander verkeerd gedoen het (Matt. 5:23-24). Niemand mag die goddelose gesindheid van onvergewensgesindheid koester nie (Luk. 17:1-4). Deelnemers het herhaaldelik daarna verwys dat vernuwing by die predikante moet begin met die terugkeer tot die Here deur die Woord en gebed en wat primêr ook ’n terugkeer na mekaar toe sou vereis. Die predikante moet dan juis die eenheid en lewenskrag van die kerk as Liggaam van ons Here lewend vergestalt.

Die hele predikante-korps en elke lidmaat van die kerk, sonder enige voorbehoude, moet hiertoe verbind wees. Dit kan ook nie minder as die totale vereiste vir die kerkgenootskap as geheel gestel word nie. Aangesien die leraars as individue persoonlik voor God verantwoordelik en aanspreeklik is om rein van hart te wees, rus hierdie oorweldigende verantwoordelikheid ten opsigte van die geregtigheid van die kerkgenootskap as geheel, op die leierskap van die kerk. Ten einde reg te laat geskied aan die Kerk se leuse “So spreek die Here” moet beide die verkondiger en die plek of genootskap waarin dié Woord weerklink, aan die Here heilig wees in sy verhouding tot elke persoon en instansie binne en buite die genootskap. Indien dit nie die geval sou wees nie, is en bly die Woord van die Here uit Salomo se wysheidspen absoluut en ontsettend waar: “As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou ...” (Ps. 127:1).

Alvorens daar sprake van enige poging tot vernuwing in die kerk kan wees, of kommissie-gedrewe projekte van stapel gestuur kan word om kerkgroei te stimuleer, rus die onontwykbare onus op almal in die kerk (leierskap, elke predikant en lidmaat) om voor God gestroop te wees in die onskuld van Romeine 13:8.

Die enigste standaard vir leraars is om met getrouheid daardie Woord wat die Here gee, eksegeties presies en met harde werk vir elke geleentheid voor te berei. As die enigste aanvaarde eksegese-metode, word elkeen hiertoe verplig en gerugsteun of beskerm deur ’n sinodale besluit (Sinodale Besluit 24/2002).

#### 7.3.4.1 Wat is vir vernieude Woordverkondiging noodsaaklik?

Behalwe vir ’n kerk se onbevlekte getuienis in die wêreld en sy uitleef van wat verkondig word, is die bekendmaking van God se soewereine wil deur die prediking van sy Woord die enigste grondslag vir bestaansreg. Ten einde hierdie Woord in die krag en eerbetoning van die Heilige Gees te kan doen, is reine onskuld voor God en teenoor mens ononderhandelbaar.

Van die hoogste leierskap-echelon tot by die jongste lidmaat (by wyse van spreke) sal hierdie onskuld opnuut verseker moet word. Die kerk sal weer aan God se kant moet kom of die Here aan sy kant moet kry. Hierdie uiters droewige situasie (soos deur ’n leier by ’n onlangse predikantekonferensie verwoord) dat “die Heilige Gees die EGK verlaat het”, sal in diepe verootmoediging voor die Here met versoening van die geringste verkeerde dingetjie wat enigiemand aan ’n ander gedoen het, deur belydenis en vergifnis uitgewis moet word.

Woordverkondiging sal geskied met die hoogste integriteit van ’n onversteurde verhouding met die Here en met eksegetiese en hermeneutiese vaardigheid in afhanklikheid van die Inspireerder (par. 4.4.1.3).

#### 7.3.4.2 Praktykteoretiese aanbeveling

Die kerk se leierskap en verantwoordelike sinodale kommissies sal die voorbeeld moet stel. Hulle moet leiding neem om met enigiets daadwerklik te handel wat die Gees van die Here tot skade van die kerk in sy geheel bedroef.

Gebaseer op die eksegetiese vaardigheid van sy predikante, sal die kerk hom moet vergewis van die standaard van prediking en dit met meelewende ywer aanvul en regstel. *Schoeman* se waardevolle wenk rakende voortgesette teologiese opleiding moet ernstig ter harte geneem word. Dit moet sonder versuim die dringende aandag kry wat sonder apologie deur die heersende nood aan vernuwing as gebiedend gestel word.

### 7.3.5 Leerstellige eenheid

Terwyl die navorser hom heelhartig by die leer van die kerk skaar, word gepoog om op wetenskaplik neutrale wyse ’n oplossing te vind vir die onrusbarende en kwellende probleem dat predikante leerstellig gesproke, nie ’n eenheid is nie. Dit dien vermeld te word dat daar in die predikantegeledere geen verdeeldheid is oor fundamentele aspekte en kernwaarhede soos die Drie-eenheid, die Godheid, maagdelike geboorte, kruisiging en liggaamlike opstanding van Christus, die bestaan van die duiwel en die hel, of dergelike sake nie. Die verdeeldheid bestaan oor die Skriftuurlike juistheid en interpretasie van die kerk se leer oor onder andere heiligmaking en soortgelyke sake.

Die deelnemers se verwysing na leraars wat afwyk van wat in die kerk as fundamentele leerstellings gehuldig en verkondig word, is ’n omstandigheid wat

onderling tegelyk hartseer en kommerwekkend is. Potensieel hou dit ’n uiters onrusbarende scenario vir die kerkgenootskap as geheel in. Dit moet deur die onderskeie vlakke van leierskap aangespreek word: eers deur die kerkraad, dan rings- en sinodale kommissies asook die sinode. Hierdie saak moet met die grootste omsigtigheid benader word met die heil van die gemeente as hoogste prioriteit gepaardgaande met kollegiale integriteit. Indien dit nie sou gebeur nie, sal dit besliste skade berokken aan die gemeentes, die eenheid van die kerk bedreig en skeuring tussen leraars veroorsaak wat hulleself in faksies teen ander kan skaar, om nie eens van die moontlik vernietigende uitwerking op ’n leraar as individu en sy huis as deel van die Huis van die Here te praat nie.

Deelnemers pleit dat hierdie fenomeen nie met of uit ’n hiërargies vyandiggesinde “raak van hulle ontslae”-mentaliteit benader moet word nie. Afwyk van ’n leer waartoe iemand hom verbind het, gebeur nie sonder werklike oorsake wat met die grootste omsigtigheid aandag verg nie. Integriteit teenoor die kerk en betrokke individue vereis dat persone hulle saak moet kan stel soos die ondertekeningsformulier daarvoor ruimte skep. Kundige persone wat die Woord van die Here met die nodige integriteit hanteer, moet betrek word om die Skriftuurlike meriete onpartydig en vanuit die beginsel van die algenoegsaamheid van die Woord as enigste paradigma, deur te vors.

Die eerste, logiese, dringende vraag sou wees waarom iemand afwyk van ’n leer waartoe hy hom eenmaal verbind het. Het iemand of persone wat in so ’n situasie kom hom of hulle dan nie daartoe verbind om die kerk se leer te eerbiedig nie en tree hy of hulle nie gewoon eerloos op nie? Dit is hierbo vermeld dat predikante wat verskil van byvoorbeeld die leer van heiligmaking, diegene kan wees wat verder gestudeer het of moontlik onder die invloed gekom het van dr. John

MacArthur ('n gereformeerde teoloog) se beskouing oor heiligmaking tydens die bywoning van die jaarlikse "Shepherds' Conference".

Samehangend met die vraag na oorsake van afwyking sou die volgende indringende vraag wees: hoe eenstemmig is die leraarskorps van die kerk werklik oor die leerstellings wat in die kerk gehuldig word? Is enigiemand seker hiervan en op hoogte van die heersende toestand?

Die belangrikste deurslaggewende vraag is egter: beskik die kerk oor die geestelike grootheid van hart en geseglikheid in hemelse wysheid (Jak. 3:17) om – indien daar definitiewe, duidelike, onomstootlike Skrifgetuienis van foutiewe leerstelling of enigiets van so 'n aard op welke wyse ook al aan die lig sou kom – daardie leerstelling of kwessie in hersiening te bring en die nodige regstellende aanpassings te maak soos Artikel 3 van die kerkorde stel dat dit gedoen word?

Onlosmaaklik verbonde aan 'n dogmatiese regstelling is die vraag (wat per slot van rekening ook die vereiste inhou) of leraars wat tot ander insigte gekom het, daarby sal berus as bevind word dat die leerstellings van die kerk, met die lig tot ons beskikking, strook met die Woord van God en hulle eervol daarby bepaal? As die Kerk in Gods genade bereid is om aanpassings te doen, kan enigiets minder van sy predikante aanvaarbaar wees?

'n Uiters onrusbarende aspek van die situasie wat tans heers is die feit dat (seker) almal van die afwykinge kennis dra en dat onderling wyd daaroor gegis word, maar dat almal liewer daaroor swyg. Oor die onsekerheid in lidmate se gemoedere kan eintlik net bespiegel word, aangesien leraars nie uit een mond oor leerstellige sake praat nie.

#### 7.3.5.1 Wat is vir vernieude leerstellige eenheid noodsaaklik?: Praktykteoretiese aanbeveling

Daar is by implikasie reeds genuanseerd verantwoorde optrede uitgestippel rakende hierdie kardinale aspek waaraan ongetwyfeld baie, baie ernstige aandag geskenk sal moet word. Die volgende praktykteoretiese aanbeveling word aan die hand gedoen:

Dit is spoedeisend noodsaaklik dat die kerk hom daarvan vergewis waar ons werklik ten opsigte van eenheid oor dogma in die kerk staan. ’n Mens sal onder selfbedrog gebuk gaan deur te aanvaar dat, omdat bedieningskandidate by ’n *Colloquium Doctum* vir legitimasie deur die handelinge sou gaan om ’n ondertekeningsformulier te bekom, dit sonder meer beteken dat een en almal met alles saamstem. Dit is die pragtige ideaal, maar die realiteit sien daar waarskynlik ontstellend anders uit en daar sal gepoog moet word om dit te probeer vasstel.

Vanweë ’n moontlik penaliserende en potensieel bediening-vernietigende regulering (soos deur sommige deelnemers aangevoer) kan daar moontlik leraars wees wat nooit sal kan of wil probeer om met vrymoedigheid hulle ware status te stel nie. Daarteenoor gebeur dit tog dat leerstellings wat strydig met die leer van die kerk is, openlik verkondig word. Ten einde teenoor almal so op te tree dat hierdie kwessie aan die orde gestel kan word, sou ’n anonieme sensus die aangewese weg wees om te volg.

’n Sensus sal ’n situasie kan openbaar soos byvoorbeeld dat ’n beduidende getal van die predikante wat nie geïgnoreer kan word nie, nie leerstellig met die kerk in pas is nie. Sodanige situasie sal dan dringend en met groot omsigtigheid hanteer

moet word. ’n Forum behoort dan belê te word waar predikante, as geroepenes van die Here in sy diens en met die heil van God se saak in die kerk wat ons liefhet, oor leerstellige kwessies kan praat en standpunte motiveer sonder vrees vir marginalisering of vervolging vanuit kerkweë. Praat alleen sal egter geen doel dien nie. Verantwoordelike kommissies, belanghebbende kollegas en teoloë van die kerk sal indringend op die kerk se dogma moet ingaan en waar nodig, in konsensus onder die gesag van die Woord, die gepaste verstellings aanbeveel en die nodige veranderinge aanbring.

Hierby inbegrepe sal dit gebiedend noodsaaklik aan die hele predikante-korps gestel moet word dat daar in Christus die konsensus en broederlike eenstemmigheid moet wees om na afloop van so ’n kommissie se bevinding, daarby in te val na watter kant toe dit ook al mag swaai. Daarna sal dit dan in ooreenstemming met kerk-ordelike bepalinge sinodaal hanteer en afgehandel kan word. Dit sou bykans oorbodig wees om aan te dui dat iets so ingrypend soos ’n verandering aan die kerk se dogma met uiterste diplomasie, hemelse takt en totale afhanklikheid van die Heilige Gees as die Instandhouer van die kerk, gedoen sou moes word. Dit kan die (soms wankelrige) verhoudinge tussen predikante tot die uiterste beproef. Daarom sal die selfverloëning wat gepreek word, ook ***toegepas*** moet word deur elkeen wat die Here liefhet en in sy saak op aarde – waarvan die EGK iemand se gekose akker in God se diens is – die heil van die gemeente dien.

Terwyl ’n gebeurlikheid soos hierbo geskets nie gereeld in enige kerk voorsien word of plaasvind nie, kan dit in die gegewe situasie tot elke moontlike prys oorheersend noodsaaklik word. Logies gesproke is die Moderatuur en al die relevante sinodale kommissies wat in so ’n scenario handelend moet optree, die

aangewese persone om verrigtinge te inisieer. Indien dit nie hanteer word nie, sou dit nie anders as onverantwoordelik teenoor beide die Here en die saak van God op aarde, naamlik die kerkgenootskap, bestempel moet word nie. Om dit, teenoorgesteld van so ’n negatiewe versuim, egter met ootmoed, opregtheid en diepe afhanklikheid van die Here te doen, is verantwoordelike vernuwing.

### 7.3.6 Onordelikheid in die kerk-instelling

Dit is moeilik om hierdie onderafdeling as sodanig afsonderlik van, of as iets van ’n totaal ander aard as die afwyk van ’n liturgie of leerstelling, te beskou en paslik te hanteer. Die voorafgaande kan beskou word as dat dit prinsipieel met hierdie sub-onderwerp ooreenstem, maar daar is tog ’n wesenlike onderskeid. Die liturgie, leerstelling, Skrifverstaan en -interpretasie funksioneer op ’n spirituele vlak. Daarteenoor kan ongehoorsaamheid aan ordereëls, verordeninge en bindende besluite nie anders nie as temporeel (die sinoniem “sekulêre” sou byna eerder as teenoorgestelde van “spirituele”’ gebruik kon word) van aard beskou word.

Onordelikheid ten opsigte van kubernetiese sorgstrukture en sorgsaamheid sou nêrens in enige kerk met liefde ontvang word en/of welkom wees nie. Daarom sou onordelikheid by ’n instelling, waar daar op God se seën gehoop en staatgemaak word, as ’n anomalie ten opsigte van eerlikheid en eerbaarheid voor God sowel as ’n bespotting van dieselfde God op wie se seën gehoop word, beskou moes word.

In hierdie verband is die feit dat een van die ergste wisselvorme van die begrip van sonde in die Skrif die verwerping van gesag is, dit wil sê om gesag nie te

erken nie. Om iemand of ’n instansie wat die reg het om gehoorsaam te word, nie te eer nie (Rousseau 2010:53) is in enige geval waar iemand, ’n instansie of instelling by God betrokke is, bykans onbegryplik. Die naaste waarby die Skrif daaraan kom om sonde te definieer is in I Johannes 3:4: “… die sonde is wetteloosheid”.

Met die sekere wete dat nóg die kerkorde, nóg sinodale besluite, besluite van ’n Ring of ’n gemeente ooit beskou of gelykgestel kan word aan die Wet van die Here, sou enige vorm van optrede waarin ’n gesagstruktuur negatief uitgedaag word, beskou kan word as die negatiewe uitdaging van God wat die Bron van orde is (Rom. 13:1). Noodsaaklikerwys sou verwag moet word dat Hy sy seën wegneem. Die angswekkende en beklemmende woorde van Galasiërs 6:7 is hier so presies van toepassing dat mens dit amper nie kan weglaat nie: “Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.” Dit is juis die akute probleem waarmee daar in hierdie studie geworstel word en waarvoor dringend oplossings gevind moet word.

Die formele woord ἀνομία (*anomia)* as sonde het ’n sosiale betekenis (vergelyk Louw & Nida 1988:758) in verband met burgerlike gehoorsaamheid. In Romeine 6:19-20 word *anomia* nadruklik as kontrasterend van en vyandig teenoor ’n heilige lewe gestel: “Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.” Wetteloosheid en om te hoereer word hier in dieselfde kader van “nie in diens van God nie” geplaas. Die blote gedagte dat so iets van ’n gemeente of dalk ’n kerk gesê sou moes word, is afstootlik en gevolglik kan die uitkoms van so ’n optrede niks anders as negatief vir die oortreder wees

nie. Eerlose handelswyse van so ’n aard verdien God se vergelding deur die een wat die swaard dra (vergelyk Rom. 13) (Rousseau 2010:53). Sou dit vergesog wees om God in so 'n geval as die wreker te sien wat sy seën wegneem?

#### 7.3.6.1 Vernuwing in gehoorsaamheid aan kerklike verordeninge: praktykteoretiese aanbeveling

Oplossings vir die werklike probleem wat onordelikheid skep en is, is nie eenvoudig of miskien selfs in die nabye toekoms haalbaar nie. Uiteindelik is so iets die uiterlike manifestasie van ’n dieperliggende, geestelike probleem wat heel moontlik totaal misgekyk word deur iemand wat daarin verstrengel is.

Terwyl dit moontlik sou wees om instansies wat sigself skuldig maak aan onordelikheid straf te behandel, is dit verreweg nie die gewenste en aangewese weg nie. Dit mag selfs gebeur dat ’n situasie buite beheer kan raak en uiteindelik heeltemal onherstelbaar kan eskaleer. Dit sou die uiterste en laaste uitweg moes wees, want niemand wil eers aan die skade vir gemeente en kerk dink nie.

In die EGK is dit tans ’n probleem wat tesame met ander wat eweneens in die empiriese ondersoek uitgekom het, moontlik die hele kerk die seën van die Here laat ontbeer. As Adam se sonde die ganse mensdom van die Here vervreem het, dan het burgerlike en interkerklike ongehoorsaamheid sekerlik nie minder nie óók die potensiaal om so ’n kerkgenootskap as geheel te laat ly.

Vir ’n praktykteorie kan aanbeveel word dat daar ernstig gewerk word om die kerk na die Here toe te laat terugkeer. Dit is iets wat in ootmoed deur die leiers en

voorgangers geïnisieer en in voorbeeld vergestalt sal moet word deur versoenende optrede soos waarna reeds hierbo verwys is.

## 7.4 TOETS VAN HIPOTESES

Daar word vervolgens gekyk na bevindinge wat die onderhawige navorsing opgelewer het. Die hipoteses wat in Hoofstuk 1 gemaak is, word krities aan die hand daarvan beoordeel. Uit die navorsing is bevind dat verantwoordelike vernuwing deur en deur 'n teologiese kwessie is wat in getrouheid aan God en sy Woord gedoen moet word.

Die onderskeid wat Heitink (2007:38) tref tussen inkultivering en akkultivering werp baie goeie lig op hierdie netelige kwessie. Met *akkultivering* word volgens Heitink 'n aanpassing by die heersende kultuur bedoel. In hierdie geval word die kerk soos die wêreld, om die wêreld in die kerk te akkommodeer en dit is geensins vernuwing nie, maar 'n verloëning van waardes. Dit is basies die modus operandi van die soekersensitiewe kerkmodel en die postmodernisme. Met *inkultivering* bedoel Heitink die indringing van die kerk in 'n vreemde kultuur wat soms aanpassings verg en ander kere die ontwikkeling van 'n teen-kultuur. In hierdie nuwe postmoderne kultuurfase moet die kerk daarteen waak om nie in sy dop te kruip nie en lidmate moet bemagtig word om in hulle daaglikse lewe Christus uit te leef (Heitink 2007:74). So sal die kerk in die wêreld sigbaar wees en sy merk maak. Dit staaf die hoof-hipotese, naamlik dat verantwoordelike vernuwing in die EGK moontlik is sonder dat die kerk sy Bybelse oortuigings en beginsels hoef prys te gee. Dit is dus moontlik vir die kerk om tegelyk verantwoordelik vernuwend, sowel as behoudend te wees.

Daar is in Hoofstuk 2 aangedui dat die EGK ontstaan het met die doel om protestantse beginsels met nuwe ywer te verkondig en uit te leef. Die behoefte by stigterslede van die kerk was juis die nood wat bestaan het om Evangeliese waarhede in hulle lewens te kon ervaar. Daar kan met ander woorde kortom gesê word dat die EGK ontstaan het uit 'n behoefte om spreekwoordelik die lewe ooreenkomstig die leer te skik.

Die empiriese studie het aangetoon dat daar tans en vir 'n geruime tyd reeds dieselfde behoefte en nood in die EGK bestaan. As die kerk dus getrou wil bly aan sy evangeliese roeping om siele vir die koninkryk van God met die evangelie van Christus te bereik, is verantwoordelike vernuwing in die kerk dringend noodsaaklik. Daar sal onder die leiding van en met die onderskraging van die Heilige Gees, voortdurend weë gevind moet word om die mens van die postmoderne era relevant, suiwer en effektief met die Evangelie te kan bedien. Die eerste sub-hipotese is dus ook korrek bewys deur die navorsing.

Hoofstuk 5, wat handel oor postmoderne vernuwingstendense, het die tweede sub-hipotese korrek bewys, naamlik dat baie van die elemente wat tans in die Christendom onder die vaandel van vernuwing aangebied word, nóg nuut nóg van die Heilige Gees afkomstig is. Daar word onder die wagwoord van "nuut dink" gedobbel met die hart van die evangelie en dit sal vir die EGK algeheel onaanvaarbaar wees.

Daar is egter bevind dat vernuwing ook die verbetering of verandering van bestaande gewoontes of gebruike kan insluit, dus is die derde sub-hipotese nie heeltemal korrek nie. As bestaande gewoontes, gebruike of tradisies aanpassing vra, moet dit steeds onder leiding van en in verantwoordelikheid aan die Heilige

Gees en die Woord plaasvind. In hierdie opsig is die hipotese korrek. Maar dat dit bloot net menslike verandering is wat nie positief vir die kerk as geloofsgemeenskap sal wees nie, is nie in alle gevalle korrek nie. Soms vra verantwoordelike vernuwing verandering van bestaande mensgemaakte praktyke in die kerk wat nie meer die welstand van die kerk dien nie.

Die laaste hipotese, naamlik dat dit moontlik is om verantwoordelik te vernuwe sonder om die kerk se unieke evangelies-gereformeerde spiritualiteit prys te gee in ruil vir 'n ander of vreemde spiritualiteit, is korrek bewys. Daar is in Hoofstukke 3 en 4 aangetoon dat vernuwing nie 'n verandering van die kerk se karakter vra nie, maar 'n terugkeer na die bronne: na God en sy Woord. So 'n terugkeer is nie daarop ingestel om 'n kerk se karakter te verander nie, maar om deur 'n nuwe gehoorsaamheid aan God toegewyd instrumenteel te wees sodat Hy nuwe lewe in die kerk bring.

## 7.5 SLOT

Aan die begin van hierdie navorsing is gewerk met die gedagte van hoe die doelstellings van die EGK om voortdurend te vernuwe, gekombineer kan word met die behoudende karakter van die kerk. Die navorser het nooit kon dink in watter rigting die navorsing hom sou neem nie en hoe interessant en aktueel hierdie onderwerp werklik sou wees nie. Die basisteoretiese navorsing het daartoe gelei dat die navorser se wortels dieper in die Skrif gevestig geraak het en dat Skriftuurlike oortuigings net nog vaster geanker geraak het.

Die diepe oortuiging is opnuut in die hart van die navorser aangewakker dat die Kerk aan Christus behoort en nie aan mense nie. Christus is die Hoof van die

Kerk. Hy is die Een wat die Kerk in die lewe geroep het. Hy is die Een wat besluit het hoe die kerk op aarde moet funksioneer. Hy is die Een wat deur die Heilige Gees die Kerk in stand hou tot by die wederkoms. Dit het die verantwoordelikheid van kerkleiers kom herbevestig om in getrouheid aan Christus, ware *kerk* op aarde te wees. Ook die navorsing oor postmoderne vernuwingstendense het daartoe bygedra dat die navorser se oë opnuut oopgegaan het vir wesenlike gevare wat die Kerk van Christus subtiel binnesluip en van binne wil uitkalwe en uiteindelik doodmaak. Om net twee voorbeelde hiervan te noem: wanneer die kruisboodskap van Versoening en die daarmee gepaardgaande liggaamlike opstanding van Christus onder twyfel kom, is daar van die Bybelse evangelie niks oor nie.

Saam met die voorafgaande is daar in die empiriese studie insigte aangesny waaraan die navorser aanvanklik nooit eers gedink het nie. Dit het hom genoop om indringend te besin oor probleme en moontlike oplossings vir daardie probleme in die EGK. ’n Diepe bewussyn van die neteligheid van sommige van die kwessies wat die empiriese studie opgelewer het, het daartoe bygedra dat die navorser ernstig moes dink en besin oor moontlikhede hoe die probleme deur verantwoordelike vernuwing in die EGK aangespreek en opgelos kan word. Die voorgestelde praktykteorieë vir hierdie prakties-teologiese areas in die kerk, word nie as die alfa en omega beskou nie en die navorser is nie blind vir die moontlikheid dat daar moontlik foute begaan kon word in hierdie voorstelle nie.

Iets wat as kardinaal belangrik uitstaan, is dat die leierskap kennis sal neem van die dringende behoefte aan verantwoordelike vernuwing in die EGK. Sodanige vernuwing behels niks anders nie as ’n daadwerklike terugkeer na die wortels van Gods Woord. Dit sou inderdaad gestel kan word dat dit nie kan wag vir ’n

volgende sinodale vergadering nie, maar dat die verantwoordelike sinodale kommissies pro-aktief die hef in die hand neem en dat daar biddend, en algeheel van die Here afhanklik, gewerk word om oplossings te kry vir die bestaande probleme.

Dit was 'n voorreg om hierdie navorsing te kon doen en die navorser is opreg dankbaar teenoor die Here vir die geleentheid om in die bediening van hierdie besondere kerk te kan staan.

### 7.5.1 Bydrae tot die vakgebied en die probleemstelling

Kerkvernuwing is nie 'n onderwerp waaraan net nou en dan iets gedoen kan word nie. Ten einde op datum te bly, sou konstante vernuwing in enige kerk gestel moes word as 'n imperatief wat nie geïgnoreer kan word nie. Dit is die besef wat eerstens by die navorser posgevat het en uit die onderskeie teoretiese fasette van die studie kom dit duidelik na vore. As sodanig lewer die imperatief tot deurlopende vernuwing 'n positiewe bydrae tot die vakgebied van die praktiese teologie om kerkleiers bedag te maak op enige vorm van stagnering en watter oorsake ook al daarvoor verantwoordelik kan wees.

Die situasie wat in hierdie studie na vore gekom het, is dat daar mettertyd 'n baie groot nood aan vernuwing ontstaan het en dat dit nie die vinnige, daadwerklike aandag en optrede gekry het wat so iets vereis nie. Dit behoort die leierskapstruktuur van die EGK tot die besef te bring dat proaktiewe, verantwoordelike optrede beter is as reaktiewe krisisbestuur wat 'n situasie wat dalk al te ver gevorder het, verder afwaarts kan laat neig in plaas van remedieer.

Die probleemstelling wat as sentrale teoretiese argument en paradigma (in die sin van beide vertrekpunt en navorsingsruimte) vir die navorsing gestel is, is toereikend aangespreek.  Daar is aangedui dat verantwoordelike vernuwing sinvol teweeggebring kan word sonder om die EGK se heiligheidskarakter of behoudendheid te kompromitteer.  Dit kan geskied deur verstellings te maak wat vanweë die verloop van tyd noodsaaklik geword of deur progressiewe kennisinhoude onder die kerk se aandag gekom het.

Een definitiewe bydrae wat sentraal tot alle vernuwing staan, is die spirituele integriteit van die kerk, sy leierskap, elke predikant en alle lidmate.  Die handhawing van hierdie integriteit hang af van ’n diepe ootmoed voor God.  Dit is om gestroop voor Hom – met wie ons te doen het – met mekaar en almal te wandel, om mekaar met barmhartigheid te behandel as iemand sou afwyk en om die eer van die Allerhoogste nooit uit die oog te verloor nie.  Kan dit enigsins beter gestel word as in die woorde van Miga 6:8?: “... wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?”

# BYLAAG 1

# SYFERS T.O.V. GRAFIEKE IN HOOFSTUK 2

| JAARTAL | Totale ledetal van kategeseskool | Katkisante bygevoeg as lidmate by EGK | Lidmaatal van die EGK | Lidmate van buite kerkverband bygevoeg | Lidmate bedank uit EGK |
|---|---|---|---|---|---|
| *1991* | 4129 | 217 | 9085 | 1085 | 177 |
| *1992* | 4199 | 234 | 9912 | 1038 | 182 |
| *1993* | 4688 | 310 | 10549 | 1137 | 321 |
| *1994* | 4610 | 216 | 10996 | 873 | 230 |
| *1995* | 4541 | 252 | 11353 | 722 | 270 |
| *1996* | 4329 | 204 | 11409 | 761 | 482 |
| *1997* | 4421 | 223 | 11327 | 673 | 264 |
| *1998* | 4106 | 240 | 11724 | 632 | 306 |
| *1999* | 4085 | 259 | 11976 | 745 | 279 |
| *2000* | 3789 | 258 | 12071 | 743 | 303 |
| *2001* | 3258 | 295 | 12099 | 734 | 265 |
| *2002* | 3225 | 266 | 12195 | 636 | 270 |
| *2003* | 3251 | 259 | 12241 | 523 | 213 |
| *2004* | 3075 | 245 | 12310 | 764 | 299 |
| *2005* | 2375 | 229 | 12401 | 586 | 235 |
| *2006* | 2816 | 206 | 11986 | 653 | 282 |
| *2007* | 3126 | 194 | 12016 | 772 | 189 |
| *2008* | 2584 | 204 | 12084 | 709 | 215 |
| *2009* | 3070 | 137 | 11893 | 648 | 233 |
| *2010* | 2890 | 158 | 11559 | 535 | 293 |

- Hierdie syfers is geneem uit die Sinodale bundels van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika vir die tydperk 1991 – 2010.

# BYLAAG 2

# DIE DOELSTELLINGS VAN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

**Die Kerk stel hom die volgende ten doel:**

1. Om die Drie-Enige God te verheerlik en sy Koninkryk uit te brei.

2. Om die suiwere vrymakende evangelie, wat in staat is om te red en lewens te verander, met ywer in krag van die Heilige Gees te verkondig. Ons doel is dus om die evangelie tot sy reg te laat kom, nl. om mense eers vertikaal met God te versoen en dus hul verhouding met God reg te stel. 'n Veranderde hart en nuwe lewe lei dan noodwendig tot 'n horisontale versoening en 'n gepaardgaande beter verhouding tussen mense.

3. Om voortdurend te streef na vernuwing, asook varsheid van getuienis, ondervinding en boodskap, om daardeur te waak teen verval in dooie formalisme. Leersuiwerheid moet gepaard gaan met egte lewensvroomheid.

4. Om hom te beywer vir die kragtige uitbreiding van die Kerk van Christus en dit word vermag deur die kinders van die Here op te roep tot ware Bybelse Heiligmaking en Vervulling met die Heilige Gees en so to te rus vir hulle dienswerk.

5. Om as Kerk dinamies te wees vir tyd en om in die geestelike behoeftes en nood van mense te voorsien.

6. Om 'n ware tuiste te wees vir evangeliesgesinde gelowiges wie se erns dit is om geestelik te groei en die Here te dien in 'n Evangelies-Gereformeerde atmosfeer, waarin die Heilige Gees werksaam is.

7. Om elke gelowige binne die Kerk ruimte te gee om met sy/haar besondere gawes te werk vir uitbreiding van die Koninkryk van God in die wêreld, d.w.s. 'n egte belewenis vir aktiewe deurleefde Christenskap.

8. Om die gemeente in die algemeen en in elke lidmaat afsonderlik effektief te versorg deur middel van persoonlike belangstelling en toegespitste ampsbediening van Leraar en Kerkraad in getroue huisbesoek en voorbidding.

9. Om die getroue toepassing van die norme van die Woord van God te handhaaf.

# BYLAAG 3

## VOORLOPIGE VRAELYS VIR KWALITATIEWE NAVORSING

**Vraag 1:**

Wat is u mening oor die status quo posisie van die kerk ten opsigte van:

- Woordverkondiging in die EGK
- Die liturgie van die EGK
- Kerklike musiek, byvoorbeeld:
    - Gemeentesang
    - Begeleiding
    - Boodskappe in sang deur soliste, kore, sanggroepe
    - Sangdienste
- Die jeugbediening in die EGK
    - Kinderkerk
    - Sondagskool
    - Jeugvereniging
    - Jeug en kinderdienste
    - Die aangetrokkenheid van die jeug tot die kerk
- Die lidmate van die EGK oor die algemeen
    - Die geestelike standaard van die lidmate oor die algemeen
    - Betrokkenheid van lidmate in terme van
        - Erediensbywoning (Oggend, aand, bidure, reekse dienste)
        - Evangelisasie, Barmhartigheid, gemeenskap van die gelowiges

- As u aan enige iets kan dink wat vir u belangrik is ten opsigte van die status quo posisie van die kerk, sal dit waardeer word.

**Vraag 2**

In terme van bogenoemde:

- Wat dink u behoort gedoen te word in die kerk met die oog op verandering of vernuwing?
- Wanneer sal aanpassings in die kerk vir u onaanvaarbaar wees?

**Vraag 3**

Watter faktore en aspekte lewer 'n bydrae tot:

- Die heil en opbou van die gemeente
- Die moontlike agteruitgang of stagnasie in die gemeente
- Werksatisfaksie en/of frustrasie in die gemeente

Uit die antwoorde op hierdie vrae is vrae geformuleer wat aan die respondente gestel is tydens die onderhoude.

# BYLAAG 4

## ONDERHOUDSKEDULE VIR FINALE ONDERHOUD

---

### VRAAG 1: VERNUWING IN DIE ALGEMEEN

- As u die term vernuwing hoor, wat kom in u gemoed op?
- Kan u dink aan vernuwingstendense vandag, en hoe voel u daaroor?
- Is daar in u hart ruimte vir laasgenoemde soort vernuwing?
- Kan u aan maniere dink waarop die kerk Bybels verantwoordelik kan of moet vernuwe?
- Een van ons kollegas het opgemerk dat die kerk "**hartsvernuwing** ooreenkomstig die Woord" nodig het, 'n ander meen dat daar 'n "skreiende gebrek aan **geesvervulling"** in die kerk is:
  - Sou u die twee gedagtes as sinoniem beskou?
  - Terwyl beide aspekte die werk van God in ons is, het die mens 'n verantwoordelikheid hierin? Indien ja, wat is dit na u mening?
- Sou u meen dis onaanvaarbaar om te wete te kom wat die behoeftes van lidmate is, of dink u dat daar ruimte behoort te wees om te luister na die behoeftes van lidmate?
- Dink u dat die bedieningskorps van die EGK goed genoeg op die hoogte is van die radikale veranderinge in teologiese denke wat tans die toneel in die wêreld en al tot 'n ontstellende mate ook die teologiese toneel hier te lande

kenmerk *(kwessies oor/ontkenning van die maagdelike geboorte, liggaamlike opstanding, die kruis van Jesus, emerging church)*?

- Dink u dit kan ook ‘n invloed op/binne die EGK hê?
- Dink u dat dit pertinent onder leraars se aandag gebring moet word?
- Indien u dit as 'n latente gevaar beskou, wat sou u aan die hand doen om dit proaktief te ondervang?
- Sou u 'n bewusmaking op 'n georganiseerde basis (d.m.v. e-pos, aangesien die meeste leraars reeds daaroor beskik) vir hierdie doeleindes as 'n aangewese/noodsaaklike bedieningshulp en weerbaarheidstelling vir leraars beskou?
- In die kerk se doelstellings is die volgende gestel:

> *Om voortdurend te streef na* ***vernuwing****, asook varsheid van getuienis, ondervinding en boodskap, om daardeur te waak teen verval in dooie formalisme. Leersuiwerheid moet gepaard gaan met egte lewensvroomheid.*
>
> *Om as Kerk dinamies te wees vir tyd en om in die geestelike behoeftes en nood van mense te voorsien.*

  - Sou u meen dat hierin geslaag is/word?
  - Indien nie, waarin skiet ons tekort?
  - Wat sou u aan die hand doen om hierdie doelstellingsprakties uit te leef?

- Is daar enige iets oor verantwoordelike vernuwing in die algemeen wat u graag ter tafel sou wou plaas?

**VRAAG 2: VERNUWING EN DIE JEUG**

Die natuurlike veroudering van die kerk se lidmate en die relatief lae (in sommige gevalle soms geen) groeigetal/le in jonger lidmate as 'n teenvoeter daarvoor is 'n uiters onrusbarende faktor waaraan ernstige aandag geskenk moet word. Die fokus op die jeug as die bron van voortbestaan van ons kerk is derhalwe 'n uiters belangrike onderafdeling van hierdie navorsing.

- Is dit wenslik om kinders geheel en al buite die atmosfeer van die erdiens en die woordprediking groot te maak?
    - Byvoorbeeld kinderkerk in die eredienstyd?
    - Sondagskool en katkisasie in die eredienstyd?
    - Motiveer asb kortliks elkeen van u antwoorde.
- As kinders nie die preke verstaan nie:
    - moet die prediking verander om meer verstaanbaar te wees?
    - of moet ons die kinders uit die volwasse kerk neemom hulle op hul vlak te bedien?
- Sou u saamstem met die volgende uitspraak: *“Deur die Jeugkampe die afgelope jare, het daar ‘n kloof (segregasie) tussen die jeug en die volwassenes van die EGK laat ontstaan.”*
    - Indien wel, hoe breed/groot dink u is hierdie kloof?

    - Wat sou u as faktore wou uitstip wat die kloof laat ontstaan het/waaruit die kloof bestaan?

- Wie moet verander as ons hierdie kloof uit die weg wil ruim:
    - Moet die volwasse kerk verander in die rigting van die jeugkampe?
    - Moet die jeugkampe verander om soos die volwasse kerk te word/wees?
- Wat kan gedoen word om by die jongmense opnuut 'n liefde vir die kerk te kweek?
- In terme van die sukses van die jeugkampe die afgelope jare, sou ek graag u mening wou hê:
    - Is daarin geslaag om 'n geslag lojale lidmate/dissipels op te voed wat by die kerk inskakel om saam met die volwassenes die Here te dien?
    - Waarin/hoe is daar geslaag?
    - Dra die sinodale pos van jeugorganiseerder na u mening positief daartoe by om lojale dissipels vir die kerk op te voed?
- Wat stel volgens u die jeug teleur in die kerk tot die mate dat hulle die kerk verlaat?
- Sou u meen dat 'n charismatiese spiritualiteit in die volwasse kerk die kerk vir ons jeug 'aantrekliker' sou maak?
    - Wat daarvan sou goed kon wees vir ons jeug, indien enige?
    - Wat daarvan sou skadelik kon wees vir ons jeug en vir die kerk, indien enige?

- Wat sou u in die plek daarvan aanbeveel en hoe sou u dit implementeer?
- Hoe vêr kan die kerk in hierdie opsig aanpas/'vernuwe'?
- Is daar enige ander knelpunte ten opsigte van die jeug waaraan die kerk dringend aandag moet gee?

**VRAAG 3: WOORDVERKONDIGING EN AMPSBEDIENING**

**a. Woordverkondiging**

- Sou u sê daar is gebreke/knelpunte wat die Woordverkondiging in die EGK minder effektief of selfs oneffektief kan maak?
- Dink u die Kerk volg oor die algemeen 'n praktyk van eksegetiese/lerende prediking?
  - Dink u dat dit in ooreenstemming met die doelstellings oor "...*varsheid van getuienis, ondervinding en boodskap, om daardeur te waak teen verval in dooie formalisme...*"aan die doelstellings voldoen?
  - Wat dink u kan gedoen word om die peil en standaard van eksegetiese, lerende prediking in die kerk te verhoog?
- Wat kan gedoen word om die woordverkondiging geïnspireerd, lewend en met salwing te laat geskied? *(Ek besef dit is die werk van God in ons, maar wat is weereens ons verantwoordelikheid.)*
- Watse invloed kan moedeloosheid by die leraar (t.o.v. erediensbywoning, toewyding van lidmate ens) op sy prediking hê?

**b. Ampsbediening**

- Wat sou u aan die hand wou doen wat daartoe kan meewerk dat leraars aan die Here seroeping getrou bly en hulle dienswerk passievol, gemotiveerd en voluit vir die Here doen?
    - Hoe sou die Kerk daarin kon meewerk om leraars hierin te ondersteun?
    - In hoe ‘n mate dink u sou dit vernuwend op die kerk inwerk?
    - Hoe belangrik is huisbesoek:
        - Deur die Leraar?
        - Deur die Kerkraad?
    - Beskik die leraars van die EGK oor goeie menseverhoudinge?
    - Is dit belangrik dat ons oor goeie menseverhoudinge moet beskik?

**VRAAG 4: GEBREK AAN EENHEID OOR LEERSTELLINGS**

Op leerstellige gebied is daar tans (in sommige gevalle [skynbaar] erge) verdeeldheid binne die gelerede van die predikantekorps oor die leerstellings van die kerk. Sake soos die heilsorde, die kerk se leer oor heiligmaking en selfs goddelike genesing is van die vernaamste gebiede wat op die oomblik deur predikante betwis word. Daar is selfs gerugte dat die predikante wat nie met die kerk se leer saamstem nie, dit openlik in hul gemeentes bekendmaak.

- Dink u dit het op die kerk as geheel 'n beduidende en daarby negatiewe invloed?
- Dink u dit is in die kerk se belang om hiervan notisie te neem?

- Die strukture in die kerkorde bepaal ‘n weg waarvolgens leerstellige verskille hanteer behoort te word: Hoekom dink u dat hierdie struktuur in die praktyk nie tot sy reg kom nie?
- Wat sou u aan die hand doen dat eenstemmigheid en eenheid m.b.t. die leer van die kerk bereik kan word?

**VRAAG 5: LITURGIE**

c. **Liturgie as sodanig**

- Dit blyk dat heelwat leraars en gemeentelede die liturgie van die kerk as doods bestempel, hoe voel u daaroor?
- As u voel dat die liturgie in ons kerk doods is, lê die fout na u mening by die liturgie as sodanig, of moontlik by die liturg wat nie weet hoe om voor te gaan nie?
- Dink u dat ‘n Gereformeerde, liturgie soos ons gewoond is verander kan word?
- Wat dink u behoort gedoen te word dat die liturg die lidmate aktief in die erediens sal opneem?
- Hoe voel u oor die stelling: “ Die pretkultuur en vermaakmentaliteit van ons samelewing het die verbondsverkeer tussen die Ewige Koning en sy volk geskaad?”

d. **Kerklike musiek**

- Hoe ‘n groot rol speel gemeentesang na u mening in die kerk?
- Het gemeentesang deur die jare in die kerk na u mening vooruitgang getoon? Hoe? Hoedanig?

- Dink u dat dit dalk agteruitgegaan het? Waarom?
- Hoe dink u kan die probleem van ‘n gebrek aan goeie begeleiding in die kerk die hoof gebied word?
- Sou u 'n verandering in die tipe musiek wat in die kerk aangewend word ondersteun?
- Watse tipe musiek sou vir die kerk aanvaarbaar wees?
- Wat se tipe musiek sou onaanvaarbaar wees?

Hoe vêr dink u kan vernuwing in gemeentesang gevoer word.

# BIBLIOGRAFIE


**ANON.** 1982. *Ons glo: Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

**ANON.** 2009. *De Nadere Reformatie.* http://www.ssnr.nl/site/pagina. php?pagina _id=4 Datum van gebruik: 29 Nov. 2009.

**Achtemeier, P.J., Harper & Row, P.** 1985. *Harper's Bible dictionary*. San Francisco: Harper & Row.

**Anderson, A.H. & Pillay, G.J.** 1997. *The segregated spirit: The Pentecostals.* In: **Elphic, R. & Davenport, R.** (eds) *Christianity in South-Africa: A Political, Social and Cultural history.* Berkely, Los Angeles: University of California Press.

**Appelt, I.** 1999. *Deconstructing "resillience": Alternative ways of living after trauma.* Pretoria: UNISA. (Verhandeling: M.Th.).

**Backeberg, W.** 2004. *Die naam van die kerk.* Evangelies-Gereformeerde Kerkblad. 59(538): 14.

**Barna, G.** 1992. *A step-by-step guide to Church marketing.* Ventura, California: Regal Books.

**Barna, G.** 1995. *Marketing your Church.* Ventura, California: Regal Books.

**Barna, G.** 1998. *The second coming of the Church.* Ventura, California: Regal Books.

**Barnard, A.C.** 1985. *Die erediens.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

**Barnes, A.** 1962. *Barnes' notes on the New Testament: Complete and unabridged in one volume.* Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

**Barton, B.B. & Osborne, G R.** 1999. *1 & 2 Corinthians*. *Life application Bible commentary.* Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.

**Basden, P.** 1999. *The Worship Maze.* Illinois: InterVarsity Press.

**Bell, R.** 2005. *Velvet Elvis: Repainting the Christian faith.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Berg, B.L.** 2007. *Qualitative research methods for the social sciences.* Massachusetts: Allyn & Bacon.

**Berkhof, H. & De Jong, O.J.** 1973. *Geschiedenis der Kerk.* Amsterdam: Oegtergeest.

**Berkouwer, G.C.** 1962. *Man: The image of God (Studies in Dogmatics).* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**Bloesch, D.G.** 2001. *Whatever happened to God?* Christianity Today, http://www.christianitytoday.com/ct/2001/february5/9.54.html. Datum van gebruik: 31 Okt. 2007.

**Borg, M.J.** 2003. *The heart of Christianity.* New York: Harper Collins.

**Borg, M.J. & Crossan, J.D.** 2007. *The first Christmas: What the Gospels really teach about Jesus' birth*. New York: Harper.

**Brand, G.** 2010. *Uitsluiting van gays uit kerk se ampte is onchristelik.* Die Kerkbode 184(9):3, 4 Junie.

**Breytenbach, H.S. & Pieterse, H.J.C.** 1992. *Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n Prakties-Teologiese Ekklesiologie.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 7(2): 101-112.

**Briscoe, D.S., Larson, K., & Osborne, W.L.** 1993. *Measuring up: The need to succeed and the fear of failure*. Oregon: Multnomah Books.

**Brooker, W.** 1990. *Storyweaving: you and your faith journey : a pastor/leader's guide.* New York: Walker & Co.

**Bugbee, B., Cousins, D. & Hybels, B.** 1994. *Netwerk: Die regte mense ... op die regte plekke ... vir die regte redes.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Bullinger, E. W.** 1898. *Figures of speech used in the Bible.* London: Eyre & Spottiswoode.

**Burce, J.E.** 2000. *Proclaiming the Scandal: Reflections on postmodern ministry.* Harrisburg, Pennsylvania: Trinity Press.

**Burger, C.** 1991. *Praktiese teologie in Suid-Afrika.* Pretoria: RGN

**Burger, C.** 1991a. *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap.* Kaapstad: Lux Verbi.

**Burger, C.** 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees.* Stellenbosch: Lux Verbi.

**BYBEL** 1933. *Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif, wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat.* Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

**Choy, L.** 1978. *Andrew Murray: Apostle of abiding love.* Pennsylvania: Christian Literature Crusade.

**Cilliers, A.** 2001. *Waarom raak mense weg uit die kerk?,* In: **Botha, J.** (red) *Ja vir Jesus, nee vir die kerk.* Pretoria: Lapa Uitgewers.

**Cilliers, J.** 2009. *'"Fides quarens societatem": Praktiese teologie op soek na sosiale vergestalting'.* Tydskrif vir Geesteswetenskappe 49(4), 624−638.

**Cody, D.** 1988. *Puritanism in England.* http://www.victorianweb.org/religion/puritan.html Datum van gebruik: 3 Nov. 2009.

**Coetzee, F.S.** 2009. *Die identiteit van die Kerk.* Ongepubliseerde artikel.

**Conradie, B.** 1951. *Andrew Murray na honderd jaar.* Stellenbosch: C.S.V.

**Craffert, P.F.** 2008. *The life of a Galilean shaman: Jesus of Nazareth in anthropological-historical perspective*. Oregon: Cascade Books.

**Crossan, J.D.** 1991. *The historical Jesus: The life of a Mediterranean Jewish peasant*. California: Harper.

**D'Assonville, V.E.** 1986. *'n Waardering: Veertig jaar getroue diens,* In: **Smit. C.J.** (red) *In Gehoorsaamheid: Opgedra aan prof.dr. G.P.L van der Linde.* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies, pp. 1-5.

**D'Assonville, V.E.** 1992. *Gids vir Kerkgeskiedenis.* Potchefstroom: Marnix.

**Deist, F.** 1992. *A concise dictionary of theological and related terms.* Goodwood: National Book Printers.

**Dekker, G**. 1992. *Secularisatie en fundamentalisme,* In: **Schaeffer, H.** (red) *Handboek Godsdienst in Nederland*. Ten Have: Baarn.

**Dekker, G.** 1995. *Als het getij verloopt... opstellen over godsdiens en kerk*. Ten Have: Baarn.

**deMarais, K.** 2004. *Qualitative interview studies: Learning through experience.* In: **deMarias, K. & Lapan, S.D.** (eds) *Foundations for research.* Magwah, New Jersey: Erlbaum.

**Dever, M.** 2005. *Deliberate Church: Building your ministry on the Gospel.* Wheaton, Illinois: Crossway Books.

**Deyoung, K. & Kluck, T.** 2008. *Why we're not emergent.* Chicago: Moody Publishers.

**De Klerk, J.J.** 1985. *Verbond en bediening.* Goodwood, Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

**De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., & Delport, C.S.L.** 2002. *Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

**De Vos, D.J.** 1967. *Kerkwetenskap.* Bloemfontein: Andrew en kie.

**De Wit, J.M.J.** 1999. *Die vernuwingskerke vanuit Baptiste agtergrond en hulle rol in Pretoria en omgewing: 'n kerkhistoriese studie.* Pretoria: UP (Proefskrif: PhD).

**Douglas, W.M**. 1926. *Andrew Murray and His Message: One of God's Choice Saints.* London: Oliphants.

**Dreyer, J.S.** 1993. *Die moderne gemeente en haar prediking. Die belang, aard en benutting van praktykkennis.* In: **Dreyer, J.S. & Pieterse, H.J.C**. (reds) *Die moderne gemeente en haar funksionering.* Pretoria: Verba Vitae. pp. 221-247.

**Dreyer, W.** 2009. *So boer gereformeerdes agteruit.* http://www.gemeentes.co.za/ kruisgewys/klein-gemeentes/74-so-boer-gereformeerdes-agteruit-wim-dreyer Datum van gebruik: 14 Sept. 2010.

**Du Plessis, J.** 1920. *Het leven van Andrew Murray.* Kaapstad: De Zuid-Afrikaanse Bijbelvereniging.

**Du Pont, A.D.** 1970. *Kerkgeskiedenis.* Pretoria: NHW Pers.

**Du Toit, B.** 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd.* Bloemfontein: CLF Uitgewers.

**Du Toit, H.D.A.** 1952. *Kerk en kansel*, In: **Hanekom, T.N.** (red) *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk: Gedenkboek by ons eeufees.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

**Edman, V.R.** 1960. *They found the secret: Twenty touched lives that reveal a touch of eternity.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Enns, P.P.** 1997. *The Moody handbook of theology*. Chicago, Illinois: Moody Press.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** 2004. *Kerkorde van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.*

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** 2007. *Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika; Wie is ons, wat glo ons?* Oudtshoorn: EGK.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 1979. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 1992. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 1996. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 1998. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 2000. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 2002. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 2004. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 2008. Sinodale Handelinge.

**Evangelies-Gereformeerde Kerk,** Sinode 2010. Sinodale Handelinge.

**Evans, E.** 1987. *The Welsh Revival.* Glamorgan: Evangelical Press of Wales.

**Evans, W. & Coder, S.M.** 1974. *The great doctrines of the Bible*. Chicago, Illinois: Moody Press.

**Fashbaugh, E.M.** 2005. *Creating an authentic youth ministry.* Nashville, Tennessee: Discipleship Resource.

**Fourie, C.K.** 1997. *Aspekte van Gereformeerde spiritualiteit in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1850-1950): ’n Kerkhistoriese studie.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif: PhD).

**Fourie, C.K.** [s.a.] *Geskiedenis van eie kerk.* Heidelberg: Seminarie van die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

**Froneman, S., Vorster, J.A. & Fourie, M.** 2000. *Uitkomsgebaseerde Onderwys in die Lig van Moderniteit en Postmoderniteit.* Koers 65:191-203.

**Geisler, N.L. & Nix, W.E.** 1996. *A general introduction to the Bible*. Chicago, Illinois: Moody Press.

**George, C.F.** 1991. *Prepare your church for the future.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

**Geyser, D.T.** 2000. *'n Ondersoek na die werkbaarheid van 'n soekersensitiewe kerkmodel binne die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika.* Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit. (Verhandeling: MTh).

**Geyser. D.T.** 2005. *Die missionêre aktualiteit van die soekersensitiewe kerkmodel in 'n postmodernistiese samelewing.* Johannesburg: Universiteit van Johannesburg. (Proefskrif: DPhil).

**Getz, G.A.** 1974. *Sharpening the focus of the church.* Chicago, Illinois: Moody Press.

**Gibbs, E. & Bolger, R.K.** 2006. *Emerging Churches.* London: SPCK.

**Gilley, G.E.** 2004. *The Holiness Movement.* http://www.svchapel.org/resources /articles/19-charismatics/29-the-holiness-movement Datum van gebruik: 19 Sept. 2010.

**Gilley, G.E.** 2005. *This little Church went to market: The Church in the age of entertainment.* Darlington: EP Books.

**Godwin, J.** 1985. *The devil's disciples: The truth about Rock.* Chino, California: Chick Publications.

**Gosden, B.** 2009. *Church renewal as a Theological issue (Part 1).* http://bengosden. wordpress.com/2009/09/22/church-renewal-as-a-theological-issue/ Datum van gebruik: 7 Apr. 2010.

**Graafland, C**. 1973. *Waarom nog gereformeerd*? Kampen: Kok.

**Grenz, S.J. & Franke, J.R.** 2001. *Beyond foundationalism: Shaping theology in a postmodern context.* London: Westminster John Knox Press.

**Grundling, J.T.** 1994. *Die bediening is 'n unieke taak.* Evangelies-Gereformeerde Kerkblad. 49(479). 28-29.

**Hanekom, T.N.** 1964. *Kerk en kerkbegrip by Calvyn.* Ned Geref Teologiese Tydskrif 3(1):37-47.

**Hayes, M.** 2007. *Googling God.* New York: Mahwah.

**Heitink, G.** 1993. *Practical Theology: History, theory and action domains.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**Heitink, G.** 1998. *Pastorale zorg.* Kampen: Kok.

**Heitink, G**, 2007. *Een kerk met karakter. Tijd voor heroriëntatie.* Kampen: Kok.

**Henard, W.D. & Greenway, A.W.** 2009. *Evangelicals engaging emergent.* Nashville, Tennessee: B & H Publishing.

**Hendriks, H.J.** 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente – Die beginsels en praktyk van Gemeentevernuwing.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

**Henry, M.** 1961. *The Matthew Henry Commentary.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Heyns, J.A.** 1977. *Die Kerk.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

**Heyns, J.A.** 1981. *Dogmatiek.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

**Heyns, L.M.** 1990. *Bedieninge in die gemeente: Praktykmodelle.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 5(1): 61-72.

**Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C.** 1990. *Eerste tree in die praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis.

**Heyrman, C.L.** 2008. *"The First Great Awakening."* http://nationalhumanitiescenter. org/tserve/eighteen/ekeyinfo/grawaken.htm Datum van gebruik: 19 Sept. 2010.

**Hirsch, A.** 2006. *The forgotten ways: Reactivating the Missional Church.* Grand Rapids, Michigan: Brazos.

**Hofmeyr, J.W.** 1989. *Die Nederlandse Nadere Reformasie en sy invloed op twee kontinente: 'n Vergelyking van die invloed en deurwerking van enkele aspekte van die Nederlandse Nadere Reformasie in die Suid-Afrikaanse en Noord-Amerikaanse kontekste*. Pretoria: UNISA.

**Horton, M.S. 1995.** *Where in the world is the church?: A Christian view of culture and your role in it.* Chicago, Illinois: Moody Press.

**Horton, M.** 2008. *Christless Christianity: The alternative Gospel of the American Church.* Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

**Hybels, B. & Mittelberg, M.** 1994. *Becoming a contagious Christian.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Hybels, B. & Hybels, L.** 1995. *Rediscovering church*. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Hybels, B.** 2002. *Courageous leadership.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Immink, F.G.** 2005. *Faith: A practical theological reconstruction.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**Janse van Rensburg, J.J.** 2000. *The paradigm shift.* Pretoria: Van Schaik.

**Janse van Rensburg, J.J.** 2003. *Narrative preaching*. Bloemfontein: UVS.

**Janse van Rensburg, J.J.** 2004. *Wat is 'n gereformeerde liturgie?* Acta Theologica 24(2 ): 45-67.

**Janse van Rensburg, J.J.** 2008. *'n Empiriese ondersoek na preekvoorstelle oor Ou-Testamentiese tekste in die leesrooster van 2005.* Acta Theologica 28(1):76-92.

**Janson, M.** 1996. *Onderdanigheid in die moderne huwelik Ef. 5:21-6:4.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 11(2) 140-149.

**Johansson, C.M.** 1998. *Music and Ministry: A Biblical counterpoint.* Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers.

**Johnson, G.L.W. & Gleason, R.N.** 2008. *Reforming or conforming: Post-Conservative Evangelicals and the Emerging Church.* Wheaton, Illinois: Crossway Books.

**Johnson, P.** 2008. *The Flaws of a Fad-Driven Church, Part 1.* http://www.gty.org/Resources/Articles/A280_The-Flaws-of-a-FadDriven-Church-Part-1 Datum van gebruik: 20 Nov. 2010.

**Johnston, G.J.** 2001. *Preaching to a postmodern world.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

**Jones, A.** 2005. *Reimagining Christianity: Reconnect Your Spirit without Disconnecting Your Mind.* Hoboken, New Jersey: John Wiley and Sons.

**Jones, T.** 2008. *The new Christians.* San Fransisco, California: Jossey-Bass.

**Jonker, W.D.** 1987. *Die relevansie van die Kerk. Aktuele, teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld.* Stellenbosch: RGN.

**Jonker, W. D.** 1994. *Bevrydende waarheid: Die karkter van die gereformeerde belydenis*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

**Jordaan, A.** 2005. *Pastorale terapie vanuit die vadermetafoor aan kliënte met veralgemeende angsversteuring.* Bloemfontein: UVS. (Proefskrif: DPhil).

**Josselson, R. & Liebliech, A.** 2005. *The narrative turn in the social sciences. The Hebrew University of Jerusalem.* http://www.as.huji.ac.il/narrativegroup. Datum van gebruik: 09 Des 2010.

**Joubert, P.** 2008. *Die belydenis van Jesus Christus in die prediking om eietydse hoorders tot geloof te begelei.* Pretoria: UP. (Proefskrif: DTh).

**Joubert, S.** 2009. *Jesus – 'n radikale sprong.* Vereeniging: CUM.

**Kennedy, J.** 1983. *EE3, Dissipelskap opleidingsprogram vir persoonlike Evangelisasie.* Pretoria: Sigma Pers.

**King, D.** 2008. *The Mega-Church movement: A final flurry for the modern Church.* http://www.precipicemagazine.com/megachurch.htm Datum van gebruik: 01 Sept. 2010.

**Kitshoff, M.C.** 2010. *Meesterbouer aan die Teologiese Kweekskool – ds G.W.A. van der Lingen, 1804-1969.* Ned Geref Teologiese Tydskrif, 51(1): 121-129.

**Kloppers, E.** 2002. *Transendente van die alledaagse ... Die erediens as fees.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 17(2): 61-74.

**König, A.** 1998. *Vernuwe of verdwyn.* Goodwood: Lux Verbi.

**König, A.** 2009. *Die Evangelie is op die spel.* Wellington: Lux Verbi.BM.

**Koshy, P.** 2003. *A critique of modern church growth strategies.* The burning bush. 9(2). Julie 2003. http://www.febc.edu.sg/BBVol9_2c.htm Datum van gebruik: 22 Sept. 2010.

**Kotzé, G.J.** 1981. *J.C.G. Kotzé, Prediker – Professor – Profeet! 'n Lewenskets.* Brakpan: Verenigende Gereformeerde Uitgewers.

**Kotze, J.C.G**. 1940. *Spesiale Evangelieprediking in 1940*. Die Kerkbode, Januarie 1940: 99

**Kotzé, W.J.** 1986. *Prediking en Leerkommunikasie: 'n Ondersoek na die kommunikasie van enkele sentrale aspekte van die leer van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika (Evangelies-Gereformeerd).* UNISA: (Verhandeling: MTh).

**Kotzé, W.J.** 1993. *Teologiese opleiding en effektiewe bedieningspraktyk in die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.* Pretoria: UNISA. (Proefskrif: DTh).

**Kritzinger, J.J.** 2003. *Konkrete uitdagings vir die kerk vandag.* Verbum Et Ekklesia 24(1): 113-123.

**Krüger, C.P.** 1993. *Kubernésis as basis vir Gemeenteadministrasie.* In: **Dreyer, J.S. & Pieterse, H.J.C.** (reds) *Die moderne gemeente en haar funksionering / The dynamics of the modern church.* Pretoria: Verba Vitae.

**Kuiper, B.K.** 1964. *The Church in History.* Grand Rapids: Eerdmans.

**Kuiper, R.B.** 1966. *The glorious body of Christ.* Edinburgh: Banner of Truth Trust.

**Kuyper, A.** 2007. *The work of the Holy Spirit.* Uit die Nederlands vertaal deur Henri de Vries. New York: Cosimo

**Küng, H.** 1991. *Global responsibility: in search of a new world ethic.* London: SCM Press.

**Küng, H.** 1992. *The Church.* Kent: Burns & Oates.

**Lieblich, A., Tuval-Mashiach, T. & Zilber, T.** 1998. *Narrative research. Reading, analysis and interpretation.* London: Sage Publications.

**Long, D.B.** 1993. *Revival: a study in Biblical patterns.* Glasgow, Scotland: John Ritchie Ltd.

**Louw, J. P. & Nida, E.A.** 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament: Based on semantic domains.* New York: United Bible Societies.

**Louw, D.J.** 1992. *Die ontwerp van 'n Prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou.* Praktiese teologie in Suid-Afrika, 7(1): 119-136.

**Louw, D.J.** 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Wellington: Lux Verbi.

**MacArthur, J.F.** 1991. *The Master's plan for the church*. Chicago, Illinois: Moody Press.

**MacArthur, J.F.** 1993. *Ashamed of the Gospel.* Wheaton, Illinois: Crossway Books.

**MacArthur, J.F.** 1996. *Acts: The MacArthur New Testament Commentary.* Chicago, Illinois: Moody Press.

**MacArthur, J.F.** 1997. *How to get the most from God's word.* Dallas, Texas: Word Publications.

**MacArthur, J.F.** 2003. *What's Inside the Trojan Horse?* http://www.biblebb.com/ files/ MAC/mac6.htm Datum van gebruik: 12 Jul. 2009.

**MacArthur, J.F.** 2009. *Spirit filled music.* http://www.gty.org/PDF/SpiritFilledMusic.pdf Datum van gebruik: 07 Sept. 2010.

**MacArthur, J.F.** 2009a. *Above every Name. (Part 1)*. *Boodskap gelewer by: The Nashville Conference on Church and Theology.* http://media.churchandtheology.org/ Datum van gebruik: 10 Aug. 2010.

**Mack, W.** 2010. *The Master's plan for His church: Core values of the church.* Pretoria: Referaat by Shepherds' Conference.

**Marais, T.A.** 1971. *Gebeure rondom en aanleiding tot die ontstaan van die Nuwe Protestantse Kerk in Afrika.* Pretoria: UP. (Verhandeling: MTh).

**McGavran. D. A.** 1990. *Understanding Church Growth.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**McGavran, D. & Hunter, G.G.** 1980. *Church Growth Strategies.* Nashville, Tennessee: Abingdon.

**McLaren. B.D.** 2000. *The church on the other side: doing ministry in the postmodern matrix.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**McLaren, B.D.** 2004. *A generous orthodoxy.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**McLaren. B.D.** 2007. *Everything must change.* Nashville, Tennessee: Thomas Nelson.

**Meuser. F.W.** 2003. *Luther as preacher of the Word of God,* In: **McKim, D.K.** (ed) *Martin Luther.* Cambridge: University Press.

**Michener, R.T.** 2010. *The Kingdom of God and Postmodern Ecclesiologies: A Compatibilty Assessment.* Evangelical Review of Theology. 34(2):119-130.

**Middleton, J.R. & Walsh, J.** 1995. *Truth is stronger than it used to be. Biblical faith in a postmodern age.* Westmont, Illinois: InterVarsity Press.

**Mienie, J.D.** 2004. *'n Vergelyking van 'n Evangelies-Gereformeerde Skrifbeskouing met ander Gereformeerde Skrifbeskouinge.* Pretoria: UNISA (Verhandeling: MTh)

**Mittelburg, M., Stobel. L. & Hybels, B.** 2005. *Aansteeklike Christenskap.* Pretoria: Willow Creek Association SA.

**Mouton, D.** 2010. *Liturgiese vernuwing is nie...* http://ngkok.co.za/reisgeselskap/gemeente/liturgiese-vernuwing-is-nie/ Datum van gebruik: 19 Sept. 2010.

**Mouton, J.** 1988. *Die filosofie van kwalitatiewe navorsing*. In: **Ferreira, M.& Mouton, J.**, (reds) *Inleiding tot kwalitatiewe metodes.* (Module 3) Pretoria: RGN.

**Mouton, J.** 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik.

**Müller, J.J.** 1967. *Grondbegrippe van die Christelike geloof.* Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.

**Müller, J.** 2005. *A Postfoundationalist HIV-positive Practical Theology.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 20(2), 72 – 88.

**Murray, A.** 1901. *The key to the missionary problem.* Edinburgh: Morrison and Gibb.

**Nel, A.** 2003. *Op soek na God ... buite die kerk?* Wellington: Lux Verbi.BM.

**Nel, M.** 1988. *Fases in gemeentebou.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

**Nel, M.** 1994. *Gemeentebou.* Halfway House: Orion.

**Neuman, W.L.** 2000. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches.* Boston, Massachusetts: Allyn and Bacon.

**Niemandt, N.** 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede.* Wellington: Lux Verbi.BM.

**Oakland, R.** 2007. *Faith Undone: The emerging church... a new reformation or an end-time deception?* Silverton, Oregon: Lighthouse Trails Publishing.

**Oh, J.T.** 2007. *The roots of Puritanism in the Korean Presbiterian Church.* Pretoria: UP. (Proefskrif: PhD).

**Osbeck, K.W.** 1990. *Amazing grace : 366 inspiring hymn stories for daily devotions*. Grand Rapids, Michigan: Kregel.

**Osmer, R.R.** 2008. *Practical Theology: An Introduction.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**Osteen, J.** 2004. *Your best life now : 7 steps to living at your full potential.* New York: Warner.

**Packer, J.I.** 1983. *Steps to the renewal of the Christian people.* In: **Williamson, P.S. & Perrotta, K.** (eds) *Summons to faith and Renewal.* Ann Arbor, Michigan: Servant Books.

**Packer, J.I.** 1994. *Growing in Christ*. Wheaton, Illinois: Tyndale.

**Patterson, B. & Goetz, D.L.** 1999. *Vol. 7*: *Deepening your conversation with God*. Minneapolis, Minnesota: Bethany House Publishers.

**Payton, L.** 1996. *How shall we sing to God?* In: **Armstrong, J.H.** (eds) *The coming evangelical crisis.* Chicago, Illinois: Moody Press.

**Pieterse, H.J.C.** 1990. *'n Erediens-uitsig op die gemeente.* In: **Smuts, A.J., Vos, C.J.A. en Nel, M.** (reds) *In gesprek oor die erediens.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

**Pieterse, H.J.C.** 1991. *Gemeente en Prediking.* Halfway House: NG Kerk Boekhandel.

**Pieterse, H.J.C.** 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

**Pieterse, H.J.C.** 2005. *Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking.* In *Die Skriflig* 39(3):409-422.

**Poggenpoel, M.** 2003. *The research interview.* In: **Rossouw, D**. (red) *Intellectual Tools: Skills for the Human Sciences.* Pretoria: Van Schaik.

**Powell, J.N.** 1998. *Postmodernism for beginners.* New York: Writers and Readers.

**Prinsloo, H.F.** 1994. *Ons naam sê dit: Evangeliseer.* Evangelies-Gereformeerde Kerkblad. 49(479):25.

**Rademacher, E.D.** 1978. *What the Church Is All About: A Biblical and Historical Study.* Chicago, Illinois: Moody Press.

**Rainer, T.S. & Drummond, L.A.** 1989. *Evangelism in the twenty-first century: Critical Issues.* Wheaton, Illinois: H.Shaw Publishers.

**Richards, L.O.** 1972. *Youth Ministry.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Richards, L.O.** 1991. *The Bible reader's companion.* Wheaton, Illinois: Victor Books.

**Richards, L.O. & Hoeldtke, C.** 1980. *A theology of church leadership.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Rietkerk, W.** (red) 1996. *Platzak bij de wenzput.* Kampen: Kok.

**Roberts, M.D.** 2005. *Unmasking the Jesus seminar.* http://markdroberts.com/ htmfiles/resources/unmaskingthejesus.htm Datum van gebruik: 01 Okt. 2009.

**Robinson, H.W.** 2001. *Expository Preaching.* Leicester: InterVarsity Press.

**Rose, J.** 1995. *Breathing life into the traditional church,* In: **Shelly, M**. (ed) *Empowering your church through creativity and change.* Nashville, Tennessee: Moornings.

**Rossouw, H.W.** 1993. *Universiteit, wetenskap en kultuur. Opstelle oor die krisis, uitdagings en geleenthede van die moderne universiteit*. Kaapstad: Tafelberg.

**Rousseau, P.A.** 2010. *Noutetiese berading van persone met piëtistiese mistastings oor lewensheiligheid.* Potchefstroom: NWU (Proefskrif: PhD).

**Ruhbach, G.** 1987. *Theologie und Spiritualität : Beiträge zur Gestaltwerdung des christlichen Glaubens.* Gottingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

**Schoeman, O.** 2005. *Failure: a pastoral study.* Potchefstroom: NWU (Proefskrif: PhD).

**Schindler, R.** 1887. *The Downgrade.* http://www.spurgeon.org/s_and_t/dg01.htm. Datum van gebruik: 25 Feb. 2010.

**Schreiner, T.R. & Ware, B.A.** (eds) 1995. *The grace of God, the bondage of the will.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

**Schuller, R.**H. 1986. *Your church has a fantastic future*. Kaapstad: Struik.

**Schuller, R.H.** 2001. *My Journey: From an Iowa farm, to a Cathedral of dreams.* San Fransisco, California: Harper.

**Schwarz, C.A. & Schalk, C.** 1998. *Natural Church Development.* Randhart: Church Wise.

**Scroggie, W.G.** 1995. *A guide to the Psalms.* Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

**Seidman, I.** 1998. *Interviewing as qualitative research: a guide for researchers in education and the social siences.* New York: Teachers College Press.

**Selmanovic, S.** 2007. *The sweet problem of inclusiveness,* In: **Pagit, D. & Jones, T.** (eds) *An emerging manifesto of hope.* Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

**Shedd, W.G.T. & Gomes, A.W.** 2003. *Dogmatic theology*. Phillipsburg, New Jersey: P & R Publications.

**Shelley, B.L.** 1995. *Church history in plain language.* Dallas, Texas: Word Publications.

**Shelley, M.** 1988. *The healthy hectic home : Raising a family in the midst of ministry*. Dallas, Texas: Word Publications.

**Shelley, M.** 1997. *Building your church through counsel and care : 30 strategies to transform your ministry*. Minneapolis, Minnesota: Bethany House.

**Shuker, R.** 1994. *Understanding popular music.* New York: Routledge.

**Silva, K.** 2010. *Fuller Theological Seminary birthed Church Growth Movement.* http://apprising.org/2010/07/10/fuller-theological-seminary-birthed-church-growth-movement/ Datum van gebruik: 31 Aug. 2010.

**Smit, G.** 2008. *Die ontwikkeling van 'n strategiese gemeentelike ekklesiologie – op pad na 'n missionerende bedieningspraxis.* Acta Theologica 28(1):161-175.

**Smit, G.** 2009. *Wat is die "Emerging Church"?* http://www.emergingafrica.info/blog/2009/03/02/what-die-kerkbode-says-about-emerging-church Datum van gebruik: 12 Sept. 2010.

**Smith, J.** 2007. *Profete van ons tyd. Leef* tydskrif: Maart, pp.82-85.

**Snyman, V.** 2001. *The century of the Holy Spirit: 100 years of Pentecostal and charismatic renewal 1901-2001.* Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Publishers.

**Sproul, R.C.** 1996. *Only one Gospel.* In: **Armstrong, J.H.** (ed) *The coming evangelical crisis.* Chicago, Illinois: Moody Press.

**Steinkamp, O.** 2005. *Schuller Planted, Hybels Watered, Warren (Peter Drucker) Gives The Increase.* http://www.deceptioninthechurch.com/orrel20.html Datum van gebruik: 31 Aug 2010.

**Stott, J.R.W.** 1982. *I Believe in Preaching.* London: Hodder and Stoughton.

**Strauss, P.** 2001. *Die een en twintigste eeu: 'n Irrelevante kerk?,* In: **Botha, J**. (red) *Ja vir Jesus, nee vir die kerk.* Pretoria: Lapa Uitgewers.

**Strong, A.H.** 1907. *Systematic theology*. Philadelphia: American Baptist Publication Society.

**Sutera, R.** 2008. *The Canadian revival and concepts of revival.* http://www.sermonindex.net/modules/newbb/viewtopic.php?topic_id=22390&forum=40&0 Datum van gebruik: 09 Sept 2010.

**Taylor, S.J. & Bodgan, R.** 1984. *Introduction to qualitative research methods.* New York: Wiley.

**Thielicke, H.** 1965. *The trouble with the Church.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

**Trimp, C.** 1978: *Inleiding in de ambtelijke vakken.* Kampen: Kok.

**Van Aarde, A.** 2001. *Fatherless in Galilee.* Harrisburg, PA: Trinity Press.

**Van Aswegen, N.** 2008. *Balans en Perspektief: Kernmotiewe van korporatiewe aanbidding.* Bloemfontein: UVS. (Proefskrif: PhD).

**Van der Merwe, E.J.** 2005. *Untold stories of a group of black South Africans about the Apartheid Era.* Potchefstroom: NWU (Ongepubliseerde Magisterverhandeling.)

**Van der Merwe, P.** 2009. *Ons fokus op die lewe.* http://www.nuwe-hervorming.org.za/?q=wiki/ons-fokus-op-lewe Datum van gebruik: 11 Aug. 2010.

**Van der Poll, E.W.** 1984. *Sociaal reveil: evangelischen in de sameleing vroeger en nu.* Den Haag: Voorhoewe.

**Van der Ven, J.A.** 1993. *Ecclesiology in context.* Kampen: Kok.

**Van der Walt, B.J.** 1999. *Kerkvernuwing onderweg na 2000.* Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese studies.

**Van der Walt, E.J.** 2004. *Verwysings.* Potchefstroom: NWU.

**Van der Watt. P.B.** 1983. *John Murray 1826-1882.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

**Van der Watt, J.G.** 2000. *Family of the King: dynamics of metaphor in the Gospel according to John.* Leiden: Brill.

**Van Niekerk, A.** 1998. *Postmodernisme en NG sending in die nuwe Suid-Afrika.* Ned Geref Teologiese Tydskrif, 39(4):367-378.

**Van Niekerk, A.S.** 1983. *Die geskiedenis van die Nuwe Protestantse Kerk.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif: DDiv).

**Van Rensburg, H.B.J.** 1994. *Ons konferensies kom vêr!* Evangelies-Gereformeerde Kerkblad. 49(479):30-32.

**Van Rensburg, J.** 2001. *Mense kom al hoe minder kerk toe,* In: **Botha, J**. (red) *Ja vir Jesus, nee vir die kerk.* Pretoria: Lapa Uitgewers.

**Van Wyk, A.** 2005. *Reguit vrae aan Sakkie Spangenberg.* Nuwe Hervorming Netwerk. http://www.nuwe-ervorming.org.za/php/modules.php?name=In_die_nuus&file=f21. Datum van gebruik: 31 Okt. 2007.

**Verkuyl, J.** 1978. *Inleiding in de Evangelistiek.* Kampen: Kok.

**Vincent, M. R.** 2002. *Word studies in the New Testament*. Bellingham, Washington: Logos Research Systems, Inc.

**Vorster, J.M.** 1996. *Is die kerk funksioneel?* Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

**Vos, C.J.A.** 1995. *Die Blye Tyding.* Pretoria: RGN.

**Vos, C.J.A.** 2000. *Kerk en teologie in die jaar nul.* Geneem uit Verbum et Ekklesia 21(1) http//www.up.ac.za/academic/theology/news/skrvos.htm. Datum van gebruik: 10 Nov. 2009.

**Vos, C.J.A.** 2005. *Theopoetry of the Psalms.* Pretoria: Protea Boekhuis.

**Vos, C.J.A. & Pieterse H.J.C.** 1997. *Hoe lieflik is U Woning.* Pretoria: RGN.

**Vosloo, R. & Koopman, N.N.** 2002. *Die ligtheid van die lig. Morele oriëntasie in 'n postmoderne tyd*. Wellington: Lux Verbi.BM.

**Wagner, C.P.** 1976. *Your Church can grow.* Ventura, California: Regal Books.

**Wagner, C.P.** 1986. *Spiritual power and Church growth.* London: Hodder & Stoughton.

**Wagner, C.P.** 1999. *Churchquake!* Ventura, California: Regal Books.

**Wagner, C.P.** 2000. *Apostles and Prophets and The Foundation of the Church.* Ventura, California: Regal.

**Wagner, C.P.** 2004. *Changing Church.* Ventura, California: Regal Books

**Walker, E.A.** 1959. *A history of South Africa.* London: Longmans, Green & Co.

**Walvoord, J.F. & Zuck, R.B.** 1985. *The Bible knowledge commentary.* Wheaton, Illinois: Victor Books.

**Warren, R.** 2005. *Die doelgerigte kerk.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Webber, R.E.** 1982. *Worship; old and new.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

**Wells, D.F.** 1994. *God in the wasteland: The reality of truth in a world of fading dreams.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**Wells, D.F.** 2008. *The courage to be protestant: Truth-lovers, Marketers and Emergents in the postmodern world.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

**Wester, F.P.J.** 1995. *Strategieën voor kwalitatief onderzoek*. Bussum: Coutinho.

**Wethmar, C.J.** 2002. *Die NG Kerk en Gereformeerdheid: Gestalte en uitdagings.* Verbum et Ekklesia, 23(1):250-256.

**White, J.F.** 1989. *Protestant Worship: Traditions in Transition.* Louisville, Kentucky: Westminster Press.

**Wiersbe, W.W.** 1989. *Be what you are: 12 intriguing pictures of the Christian from the New Testament*. Wheaton, Illinois: Tyndale House.

**Wiersbe, W.W.** 1996. *The Bible exposition commentary (Volume 1).* Wheaton, Illinois: Victor Books.

**Wiersbe, W.W.** 1996a. *The Bible exposition commentary (Volume 2).* Wheaton, Illinois: Victor Books.

**Wilken, T.** 2005. *The fad-driven church*. The Plumbline. (10)1. http://www.deceptioninthechurch.com/faddriven.html Datum van gebruik: 20 Nov 2010.

**Willmington, H.R.** 1981. *Willmington's guide to the Bible.* Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.

**Willows, D. & Swinton, J.** 2000. *Spiritual dimensions of pastoral care. Practical theology in a multidisciplinary context.* In: **Woodward, J. & Pattison, S.** (eds) *The Blackwell Reader in pastoral and practical theology.* Malden, Massachusetts: Blackwell Publishers.

**Wilson, M. & Sapsford, R.** 2006. *Data collection and analysis.* London: Sage.

**Wood, D.R.W., & Marshall, I.H.** 1996. *New Bible dictionary* (3rd ed.) Leicester, England: InterVarsity Press.

**Zerfass, R.** 1974. *Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. Praktische Theologie heute.* München: Kaiser/Grünewald.

**Zuck, R.B.** 1994. *A Biblical Theology of the New Testament.* Chicago, Illinois: Moody Press.

# OPSOMMING

## VERANTWOORDELIKE VERNUWING IN DIE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

**deur**

**Andries Johannes Daniël Bester**

**Promotor: Prof. Johan Janse van Rensburg**

**Fakulteit: Teologie**

**Departement: Praktiese Teologie**

**Graad:** ***Philosophiae Doctor***

Verantwoordelike vernuwing in die kerk van Christus is ’n onderwerp wat die afgelope dekades wyd gedebatteer is en vele vorme aanneem. In sommige kringe beteken vernuwing die implementering van nuwe erediensstyle en gevolglik die verandering van ’n kerk se karakter en spiritualiteit. Die meeste vernuwingsbewegings het skynbaar numeriese kerkgroei in gedagte. Vir rolspelers uit die “Emerging Church” is die woord vernuwing weer afgesaag. Vir hulle verwys dit na noodgedwonge aanpassings wat in ’n ou, uitgediende paradigma van kerkwees gemaak word.

Die Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EGK) het dit ten doel dat die kerk hom voortdurend moet toespits op vernuwing, varsheid van getuienis asook

ondervinding en boodskap. Hiermee verklaar die kerk dat ’n verval in dooie formalisme en ’n koue ortodoksie (leer sonder die lewe) nie in die kerk welkom is nie. Die EGK openbaar aan die een kant ’n baie sterk behoudende karakter wat in alle opsigte aan die Skrif as Woord van God getrou wil wees. Aan die ander kant wil die kerk hom beywer vir geestelike vernuwing, sodat die geestelike lewens van lidmate in ooreenstemming met die leer van die kerk sal wees.

Die navorsing wil vasstel hoe sinvolle en reële vernuwing in die EGK bewerkstellig kan word sonder dat die kerk sy Bybelse oortuigings en behoudende karakter hoef prys te gee. Daar is aangetoon hoe die EGK in 1944 uit die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) ontstaan het as gevolg van ’n behoefte aan geestelike vernuwing onder evangeliesgesinde lidmate in die NGK. In hierdie opsig sou die EGK wesenlik as ’n vernuwingskerk beskou kon word. Na ses dekades van die kerk se bestaan in Suid-Afrika is daar egter opnuut ’n ernstige behoefte aan geestelike vernuwing wat die lewens van lidmate in pas sal bring met die leer van die kerk. Sodanige vernuwing is by uitstek die werk van God, maar die mens het tog ’n verantwoordelikheid om na te kom ten einde vernuwing te realiseer.

Om by ’n sinvolle praktykteorie vir verantwoordelike vernuwing in die EGK uit te kom, is daar eerstens ’n basisteoretiese ondersoek gedoen met betrekking tot ’n prakties-teologiese ekklesiologie. Die Skrif is die basis om vas te stel wat die roeping en taak van die kerk prakties-teologies behoort te wees en beginsels vir kerkwees opnuut te bevestig. Die basisteoretiese ondersoek is uitgebrei ten einde vas te stel wat verantwoordelike vernuwing in die Skrif behels. In beide hierdie hoofstukke is bydraes van leidende praktiese teoloë in Suid-Afrika en in die wêreld nagegaan en data is getoets aan die skriftuurlikheid daarvan.

Daar is voorts navorsing gedoen met betrekking tot hedendaagse vernuwingstendense in die kerk van Christus. Die Kerkgroeibeweging, die Soekersensitiewebeweging, die Ontluikende Kerk, die “Jesus Seminar” en die Nuwe Hervorming Netwerk is krities uit ’n diakoniologiese paradigma beoordeel.

Vir ’n empiriese studie is kwalitatiewe onderhoude met leiers in die kerk gevoer rakende hulle belewenis van die status quo in die EGK asook voorstelle wat hulle aan die hand wil doen vir verantwoordelike vernuwing. Die kwalitatiewe ondersoek is gedoen aan die hand van ’n interpretatiewe benadering waarin aanvanklike konsepte getoets en verstellings aan die teorievorming gedoen is ten einde ’n meer effektiewe praxis te resulteer.

In ooreenstemming met die aard van ’n diakoniologiese epistemologie is Skrifbeginsels met die kennis van menswetenskappe aangevul en ’n nuwe praktykteorie is met die oog op verantwoordelike vernuwing in die EGK voorgestel.

# SUMMARY

## RESPONSIBLE RENEWAL IN THE EVANGELIES-GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA

**by**

**Andries Johannes Daniël Bester**

**Promotor: Prof. Johan Janse van Rensburg**

**Faculty: Theology**

**Department: Practical Theology**

**Degree:** ***Philosophiae Doctor***

Responsible renewal in the Christian church is a subject that has been debated widely for the past few decades and the debate takes on various forms. In some circles renewal means the implementation of new styles of service (ministry), resulting in a change in the character and spirituality of the church. It would, however, seem that most of the renewal movements simply have in mind numerical growth as a paradigm. For proponents of the Emerging Church the word "renewal" seems outdated, as it simply links to a forced adaptation from an old obsolete paradigm of being church.

The Evangelies-Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (EGK) has as one of its aims the continuous focus on renewal with regards to a new breeze in witness, experience and message. In doing so, the church declares that a dead formalism

and cold orthodoxy (teaching without life) are not welcome. On the one hand, the EGK assumes a strong conservative character, in all aspects obedient to the Bible as the Word of God, whilst, on the other hand, campaigning for spiritual renewal so that the lives of members will be in line with the holiness doctrine of the church.

This research is aimed at establishing how practical and meaningful renewal can be achieved within the EGK, without the church compromising its Biblical convictions and conservative character. It is shown how the EGK was founded in 1944 from the ranks of the Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) to answer to the need for spiritual renewal amongst evangelical members within the NGK. In this regard, the establishment of the EGK itself can be regarded as a renewal church. After six decades since its founding, there is a dire need for spiritual renewal, which will bring the lives of members of the church in line with its doctrine. Such renewal is eminently the work of God, but obedient men are the agents in realising renewal.

As a starting point a theoretical basis investigation was done with regard to a Practical Theological ecclesiology in order to reach a meaningful practice theory for responsible renewal within the EGK. The Bible is the basis for establishing what the calling and task of the church ought to be, and the principles for being church are confirmed anew. This theoretical basis investigation is expanded in order to establish what responsible renewal involves according to the Bible. In both chapters contributions from leading local Practical theologians and those worldwide were researched, and data was tested against the Scriptural accuracy thereof.

Furthermore, research was done with regard to contemporary renewal tendencies within the Church of Christ. The “Church Growth Movement”, “Seeker Sensitive

Movement", "Emerging Church", "Jesus Seminar", and the "New Reform Network" are critically judged from the diaconiological paradigm.

For an empirical study qualitative interviews were conducted with leaders in the church regarding their experience of the status quo within the EGK, and to acquire proposals towards responsible renewal.  This qualitative research was done in accordance with an interpretative approach in which initial concepts are validated and configurations done towards forming a theory which results in a more effective praxis.

In accordance with the nature of a diaconiological epistemology, Scriptural principles are supplemented with knowledge from the human sciences and a new practice theory is suggested regarding responsible renewal within the EGK.

**SLEUTELWOORDE / KEY WORDS**

| | |
|---|---|
| Behoudend | Conservative |
| Diakoniologie | Diaconiology |
| Ekklesiologie | Ecclesiology |
| Epistemologie | Epistemology |
| Fenomenologie | Phenomenology |
| Herlewing | Revival |
| Postmodernisme | Postmodernism |
| Spiritualiteit | Spirituality |
| Verbond | Covenant |
| Vernuwing | Renewal |